# Koos Sas: ‘n Kultuurhistoriese ondersoek na die invloede op die nalatenskap van ‘n omstrede figuur

**E Badenhorst**

**orcid.org/0000-0001-5368-1620**

Verhandeling aanvaar ter nakoming vir die graad Magister Artium in Geskiedenis aan die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Prof M Burden

Medestudieleier: Mnr EC Coetzee

Gradeplegtigheid: April 2024

Studentenommer: 34368876


# ERKENNING EN DANKBETUIGING

Ek wil graag my opregte dank en waardering uitspreek teenoor die volgende persone wat die afhandeling van hierdie projek moontlik gemaak het:

- Eerstens ‘n baie spesiale dank aan my studieleier, prof Matilda Burden, vir haar leiding, geduld en deurlopende ondersteuning;
- My dank ook aan my medestudieleier, mnr Emile Coetzee, vir die hulp en aanmoediging;
- Alan Morris en Martiens van Bart, vir julle aanmoediging en die onbaatsugtige deel van julle materiaal;
- Reggie Boesak en Adamus Stemmet vir die belangstelling in die onderwerp;
- David Kramer vir die ondersteuning en aanmoediging, asook die goedgunstige toestemming om sy skets van Sas te gebruik;
- Aan my kinders vir hul volgehoue ondersteuning, en my vrou Amanda vir haar sagte aanmoediging en stille vertroue;
- Vir die taal- en tegniese versorging my innige dank aan Marlene Cloete en Connie Park.

Die studie word opgedra nie net aan die nasate van die persone wie se name op die bladsye verskyn nie, maar ook aan almal wat in die loop van my navorsing oor my pad gekom het.

Mag die kontekstualisering van die historiese gebeure soos in die studie uiteengesit, lei tot ‘n beter begrip van al die gebeure rondom Koos Sas en die redes waarom daar so ‘n ryke nalatenskap van verhale rondom hom geweef is.



*Koos Sas (Geskets deur D Kramer: Maart 2021)*

# OPSOMMING


Hierdie kultuurhistoriese studie ondersoek die faktore wat ‘n invloed gehad het op die nalatenskap van die legendariese figuur, Koos Sas.

Sas, ‘n berugte skaapdief en moordenaar, het van die Khoekhoen afgestam. Om te bepaal of sy spesifieke herkoms enigsins ‘n rol gespeel het in die wyse waarop hy later onthou sou word, word die sosio-ekonomiese landskap van die vroeë twintigste eeu in Suid-Afrika nagevors. Die studie tref verder vergelykings tussen Sas en soortgelyke misdadigers om ooreenkomste in hulle *modus operandi* uit te lig en sodoende aan te dui dat die geval van Koos Sas nie uniek was nie.

Die historiese agtergrond van die opgrawing van Khoekhoen-beendere vir wetenskaplike navorsing sedert die negentiende eeu word in die studie behandel. Die doel hiervan is om die opgrawe van Sas se oorskot, asook die wyse waarop daar met sy beendere ná sy dood in 1922 omgegaan is, binne konteks te plaas.

Daar is verder ondersoek ingestel na die moontlikheid dat die uitstalling van Sas se skedel in die Montagu Museum vir sewentien jaar, bygedra het tot die manier waarop hy vandag onthou word. Die rol van museums as kulturele en opvoedkundige instansies in die uitstalling van menslike beendere wêreldwyd is terselfdertyd uitgelig.

Die invloed van die letterkunde op Sas se nalatenskap is betekenisvol, aangesien die naam “Koos Sas” in ‘n hele paar publikasies verskyn (fiksie sowel as nie-fiksie). Die rol wat die sanger David Kramer in die hantering van Sas se skedel gespeel het, is deeglik nagegaan en ontleed, aangesien sy werk Sas as ‘n slagoffer en martelaarsfiguur uitbeeld. Dit het ‘n openbare debat tot gevolg gehad wat in ‘n groot mate tot die publiek se persepsie van Koos Sas bygedra het.

Die studie ondersoek die redes waarom daar ‘n honderd jaar na die gebeure steeds na Sas as ‘n “omstrede figuur” verwys word. Tydens die begrafnis van sy skedel in 2021 is daar byvoorbeeld na hom verwys as ‘n “Khoi-chief”. Sas se nalatenskap is dus gedurende hierdie tydperk verpolitiseer: deur sommige word hy as ‘n held en vryheidsvegter gesien, deur ander as ‘n skaapdief en hartelose moordenaar.

Deur die uitbeelding van Koos Sas as ‘n martelaar het hy met verloop van tyd vir sommige mense ‘n simbool geraak van die onderdrukking van die historiese Khoekhoen en die onregte wat hulle aangedoen is. Sas se nalatenskap het egter nie slegs openbare debat gestimuleer nie, maar het selfs in ‘n mate nasiebou en versoening bevorder. Tog is die aspek van omstredenheid waarskynlik die mees betekenisvolle kenmerk van sy nalatenskap.



**Sleutelwoorde**: Khoekhoen-beendere, Koos Sas, museumuitstallings, nalatenskap, omstredenheid

# ABSTRACT

This cultural historical study investigates the factors that influenced the legacy of the legendary figure, Koos Sas.

Sas, a notorious stock thief and murderer, was of Khoekhoen decent. To determine to what extent, if any, his Khoekhoen descent played a role in his legacy, it is necessary to investigate the socio-economic landscape of the early twentieth century in South Africa. The study draws comparisons between Sas and similar criminals to highlight their *modus operandi* and as such to show that the case of Sas was by no means unique.

The historical background of the excavation of Khoekhoen remains for scientific research since the nineteenth century forms part of the study. The aim is to place in context the excavation of Sas's remains, as well as the way in which his body was treated after his death in 1922.

The study investigates the possibility that the display of Sas's skull at the Montagu Museum for seventeen years has contributed to the way he is still remembered today. At the same time the role of museums as cultural and educational institutions in exhibiting human remains internationally is highlighted.

The influence of literature on the legacy of Sas is significant because the name "Koos Sas" appears in several publications (fictional as well as non-fictional). The role that the singer David Kramer played in the events around Sas's skull and the way it was treated, is investigated thoroughly, because in his work Sas is portrayed as a victim and a martyr. This led to a public debate which had a substantial influence on the public's perception of Koos Sas.

The study investigates the reasons why, a hundred years after the events, Sas is still considered a controversial figure. During the funeral of his skull in 2021 he was for example referred to as a "Khoi chief". As a result his legacy became increasingly politicised: for some he is projected as a hero and freedom fighter, while for others he is seen as a stock thief and heartless murderer.

The effect of portraying Koos Sas as a martyr meant that over time for some people he became a symbol of oppression and the historical injustices done to the Khoekhoen. Sas's legacy not only stimulated public debate, but also to an extent promoted nation building and reconciliation. Still, the aspect of controversy probably remains the most significant feature of his legacy.

**Key words**: controversy, Khoekhoen remains, Koos Sas, legacy, museum exhibitions

# INHOUDSOPGAWE


*Erkenning en dankbetuiging* ..... *i*
*Skets van Koos Sas* ..... *ii*
*Opsomming* ..... *iii*
*Abstract* ..... *iv*
*Inhoudsopgawe* ..... *v*
*Lys van figure* ..... *ix*
*Kaart wat gedeeltes van die ou Kaapkolonie aandui* ..... *xii*
*Kaart wat gedeelte van Klein-Karoo aandui* ..... *xii*

**INLEIDING ..... 1**

Agtergrond en probleemformulering ..... 1
Doel van die studie ..... 4
Terreinafbakening ..... 4
Bronne ..... 5

**HOOFSTUK 1 KONSEPTUALISERING, METODOLOGIE EN BRONNESTUDIE ..... 6**

1.1 Inleiding ..... 6
1.2 Konseptualisering ..... 6
1.2.1 Kultuur ..... 6
1.2.2 Kultuurgeskiedenis ..... 8
1.2.3 Nalatenskap ..... 9
1.2.4 Omstrede figuur ..... 10
1.2.5 San en Khoekhoen ..... 10
1.2.6 Menslike oorskot op uitstalling in museum ..... 12
1.3 Metodologie ..... 13
1.3.1 Inleiding ..... 13
1.3.2 Teoretiese benadering ..... 14
1.3.2.1 Kwalitatiewe versus kwantitatiewe navorsing ..... 15
1.3.2.2 Gevallestudie-navorsingsmetode ..... 16
1.3.2.3 Geskiedenismodelle ..... 17
1.3.2.4 Kultuurhistoriese modelle ..... 19
1.3.3 Metodiek ..... 22
1.4 Bronnestudie ..... 23
1.4.1 Primêre bronne ..... 23
1.4.2 Sekondêre bronne ..... 29

**HOOFSTUK 2 DIE LEWE EN DOOD VAN KOOS SAS** .......... 34
2.1 Inleidende agtergrond .......... 34
2.1.1 Die stelselmatige verdrywing van die Khoekhoen .......... 34
2.1.2 Khoekhoen in die Montagu-omgewing .......... 36
2.2 Onsekere en uitdagende tye .......... 37
2.2.1 Veranderde ekonomie .......... 38
2.2.2 Die Anglo-Boereoorlog .......... 38
2.2.3 Uniewording 1910 .......... 39
2.2.4 Die Rebellie van 1914 .......... 39
2.2.5 Die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918) .......... 39
2.2.6 Die Groot Griep .......... 40
2.2.7 Die Bulhoek-slagting .......... 41
2.2.8 Die mynopstande aan die Rand .......... 41
2.3 Koos Sas bots met die gereg .......... 43
2.3.1 Skuilname van Koos Sas .......... 43
2.3.2 Geregsdienaar – Konstabel Tonie Swanepoel .......... 46
2.4 Moord in die Klein-Karoo .......... 49
2.4.1 Brakfontein of Hoek-van-die-berg .......... 49
2.4.2 Dominee DS Botha van Stellenbosch .......... 52
2.4.3 Koos Sas word as moordverdagte gearresteer .......... 54
2.4.4 Ondersoek en verhoor .......... 55
2.5 Namakwaland .......... 63
2.5.1 Historiese heenkome vir voortvlugtiges .......... 63
2.5.2 Khoekhoen-nalatenskap se spoor .......... 64
2.6 Koos Sas slaan op vlug .......... 65
2.7 Die dood van Koos Sas .......... 67
2.7.1 Berede polisie-inspeksies in afgeleë gebiede .......... 67
2.7.2 Koos Sas word doodgeskiet .......... 68
2.8 Ander weergawes van Sas se dood .......... 73
2.8.1 MMG Dixon brief aan E Hofmeyr .......... 73
2.8.2 MMG Dixon brief aan M van Bart .......... 73
2.8.3 Mev Du Plessis se weergawe .......... 74
2.8.4 M. Oosthuizen se weergawe .......... 75
2.8.5 Steenkamp kleinkinders se weergawe .......... 75
2.8.6 L Dixon se weergawe .......... 75
2.8.7 T Archer se weergawe .......... 76
2.9 Bewyse wat Sas met die moord op Botha in 1917 verbind .......... 76
2.10 Dominee dokter WP Steenkamp .......... 77

2.10.1 Steenkamp se invloed in Namakwaland ........ 77
2.10.2 Die armblankevraagstuk ........ 79
2.11 Foto's van die lyk van Koos Sas ........ 81
2.11.1 ACVV ........ 83
2.12 Die skedel van Koos Sas ........ 86
2.12.1 Sas se liggaam word opgegrawe ........ 87
2.12.2 Universiteit van Stellenbosch ........ 88
2.13 Slot ........ 88

**HOOFSTUK 3 DIE SKEDEL VAN KOOS SAS – VAN UITSTALLING TOT BEGRAFNIS ........ 89**

3.1 Die opening van die Montagu Museum ........ 89
3.2 Koos Sas se skedel op uitstalling ........ 91
3.3 Sketse word gemaak van Koos Sas se skedel ........ 94
3.4 Menslike beendere in Wes-Kaapse museumversamelings ........ 95
3.5 Die druk bou op om Koos Sas se skedel te begrawe ........ 101
3.6 Die proses begin om Koos Sas te ruste te lê ........ 102
3.7 Koos Sas word terug oorhandig aan "sy mense" ........ 114
3.8 Koos Sas se skedel word in Donkerkloof begrawe ........ 118
3.9 Program vir die prosedure by die graf van Sas ........ 121
3.10 Slot ........ 125

**HOOFSTUK 4 KOOS SAS: 'N VERGELYKENDE STUDIE MET ANDER LEGENDARIESE KARAKTERS ........ 127**

4.1 Inleiding ........ 127
4.2 Montagu Museum se moordenaarskas ........ 129
4.2.1 Klaas Esou ........ 129
4.2.2 Gert April ........ 130
4.2.3 Matthew (Sewes) Davids ........ 133
4.3 Dirk Ligter ........ 137
4.4 John Kepe ........ 144
4.5 Springbok ........ 152

**HOOFSTUK 5 MENSLIKE BEENDERE IN MUSEUMVERSAMELINGS ........ 154**

5.1 Die oorsprong van wetenskaplike ondersoeke op die San en Khoekhoen ........ 154
5.2 Individue en instansies wat beendere en skelette versamel het ........ 160
5.2.1 Frederick William FitzSimons ........ 160
5.2.2 Suid-Afrikaanse Museum (IZIKO) en ander instansies ........ 166
5.2.3 Scotty Smith ........ 170

5.2.4 WP Steenkamp ..... 173
5.3 Mense wie se beendere of skelette op uitstalling geplaas is ..... 178
5.3.1 Sarah Baartman ..... 178
5.3.2 El Negro ..... 182
5.3.3 Koenraad Feyt ..... 185
5.3.4 Skedeltrofeë ..... 188
5.4 Die stand van menslike beendere steeds in Suid-Afrikaanse museumversamelings ..... 190
5.5 Die Koos Sas-skedel in konteks ..... 191

**HOOFSTUK 6 KOOS SAS SE NALATENSKAP VEREWIG IN DIE SKEPPENDE KUNSTE ..... 193**

6.1 David Kramer se invloed op die nalatenskap van Koos Sas ..... 193
6.1.1 Restourasie van die Jouberthuis (Satelliet van die Montagu Museum) ..... 193
6.1.2 Die Ballade van Koos Sas ..... 194
6.1.3 Kritiek op Kramer se 'Koos Sas' ontlok debat ..... 201
6.2 Skrywers wat na Koos Sas verwys ..... 204
6.2.1 Breyten Breytenbach – *Dog Heart* ..... 205
6.2.2 Colin Johnson – *Two Tangled Trees* ..... 207
6.2.3 Francois Botma – *Ceres van Gister en Eergister* ..... 208
6.2.4 Piet van Rooyen – *Gif* ..... 211
6.2.5 Pieter Pretorius – *Die Ballade van Koos Sas* ..... 214
6.2.6 *Nongqai* ..... 221
6.3 Die skeppende kunste se invloed op Sas se nalatenskap ..... 224

**HOOFSTUK 7 EVALUERING ..... 225**

7.1 Probleemstelling ..... 225
7.2 Doel van die studie ..... 225
7.2.1 Oorkoepelende doel ..... 225
7.2.2 Sas se skedel op uitstalling in die Montagu Museum ..... 225
7.2.3 Die invloed van die skeppende kunste ..... 227
7.2.4 Sas in vergelyking met soortgelyke misdadigers ..... 229
7.2.5 Khoekhoen-identiteit ..... 230
7.3 Algemene gevolgtrekkings ..... 232
7.4 Oorkoepelende perspektief ..... 232
7.5 Bydrae tot vakgebiede ..... 233
7.6 Slot ..... 234

**BRONNELYS ..... 237**

# LYS VAN FIGURE


Figuur 1.1: Skematiese voorstelling van die Burden-model vir kultuurgeskiedenis (2000:21) .......... 20

Figuur 1.2: Emile Badenhorst saam met die eerste kurator van die Montagu Museum, Blackie Badenhorst en eerste voorsitter van die Montagu Museum bestuursraad, Esther Hofmeyr, tydens die onderhoud in die Strand op 01/01/2016 (Foto: J Haasbroek) .......... 28

Figuur 2.1: Montagu circa 1901 (MMA MM/MMA 2019/011) .......... 43

Figuur 2.2: Oorspronklike lasbrief vir die arrestasie van Koos Sas ná die moord op Botha in 1917 (WKAR 1/MTU 1/1/1/2, vol 12). .......... 45

Figuur 2.3: Lede van die Montagu Polisie voor die ou landdrosgebou op die dorp in 1916. Konstabel Tonie Swanepoel staan agter, vierde van links (Internet: Allmayer 2022) .......... 46

Figuur 2.4: Die plaasopstal op die plaas Brakfontein (of Hoek-van-die-berg). Die plaaswinkel se deur is in die middel van die langwerpige gebou. ‘n Uitleg van die binneruimtes, insluitende die winkel, word in figuur 2.5 uitgewys (WKAR 1/MTU 1/1/1/2, vol 12). .......... 49

Figuur 2.5: Kaart wat voorberei is vir die hofsaak, wat toon waar Botha se liggaam in die winkel, gemerk “SHOP” gevind is (WKAR 1/MTU 1/1/1/2, vol 12) .......... 50

Figuur 2.6: Ongeïdentifiseerde portretfoto in die argieflêer oor die moord in die Kaapse Argief, vermoedelik dié van die slagoffer, DK Botha (WKAR 1/MTU 1/1/1/2, vol 12). .......... 51

Figuur 2.7: Artikel oor die afsterwe van ds DS Botha. Regs die gedeelte wat handel oor die moord op sy seun, Daniel (*Die Burger* 09/11/1927) .......... 53

Figuur 2.8: Emile Badenhorst by die graf van Daniel (Boetatjie) Botha, Onder-Papegaaiberg Begraafplaas, Stellenbosch, 31 Augustus 2016 (Foto: AM Badenhorst) .......... 54

Figuur 2.9: Die ruïnes van die plaasopstal op Droëdap met Lewerkop, waar Koos Sas doodgeskiet is, op die agtergrond (Foto: E Badenhorst) .......... 77

Figuur 2.10: Dr WP Steenkamp voor die halfvoltooide kerkgebou op Springbok (Van der Merwe 2000:47) .......... 79

Figuur 2.11: Twee verskillende sogenaamde “Koos Sas ACVV poskaarte” Links: ds WP Steenkamp wys met sy vinger na die skietwond op Sas se liggaam. Regs: Jurie Dreyer, wat vir Sas doodgeskiet het, staan regs op die foto (MMA MM/KS 1979/01 & MMA MM/KS 1979/02) .......... 82

Figuur 2.12: “Dr en mev WP Steenkamp en hul dogter Vivia voor hulle matjieshuis in Namakwaland. Met huisbesoek in die uitgestrekte gebied het die leraarspaar hulle eie matjieshuis saamgeneem” (Van der Merwe 2000:54) .......... 85

Figuur 3.1: Die NG Sendingkerk (vandag die Montagu Museum) in Langstraat, Montagu, vroeg in die 20ste eeu (Heydenrych 2005:32) .......... 90

Figuur 3.2: Die skedel van Koos Sas met die geweer waarmee Jurie Dreyer hom in 1922 doodgeskiet het op uitstalling in die Montagu Museum (De Vries 1977:55) .......... 91

Figuur 3.3: Artikel wat oor die uitstalling van Sas se skedel in die Montagu Museum berig (*Die Burger* 1976:gp) ... 93

Figuur 3.4: "Vra maar vir die mense van Montagu wie se kopbeen dié op meegaande foto's is, en hulle sal dadelik sê: Koos Sas!" (Badenhorst 1975:gp) ... 94

Figuur 3.5: Een van die sketse van Sas se skedel deur die kunstenaar Christine Dixie van Mbabane, Eswatini (vroeër Swaziland) (MM/KS/1984/3) ... 95

Figuur 3.6: Die skedel van Koos Sas in die kiaatkissie wat spesiaal laat maak is vir die begrafnis. Die woord "KOESAS" is bo-op die skedel sigbaar (Foto: E Badenhorst) ... 110

Figuur 3.7: David Kramer sing "Die ballade van Koos Sas" in die Montagu Museum tydens die oorhandigingsfunksie op 9 Maart 2021 (Foto: N Evertson) ... 115

Figuur 3.8: Van links voor: hoofvrou Dulcie Winegaard, rdl Samuel du Plessis, min Anroux Marais, rdl Jacques Kriel, stamhoof Reggie Boesak, Guy Redman en David Kramer na afloop van die oorhandigingsfunksie op 9 Maart 2021. Op die agtergrond is die vollengte dennehoutkis waarbinne die skedel van Sas voor die diens geplaas is (Foto: N Evertson) ... 116

Figuur 3.9: Senior Hoofman van die Hessekwa, Reggie Boesak, verlaat die Montagu Museum met die skedel van Koos Sas na afloop van die diens op 18 April 2021 (Foto: N Evertson) ... 122

Figuur 3.10: Die begrafnisprosessie stap deur Donkerkloof op pad na die begraafplek. Die kissie met die skedel van Koos Sas daarin is beurtelings deur leiers van die Hessekwa gedra (Foto: N Evertson) ... 124

Figuur 3.11: Die kiaatkissie met die skedel van Sas daarin word deur Hessekwa-leiers aangegee om in die sarkofaag verseël te word (Foto: N Evertson) ... 124

Figuur 4.1: "Die vermoorde kluisenaar-boer van Montagu, wyle mnr. Piet Muller, is hier in sy kenmerkende lê-houding afgeneem" (MMA Koerantknipsel-leêr: MM/PM 2016/4) ... 135

Figuur 4.2: Mnr Thys Conradie, wyle Piet Muller se buurman wat Muller se verdwyning aangemeld het, by die vuurherd waarin Muller se liggaam uitgebrand is nadat hy vermoor is (MMA Koerantknipsel-lêer: MM/PM 2016/4) ... 135

Figuur 4.3: Matthew (Sewes) Davids – wat in 1953 skuldig bevind is aan die moord op die kluisenaar, Piet Muller (MMA Koerantknipsel-lêer: MM/PM 2016/4) ... 136

Figuur 4.4: Dirk Ligter (Nieuwoudt 2015:76) ... 139

Figuur 4.5: Polisie-identikit van John Kepe (Potgieter 1986:gp) ... 145


Figuur 4.6: John Kepe (geboei en sittende links onder) bo-op die Boschberg, saam met lede van die polisie en boere van die omgewing nadat hy gevang is (internet: Burgess 2016) ... 148

Figuur 4.7: Ezra Mabengeza vertolk die hoofrol in Jahmil XT Qubeka se "Sew the Winter to my skin" (Pople 2018:10) ... 151


Figuur 5.1: Frederick FitzSimons besig om menslike beendere in die Tsitsikamma-area op te grawe (PEMA FitzSimons foto-album) ... 162

Figuur 5.2: Frederick FitzSimons besig om menslike beendere in die Tsitsikamma-area op te grawe (PEMA FitzSimons foto-album) ... 164

Figuur 5.3: Die taksidermis van die Suid-Afrikaanse Museum, James Drury, links en die direkteur van die museum, dr Louis Péringuey, in die 1920's (Davison 2001:13) ... 168
Figuur 5.4: Scotty Smith (Metrowich 1970: fotoblad) ... 170
Figuur 5.5: Ds WP Steenkamp (regs) en sy seun WP Steenkamp II tydens hul mediese studies in die buiteland (internet: Kroon 2022) ... 174
Figuur 5.6: "Old Fish Hoek man meets young Fish Hoek girl" (Shepherd 2015:70) ... 177
Figuur 5.7: Bertie Peers met twee Strandloper-skelette, 1920's (Shepherd 2015:71) ... 178
Figuur 5.8: Sarah Baartman se skelet en 'n replika van haar liggaam, gemaak deur George Cuvier in 1816, in die Muséum Naional d'Histoire Naturelle (Tobias 2002:108) ... 180
Figuur 5.9: Die poskaart van El Negro, te koop in die Darder Museum in Spanje in 1983 (internet: BBC News 2016) ... 183
Figuur 5.10: Feyt se skedel en Khoekhoen-skedel bo regs op die rak in die glaskas in die biologie-klas van Augsburg Landbougimnasium in Clanwilliam (Foto: E Badenhorst, 2021) ... 186
Figuur 5.11: Feyt se witgeverfde skedel met die "skull & bones" duidelik sigbaar (Foto: E Badenhorst, 2021) ... 187
Figuur 5.12: Van die menslike skedels wat vandag steeds deel is van die Port Elizabeth Museum se versameling (Foto: E Badenhorst, 2012) ... 190
Figuur 6.1: David en Renaye Kramer in die Montagu Museum in 1983 (MM/KS/1983/2) ... 194
Figuur 6.2: "Só word die musiekspel 'Die Ballade van Koos Sas' vir die Suidoosterfees geadverteer" (Van Bart 2008:14) ... 197
Figuur 6.3: "Loukmaan Adams as Koos Sas en Jody Abrahams as Hendrik Skilpad in 'Ballade van Koos Sas'" (Malan 2008:16) ... 198
Figuur 6.4: "David Kramer by die kopbeen wat sentraal op die verhoog uitgestal word in 'n kas in sy verhoogstuk, Koos Sas" (Bonthuys 2001:iii) ... 199
Figuur 6.5: Die voorblad van Breytenbach se boek, *Dog Heart* (Faber & Faber 1998) ... 206
Figuur 6.6: Voorblad van die boek *Gif*, deur Piet van Rooyen (Protea Boekhuis 2001) ... 211
Figuur 6.7: Voorblad van die boek *Die Ballade van Koos Sas*, deur Pieter Pretorius (Self publikasie 2020) ... 214
Figuur 6.8: Pieter Pretorius oorhandig sy boek, *Die Ballade van Koos Sas*, aan koning Khoisan SA (Delport 2021:3) ... 220
Figuur 6.9: Voorblad van die spesiale uitgawe van *Nongqai* (Vol 13 No 5E Mei 2022) ... 222
Figuur 7.1: Uitnodiging na die opening van die nuwe permanente uitstalling by die Montagu Museum op Sondag, 16 Junie 2019 (MMA Uitstallings) ... 235
Figuur 7.2: Amptelike program van die 2022 Montagu Museum Kruiefees (MMA Kruiefeesversameling) ... 236




*Gedeeltes van die ou Kaapkolonie, c1920 (Giliomee & Mbenga 2007: 232)*
*Byvoegings in rooi is deur E Badenhorst aangebring.*




*Gedeelte van die Klein-Karoo (Burman 1981: binneblad)*
*Byvoegings in rooi is deur E Badenhorst aangebring.*

# INLEIDING

## AGTERGROND EN PROBLEEMFORMULERING

Koos Sas was ‘n bekende misdadiger van die Montagu-, Touwsrivier-, Worcester- en Ceres-omgewings aan die begin van die twintigste eeu. Hoewel hy meestal berug was vir skaapsteel en huisbraak, was dit sy uitgeslape (en astrante) vermoë om telkemale uit gevangeneskap te ontsnap, asook sy gawe om menige polisieperd flou te hardloop, wat tot sy legendariese statuur sou bydra. Dit was egter as verdagte in die opspraakwekkende moord in die Montagu-distrik op die seun van die Nederduitse Gereformeerde Kerk se moderator in 1917, en veral die gebeure ná die voortvlugtige Sas se skietdood vyf jaar later (Botma 1997:169), wat sou verseker dat sy naam in die Suid-Afrikaanse volksbewussyn ingeëts word.

Die algemene publiek se persepsie van Sas as omstrede figuur is versterk deurdat Sas gedurende sy lewe gebruik gemaak het van ‘n rits aliasse, soos Jan Erasmus, Koos van Wijk en Koos van Rooyen (Van Bart 2008:14). Bewyse is ook gevind dat Sas van die name Jan Gous (volgens sy vader, Jan Erasmus, Sas se doopnaam), Frank de Vries, Piet Odendaal, Koos Jacobs en Koos Oosthuizen gebruik gemaak het (WKARS 1/MTU 1/1/1/2). Dit het tot gevolg gehad dat hy in sekere kringe uitgemaak is as bloot ‘n berugte veedief en moordenaar wat destyds ‘n groot deel van die Boland geteister het (Botma 1997:165). Andersyds is hy weer beskou as ‘n verteenwoordiger van verset teen ‘n toenemend onregverdige wêreld met sy eie praktyke van uitbuiting en uitsluiting (Slabbert & De Villiers 2011:176).

Kort nadat Sas in 1922 doodgeskiet is, is ‘n reeks foto’s van sy lewelose liggaam geneem deur die seun van dominee WP Steenkamp van die Nederduitse Gereformeerde Kerk op Springbok (Nicol 2000:4). Die foto’s is hierna as poskaarte verkoop om fondse in te samel vir die *Afrikaanse Christelike Vroue Vereniging* (ACVV) in Namakwaland, wat die inkomste aangewend het vir die opheffing van armblanke kinders in die Noord-Kaap.

‘n Paar maande ná Sas se dood is dit dieselfde dominee Steenkamp wat die oorskot laat opgrawe en die skelet, as voorbeeld van ‘n tipiese Boesman, saamneem na die buiteland vir sy mediese studies (Morris 1997:25). Ná sy studies skenk Steenkamp Sas se skedel aan sy alma mater, die Universiteit van Stellenbosch. Professor HE Brink, boorling van Montagu en hoof van die Departement Fisiologie, skenk eweneens die skedel met sy aftrede aan die Montagu Munisipaliteit (Morris 1997:25). In die notuleboek van die Montagu Museum se trusteeraadsvergaderings kom die volgende inskrywing, gedateer 22 Mei 1974, voor: “Die voorsitter bedank die munisipaliteit vir die skenking van die kop van Koos Sas, asook die kinder-bentwoodstoeltjie” (MM Trusteeraadnotule 1:15). Daar moet aanvaar word dat daar in die notule

na die skedel van Koos Sas verwys word, en nie na die kop nie. Tweedens word die afleiding gemaak dat die munisipaliteit die skedel, nadat hulle dit van die Universiteit van Stellenbosch ontvang het, aan die Montagu Museum geskenk het. Die glaskassie met die skedel van Sas daarin word op permanente uitstalling geplaas, waar dit, volgens die eerste kurator van die museum, vir die volgende paar dekades groot belangstelling ontlok het as belangrikste besienswaardigheid van die museum (Mev B Badenhorst 2016: onderhoud).

In die 1982-publikasie *Museums of the Cape, a Guide to the Provincial-Aided Museums of the Cape* word die Montagu Museum in die laaste twee paragrawe soos volg beskryf: “The region is well known for its wealth of wild herbs. The dried herbs, exhibited in the museum with information about their medicinal or culinary uses, elicit much interest. The skull of the murderer Koos Sas, and the gun with which he was shot, show in how lively a fashion some of the fascinating incidents of the region are depicted” (Du Preez 1982:102).

David Kramer, destyds ‘n jong, opkomende sanger, is in 1981 deur die Montagu Museum vir ‘n reeks optredes as deel van ‘n fondsinsamelingsprojek genooi. Dit is hier waar Kramer vir die eerste maal van aangesig tot aangesig met die skedel van Sas kom, uitgestal in ‘n glaskas met daarnaas ‘n portret van konstabel Jurie Dreyer, asook die Martini-Henry-geweer waarmee die konstabel Sas doodgeskiet het. Die ervaring het ‘n ontstellende uitwerking op die jong Kramer se kreatiewe psige gehad (Nieuwoudt 2001:3). Koos Sas word as’t ware ‘n tweede lewe gegun deurdat Kramer nog dieselfde aand begin skryf aan *Die Ballade van Koos Sas* (Mev B Badenhorst 2016: onderhoud). Kramer verwerk die tema later tot ‘n musiekblyspel wat in 2001 by die Klein Karoo Nasionale Kunstefees open en in 2008 opgevolg word met ‘n aangepaste weergawe vir die Suidoosterfees (Slabbert & De Villiers 2011:351).

Alhoewel Kramer se verhoogproduksie oor Koos Sas verskeie pryse verower, ontlok sy simpatieke uitbeelding van Sas ewenwel ‘n debat in die publieke domein (Vorster 2008:15). Deelnemers aan die debat wissel van die breë publiek, gerekende joernaliste en navorsers tot selfs lede van die families betrokke by die sage (Bothas, Steenkamps & Dreyers). So byvoorbeeld maak die joernalis Martiens van Bart sterk beswaar teen Kramer se vertolking van Sas, en gaan sover as om te noem dat sogenaamde “digterlike vryheid” rasseverhoudinge nadelig kan beïnvloed (2008:14). Volgens Van Wyk word Sas uitgebeeld as ‘n “edele barbaar” en “vryheidsvegter” wat hom tot misdaad moes wend nadat boere hom van sy jagvelde ontneem het (2008:55). In werklikheid het Kramer die uitstalling van die kopbeen gesien as “‘n verhaal wat vertel word van die triomf van wit koloniale reg en orde oor ‘n koppige en soms reddelose inboorling-element” (Slabbert & De Villiers 2011:168).

Vroeg in November 2019 ontvang die Montagu Museum ‘n ruim subsidie van die Departement van Kultuursake en Sport, Wes-Kaap, met die volgende opdrag: *For subsidising operational*

*expenses relating to the reburial of human remains at the museum to be concluded before the end of the 2020/2021 financial year.* Vir die Montagu Museum beteken dit dat die skedel van Koos Sas aan die gemeenskap van Montagu terugbesorg en daarna begrawe moet word.

Op 9 Maart 2021 is die skedel van Sas aan die plaaslike Hessekwa-groep, wat die gemeenskap van Montagu verteenwoordig het, terug besorg. Alhoewel die tema van die dag se program ve

rsoening was, is uitsprake wat emosies opgesweep het nogtans deur van die sprekers gemaak. Veral berigte in die media (selfs op nasionale vlak) ná afloop van die verrigtinge lok wyd reaksie uit. Dieselfde gebeur in ‘n mindere mate met die begrafnis van Sas se skedel in Donkerkloof op Sondag, 18 April 2021.

Daar is verskeie aspekte van die brokkies herinneringe aan die lewe van Koos Sas wat verdere opklaring noodsaak. ’n Belangrike vraag wat gevra moet word, is: hoe sal die nalatenskap van Koos Sas, skeefgetrek oor ‘n tydperk van bykans ‘n eeu, onthou word? Aan die een kant is daar, met reg, die verbitterde familie van die vermoorde Danie Botha en ander lede van die publiek wat hom as ‘n moordenaar beskou; aan die ander kant is daar die plaaslike Hessekwa (‘n Khoekhoen-stam) wat byvoorbeeld as gevolg van Sas se unieke vermoëns om telkens die berede polisie te ontvlug, hom as ‘n held beskou (Oosthuizen 2008:28).

Ferreira se stelling dat kultuurhistoriese navorsing, spesifiek in museumverband, deel moet uitmaak van nasionale ontwikkelingsprogramme ten einde “‘n dinamiese en werklik Suid-Afrikaanse identiteit en kultuur aan te moedig” (1997:118), het betrekking op hierdie ondersoek, aangesien die studie rondom Sas kultuur en identiteit aanspreek. Marc Bloch skryf reeds in 1941 dat ‘n wetenskap onvolledig sou wees indien dit nie die mensdom help om beter te leef nie (1963:10). ‘n Nuwe, eietydse studie oor Koos Sas het inderdaad die potensiaal om “die kneusplekke van ‘n nasie en ‘n verdeelde gemeenskap te heel” (Ferreira 1997:119).

Die essensie van die probleem wat in hierdie studie ondersoek word, is die wyse waarop ‘n bepaalde beeld van ‘n omstrede historiese figuur deur middel van mites en persepsies in ‘n samelewing ontwikkel, en om die verband hiervan met die feitelike geskiedenis te probeer vasstel. In hierdie geval is die toepassing op die historiese figuur Koos Sas, wat omstrede is weens die wyse waarop hy nadoods hanteer is. Die ondeurdagte uitstalling van Sas se skedel in die Montagu Museum (hoewel dit wêreldwyd aanvaarde praktyk was in die tyd toe dit gedoen is) het aanleiding gegee tot meningsverskille wat oor hom en sy lewe bestaan en het bygedra tot die polarisasie van ‘n gemeenskap wat reeds deur rassisme verdeeld is.

**DOEL VAN DIE STUDIE**

Die oorkoepelende doel van hierdie studie is om, bykans ‘n eeu nadat Koos Sas in 1922 doodgeskiet is, vas te stel watter invloede verantwoordelik was vir hóé die samelewing hierdie omstrede figuur onthou.

Spesifieke doelwitte wat deel uitmaak van hierdie studie, behels die volgende:

- Om te bepaal watter rol die uitstalling van Sas se skedel in die Montagu Museum in die openbare bewussyn gespeel het
- Om vas te stel in hoe ‘n mate, indien enige, Koos Sas se nalatenskap deur die kunste beïnvloed is, byvoorbeeld deur vas te stel in hoe ‘n mate die publiek se persepsie beïnvloed is deur die wyse waarop Sas deur David Kramer as ‘n martelaar en slagoffer uitgebeeld is
- Om soortgelyke misdadigers as Sas te evalueer, ten einde Sas se nalatenskap binne konteks te plaas
- Om vas te stel in hoe ‘n mate, indien enige, Sas se identiteit as Khoekhoen ‘n rol gespeel het in die wyse waarop met hom, asook sy liggaam ná sy dood, omgegaan is.

**TERREINAFBAKENING**

Die tydsafbakening van hierdie studie strek vanaf Koos Sas se jaar van geboorte in 1882 in Touwsrivier tot met sy begrafnis in Donkerkloof by Montagu in 2021 – dus ‘n tydsverloop van 139 jaar. In hoofstuk 2 word ‘n gedeelte daaraan gewy om hierdie onsekere en geweldda dige tydperk in meer besonderhede uit te lig.

Die geografiese afbakening word grootliks beperk tot die areas waarin Koos Sas bedrywig was en waar sy naam steeds onthou word. Dit sluit dele van die Klein-Karoo in (hoofsaaklik Montagu-dorp en -distrik), Touwsrivier, Worcester, Bokkeveld (Ceres-omgewing), asook dele van die Noord-Kaap (Namakwaland en spesifiek die Springbok-area). Om die tema van die studie binne konteks te plaas, word in ‘n mindere mate areas van die Oos-Kaap ingesluit (gedeelte oor John Kepe), asook die Clanwilliam-area waar Dirk Ligter bekendheid as skaapdief verwerf het.

Die hooffokus van die studie is op die historiese figuur Koos Sas, maar ter wille van konteks en vergelykings word daar ook na soortgelyke omstrede figure in die Suid-Afrikaanse geskiedenis verwys.

**BRONNE**

In hoofstuk 1 word die belangrikste bronne onder die opskrif Bronnestudie geëvalueer. In hierdie deel van die inleiding word slegs na sekere fasette van die navorsing en bronne oor die algemeen verwys.

Die studie het grotendeels op ‘n wye verskeidenheid primêre bronne wat in die Montagu Museum se argief gehuisves word, berus. Voorbeelde hiervan is persoonlike briewe, foto’s en poskaarte, plakboeke, notules van die bestuurskomitee van die Montagu Museum, topografiese kaarte, koerant- en tydskrifartikels en selfs potloodsketse. Van groot waarde was die lêer oor die moordverhoor van Sas in 1917 wat in die Wes-Kaapse Argiefbewaarplek gevind is (WKARS 1/MTU 1/1/1/2).

Gesprekke is onder andere gevoer met die voormalige voorsitter en kurator van die Montagu Museum, Hessekwa-stamhoof Reggie Boesak, afgetrede landdros Adamus Stemmet en die joernalis Dana Snyman. E-posse het ingesluit korrespondensie met prof Wium van Zyl en nasate van die Steenkamps en Dixons. Prof Alan Morris en die joernalis Martiens van Bart het hul persoonlike navorsing oor Sas aan die kandidaat beskikbaar gestel.

Verder is besoeke gebring aan die Montagu-omgewing, Clanwilliam en die Springbok-area, waartydens ‘n reeks gesprekke en persoonlike onderhoude plaasgevind het met plaaslike inwoners wat steeds vertroud is met staaltjies oor Koos Sas. As deel van hierdie studie is die Springbok-area en die plaas Droëdap, waar Koos Sas doodgeskiet is, in Maart 2021 besoek. Die ondersoek het onder meer gelei na mnr Tertius Scheepers, kleinseun van Willie Dixon, destydse eienaar van Droëdap. Die plaas en die berg waar Sas agtervolg en geskiet is, is op Woensdagmiddag, 24 Maart 2021 besoek. Die naam van die spesifieke granietkop waarop hy doodgeskiet is, is Lewerberg, aangesien dit soos ‘n lewer lyk, veral met sonsondergang as verskeie kleurskakerings duidelik waarneembaar is. Die ruïnes van die ou Dixon-plaasopstal, asook die familiebegraafplaas is gedokumenteer en gefotografeer om die reeds bestaande Koos Sas-versameling in die Montagu Museum se argief aan te vul.

Dit is nodig om daarop te wys dat die taalgebruik in direkte aanhalings uit bronne nie geredigeer mag word nie. In hierdie studie was dit soms nodig om lang gedeeltes uit verslae, briewe, koerantberigte of ander dokumente aan te haal en baie daarvan het heelparty taalfoute in. Dit is direk aangehaal sonder om foute te korrigeer.

# HOOFSTUK 1

# KONSEPTUALISERING, METODOLOGIE EN BRONNESTUDIE

## 1.1 INLEIDING

"Geesteswetenskaplike navorsing is 'n gemeenskaplike menslike aktiwiteit waardeur 'n bepaalde verskynsel in die werklikheid op 'n objektiewe wyse bestudeer word ten einde 'n geldige begrip van die verskynsel daar te stel" (Mouton & Marais 1990:7).

Deur middel van die vakdissipline kultuurgeskiedenis ondersoek hierdie studie die invloede wat 'n uitwerking gehad het op die nalatenskap van die historiese karakter, Koos Sas. Koos Sas was 'n Khoekhoen van die Karoo en Klein-Karoo wat 'n eeu gelede, in 1922, doodgeskiet is. Sedertdien is daar nog nie 'n akademiese ondersoek gedoen van hóé met sy skedel ná sy dood omgegaan is nie, en die dringendheid van berusting en aanvaarding is nog nie op die voorgrond geplaas nie. Die tema van hierdie studie sluit nóú aan by die stelling deur Mouton en Marais dat die mens deel van die werklikheid is, en dat dit net 'n natuurlike strewe is om dit te begryp en deur middel van uitsprake en formulering van stellings vas te gryp. Dit maak essensieel deel uit van alle betekenisvolle menslike ervarings (Mouton & Marais 1990:3).

## 1.2 KONSEPTUALISERING

Hierdie studie onderneem om bepaalde invloede op die nalatenskap van 'n historiese figuur op die voorgrond te plaas. Ten einde 'n dieper begrip en ondubbelsinnige interpretasie te verseker, is dit belangrik dat die vernaamste kernkonsepte, binne die spesifieke konteks van die studie, geanaliseer word.

### 1.2.1 Kultuur

Die begrip "kultuur" vorm die hart van kultuurgeskiedenis. En alhoewel die term gereeld in alledaagse kommunikasie gebruik word en sentraal staan in 'n verskeidenheid akademiese dissiplines soos antropologie, sosiologie, kultuurgeskiedenis en kultuurstudies, bly die konsep ingewikkeld en soms selfs omstrede (Green 2008:1). Verder is die begrip "kultuur" nie 'n maklike term om te definieer nie. In die Suid-Afrikaanse kultuurlandskap met sy multikulturele samelewing is dit vir hierdie studie belangrik om die begrip se "evolusie" te ontleed en in meer besonderhede te omskryf.

Die Latynse term “cultura” beteken onder meer die ontwikkeling en verryking van die mens se geestelike lewe. Deur hierdie verryking bring die mens as ‘n denkende en redelike wese ook suiwer geestelike waardes tot stand. Alhoewel daar verskillende opvattings oor die begrip “kultuur” bestaan, stem sommige denkers op hierdie gebied ooreen dat die begrip neerkom op ‘n meer innerlike geesteshouding, geleë in die binneste wese van die mens (Van der Westhuizen 1968:270). Ander navorsers het weer ‘n meer pragmatiese benadering tot kultuur.

Steeds bly dit ‘n komplekse term wat bepaalde betekenisse in ‘n verskeidenheid dissiplines tot gevolg het. In die belangrike konteks van die sosiologie byvoorbeeld, word die term verstaan as verwysend na die totale samestelling van die samelewing, wat insluit die manier waarop tale, simbole en waardes tot sosiale praktyke bydra (Bocock 1992:230). Markov haal vir Verhelst aan wat beweer dat die konsep “kultuur” elke aspek van die lewe insluit: “know-how, technical knowledge, customs of food and dress, religion, mentality, values, language, symbols, socio-political and economic behaviour, indigenous methods of taking decisions and exercising power, methods of production and economic relations and so on” (2008:338).

Die begrip “kultuur” het dus ‘n wye reeks betekenisse. Robert Bocock verduidelik dat die begrip met verloop van tyd verander en aangepas is. Hy noem byvoorbeeld dat een van die vroeë betekenisse van die term gevind kan word in die vyftiende eeu toe die woord gebruik is om te verwys na die verbouing van landbouprodukte en die versorging van diere (vandaar die rede dat die woord steeds voorkom in moderne Engelse begrippe soos “agriculture” en “horticulture”). ‘n Klemverskuiwing het gekom in die vroeë sestiende eeu, toe die term uitgebrei is om ook die menslike gees in te sluit. Dit is gedurende hierdie tydperk dat die ideologie ontstaan het dat slegs sekere individue, groepe of klasse oor ‘n hoëre en meer gekultiveerde intellek en gebruike beskik en dat slegs sekere nasies (grotendeels Europeërs) aan hierdie standaard van beskawing voldoen het. Teen die agtiende eeu het die begrip “kultuur” na onderskeidende gebruike in verskillende klasse in die samelewing verwys. Die derde betekenisontwikkeling van die term het tydens die Verligtingsperiode (Enlightenment) geskied, waar die term algemeen aanvaar en gebruik is om die proses van selfontdekking en ontwikkeling te beskryf. Dit is ‘n proses wat alle samelewings moes deurmaak en waarin Europa ‘n sentrale en universele rol gespeel het, aangesien die kontinent beskou is as die hoogste punt van beskawing of kulturele menslike ontwikkeling. Die vierde verduideliking wat deur Bocock aangebied word, behels die historiese periodes, wat die eiesoortige leefwyse van verskillende kulture, ook bekend as die antropologiese definisie van die begrip “kultuur”, insluit (1992:231,232). Dit is belangrik om te let op hierdie ontwikkeling van die verstaan van die begrip “kultuur”, aangesien dit ook in hierdie studie na vore sal kom wanneer redes aangevoer word waarom die skelette en skedels van die Khoekhoen (insluitende dié van Sas) sonder meer opgegrawe en in museums in veral Europa uitgestal is.

Peter Burke beweer dat, tydens ‘n ondersoek om die verskillende variasies van die term “kultuur” te karteer, Amerikaanse studente vasgestel het dat daar meer as tweehonderd definisies van die term in omloop is. Hy skryf dan: “How can anyone write a history of something which lacks a fixed identity? It is rather like trying to catch a cloud in a butterfly net.” Aansluitend hierby het die bekende historikus EP Thompson uit frustrasie na die term “kultuur” verwys as ‘n “clumpish term” (Green 2008:1).

Grobbelaar skryf weer dat, net so verwarrend soos die term “kultuur” gebruik kan word, net so uiteenlopend is die omskrywings of verklarings wat deur kultuurkundiges daarvoor gegee word: “As mense met beperkte menslike vermoëns kyk ons maar steeds deur ‘n spieël in ‘n raaisel en sal ons seker tot die laaste der dae moet sug: ‘Wat is waarheid?’ Terwyl die natuurwetenskaplike dan nog dwaal waar hy darem minstens ‘n proefbuis tot sy beskikking het, wat van die arme geesteswetenskaplike met net die rigsnoer van die denke – logies, indien moontlik – om hom by sy ‘oplossings’ te bring?” (1974:5) “Myns insiens is kultuur ‘n skeppingsproses wat voortspruit uit ‘n bepaalde menslike behoefte; dan is kultuur ook die produk wat geskep word; maar kultuur is wel ook die abstrakte, die konsep, die denksisteem, want ‘n konsep of ‘n denksisteem is in werklikheid ook ‘n produk van die menslike gees wat voortgespruit het uit ‘n behoefte” (Burden 2000:19). PG Nel verduidelik kultuur soos volg*:* “‘n Volk se kultuur is die struktuur van verhoudinge, die patroon van denke, houdinge en handelswyse en die resultaat van arbeid en skeppinge van die volkslede – dit is dus die innerlike en uiterlike lewensgestalte van ‘n volk soos hy strewe om deur sy geestes- en handearbeid iets te skep wat sinvol is en hy word deur hierdie kultuurarbeid beweeg deur sekere waardes wat onderhewig is aan bepaalde norme” (1987:4).

Vir die doel van hierdie studie word die begrip “kultuur” gebaseer op die siening van die voorafgenoemde vier skrywers, naamlik dat dit die fisiese en geestelike skeppinge van die mens is waardeur hy binne groepsverband aan die een kant die omgewing aanpas, terwyl hy tegelykertyd by die omgewing aanpas om aan sy fisiese en geestelike behoeftes te voldoen. Opsommend word dit aanvaar dat kultuur ‘n dinamiese proses is wat alle menslike handelinge, beide geestelik en fisies, insluit.

### 1.2.2 Kultuurgeskiedenis

Die skrywer Anna Green gee in haar werk *Cultural history* die volgende opsomming van dié begrip: “Cultural history, therefore, can be defined as an approach to the past that focuses upon the ways in which human beings made sense of their worlds, and this places human subjectivity and consciousness at the centre of cultural enquiry” (2008:4).

Kultuurgeskiedenis word deur Tosh omskryf as ‘n sleutelbegrip, nie as ‘n “hoër kultuur” as sodanig nie, maar eerder ‘n weefsel van betekenis wat ‘n gemeenskap uitbeeld en sodoende kollektief

saambind (2006:285). Dit sluit aan by Ferreira se stelling dat geen samelewing sonder ‘n voorstelling van sy verlede kan bestaan nie. Die werk van die kultuurhistorikus verseker juis nuwe dimensies in mense se lewens en verbreed hul perspektiewe op hul land, volk en die wêreld. Nie net bring dit waardering vir die totstandkoming van ‘n eie samelewing nie, maar lei ook tot groter begrip van ander kultuurgroepe (1988:101). Grobbelaar definieer “kultuurgeskiedenis” deur te verklaar dat die “suiwer historiese” (die feite) die blote raamwerk of historiese net (of agtergrond) waarteen die kultuurverskynsels in perspektief geplaas word, moet vorm (1990:56).

Vandag het ‘n land soos Suid-Afrika juis kultuurgeskiedenis nodig om die grondige kultuurverskille en beskouings van ‘n gesofistikeerde samelewing aan te dui. Die belang daarvan is om in te sien dat alles in die lewe ‘n neiging het tot ‘n skakering van grys, eerder as om óf suiwer wit óf suiwer swart te wees (Ferreira 1988:102). In hierdie verband verwys Nel na Harmsen wat beweer dat kultuurgeskiedenis die geheue van die menslike groepsondervinding is, en deur middel van die wek van emosie, waardes en idees nie net al die kennis verskaf wat die lewe die moeite werd maak nie, maar ook aan ‘n samelewing ‘n eie identiteit gee (Nel 1987:6).

In die lig van bogenoemde begripsomskrywings is dit belangrik om daarop te let dat die tydsverloop van gebeure wat betrekking het op die kernpunte wat in hierdie studie behandel word, ‘n spieëlbeeld is van ‘n land (in hierdie geval Suid-Afrika) en sy mense, hul persepsie, asook hul aanvaarding van en aanpassing by ‘n verdelende verlede, en hoe hulle vandag daarmee omgaan.

Prof Mamokgethi Phakeng, voormalige visekanselier van die Universiteit van Kaapstad, sê in ‘n onderhoud oor die uitdagings wat universiteite ervaar, veral in die lig van die Covid-19-pandemie, dat die geesteswetenskappe nie net belangrik bly nie, “maar is om die waarheid te sê, belangriker as ooit tevore”. Sy glo dat geen probleem in die wêreld sonder die geesteswetenskappe opgelos kan word nie (La Vita 2021:11). Kultuurgeskiedenis vorm ‘n baie belangrike deel hiervan.

Dit is egter nodig om die kern van die studie, die kultuurkomponente en hul verskillende dimensies, behoorlik te analiseer. Vir hierdie doel word die Burden-model as analitiese instrument aangewend. Die kultuurhistorikus M Burden sit die vakdissipline kultuurgeskiedenis soos volg uiteen: “Kultuurgeskiedenis maak ‘n studie van die kultuurproduk, die skeppingsproses wat dit tot stand gebring het, die stimulus wat die proses geïnisieer het, en van die samehang van of verbande tussen kultuurprodukte en die dimensies waarbinne hulle tot stand kom; dit is ‘n studie waarbinne die skepper, die mens self, sentraal staan” (2000:19).

### 1.2.3 Nalatenskap

Van uiterste belang vir hierdie studie is om die nalatenskap van Koos Sas, beïnvloed oor ‘n tydperk van bykans ‘n honderd jaar, te omskryf. Vir die doel van hierdie ondersoek word die begrip

aangewend om te verwys na die nie-tasbare nalatenskap van Koos Sas en nié na ‘n eflating in die gewone sin van die woord nie.

Dit word aanvaar dat Sas nie enige materiële goedere nagelaat het nie, en dat sy nalatenskap gevolglik van ‘n nie-tasbare aard is, met ander woorde hoe hy deur middel van sy dade onthóu word. Hierdie geheuebeeld van Sas word juis ondersoek omdat dit in die publiek se bewussyn, oor ‘n tydperk van bykans ‘n eeu en om verskeie redes, ingeprent is.

### 1.2.4 Omstrede figuur

Die begrip “omstrede”, wat in hierdie studie nou saamhang met die term “kontroversieel” is belangrik, aangesien Sas oor die afgelope eeu uitgebeeld word nié net as misdadiger en skaapdief nie, maar ook as moordenaar. Die term word ook aangewend om aan te dui dat Sas as ‘n omstrede figuur beskou word nie alleen as gevolg van sy dade nie, maar ook as gevolg van die wyse waarop daar met sy liggaam en skedel na sy dood omgegaan is.

Ahoewel hy vandag deur die Khoekhoen as martelaar en selfs held gehuldig word, is daar ook ‘n deel van die samelewing wat hom bloot as ‘n moordenaar onthou en voel dat dit sy verdiende loon was om doodgeskiet te word. So is daar byvoorbeeld in artikels na hom verwys as die “nimlike Koos Sas” (Badenhorst 1978:16). David Kramer beweer dat Sas manalleen in opstand gekom het teen die destydse bestel, en hom nie wou onderwerp aan ‘n bestaan van plaasarbeider nie, en dat hy wou terugkeer na die oorspronklike jagterslewe van die San (Nieuwoudt 2001:9). WP Steenkamp se seun skryf dat Sas geensins ‘n held was nie, “maar ‘n leegloper en geharde misdadiger was wat sy lang misdaadloopbaan bekroon het met die moord op ‘n jongman wat hom met kos wou gehelp het. Hy was ook nie ‘n vryheidsvegter of ikoon van die goeie ou dae nie” (Steenkamp 2008:2). Van Bart gaan sover as om dit te stel dat Kramer Sas vergelyk met die gekruisigde Christus, omrede Sas uitgebeeld word as sou hy moes sterf vir die blanke-beskawing se sondes (2008:15). So onlangs soos 31 Januarie 2022, in ‘n resensie oor Dana Snyman se nuutste kortverhaalbundel *In die tyd van gif* (2022) word na Koos Sas in dieselfde sin as die groot Afrikaanse ikoon Karel Schoeman as ‘n “held” verwys (Coetzee 2022:11).

Die begrip “omstrede” in die titel van hierdie studie word dus aangewend in hierdie konteks, aangesien dit duidelik is dat daar vandag steeds groot meningsverskille oor sy persoonlikheid en dade bestaan en dit onvermydelik tot kontroversie lei.

### 1.2.5 San en Khoekhoen

In ouer literatuur is daar na die /Xam en Khoekhoen verwys as onderskeidelik “Boesmans” en “Hottentotte”. Meer onlangs is Khoekhoen algemeen, en volgens De Jongh ortografies verkeerdelik, aangedui as “Khoi”, “Khoi-Khoi” of “Khoikhoin” (2014:5).

Alhoewel die “Boesman/San”-debat nog nie afgehandel is nie, is die gebruik van die term ”Khoisan” problematies waar dit in die literatuur generies gebruik word om na sowel die Boesmans/San as die Khoekhoen te verwys. Alhoewel hul rolle (hetsy as jagter-versamelaar of herder) kon verander volgens hul omstandighede, was die San ‘n onderskeibare jagter-versamelaarsgemeenskap in teenstelling met die Khoekhoen-herdersgemeenskap (De Jongh 2014:5).

Die begrip “Khoikhoin” benodig ‘n dieper verklaring, aangesien die woord ook in sekere opsigte as omstrede verstaan en aangewend word. In hierdie studie kan dit juis problematies van aard wees, aangesien daar na Sas verwys word as “die laaste Boesman van Montagu” (Slabbert & De Villiers 2011:355).

Vir honderde jare het Europese koloniste variante van die woorde “Boesmans” en “Hottentotte” aangewend wanneer daar onderskeidelik na die jagter-versamelaar- en herdergroepe van suidelike Afrika verwys is. Die woord “Khoisan” is ‘n nuutskepping wat die eerste maal in 1928 as ‘n kollektiewe generiese term bedink is om die twee groepe gesamentlik te beskryf (Deacon & Deacon 1999:129). Alhoewel nie die fokus van hierdie studie nie, is dit tog van belang om uitklaring te kry oor hierdie terme (hetsy as kollektief of enkelbegrip), aangesien die verloop van die gebeure wat aanleiding gegee het tot die uiteindelike marginalisering van hierdie randfigure nóú aansluit by die tema van hierdie studie.

Michael de Jongh verduidelik dat resente argeologiese en antropologiese studies bewys gelewer het dat daar onteenseglik tussen hierdie twee groepe, veral gedurende die pre-koloniale periode, onderskei kan word. Nogtans duur debatte oor hul eiesoortige en/of ooreenstemmende kenmerke steeds voort (2016:4,5). Omdat dit sonder twyfel bewys is dat die twee groepe etnies en kultureel verskillend was, word die kunsmatige term “Khoisan” nie as aanvaarbaar beskou nie en vir die doeleindes van hierdie studie liefs vermy.

In die polisie-identikit wat in 1917 kort ná die moord op Daniel Botha uitgereik is, word Sas beskryf as ‘n “Bastard Hottentot” en dat hy vyf-en-dertig jaar oud is (WKAR 1/MTU 1/1/1/2, vol 12). Van hierdie gegewens kan dus afgelei word dat Koos Sas in 1882 gebore is. Dit is belangrik om Koos Sas in ‘n historiese tydgleuf te plaas, aangesien die studie deels gaan uitbrei op die sosio-ekonomiese landskap van die area waar Sas hom in die vroeë twintigste eeu bevind het.

As in ag geneem word dat die historiese Boesmans reeds teen die einde van die agtiende eeu vanaf die Kaap noordwaarts na die Gariep (Groot- of Oranjerivier) uitgewyk het (De Villiers 2012:50), kan met redelike sekerheid aanvaar word dat Koos Sas van die Khoekhoen afgestam het. Om die redes soos hierbo aangetoon, sal daar dus in hierdie studie na die individu (Koos

Sas) verwys word as sou hy die naaste verwant wees aan die Khoekhoen, en nie aan die San nie.

In hoofstuk 2 sal meer besonderhede verskaf word met betrekking tot die leefwyse en uiteindelike marginalisering van die Khoekhoen, aangesien dit belangrik is om Sas in daardie tydperk en omgewing te plaas. Slegs deur die gebeure binne daardie konteks te verstaan, sal dit moontlik wees om die narratief in sy geheel duidelik te maak en daaraan betekenis te gee.

### 1.2.6 Menslike oorskot op uitstalling in museum

Die uitstal van Koos Sas se skedel in die Montagu Museum het ‘n groot invloed gehad op die wyse waarop hy vandag onthou word. In hierdie studie word ook gekyk na die gebruike wêreldwyd rondom die uitstalling van menslike oorskot in museums om die geval van Sas binne konteks te kan plaas.

Volgens Morris was die koloniale moondhede gefassineer deur die “primitiewe” inheemse volke en het hulle in sommige gevalle as deel van die diereryk bestempel (1996:67). So is die eerste “Boesman-uitstalling” by die Suid-Afrikaanse Museum in Kaapstad reeds in 1911 opgestel, waarna dit vervang is deur die “Boesman-diorama” in 1959 (Rall 2018:10). Die voormalige president van Suid-Afrika, mnr Nelson Mandela, het museums tydens sy Erfenisdag-toespraak in 1997 vermaan om die praktyk te staak om die mense van Afrika uit te beeld as “lesser beings” (Davison 2001:7).

Een van die bekendste voorbeelde van menslike oorskot wat in ‘n museum uitgestal is, is dié van Sarah Baartman, wat mettertyd ‘n simbool van onderdrukking geword het. Europese wetenskaplikes was gefassineerd deur haar liggaamsbou, optrede en taal – in so ‘n mate dat daar getwyfel is of sy hoegenaamd verwant was aan die spesie Homo Sapiens (Tobias 2002:107,108). Die tragiese geval van Baartman (1789-1816) het ‘n bewustheid onder Suid-Afrikaners oor hul herkoms en erfenis gekweek.

Die uitstalling van Baartman in die negentiende eeu in ‘n Europese museum was egter geensins uniek nie. Daar is die voorbeeld van ene Naugaap wat weens die moord op die Wesleyaanse sendeling, William Threlfall, tereggestel is. Naugaap se skedel is in 1830 deur die Duitser Carl Friedrich Drége (wat saam met sy broer indertyd deur Namakwaland getoer het) bekom. “In an act of scientific headhunting, the skull was severed from the corpse to find its final resting place as a showpiece in a museum somewhere in Europe” (Dedering 1991:100).

Frank Westerman se boek *El negro en ek* is die tragiese verhaal van ‘n man wie se opgestopte liggaam as ‘n kuriositeit in ‘n Spaanse museum uitgestal is, tot so onlangs soos 1983. Westerman som sy emosies soos volg op: “So, op ‘n manier het sy graf ‘n oop wond gebly van ‘n koloniale,

Europese verlede wat ek baie ernstig opgeneem het. Sy lewe as ‘n uitstalling in ‘n museum, vir meer as ‘n eeu, hou ‘n spieël op vir ons, en ek wil nie wegkyk nie” (Brits 2019:8).

Een van die eerste besoekers aan Suid-Afrika nadat die Kaap in 1803 weer onder Hollandse bewind gekom het, was die wetenskaplike, dr Heinrich Lichtenstein, wat saam met die nuwe goewerneur aan die Kaap voet aan wal gesit het. Lichtenstein was deel van ‘n gilde wat hulle beywer het vir die insameling van menslike skelette vir Europese museums. Die oudste rekord in Suid-Afrika van ‘n menslike kopbeen wat op hierdie wyse bekom is, is die skedel van ‘n Khoekhoen-vrou wat Lichtenstein tydens ‘n amptelike besoek aan die Karoo in Augustus 1805 verwyder het. Hierdie daad van Lichtenstein word vandag erken as die eerste forensiese ondersoek wat in Suid-Afrika uitgevoer is (Morris 2008:221,222).

Omdat die uitstal van Koos Sas se skedel ‘n groot invloed op sy nalatenskap gehad het en dus die kern van hierdie studie vorm, vorm die konteks van wêreldwye gebruike rondom die historiese uitstalling van menslike oorskot ‘n baie belangrike agtergrond.

## 1.3 METODOLOGIE

### 1.3.1 Inleiding

“Social sciences research is a collaborative human activity in which social reality is studied objectively with the aim of gaining a valid understanding of it” (Mouton & Marais 1990:7). Hierdie uitspraak van Mouton en Marais is ‘n belangrike uitgangspunt vir die studie.

Die metodologie van ‘n studie bepaal hoe wetenskaplike navorsing beplan, gestruktureer en uitgevoer word. Streng gesproke beteken dit niks anders nie as “die logika onderliggend aan die implementering van wetenskaplike metodes in die bestudering van die werklikheid” (Mouton & Marais 1990:16). Van Eeden haal vir Marwick aan wat na geskiedskrywers verwys het as: “… fallible human beings. These imperfect beings have their way in research and in writing, in method and principle, in order to make choices in the language they use.” Hierdie sogenaamde “fallible human beings” worstel ook verder, terwyl hulle werk, met hul eie verlede en hul beskouing van die hedendaagse wêreld (Van Eeden 2016:38). Om mense vanuit die verlede op papier te laat herleef, is slegs moontlik deur die historikus se voorstelling en beskrywing. Alhoewel dieselfde verhaal, word dit voortdurend vanuit ‘n nuwe situasie opnuut oorvertel deur ‘n nuwe geslag “omdat hulle gesamentlik gemeenskaplike historiese ervaringe binne ‘n gemeenskaplike kennis- en waardehorison met mekaar deel” (Van Jaarsveld 1991:6).

Die vraag wat in hierdie studie ter sprake is, sluit nou hierby aan, aangesien die verhaal van Koos Sas (sy misdadige leefwyse, die wreedaardige moord op Botha sowel as sy skedel wat vir bykans twee dekades op uitstalling in ‘n museum vertoon is) al vir amper ‘n eeu vertel en oorvertel word,

en, alhoewel die historiese feite onveranderd bly, is daar tog sekere aspekte van die narratief wat steeds relevant is en nadere ondersoek noodsaak. Croce sê dat "elke ware geskiedenis 'n geskiedenis van die hede is" (aangehaal deur Van Jaarsveld 1976:5). Met ander woorde, alhoewel die verlede wel 'n vergange werklikheid in eie reg is, bestaan "ware" geskiedskrywing slegs in wat óns daarvan maak. Die verlede is dus teenwoordig in ons bewussyn, op grond van ons bestaan in die tyd. "Die *hede* bepaal wat van die verlede vir ons van belang is" (Van Jaarsveld 1976:5).

### 1.3.2 Teoretiese benadering

Die kultuurhistorikus (soos die geval is met die romanskrywer) spekuleer voortdurend, veral ten opsigte van die oorsake vir en die gevolge van die optrede van gewone mense in die verlede (soos die geval is met Sas). Daardeur word 'n sinvolle en samehangende beeld van die verlede so getrou as moontlik weergegee, en, alhoewel die navorser se verbeelding aangewend word ter aanvulling van die werklikheid, word die ondersoek steeds aan metodologiese reëls onderwerp. Ferreira noem hierdie verbeeldingskrag of voorstellingsvermoë (ook *skeppende verbeelding*) een van die belangrikste eienskappe waaroor 'n kultuurhistorikus moet beskik. Met 'n onderwerp soos 'n veroordeelde moordenaar wie se skedel vir 'n baie lang tydperk op uitstalling in 'n museum geplaas is, is dit waarskynlik nie moontlik dat 'n navorser "sensitief" te werk sal kan gaan sonder 'n "historiese verbeelding" nie. "Vir die fynere nuanses wat in 'n bron mag voorkom, sal hy hom nie in die verlede kan inleef nie en sal die bronne vir hom dooie stukke papier bly" (Ferreira 1984:33,34).

In 'n geval soos dié van Koos Sas, 'n omstrede karakter wie se verhaal oor geslagte heen oorvertel is, sou belewenisvertellinge, mites en foutiewe weergawes van die feitlike narratief uit die aard van die omstandighede ontstaan, en is dit daarom belangrik vir die navorser om so getrou as moontlik te bly by die reëls van die metode van studie wat aangewend word.

'n Aantal teoretiese modelle word in die studie aangewend om die verhaal van Koos Sas op wetenskaplike wyse te ondersoek. Alhoewel die studie 'n kultuurhistoriese benadering volg, is daar ter wille van 'n meer holistiese uitkoms ook geskiedenisteorieë in ag geneem. Omrede die verlede eenmalig en uniek is, is dit die taak van die historikus om die verhaal van die verlede so getrou moontlik weer te gee (Dreyer 1974:98). Dit sluit nou aan by wat die groot Nederlandse historikus Johan Huizinga reeds in 1937 in sy *Wetenschap der Geschiedenis* verklaar het, naamlik dat van al die wetenskappe die geskiedenis die naaste aan die lewe staan, en dat dit die taak van die geskiedkundige is om die verlede weer te laat lewe. Hy definieer verder die geskiedenis as "'n vorm waarin 'n kultuur hom rekenskap van sy verlede gee" (aangehaal deur Van Jaarsveld 1976:5). Alhoewel omstandighede die adel en burgerlikes vroeër aan verskillende keuses onderwerp het, lê die mees aanvaarbare modelle van geskiedskrywing vandag juis die

klem op die vryheid van keuse van gewone mense (Burke 1991:8). ‘n Toepassing van bogenoemde benaderings tot die geskiedenis is van uiterste belang as die implikasies van hoe die nalatenskap van Sas onthou sal word, blootgelê moet word.

#### 1.3.2.1 Kwalitatiewe versus kwantitatiewe navorsing

Kwalitatiewe navorsing word soos volg deur Creswell beskryf: “Qualitative research begins with assumptions and the use of interpretive/theoretical frameworks that inform the study of research problems addressing the meaning individuals or groups ascribe to a social or human problem. To study this problem, researchers use an emerging qualitative approach to inquiry, the collection of data in a natural setting sensitive to the people and places under study, and data analysis that is both inductive and deductive and establishes patterns or themes. The final written report or presentation includes the voices of participants, the reflexivity of the researcher, a complex description and interpretation of the problem, and its contribution to the literature or a call for change” (2013:44).

‘n Kwantitatiewe ondersoekmetode maak gebruik van metodes waarteen uiteenlopende konsepte geanaliseer en gemeet kan word (Bless & Smith 2005:43). So ook was navorsers in die verlede soms aangewese op bronne soos sensusrekords, belastingregisters en ander vorme van openbare rekords – kwantitatiewe bronne wat selde ‘n blik werp op hoe “gewone mense” se lewens beïnvloed is (Lang 2018:109). Kwalitatiewe navorsing behels ‘n meer holistiese benadering tot komplekse situasies en omgewings, en sodanige navorsingsresultate kan slegs bereik word deur die interpretasie van materiaal wat deur die navorser ingewin is (Groat & Wang 2013:222).

Floud beweer dat kwantitatiewe bewyse kwalitatiewe bewyse aanvul, en andersom – dat die twee metodes mekaar komplementeer en dat nie één van die twee daarop aanspraak kan maak om verteenwoordigend te wees van geskiedkundige ondersoeke in die geheel nie (1973:3). Sorgvuldige analisering het egter gelei tot die slotsom dat ‘n kwantitatiewe benadering tot hierdie studie nie begrip oor die invloede op die nalatenskap sou bevorder nie. Aangesien dit van belang is om ‘n beter begrip te vorm van hoe mense sin probeer maak het van hul omgewing (en hulself) in die tyd en ruimte waarin hulle geleef het, steun die studie swaar op kwalitatiewe navorsingsmodelle.

Volgens Claire Bless steun kwantitatiewe navorsing swaar op opmetings en die gebruik van verskillende maatstawe: “Numbers form a coding system by which different cases and different variables may be compared” (2005:38). Daar is egter sekere tipe inligting wat nie behoorlik ontleed kan word deur van hierdie navorsingsmetode gebruik te maak nie. In baie gevalle waar die menslike ervaring deel van die ondersoek is, speel taalgebruik in sulke gevalle ‘n meer

sensitiewe en betekenisvolle rol: “In these cases, words and sentences are used to qualify and record information about the world. The research is qualitative in nature” (Bless 2005:38).

Kwalitatiewe navorsing het spesifiek betrekking op die studie van sosiale verhoudings, wat Flick noem “the pluralization of life worlds”, wat tot ‘n nuwe, meer sensitiewe vorm in die empiriese studie van onderwerpe gelei het. Die tyd van groot narratiewe en teorieë is dus verby en vervang met meer plaaslike, temporele en meer beperkte narratiewe wat nou benodig word (2002:2). Denzil en Lincoln haal vir Flick aan wat van mening is dat die kwalitatiewe model “inherently a multimethod in focus” is. Alhoewel ‘n objektiewe uitkoms nie moontlik is nie, poog die aanwending van veelvuldige navorsingsmetodes nietemin om ‘n indiepte-uitkoms van die tema wat ondersoek word, te verseker (Denzil & Lincoln 2008:7).

Hierdie studie maak dus gebruik van ‘n kwalitatiewe navorsingsmetode omrede die onderwerp onder bespreking ten beste ondersoek en beskryf kan word teen die agtergrond van ‘n individu (Koos Sas) wie se nalatenskap ‘n invloed gehad het op die sosio-politieke landskap van Suid-Afrika. Daarteenoor sou ‘n kwantitatiewe ondersoek nie geskik wees vir ‘n studie soos hierdie nie, aangesien openbare vraelyste en daaropvolgende statistieke nie sou bydra tot die kern van die vrae wat hierdie studie ondersoek nie.

Kwalitatiewe navorsing behels nie slegs die optekening van ‘n alledaagse lewe nie, in hierdie geval dié van Koos Sas, maar word gedryf deur ‘n behoefte om historiese gebeure te verduidelik binne die konteks van hedendaagse of opkomende denkbeelde (Yin 2011:8). Daar is min informante wat eerstehandse inligting oor die tydperk van ondersoek kan verskaf, maar enkele onderhoude is wel gevoer. Opgetekende herinneringe van persone betrokke by die Sas-sage is gevind en bestudeer. ‘n Uiteensetting hiervan word verder bespreek onder “Bron-evaluering” later in die hoofstuk.

#### 1.3.2.2 Gevallestudie-navorsingsmetode

Volgens Yin moet die gevallestudie-navorsingsmetode, in teenstelling met ander navorsingsmetodes, oorweeg word indien die behoefte bestaan om ‘n komplekse sosiale fenomeen te verklaar. Hierdie metode van studie stel die navorser in staat om op ‘n in-diepte-ondersoek te fokus ten einde ‘n holistiese en “real-world”-perspektief te verseker – as voorbeelde noem hy individuele lewens en die gedrag van kleiner groepe in die samelewing (2018:5).

Hierdie metode van navorsing behels ‘n omvattende benadering wat uitvoerige dataversamelingstegnieke en analises insluit (Aczel 2016:18). In die ondersoek na Koos Sas is daar vele “hoes” en “waaroms” wat sorgvuldig ontleed en blootgelê word, aangesien dit genaelstring is met die titel van die studie, naamlik die invloede verantwoordelik vir hoe Koos Sas vandag onthou word. Die essensie van die gevallestudie-navorsingsmetode is die gefokusde

bestudering van ‘n historiese verskynsel vasgevang in sy eie werklike konteks, met ander woorde - die onderwerp van die ondersoek en die konteks waarin dit voorkom, is onafskeidbaar (Groat & Wang 2013:421).

Die gevallestudie-navorsingsmetode sluit dus aan by die kwalitatiewe benadering waarin die navorser ‘n werklike, kontemporêre gebeurtenis ondersoek deur die insameling van data wat waarnemings, onderhoude, oudiovisuele materiaal, dokumente en verslae insluit. Daar word ook as deel van die studie verwys na soortgelyke gevalle as dié van Sas (berugte skaapdiewe en moordenaars plus die uitstal van menslike oorskot in museums) sodat daar ‘n mate van vergelyking gedoen kan word. Hierdie benadering sluit natuurlik aan by Dreyer se stelling dat die historikus hom met die “werklikheid” besig hou – bedoelende met mense wat werklikwaar leef of geleef het, en sodoende dus gerig is op werklike leefwêrelde, waarvan werklike mense deel was (1974:35).

#### 1.3.2.3 Geskiedenismodelle

Van Jaarsveld maak die stelling dat, as die menslike herinnering waarin die geskiedenis lewe, meteens uitgewis sou kon word, chaos sou intree. “Geskiedenis is gekristalliseerde, geordende werklikheid en gegewenhede van die verlede – ook gister is verlede – waarsonder die mens nie kan bestaan nie, want vir hom *is* dit georganiseerde ‘herinnering’ wat nodig is om in ‘n ordelike en geordende staat en samelewing te woon. Ons sou geskiedenis ook ‘herinnerde verlede’ kan noem. ‘n Samelewing sonder geskiedenis sal soos ‘n mens sonder geheue wees” (Van Jaarsveld 1976:1).

Met Koos Sas as onderwerp, waar die menslike element onder die vergrootglas geplaas word, is die uitspraak van Marc Bloch in sy klassieke *The Historian’s Craft* van toepassing: “The good historian is like the giant of the fairy tale. He knows that wherever he catches the scent of human flesh, there his quarry lies” (1963:26). Gombrich verwys na geskiedskrywers soos Burckhardt en Huizinga, en verklaar dat hul werk nie wetenskaplik van aard was nie, maar gebaseer was op intuïsie. Hy stel dit dat die indruk wat hy van ‘n persoon het slegs deur intuïsie beskryf kan word, en nie deur middel van analitiese beskrywingsmetodes nie. In situasies waar die mens ter sprake is, moet die navorser gebruik maak van wat hy het, naamlik individuele ontvanklikheid. “You get the feel of a period by reading a lot. You don't know everything that happened in the past, but you develop a sensitivity for what might not have happened, for what is impossible within that period …. you have certain reasons for your confidence” (Gombrich 1973:883).

Verder vergelyk Gombrich die vakdissipline geskiedenis met dié van Switserse kaas – vol gate – aangesien daar ‘n geweldige hoeveelheid leemtes in ons kennis van die verlede bestaan en dit nooit op bevredigende wyse beantwoord kan word nie (1973:883). Aansluitend hierby verwys

Grobbelaar met betrekking tot objektiwiteit dat die spieël van die verlede altyd dof sal wees en die beeld raaiselagtig, en dat ons moet aanvaar dat ons nooit alles sal weet nie (1990:62).

Die fokuspunt van hierdie ondersoek bly egter die mens, en nie byvoorbeeld bloot 'n historiese voorwerp of artefak nie. Om hierdie rede word al die bogenoemde in ag geneem en in die studie uitgelig.

Volgens Van Jaarsveld moet die mens, as hy homself wil verstaan, homself benader vanuit die totaliteit van die verskynsels wat deur sy gees voortgebring is, soos trouens deur die Franse Annales-groep historici probeer doen is (1976:3). Heel gepas met betrekking tot hierdie studie, verwys Laqueur ook na die Annales skool in sy *The Work of the Dead* (2015). Hy stel dit dat die mensdom nog altyd vir die dooies omgegee het, op 'n skaal wat deur die Franse Annales skool as "longue durée" beskryf is – verwysend na die tydsduur wat soms in berekening gebring moet word met die ondersoeke na sekere historiese gebeure (Laqueur 2015:5). Hierdie groep gaan sover as om te beweer dat wat historici vóórheen gedoen het, blote oppervlakskildering was. Indien 'n mens die verlede opreg en in totaliteit wil verstaan, is dit belangrik dat al die faktore wat 'n saak beïnvloed het, in dieper lae nagespeur en gelyktydig aangetoon word (Van Jaarsveld 1976:6). Vroeëre generasies was aanvanklik betower deur hierdie nuwe benadering tot die verlede wat onder meer klem gelê het op die samewerking tussen die onderskeie sosiale wetenskappe ('n begrip waarna Burguière verwys as "grand alliance"), wat meer probleemgedrewe is as bloot gefokus op die geskiedenis van gebeure en op die lewens van bekendes (Burguière 2009: ix). Dit het tot gevolg gehad dat die historikus William Sewell en andere sedert die laat 1970's hul fokus van ondersoek in die ekonomie en kwantitatiewe sosiologie na antropologie en die geesteswetenskappe verskuif het. Daar is tot die besef gekom dat "through rituals, conventions, language and everyday conduct, ordinary people not only made sense of their experiences – they created their world" (Lang 2018:110). Sedert ongeveer 2000 is egter groot veranderinge in geskiedskrywing teweeg gebring en is daar wegbeweeg van die tradisionele politiekgedrewe geskiedenis na 'n interdissiplinêre "wetenskap van die mens" (Iggers 2014:118).

Die studie van geskiedenis lei nie net tot 'n beter begrip van die verlede wat as fondasie vir die toekoms kan dien nie, maar ook tot 'n beter begrip van die self en ander, wat in 'n veelvolkige samelewing soos dié van Suid-Afrika uiters belangrik vir 'n vreedsame en regverdige naasbestaan is (Van Jaarsveld 1976:11). Om hierby aan te sluit, gaan Laqueur meer onlangs sover as om te verklaar dat die lewende die dooie benodig, aangesien laasgenoemde verantwoordelik was vir die skep van eertydse sosiale wêrelde (2015:1). "Die hede bepaal wat van die verlede vir ons van belang is" (Van Jaarsveld 1976:5). Leopold Scholtz is van mening dat die sin van herinnering nie is om die teenswoordige en toekomstige geslagte te belas met 'n skuld

wat nie van hulle is nie; wat belangrik is, is om te verstaan hoe die verlede in die hede voortwerk (2021:12).

Met 'n studie soos hierdie, wat handel oor 'n veroordeelde moordenaar wie se skedel op uitstalling in 'n museum geplaas is, is dit van verdere belang dat die navorser daarop moet let dat die onderwerp met versigtigheid en sensitiwiteit benader moet word; met ander woorde, daar word as't ware van die kultuurhistorikus verwag om "simpatie" met sy onderwerp te hê (Ferreira 1988:100). Tosh sluit soos volg by hierdie stelling aan: "The ability to empathize with people in the past presupposes a certain self-awareness …" (2006:165). Waar die onderwerp van die studie 'n omstrede historiese persoon is, is dit die kultuurhistorikus wat in 'n posisie is om 'n gemeenskap van empatie en verdraagsaamheid bewus te maak. Volgens Ferreira is dit nogtans belangrik om teen die ooraanwending daarvan te waak, aangesien dit moontlik tot 'n subjektiewe uitslag kan lei, wat ten alle koste vermy moet word. Daar moet deurgaans in gedagte gehou word dat die kennis van die verlede in die eerste plek in die bronne gesetel is, en nie in die gedagtes van die kultuurhistorikus nie (Ferreira 1984:33,34).

Ten einde die faktore wat 'n invloed op die nalatenskap van die omstrede historiese figuur Koos Sas gehad het en steeds het, te identifiseer, is dit belangrik om die veranderinge wat in die Suid-Afrikaanse kulturele en sosio-politieke landskap die afgelope eeu plaasgevind het, te identifiseer en te ontleed. Binne die konteks van hierdie ondersoek kan dit slegs 'n oorsigtelike analise wees, aangesien dit 'n omvattende onderwerp is en nie die hooffokus van die studie nie. Die uitsprake en definisies van geskiedenis as vakdissipline soos gemaak deur bogenoemde historici, skep dus die raamwerk waarbinne die invloede op Sas se nalatenskap ondersoek en verklaar word.


#### 1.3.2.4 Kultuurhistoriese modelle

Die Nederlandse kultuurhistorikus Johan Huizinga, ook genoem die "vader van die kultuurgeskiedenis", se klassieke benadering tot kultuurgeskiedskrywing was dat "elke geslag, elke kultuurgemeenskap of volk sy eie vrae aan die verlede stel en sy eie antwoorde daarop verstrek" (Van Jaarsveld 1974:129). Hierdie stelling is vandag nog net so relevant, indien nie meer so nie. Vrae na die invloede op die nalatenskap van Sas is van belang en word ontleed binne die konteks van 'n multikulturele land met 'n verdeelde verlede. Die antwoorde op hierdie vrae is insiggewend, omdat dit tot gevolg het dat kwessies aangeraak word wat in die verlede onaangeraak gelaat of oorgesien is.

Geen kultuur kan in sy totaliteit beskryf en opgeteken word nie, maar tog kan geen element daarvan in isolasie verstaan word nie. Die nodigheid (dringendheid) van kultuurhistoriese navorsing is dus vandag nog groter as ooit tevore, omdat "our own past is moving away from us at frightening speed" (Gombrich 1973:881). Alhoewel hierdie stelling reeds in 1973 deur Peter

Burke gedurende ‘n onderhoud met Gombrich gemaak is, kan geargumenteer word dat dit vandag steeds méér so die geval blyk te wees.

Kultuurhistoriese werke word gerieflikheidshalwe in drie kategorieë, naamlik beskrywende (tematies), verhalende en ontledende kultuurgeskiedskrywing ingedeel. Dis egter nie moontlik om duidelike skeidslyne te trek nie, aangesien twee of meer van hierdie kategorieë dikwels in dieselfde stuk kultuurgeskiedenis voorkom. Dit is ook belangrik dat nie een van hierdie kategorieë van kultuurgeskiedskrywing deur kultuurhistorici verwaarloos mag word nie (Ferreira 1988:98). Benewens die tema van hierdie studie, wat ‘n tematiese benadering veronderstel, word die verhaal van Koos Sas en die invloede op sy nalatenskap in wyer verband geplaas en ontleed. Dit kan slegs met sukses gedoen word deur gebruik te maak van aspekte van die verhalende kultuur. Daar sal ook ‘n dieper beeld van die mens Koos Sas voorgehou word deur die kronologie van sekere gebeure te bestudeer; dus word van sekere aspekte van verhalende kultuurgeskiedskrywing gebruik gemaak. Aangesien die doel van hierdie studie is om deur middel van oorsake en gevolge die nalatenskap van Koos Sas in wyer verband te plaas en te ontleed, word verder swaar gesteun op ontledende (analitiese) kultuurgeskiedskrywing. Al drie hierdie kultuurhistoriese benaderings sal dus ingespan word om ‘n volledige kultuurhistoriese analise van die invloede op die nalatenskap van Koos Sas te verseker.




***Figuur 1.1**: Skematiese voorstelling van die Burden-model vir kultuurgeskiedenis (2000:21)*

Die Burden-model is as breë teoretiese benadering in die ondersoek toegepas. Die aanwending van hierdie model, waaruit die metodologie van die vakgebied vloei, verteenwoordig

kultuurinvalshoeke wat 'n raamwerk vir die bestudering van kultuurelemente binne die vakgebied kultuurgeskiedenis uiteensit. Die model bied 'n teoretiese raamwerk wat grafies deur middel van drie asse wat mekaar reghoekig kruis, voorgestel word. Elke as verteenwoordig 'n bepaalde dimensie van kultuurgeskiedenis: die AB-as dui die kultuurproduk aan, die CD-as die vlak waarop dit geskep is (byvoorbeeld 'n volksproduk of patrisiërproduk), en die EF-as verteenwoordig die tydsdimensie (2000:19). Deur hierdie model toe te pas, word Koos Sas dus in die konteks van sy kultuuromgewing en sy tyd geplaas. Op die AB-as word die verband tussen Sas se skedel en die nie-tasbare kultuurprodukte, soos die mites en ander stories wat rondom hom ontstaan het, met mekaar in verband gebring. Die EF-as speel ook 'n baie belangrike rol deurdat die hede (mites en persepsies) en die verlede (die historiese gebeure) telkens met mekaar in verband gebring word. Ten einde hierdie studie dus in 'n breër verband te plaas, is dit belangrik om in ag te neem dat die moord op Botha, die doodskiet van Sas en die opgrawe van sy liggaam afgespeel het teen die agtergrond van die gevolge van die Anglo-Boereoorlog (1899-1902), die ontstaan van die Unie-regering in Suid-Afrika (vanaf 1910) en die Eerste Wêreldoorlog (insluitend die 1914-rebellie en Groot Griep van 1918/1919). Plaaslike, nasionale, asook globale invloede wat 'n rol gespeel het in hoe die nalatenskap van Koos Sas bykans 'n eeu na sy dood verstaan en vertolk word, is verder van belang in hierdie studie.

Die metodologie van kultuurgeskiedenis behels dus die volgende: die inhoud of werklikheid wat bestudeer word; die benadering, dit wil sê die invalshoek waaruit die inhoud bestudeer word; die doelwitte (die redes waarom die werklikheid bestudeer word en wat met die studie bereik wil word); en dan die navorsingsmetodiek, wat 'n relevante literatuurstudie, sowel as die aanwending van verskeie ander bronne is wat vanuit 'n kritiese hoek benader word (Burden 2000:29). Vervolgens word binne die konteks van die onderwerp van hierdie studie na bogenoemde elemente verwys. Die inhoud wat bestudeer word, is die historiese verloop van Sas se lewe, wat sy misdadige bestaan, die moord op Botha en die uitstal daarna van sy skedel in die Montagu Museum behels. Die ondersoek sluit verder in die faktore wat bygedra het tot die beïnvloeding van sy nalatenskap. Die invalshoek waaruit die onderwerp bestudeer word, is dus kultuurhistories, wat tot gevolg het dat beide die stoflike (tasbare) en die geestelike (nie-tasbare) kultuur bestudeer word.

Burden beskryf vervolgens kultuurgeskiedenis as "een van die geesteswetenskaplike dissiplines wat hom die beste leen tot interdissiplinariteit, maar het sy bepaalde benadering tot kultuur wat verskil van die baie ander dissiplines wat hulle met dié konsep bemoei" (2000:19). In hierdie studie is interdissiplinariteit van groot belang, só ook die uitdaging om dit wat bestudeer word, in breër verband te plaas – of dit nou kleiner of groter in omvang is. Ander dissiplines wat betrek is, is dié van geskiedenis (om die nodige agtergrond van die tydperk waarin Sas geleef het, te verskaf), argeologie en antropologie (omdat argeologiese opgrawings en vondste van menslike

oorblyfsels in die algemeen ‘n kardinale rol speel in die analisering en evaluering van die hantering van Sas se oorskot) en museumkunde (omdat die museumkundige funksies en beginsels van versameling en uitstalling toegepas word op die gevallestudie van Koos Sas). Ferreira het in 1988 reeds in ‘n artikel die belang van kontekstualisering uitgewys: “Die omvang van die onderwerp is van minder belang, maar die mate waarin die kultuurhistorikus daarin slaag om dit in breër verband te plaas, bepaal die belangrikheid daarvan” (1988:97).

Dit is verder van uiterste belang om die verband tussen die nie-tasbare en die tasbare (materiële) kultuur te beklemtoon (Burden 2000:20). ‘n Studie oor Koos Sas sluit ten nouste by voorgenoemde aan, aangesien nie net die stoflike (tasbare) element hier van belang is nie, maar ook so die nie-stoflike, naamlik die invloede op die onderwerp (Sas) se nalatenskap. Daar sal verder ag geslaan word op Ferreira se vermaning dat een van die kultuurhistorikus se pligte is om, indien moontlik, mites en valse voorstellings te ontmasker en te verwerp (1988:100). Hierdie ondersoek na die invloede op Koos Sas se nalatenskap sal deur middel van ‘n deeglike studie en ontleding van die beskikbare bronne, duidelik toon dat met die verloop van tyd, en met die vertel en her(oor)vertel van die gebeure rondom die verhaal van Sas, dit onvermydelik was dat sekere aspekte van sy lewe mettertyd “’n stertjie of twee” bygekry het, en dat dit uit die aard van die saak sou bydra tot hoe sy nalatenskap vandag daar uitsien.

### 1.3.3 Metodiek

Die voor die hand liggende metode van navorsing was die bestudering van primêre dokumente in besit van die Montagu Museum. Veral nuusberigte oor gebeure tydens die skietdood van Koos Sas en berigte wat met die plasing van sy skedel op uitstalling verskyn het, was van groot nut. ‘n Hele aantal inligtingstukke wat hoofsaaklik saamgestel is uit mondelinge oorlewering in verband met die dood van Sas, wat in die Montagu Museumargief geberg word, is deeglik nagevors. Ter aanvang van hierdie studie is die omliggende gebiede rondom Montagu waar Koos Sas bedrywig was, soos die plaas Hoek-van-die-berg, waar Botha vermoor is, besoek.

Navorsing is gedoen by die NG Kerkargief op Stellenbosch, waar inligting ingewin is oor ds DS Botha. Die Kaapse Argiefbewaarplek het inligting opgelewer oor Koos Sas se kriminele rekords. Ook is besoek afgelê op Springbok, waar waardevolle inligting by die NG Kerkkantoor verkry is. Die plaas, Droëdap, waar Sas in 1922 doodgeskiet is, is in Maart 2021 besoek. Ook hier is onderhoude gevoer met belanghebbendes wat waardevolle inligting oor Sas kon verskaf. Foto’s en aantekeninge is deurlopend geneem en inligting noukeurig aangeteken gedurende hierdie veldwerkekskursies.

Verdere onderhoude en gesprekke is met die eienaars van plase, familielede van persone betrokke, asook ander gesaghebbende persone soos historici wat by vroeëre ondersoeke

betrokke was, gevoer. Talle staaltjies en oorlewerings is digitaal (deur middel van foto's en klankopnames) opgeneem. Waar gapings in die bronne bestaan het, of waar sekere aspekte van die studie opklaring genoodsaak het, is kundige persone, wat onder meer tydskrifartikels geskryf het, genader.

Deur middel van 'n literatuurstudie is 'n intensiewe agtergrondstudie oor die omgewing, tydsgees, ekonomiese en sosiale toestande gedoen, aangesien dit belangrik is om Sas binne hierdie konteks te plaas, ten einde die gebeure rondom sy dood en die verloop veral daarná te begryp en sin daarvan te maak.

Aspekte van die invloede wat in die nalatenskap van Koos Sas 'n rol gespeel het, kan net volledig behandel word as dit binne die studievelde van beide geskiedenis en kultuurgeskiedenis benader word. Vir hierdie doel is definisies, asook uiteensettings oor die aard en wese van dié vakgebiede van belang, aangesien dit 'n raamwerk vir die kontekstualisering van die onderwerp onder bespreking bied.

## 1.4 BRONNESTUDIE

Hoewel sekondêre bronne noodsaaklik was vir hierdie ondersoek, nie alleen om 'n sosiale, landelike en historiese agtergrond vir die lewe van Koos Sas te verskaf nie, maar ook om sy nalatenskap soos vasgevang in die literêre en skone kunste te interpreteer, berus die kern van die studie hoofsaaklik op argivale bronne. Daarom verdien die bespreking en evaluering van primêre bronne die meeste aandag.

### 1.4.1 Primêre bronne

Die Montagu Museum se argief was die hoofbron vir die studie, aangesien die museum oor 'n substansiële versameling koerantberigte beskik wat oor die afgelope paar dekades noukeurig bygehou is. Sommige koerante is in die oorspronklike formaat geberg, terwyl ander se artikels uitgeknip en in verskeie plakboeke geplak is.

'n Tekortkoming wat die plakboeke in die museum se argief betref, is dat in sommige gevalle slegs die artikels uitgeknip is, met geen datum of bladsynommer daarby nie. Van die jonger artikels se ontbrekende datum- en bladsynommers kon gevind word, maar by ouer artkels was dit nie moontlik nie. Om as navorsingsbron gebruik te word, is dit verkieslik dat die datum en bladsynommer by die berig verskyn.

Beide Badenhorst (1987:146) en Tosh (2006:66) verwys na die belangrikheid van koerantberigte as primêre bronne. Alhoewel hierdie studie swaar steun op koerantberigte as bron, moet in gedagte gehou word dat dagblaaie nie deur alle navorsers as primêre bron beskou en aanvaar

word nie. Waar verskille in bronne voorkom, is dit so in die studie voorgehou en uitgewys. Van die dagblaaie en tydskrifte wat gebruik is, sluit in *Die Landstem*, *Die Burger*, *Sunday Times, Worcester Standard*, *Die Overberg, Montagu Mail* en *Landbouweekblad.*

Insiggewende berigte wat meer lig plaas op die verhaal van Koos Sas het (ingesluit) artikels, geskryf deur die eerste kurator van die Montagu Museum, Blackie Badenhorst, wat onder meer in *Die Overberg* (19/12/1975), *Die Taalgenoot* (07/1978) en die *Worcester Standard* (14/10/1983) verskyn het. Die eerste voorsitter van die Montagu Museum se trusteeraad, Esther Hofmeyr, se artikels, naamlik "So het die lang arm Koos oplaas ingehaal" (*Die Burger*, 13/03/1969) en haar artikel wat in die *Die Overberg* (02/05/1975) verskyn het oor die opening van die Montagu Museum in 1975, was ook van groot waarde. Laasgenoemde artikel was belangrik vir die studie omdat dit die agtergrond verskaf het vir die ontstaan en tema van die nuwe museum in die tyd dat Sas se skedel aan die museum geskenk is. Verder het koerantartikels soos Luttig se "Kyk vir oulaas na my, ek groet jou, ha-ha-ha" (*Die Landstem* Naweek, 23/09/1950) belangrike inligting bevat wat nodig was ten einde Koos Sas met ander misdadigers te vergelyk en sodoende binne konteks te plaas. In hoofstuk 4 word op hierdie vergelykings gefokus.

Die artikels wat in 1922 in die *Worcester Standard* verskyn het, naamlik "Koos Saas (sic) geskiet" (10/02/1922) en "Hoe Koos Sas doodgeskiet is" (24/02/1922), was belangrik in dié opsig dat die inligting wat daarin vervat is, vergelyk kon word met ander bronne, soos dié van ooggetuies en inligting vervat in verskeie oorvertellings. In die studie word deurlopend na sulke gevalle gewys. Verskille in die feite word deurgaans in die studie uitgewys.

'n Meer resente koerantartikel wat van groot waarde vir die studie was as gevolg van die objektiewe en gebalanseerde wyse waarop die skrywer kommentaar lewer oor Kramer se verhoogproduksie oor Sas, is die artikel deur Martiens van Bart, "Mens vs Ikoon" (*Die Burger*, Erfenis, 26/02/2008). Hierdie artikel het openbare debat gestimuleer, wat die navorser in staat gestel het om die invloed hiervan op die nalatenskap van Sas te bepaal.

Daar is ander bronne in die Montagu Museum se argief gevind waar die datums ook ontbreek. Dit is meestal korrespondensie tussen die destydse personeel van die museum en lede van die publiek. Voorbeelde hiervan is die brief van Badenhorst aan Boezak, die handgeskrewe brief van Van Zyl en een van die briewe wat Gutsche aan Dixie geskryf het. Ook is daar twee getikte manuskripte, beide getiteld "Die verhaal van Koos Sas" deur die voormalige personeellid van die Montagu Museum, Anette Cilliers, en die historikus dr Heinie Heydenrych, wat ook ongedateer is.

Topografiese kaarte van die Montagu-distrik in die museumargief wat die vroegste deel van die twintigste eeu weerspieël, is bestudeer om vas te stel in watter mate sekere plaasname en areas,

soos Hoek-van-die-Berg, Bylhoek en Slagkloof, steeds vandag met die dade van Sas geassosieer word. Verder is die notules van die vergaderings wat die bestuur van die Montagu Museum sedert sy ontstaan in 1975 gehou het, nageslaan om inligting en sekerheid te kry oor die skenking van die skedel van Sas aan die museum. Die uitstaletiket (MM/KS1975/03) wat sedert 1975 saam met die skedel van Sas in 'n glaskas in die Montagu Museum vertoon is, is ook ondersoek. Die sogenaamde "Koos Sas ACVV-poskaarte" (MM/KS 1979/01 & MM/KS 1979/02) het ook 'n belangrike deel van die studie uitgemaak.

Ferreira noem dat 'n museumuitstalling ook as 'n vorm van primêre bron kan dien (1988: 101). Die skedel van Koos Sas het deel uitgemaak van verskeie uitstallings in die Montagu Museum vanaf 1975 tot 1992. Hierdie uitstallings is ondersoek, asook die items wat saam met die skedel uitgestal is, soos die geweer waarmee Sas doodgeskiet is, asook ander items wat by tye saam in die kaste vertoon is.

Badenhorst verwys verder na die belangrikheid van museumgidse as bron vir geskiedkundige ondersoek (1987:148). Wat die Montagu Museum betref, verskaf *Museums of the Cape, a guide to the province-aided museums of the Cape* 'n interessante perspektief op hoe die uitstalling van Sas se skedel in 1982 geïnterpreteer is (Du Preez 1982:102). Aansluitend hierby, herinner Nielsen ons daaraan dat storievertelling in museums (in hierdie geval deur middel van die uitstalling van Sas se skedel) die vermoë het om klem te lê op betekenis, begrip en emosie (2017:7).

Verdere bronne vanuit die Montagu Museumargief sluit 'n versameling briewe en foto's in. Pretorius noem dat dit belangrik is om te onthou dat tydgenootlike pikturale bronne, net soos tydgenootlike geskrewe bronne, as primêre bronne erken word. Persoonlike briewe is van groot belang in kultuurhistoriese navorsing (Pretorius 1990:3,5).

In hierdie opsig was die Morris-briefversameling 'n uiters belangrike bron van inligting vir die ondersoek. Prof Alan G Morris het goedgunstig die navorsing wat hy oor jare oor Koos Sas gedoen het, aan die kandidaat beskikbaar gestel, wat dit weer op sy beurt aan die museumargief geskenk het. Die briefwisseling tussen Morris en De Villiers (1995), GS Möller (1995), Steenkamp (1995) en Branca (1995) maak 'n belangrike deel van die museum se argiefversameling uit. Wat duidelik na vore kom in van hierdie briewe wat deur WP Steenkamp II (Willempie wat die foto's van Sas kort ná sy dood geneem het) se kinders (Steenkamp en Branca) aan Morris geskryf is, is die wyse waarop hulle hul vader probeer verontskuldig (vir die neem van die foto's) deur te beweer dat hy slegs twaalf jaar oud was die dag waarop hy die foto's geneem het (MMA Morris briefversameling: WP Steenkamp & S Branca 1978). Die studie bewys egter dat hulle vader op 8 Februarie 1922 reeds agtien jaar oud was (internet: Steenkamp 2022).

Dieselfde geld vir die inligting wat deur die joernalis Marthinus van Bart aan die kandidaat beskikbaar gestel is. Hierdie versameling briewe en artikels word vandag in die Montagu Museum se argief geberg en staan bekend as die Van Bart-briefversameling. Die manuskrip wat in 2008 deur Jurie Dreyer (wat Sas doodgeskiet het) se seun geskryf is, vorm deel van hierdie versameling en bevat interessante inligting wat met die Steenkamp-nageslag se inligting (soos hierbo verwys) vergelyk kan word. Volgens Dreyer jr is dit die ware gebeure, soos dit aan hom deur sy oorlede vader vertel is. [Die volgende gedeelte word direk aangehaal, en die taalkundige foute wat voorkom verskyn so in die manuskrip]. Dreyer eindig die manuskrip met die volgende paragraaf: "Hierdie storie dra ek op aan die nagedagtenis van 'n wonderlike vader, Jurgens Johannes Dreyer. Mag die ware gebeure, mense eerder inspirer om nooit misdade te pleeg nie, kom ons almal besef dat lewens kosbaar is. Dat nie een mens die reg het om 'n ander kwaadwilliglik te dood nie, dat alle dinge wat in die lewe gebeur met 'n mens, hy self verantwoordelik is vir dit wat oor jou kom. Laat ons bou aan 'n misdaadvrye Suid-Afrika, ons mekaar met respek sal behandel en nie mense kwaadwilliglik belaster nie" (MMA Van Bart-briefversameling: Dreyer 2008). Alhoewel dit nie duidelik is wat met die frase "kwaadwilliglik belaster" bedoel word nie, moet in ag geneem word dat die manuskrip geskryf is in die tyd dat Van Bart se artikel verskyn het, en dat die naam Koos Sas gedurende hierdie typerk gereeld in die media bespreek is. Die besonderhede wat in die manuskrip verskyn, herinner sterk aan die Steenkamp-briewe wat aan Morris gerig is. In hierdie geval word daar gepoog om die dade van Dreyer in 'n mate te probeer verontskuldig. In hoofstuk 2 word die wyse waarop Sas op Droëdap deur Dreyer doodgeskiet is in meer detail bespreek. Daar is heelwat verskille in die weergawes van die gebeure wat op dié dag plaasgevind het, en dit word so in dié hoofstuk uitgewys.

Amptelike bronne vanuit die Montagu Museum se argief wat van belang was vir die studie is onder meer dokumentasie vanaf die Departement Kultuursake en Sport oor die bestuur van menslike beendere in museumversamelings (2015), asook die Langeberg Munisipaliteit se verordening insake die beheer oor begraafplase (PK 6535) en die voorskrifte oor die begrafnis van Sas se skedel in Donkerkloof (2021).

Die Wes-Kaapse Argief- en Rekorddienste (WKAR) was 'n belangrike bron vir hierdie ondersoek. Daar is twee verwysings in die argief gevind, waarvan die eerste nie na Koos Sas verwys nie, maar wel na Jan Erasmus (KAB, CSC, Lêer 1/1/1/51). Die belangrikheid hiervan is egter dat dit een van die skuilname toon wat Sas gebruik het, naamlik dié van Jan Erasmus. Die datum wat hierop verskyn, is ook van belang, aangesien dit heelwat vroeër is as die datums wat op die lasbrief vir Sas se arrestasie kort na die moord op Botha in 1917 uitgereik is (MMA MM/KS 2016/003). Hierdie enkele verwysing laat die vermoede ontstaan dat Sas hom, deur gebruik te maak van een van sy vele skuilname, aan veel meer misdade skuldig gemaak het as wat op daardie stadium in sy misdaadrekord aangeteken is.

Die ander bron in die WKAR se besit was egter van baie waarde vir die studie. Nie net bevat die argieflêer die oorspronklike polisie-identikit van Sas nie, maar ook al die verklarings deur getuies in die voorlopige verhoor wat in Montagu plaasgevind het. Die lêer bevat ook 'n kaart (met foto van die plaasopstal en winkel) van die plaas Brakfontein waar die moord plaasgevind het. Waar alle ander bronne byvoorbeeld slegs van die plaas Hoek-van-die-berg melding maak, verwys hierdie lêer na "Brakfontein of Hoek-van-die-berg" (WKAR 1/MTU 1/1/1/2, vol 12). Verder bevat die lêer nog van die skuilname wat Sas gebruik het, asook die verslag van die nadoodse ondersoek wat op Botha uitgevoer is, wat meer lig werp op die wreedaardige aard van die moord. Die argiefmateriaal bevat ook bewyse dat Sas aan een van die konstabels sou erken het dat hy die moord gepleeg het. Die belangrikheid van hierdie bewys weerlê die bewerings dat hy nooit in 'n hof skuldig bevind is nie, en dat daar om hierdie rede na hom as 'n "sogenaamde moordenaar" verwys moet word.

In die Robertson Museum se argief word 'n volledige versameling van die destydse dagblad *Zuid-Westelik Nieuws* bewaar. Van belang vir die studie was die beriggewing oor die moordverhoor van Sas, wat in hierdie koerant vanaf Mei tot September 1917 verskyn het. Ahoewel die meeste van die inligting waarvan in die artikels in hierdie koerante melding gemaak word ook in die WKAR-lêer verskyn, is dit nogtans interessant om te vergelyk, aangesien die artikels in die koerant in Hollands is, terwyl die meeste van die WKAR-inligting in Engels is.

Die NG Kerk in Suid-Afrika Argief in Stellenbosch beskik oor heelwat inligting oor ds DS Botha, die vader van die vermoorde Daniel Botha, aangesien hy destyds onder meer die moderator van die NG Kerk was. Die argief beskik ook oor 'n enkele verwysing na die moord op Daniel Botha. Hierdie bron maak nie deel uit van die inligting in die Montagu Museum se argief oor Koos Sas nie en dit is van belang, aangesien dit 'n eerstehandse beskrywing gee van die emosionele impak wat die moord van hul seun op die Botha-familie gehad het (*De Kerkbode*, 30/11/1927: No 22). Die moord op Daniel Botha het 'n groot invloed gehad op die nalatenskap van Koos Sas. Dit is die rede waarom die moord deurgaans in die studie aangespreek word. Hierdie daad het tot gevolg gehad dat Sas nie slegs meer as 'n blote skaapdief beskou is (soos bv Dirk Ligter) nie, maar vanaf die dag van die moord, ook as moordenaar. Dit is hoe baie mense hom vandag steeds onthou, en dit is waarom daar soveel vertellings oor hom die rondte doen wat vandag deel uitmaak van sy nalatenskap.

Die argief van die Port Elizabeth Museum het inligting opgelewer oor die destydse direkteur van die museum, FW FitzSimons. Die inligting het baie lig gewerp op die versameling van menslike beendere in die vroeë twintigste eeu en was belangrik om die opgrawe van Sas se liggaam binne 'n groter konteks te plaas.

Daar is deurgaans gebruik gemaak van mondelinge bronne om enige onduidelikheid op te klaar of, waar dit nodig was, om meer agtergrond te kry ten einde 'n spesifieke punt te verduidelik. Van hierdie inligting is verkry deur onderhoude, persoonlike gesprekke asook e-posse.

Verskeie informante met wie onderhoude deur die loop van die ondersoek gevoer is, is geïdentifiseer. Mondelinge bronne, só herinner Pretorius, verskaf normaalweg "inligting wat in die vorm van herinneringe [...] ingewin word" (1990:8).

Aangaande die vroeë werksaamhede van die Montagu Museum, waartydens die skedel van Sas deur die museum in ontvangs geneem is, is eerstehandse inligting van Esther Hofmeyr en Blackie Badenhorst, onderskeidelik die eerste voorsitter en eerste kurator van die Montagu Museum, verkry. Mev Hofmeyr was tydens die onderhoud in 2016 reeds 99 jaar oud en kon steeds baie waardevolle inligting verskaf[1]. Dit beklemtoon die noodsaaklikheid van onderhoudvoering met rolspelers, selfs wanneer hulle reeds 'n baie hoë ouderdom bereik het, om moontlike unieke en eiesoortige inligting van hulle te verkry voordat hulle te sterwe kom.



***Figuur 1.2:*** *Emile Badenhorst saam met die eerste kurator van die Montagu Museum, Blackie Badenhorst en eerste voorsitter van die Montagu Museum bestuursraad, Esther Hofmeyr, tydens die onderhoud in die Strand op 01/01/2016 (Foto: J Haasbroek)*

---

[1] Mev Hofmeyr is op 3 Desember 2022 op die ouderdom van 105 oorlede.

Onderhoude is ook gevoer met Reggie Boesak en Adamus Stemmet wat die verskillende sienings wat oor die nalatenskap van Koos Sas bestaan, beklemtoon het. In Springbok is met Tertius Archer, sy seun Bertus, en James Stone gesprek gevoer. Hulle kon almal belangrike inligting gee oor die vertellings wat steeds oor Koos Sas in die Springbok-omgewing vertel word. Daar is ook besoek afgelê by Riaan Engelbrecht by die Augsburg Landbougimnasium in Clanwilliam. Tydens die ondersoek is vasgestel dat die skedel van ene Coenraad Feyt op daardie stadium steeds in die biologieklas van die skool op uitstalling was. Die doel van die besoek was om genoeg inligting te verkry ten einde vergelykings te kon tref tussen die twee gevalle en sodoende groter konteks te verskaf vir die uitstalling van Sas se skedel in die Montagu Museum.

Wat e-posse betref, was van die belangrikste die kommunikasie met die kleinseun van die Dixons van Droëdap wat meer inligting kon verskaf oor die gebeure op die dag van Sas se dood op die plaas (10 Februarie 2022). Heelwat leemtes in die gebeure van die dag is met die hulp van sy e-posse opgeklaar. Die e-poskommunikasie tussen Boesak, Marais en Meyer (September 2019) het weer beklemtoon in hoe 'n mate die beplanning van die begrafnis van Sas se skedel in Montagu in 2021 vir politieke agendas aangewend is.

### 1.4.2 Sekondêre bronne

Ten einde te verseker dat die verhaal van Koos Sas in sy tyd verstaan word, was dit belangrik om ook bronne met 'n fokus op spesifieke streke deel van die studie te maak. 'n Aantal bronne is slegs in die ondersoek ingesluit om 'n agtergrond te skets van die geografiese area (grotendeels die Groot-Karoo, Klein-Karoo en Namakwaland) waarin Sas en soortgelyke bekende skaapdiewe aktief was. Alhoewel sommige van die publikasies nie as geskiedkundige naslaanwerke gereken en erken word nie, was dit steeds belangrik om in te sluit om beskrywings van die verskillende streke te kon gee. Voorbeelde hiervan is Burman, *The Little Karoo* (1981), Dauth, *Dirk Ligter* (2001), Deal, *Timeless Karoo* (2007) en Schoeman, *The Historical Karoo* (2013). Om dieselfde rede is die werke van De Vries, *Die Klein Karoo, 'n legkaart* (1977), 'n verskeidenheid van Green se publikasies: *Karoo* (1955), *Beyond the city lights* (1957), *When the journey's over* (1972), Jansen, *Namaqualand, Thirstland in bloom* (1981) en Nieuwoudt, *My Cederberg story* (2015) aangewend. Gert Sarrisam, 'n bekende streekskrywer van Namakwaland, se *As murasies kon praat, ware verhale uit Namakwaland* (2010) is ingesluit, omdat dit spesifiek verwys na die moorde wat deur Piet Pieriga gepleeg is. Smuts en Alberts se publikasie *Die vergete grootpad, deur Ceres en die Bokkeveld* (1988) verskaf nie slegs 'n geografiese agtergrond van hierdie gebied nie, maar sluit ook vertellings oor Koos Sas en sy bedrywighede in hierdie area in, wat nie elders voorkom nie.

Alhoewel daar in hierdie kultuurhistoriese ondersoek gefokus is op die invloede op die nalatenskap van Koos Sas, was dit ook belangrik om ander studievelde te betrek ten einde te

verseker dat al die doelstellings bereik en navorsingsvrae beantwoord word. Om hierdie rede is enkele studies oor antropologie en argeologie ingesluit: De Jongh, *Karretjiemense van die Groot Karoo* (2014) en *A Forgotten First People*, *the Southern Cape Hessequa* (2014), Elphick, *Die Khoi-Khoi-herders* in *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika* (2007), Lewis-Williams en Dowson, *Images of power, understanding San Rock Art* (1989) en Penn, *Rogues, Rebels and Runaways, Eighteenth Century Cape Characters* (1999). Omdat die studie aandui dat Koos Sas van Khoekhoen-herkoms was, is van bogenoemde publikasies en artikels (geskryf deur erkende akademici in die veld) gebruik gemaak om die geskiedenis van hierdie groep as agtergrond van die individu Koos Sas weer te gee.

Die outobiografie van WP Steenkamp: *I conclude, convictions and experiences of a free-thinking doctor and hunter* (1947) was 'n baie waardevolle bron. Die opgrawe van Sas se liggaam deur Steenkamp enkele maande nadat hy begrawe is, het 'n belangrike invloed op Sas se nalatenskap gehad, soos die studie toon. Steenkamp se boek verskaf egter die agtergrond tot daardie daad; dit beskryf hoe hierdie "vrydenker" die wêreld en ontstaan van alle vorme van lewe om hom deur 'n wetenskaplike bril gesien en verstaan het.

'n Spesiale uitgawe van die nuusblad, *Nongqai* (05/2022: Vol 13 No 5E) het in Mei 2022 verskyn. Hierdie uitgawe, met 'n afskrif van Koos Sas se 1917-polisie-identikitfoto op die buiteblad, word in sy geheel aan artikels oor Sas gewy. Die artikels word grotendeels geskryf deur die nasate van WP Steenkamp. Van die titels in die nuusblad lui onder meer: *Koos Sas binnekort 'n fliek (sal dit versoening bevorder?), Wie was Ds. W.P. Steenkamp (Oudok)?* en *Notas oor die boek "Die Ballade van Koos Sas" deur Pieter Pretorius.* Hierdie uitgawe van *Nongqai* was die gevolg van 'n reeks gesprekke tussen die kandidaat en oudlanddros AP Stemmet by die Montagu Museum. Stemmet het 'n groot belangstelling in die verhaal van Koos Sas, aangesien Sas vermoedelik ook op hul plaas skuiling gevind het, soos in hoofstuk 2 uitgewys word. Verder het Stemmet die debat oor Koos Sas gestimuleer deur van die nasate van dr WP Stemmet, met wie hy persoonlik bevriend is, te betrek by die gesprekke oor Sas. Die addisionele inligting wat op hierdie wyse in die spesiale uitgawe van *Nongqai* verskyn het, was tot voordeel van die ondersoek, aangesien dit aangesluit het by die doelwitte en navorsingsvrae van die studie.

Om 'n beter begrip van die leefwyse van Koos Sas te vorm, asook om die gees van die tyd waarin hy geopereer het vas te vang, is soortgelyke gevalle van eertydse kriminele karakters in die ondersoek ingesluit. Daar is onder andere kortliks na die gevalle van Esou, April, Davids, Ligter en Kepe verwys. Omdat die geval van John Kepe in 'n groot mate met dié van Sas ooreenstem, is 'n groter gedeelte aan die verhaal van Kepe gewy. Vir hierdie doel is uitgawes van die *Somerset Budget* (13/11/1986) ondersoek om moontlike persoonlikheids- en gedragsooreenkomste te identifiseer. Hierdie bron was van groot waarde, aangesien die beriggewing onder meer 'n artikel ingesluit het wat deur sersant Potgieter, wat vir jare op die spoor van Kepe was, self geskryf is.

Die artikels het nie slegs joernalistieke beriggewing bevat nie, maar ook eerstehandse (primêre) inligting ingesluit. Nie net is daar heelwat ooreenkomste tussen Sas en Kepe nie, maar ook so tussen die geregsdienaars, Swanepoel en Potgieter. ‘n Voorbeeld hiervan is die wyse waarop daar later ‘n “vreemde soort van verhouding” tussen Kepe en Potgieter ontstaan het – soos ook die geval was met Sas en Swanepoel.

Van groot belang vir die toeligting van gebruike rondom die uitstal van menslike beendere in museums, was die werke van Legassick en Rassool *Skeletons in the cupboard, South African museums and the trade in human remains* 1907-1917 (2000), AG Morris se *Bones and Bodies: How South African Scientists Studied Race* (2022), en sy bydrae in Skotnes (red) se *Miscast, negotiating the presence of the Bushmen* (1996). Morris se navorsing wat in die *Montagu Mail* vanaf Augustus tot November 1997 gepubliseer is, was van groot waarde vir die ondersoek. De Kock se lesing *Geraamtes in die kas, die eties, morele en wetenskaplike implikasies van skeletmateriaal in museumversamelings* wat sy by die Wes-Kaapse SAMA Konferensie in Hermanus in November 1999 gelewer het, was ook ‘n belangrike bron wat meer lig gewerp het op die versamelings menslike beendere in Suid-Afrikaanse museums. Verder het Leon Vorster se artikel “Die verhaal van Koos Sas, vanuit ‘n kultuurhistoriese oogpunt” ‘n gebalanseerde weergawe van die verhaal van Sas gebied (*Die Kultuurhistorikus*, 15 (1), November 2000).

Alhoewel Tosh erken dat “novels and plays cannot, of course, be treated as factual reports, however great the element of autobiography or social observation may be” (2006:67-68), is dit wel bruikbaar en belangrik in ‘n studie waar mites en persepsies ondersoek word. Koos Sas en individue wat met hom vereenselwig word, verskyn in ‘n hele aantal literêre werke deur van Suid-Afrika se belangrikste skrywers, onder andere WA de Klerk (1959), Boerneef (Scholtz 1979), Breyten Breytenbach (1998), Piet van Rooyen (2001) en Pieter Pretorius (2020). Die invloed hiervan op die nalatenskap van Koos Sas is insiggewend en maak ‘n belangrike deel van die studie uit.

In hoofstuk 6 word melding gemaak van die feit dat die gedeelte wat Breytenbach in sy boek *Dog heart – A memoir* insluit oor Sas, nie net op hoorsê gegrond is nie, maar ook maar met ‘n knippie sout geneem moet word. ‘n Voorbeeld hiervan is sy beskrywing van Sas wat Botha se afgesnyde kop op die toonbank van die winkel neersit. Daar is geen bewyse vir sulke aannames nie en dit is duidelik dat Breytenbach van sy verbeelding gebruik gemaak het. Nietemin word Breytenbach gereken as een van Suid-Afrika se invloedrykste skrywers en sy werk word wyd gelees en erken. Dit kan daartoe aanleiding gee dat die wyse waarop Sas uitgebeeld word as die waarheid gelees word en dit kan ‘n invloed op sy nalatenskap hê.

Oor Pretorius se *Die ballade van Koos Sas* (2020) word breedvoerig kommentaar gelewer in hoofstuk 6. ‘n Groot gedeelte van die hoofstuk word aan die onwaarhede en waninligting wat in

die boek vervat word, gewy. Nietemin is die boek wyd op sosiale platforms geadverteer en is die eerste kopie daarvan selfs aan ‘n Khoekhoen-leier by die Uniegebou oorhandig. Die publisiteit wat hierdie publikasie geniet het, ongeag al die onwaarhede wat dit bevat, het ook ‘n invloed gehad op die nalatenskap van Koos Sas, soos berig word in *Nongqai* (05/2022: Vol 13 No 5E) waar die totale nuusbrief aan die verhaal van Sas gewy word. Ook word daar skerp kritiek gelewer op die boek van Pretorius in hierdie spesiale uitgawe.

Bronne soos Johnson, *The Two Tangled Trees* (2019) en Botma, *Ceres van Gister en Eergister* (1997) wys duidelik uit in watter mate oorvertellinge in die volksmond tot die publiek se persepsie van Sas bygedra het. Voor in Botma se boek *Ceres van Gister en Eergister* (1997) word die volgende geskryf: “’n boek in ligter luim waarin hy [Botma] die wel en wee van die inwoners van Ceres vanaf die twintigerjare tot en met die aardbewing van 1969 beskryf” (Botma 1997: xii). In dieselfde afdeling word die inhoud van die boek soos volg weergegee: “Hoewel hy [Botma] met hierdie skrywe ook, waar dit moontlik was, deeglike navorsing gedoen het, berus die grootste gedeelte van sy vertellings en staaltjies op sy skerp geheue asook mondelinge oorlewering” (Botma 1997: xii-xiii). Ten spyte van sy navorsing het daar tog ook met betrekking tot Koos Sas enkele feitefoute ingesluip, wat in hoofstuk 6 aangespreek word. Wat betref *The Two Tangled Trees* (2019) was Johnson se antwoord, toe hy gevra is waar hy aan sy inligting oor Sas kom, kortliks soos volg: “van die mense op straat” (Johnson 2019: onderhoud). Daar kan aanvaar word dat inligting wat Johnson op hierdie wyse ingewin het, nie altyd feitelik korrek was nie. Hy noem byvoorbeeld in die boek dat die skedel van Sas in die kaggel van Malherbe-huis (‘n bekende gastehuis in Langstraat, Montagu) op daardie stadium (2019) ingebou was. Hierdie stelling is van alle waarheid ontbloot, aangesien die skedel van Sas op daardie stadium in veilige bewaring steeds in besit van die Montagu Museum was en in 2021 in Donkerkloof begrawe is. Nogtans het Johnson van die oorvertellinge oor Sas wat vandag steeds in Montagu gehoor word, ingesamel. Dit word as ‘n belangrike bydrae tot die studie gesien.

Pretorius voer tereg aan dat musikale bronne meriete verdien (1990:2). Om hierdie rede kan ‘n studie van Koos Sas nooit as volledig beskou word as dit nie die invloed van die musikant David Kramer insluit nie. Kramer vertolk die uitstalling van die kopbeen in die Montagu Museum as “’n verhaal wat vertel word van die triomf van wit koloniale reg en orde oor ‘n koppige en soms reddelose inboorling-element” (Slabbert & De Villiers 2011:168).

Die internet is slegs in gevalle waar dit noodsaaklik was, gebruik. Van die belangrikste inligting wat op hierdie wyse bekom is, is die foto van die twee Steenkamps tydens hul mediese studies oorsee, met die menslike skelette langs hulle en die enkele skedel op die vloer tussen hulle (internet: Kroon 2022). Alhoewel Morris twyfel of die skedel op die vloer tussen die Steenkamps dié van Sas is (Morris 2023: e-poskommunikasie), toon die skedel by nadere ondersoek tog ooreenkomste met dié van Sas. As dit byvoorbeeld vergelyk word met die twee groter, volledige

skelette op die agtergrond, toon die enkele skedel ooreenkomste met dié van ‘n Khoekhoen. Hierdie foto vanaf die internet bewys moontlik dat dit slegs die skedel van Sas is wat oorsee geneem is, of selfs moontlik opgegrawe is. Alhoewel geen bewyse hiervoor gevind kon word nie, laat dit steeds die vermoede bestaan.

Ander internetbronne van belang wat relevant was tot die ondersoek was die kortfilm deur Pretorius (internet Pretorius 2019) en Qubeka se “Sew the winter to my skin” wat handel oor die lewe van John Kepe (internet Qubeka 2022). Die inhoud van hierdie bronne is insiggewend, aangesien dit die nalatenskap van Sas visueel in konteks plaas met Kepe wat, net soos Sas, nie net ‘n bekende skaapdief en krimineel was nie, maar ook ‘n moordenaar.

Die inligting op die Montagu Museum se webblad, getiteld *Montagu Stories*, het meer lig gewerp op die verhaal van Gert April (internet Jordaan 2020), asook op die agtergrond van die polisiediens op Montagu in die tyd toe Sas ‘n voortvlugtige in die area was (internet Allmayer 2022). Daar is ook op hierdie webblad ‘n groepfoto van lede van die polisiemag van Montagu gevind, onder wie konstabel Tonie Swanepoel. Die foto is in 1916 voor die ou landdrosgebou op die dorp geneem, ‘n jaar voordat Sas hier op die aanklag van moord op Daniel Botha sou verskyn.

Pretorius lê tereg klem op die noodsaak van ‘n groot verskeidenheid bronne vir enige wetenskaplike studie (1990:5). Daarom was dit belangrik om vir hierdie studie bronne wat oor ‘n wye spektrum strek te gebruik. Bronne het onder meer die volgende ingesluit: argiefmateriaal uit verskillende argiefdepots, periodieke publikasies, briewe, foto’s, onderhoude en literatuur in die vorm van sekondêre bronne. Tekortkominge in die bronne, wat as gering gereken kan word, is in hierdie hoofstuk uitgewys. Die gehalte en toepaslikheid van die bronne was egter oor die algemeen van so ‘n aard dat dit suksesvol bygedra het om die doelwitte wat die studie gestel het, te bereik.

# HOOFSTUK 2

# DIE LEWE EN DOOD VAN KOOS SAS

## 2.1 INLEIDENDE AGTERGROND

“Die verlede is ‘n ander land: waar is die pad wat soontoe loop?”

Karel Schoeman stel dié vraag aan die leser ten einde te bepaal hoe ver ‘n mens moet terugstaan en hoe wyd die blikveld is wat benodig word om die toneel aan die begin van sy roman *Verliesfontein* te beskryf (1998:7).

Hoewel die verhaal van Koos Sas ‘n kultuurhistoriese ondersoek en nie ‘n roman is nie, is dit tog baie belangrik om daardie tree terug te gee sodat die konteks waarbinne die verhaal afgespeel het, duidelik word. Dit is belangrik om die tyd waarin hy geleef het en die geskiedkundige verwikkelinge wat in daardie tyd in die land plaasgevind het, deurgaans as agtergrond te verreken. Dit is wat Grobbelaar beskryf as die “historiese net” waarteen die kultuurverskynsels in perspektief geplaas word (1990:54).

### 2.1.1 Die stelselmatige verdrywing van die Khoekhoen

Voordat die eerste Europeërs aan die suidpunt van Afrika voet aan wal gesit het, was dié area die natuurlike tuiste van verskeie San- en Khoekhoengroepe. Troppe groot- en kleinwild het op die vlaktes rondgedwaal, en dieper in die klowe, skeure en onder die oorhange het klein groepies jagter-versamelaars voorgekom – die laaste oorblyfsels van die Latere Steentydperk (Schoeman 2013:11). Bewyse van hul bestaan is vandag steeds volop en algemeen te vind – so is die woord “Karoo” byvoorbeeld ‘n Khoekhoen-woord wat “droog, hard en liggies bedek” beteken. Die verskil in landskap vanaf die Suidkus na die binneland kan veral opgemerk word met die oorsteek van die Hexrivier-berge. Die Karoo-plato is ‘n area bekend vir sy uiterste hitte en koue, lae reënval en ongenaakbare son. Om meer presies te wees: die Karoo is 600 meter bo seevlak, met ‘n reënval by plekke so min as 50 mm per jaar, en met somertemperature van soms meer as 38°C in die skaduwee (Burman 1981:9). Terwyl die San hoofsaaklik jagter-versamelaars was, was die Khoekhoen tradisioneel herders wat troppe beeste en bokke besit het. Mettertyd is die Khoekhoen egter opgeneem in die koloniale werksmag, terwyl die meer skugter San gedwing is om onder meer noord uit te wyk na die Kalahari-woestyngebied (Deal 2007:14,15).

In sommige gebiede het die grense tussen San en Khoekhoen toenemend vervaag. Verarmde Khoekhoen is soms as San aangesien, terwyl San wat met tye vee besit het, met die Khoekhoen verwar en soms deur laasgenoemde opgeneem is (Elphick 2007:21).

Skaars veertig jaar ná Van Riebeeck se landing aan die Kaap, het die eerste Khoekhoen-groepe, soos die Korachoqua (manne van Kora) voorsien wat hul lot onder die koloniale heersers sou wees, en het hulle vanuit die Kaap noord na die Oranjerivier getrek, waar hulle later as die Korana bekend sou staan. Ander groepe het weer ooswaarts uitgewyk ten einde hul onafhanklikheid te verseker. Van die groepe wat verkies het om in die Kaap agter te bly, is deur ‘n reeks pokke-epidemies bykans uitgewis, wat die handjievol oorlewendes met geen ander keuse gelaat het as om hulle tot die arbeidsmag op die plase te wend ten einde te oorleef nie (Wannenburgh 1980:17,35).

Van die middel 1700’s af was die Kaapse binneland die toneel van openlike konflik tussen die inheemse Khoekhoen-groepe en die koloniale trekboere. Hierdie situasie het tot diep in die negentiende eeu geduur. Maar namate die Kaap die Goeie Hoop se grense uitgebrei het en die trekboere al groter dele van die binneland beset het, het die Khoekhoen geen ander uitweg gehad as om hul nomadiese bestaan prys te gee nie. Selfs die sendelinge het daartoe bygedra om hul bestaanswyse te beëindig “deur hulle aan te moedig om tuine aan te lê en te saai, klaarblyklik met die doel om hulle permanent by die standplaas te hou om sodoende die sendingaksie onverstoord te laat plaasvind” (Links 1989:3). Teen 1795 was dit vir die ongeveer 14 000 Khoekhoen wat steeds in die Kaap die Goeie Hoop woonagtig was, bykans onmoontlik om ‘n onafhanklike bestaan te voer. Tussen 1750 en 1780 het die koloniste die gebied noord van die Olifantsrivier, waar die Namakwas en Gonakwas gewoon het, binnegedring. Sommige Khoekhoen, wat diens by koloniste probeer vermy het, het gedurende hierdie tyd begin om ‘n swerwersbestaan te voer. Van die koloniste het by die owerhede daarop begin aandring dat hul rondswerwery aan bande gelê moes word, aangesien dit volgens hulle toenemend tot veediefstalle aanleiding gegee het (Giliomee 1975:18).

Hierdie omstandighede het tot gevolg gehad dat die eens onafhanklike groepe jagters en herders van Suid-Afrika (San en Khoekhoen) se bestaanswyse binne die kort tydperk van tweehonderd jaar beëindig is en hulle gedwing is om goedkoop arbeid onder die Europeërs te verrig. Hierdie situasie het gegrens aan kulturele volksmoord, wat tot gevolg gehad het dat hierdie mense geleer is om te vergeet van hul verlede en om ‘n nuwe identiteit, naamlik dié van “kleurling”, wat hulle as minderwaardiges in ‘n ontwikkelende land geplaas het, te aanvaar. Vir die armste onder hierdie onteiende mense, soos in enige land gebeur onder dieselfde omstandighede, was ‘n bestaan uit misdaad een van die min opsies vir oorlewing (Morris 1997b:25). Dit was meestal die Khoekhoen wat gedurende die agtiende en negentiende eeu hul grond en bestaansreg aan die Kaap verloor het of moes prysgee wat die gebied verlaat het. Sommige het nuwe jagvelde gesoek, of weiding

vir hul vee – ander weer het dit vir die avontuur gedoen of om gevangenisstraf te ontduik. Omdat hierdie uitgewekenes en voortvlugtiges in baie gevalle reeds vóór enige sendelinge, handelaars, setlaars en regeringsamptenare sommige van die buitedistrikte bereik het, was dit juis húlle wat vir die makmaak van nuwe gebiede verantwoordelik was (Wannenburgh 1980:40,42).

In ander kolonies, soos Noord-Amerika en Australië, het dieselfde gebeur – inheemse groepe is stelselmatig deur die koloniale setlaars van hul grond verdryf. Die algemene aanvaarding was dat niemand op die grond aanspraak gemaak het nie, en dat dit dus vir oorname en gebruik beskikbaar was. Dit het orals gebeur waar daar koloniale indringing was (La Vita 2022:11). Aan die suidpunt van Afrika het dieselfde gebeur: teen 1720 (minder as sewentig jaar nadat Van Riebeeck aan die Kaap geland het) was die transformasie van die Wes-Kaapse Khoekhoen tot "colonial Hottentots" byna volvoer. Teen hierdie tyd was die Khoekhoen-getalle 'n fraksie van wat dit eens was, hul eertydse ekonomiese en politieke instellings bykans vernietig, en het hul tradisionele kultuur ook tekens van verweer begin toon (Elpick 1985:235).

Teen die middel van die agtiende eeu het die Griekwas vanaf die Hantam in die rigting van die Kamiesberge getrek, waar vandag van die beste plase in Namakwaland geleë is. Geen Kaapse koloniste was op daardie tydstip só ver noord gevestig nie, en die gebied noord van die Olifantsrivier is grotendeels bewoon deur Namaqua Khoekhoen en Boesmans. Om hierdie rede was die Griekwa-kaptein Adam Kok die enigste persoon in die ganse Namakwaland wat 'n wa besit het. In die Kamiesberge het Kok se reputasie as suksesvolle kuddeboer tot gevolg gehad dat verdryfde "Bastards and Grigriqua" hulle toenemend by hom aangesluit het (Wannenburgh 1980:40).

### 2.1.2 Khoekhoen in die Montagu-omgewing

Een van die eerste Khoekhoen-groepe wat Jan van Riebeeck na die stigting van die verversingspos aan die Kaap in 1652 aangetref het, was die Cochoquas (Heydenrych 2005:15). Hierdie welvarende groep se getalle was tussen 16 000 en 18 000 sterk, en om hul voortvarendheid ten toon te stel, het lede van die groep hul liggame met vet en oker ingevryf. 'n Inskrywing in Van Riebeeck se joernaal in Oktober 1658 tydens 'n besoek aan die leier van die Cochoqu, Oedasoa, lui soos volg: "… like all Hottentots he was dressed in skins and so besmeared that the fat ran down his body, which was the highest mark of distinction*"* (De Jongh 2016:45,83).

Verskeie Khoekhoen-stamme is deur die gevreesde pokke-epidemies van 1713, 1755 en 1767 totaal uitgewis, terwyl ander se getalle drasties uitgedun is (De Villiers 2012:47). Teen 1726 reeds was daar in 'n omtrek van 322 kilometer vanaf Kaapstad geen Khoekhoen-krale meer oor nie (Van Jaarsveld 1969:9).

Soos ander groepe, het die Cochoqua ook geleidelik na die binneland inbeweeg en teen 1700 was hulle in die omgewing van die huidige Ashton en Montagu gevestig. Teen ongeveer 1760 het die Cochoqua egter verder noord na die Oranjerivier uitgewyk. Die koloniste het die Cochoqua ook "Cochanas" genoem; met die verloop van tyd is die naam verder vervorm na "Cochemans" en "Cockemans". Nóg later is dié naam as "Cochmans" of "Cogmans" opgeteken. Vandag staan die kloof tussen Ashton en Montagu, waar die Cogmans eens gewoon het, steeds bekend as Cogmanskloof, met die Cogmansrivier wat daardeur vloei (Heydenrych 2005:15).

Bewyse van Khoekhoen-teenwoordigheid in die Montagu-area is redelik onlangs uitgewys en bevestig toe 'n span argeoloë onder die bekende dr Janette Deacon in 2017 gevra is om 'n paneel met rotstekeninge in "Lover's Walk", 'n klofie wat aan die dorp grens, te ondersoek. Die "finger paintings", wat nog duidelik sigbaar is, is tradisioneel deur die Khoekhoen gedurende die laaste tweeduisend jaar gemaak (MMA, Deacon 2017:4). Die belangrikheid, asook uniekheid van hierdie tekeninge in Montagu, word verder deur Hollmann belig in sy studieverslag waarin hy aandui dat hierdie spesifieke terrein van groot belang is, aangesien hier spirituele rituele uitgevoer is, op die banke van die Keisierivier, tydens die eerste menstruasieperiodes van jong meisies. Tydens sy ondersoek kon hy duidelike bewyse hiervan op die rotspanele opspoor en uitwys (MMA, Hollmann 2009:4).

Die eerste verwysing na die Khoekhoen-groep, die Hessequa (mense van die woud), is reeds deur Jan van Riebeeck in sy dagjoernaal aangeteken op 27 September 1660. Hy maak melding in sy dagboekinskrywing dat hy van hulle vertel is deur die tolk Krotoa, wie se oom Oedasoa hoofman was van die voortvarende en invloedryke Cochoqua. Teen 1667 het korporaal Hieronymus Cruse 'n ekspedisie deur die gebied van die "nuwe Hottentot nasie", die Hessekwa, gelei. Teen 1745 het die area rondom Swellendam bekend gestaan as "Hessequa gebied" (De Jongh 2016:51,52). Vandag sluit die gebied wat onder die Hessequa Munisipaliteit val groot dele in van die Langeberge (wat Montagu insluit).

Koos Sas word verder in hierdie hoofstuk beskryf as 'n tipiese Khoekhoen van die destydse suidelike gedeelte van die Wes-Kaap, wat Montagu insluit. Die voorafgaande gedeelte het ten doel om die teenwoordigheid van die Khoekhoen in hierdie area te beklemtoon.

## 2.2 ONSEKERE EN UITDAGENDE TYE

Die historiese agtergrond van politieke gebeure en bakens soos oorloë, rebellies en opstande, sowel as die voor- en teenspoede op ekonomiese gebied en die Groot Griep in die vroeg-twintigste eeu, vorm die konteks waarbinne die Koos Sas-verhaal afgespeel het. Al hierdie gebeure het nie alleen 'n merk gelaat op die ekonomie en die leefomstandighede van Suid-

Afrikaners nie (hetsy op positiewe of negatiewe wyse), maar het ook mense se lewensuitkyk en wêreldbeskouing gevorm.

Om hierdie rede word vervolgens kortliks verwys na van die belangrikste gebeure wat in Suid-Afrika vanaf die geboorte van Koos Sas in 1882 in Touwsrivier, tot met sy dood in 1922 in Springbok, plaasgevind het.

### 2.2.1 Veranderde ekonomie

"Tussen 1850 en 1900 het Suid-Afrika 'n dramatiese gedaanteverwisseling ondergaan danksy grootskaalse politieke, ekonomiese, kulturele en demografiese omwentelinge. In dié tyd het die staatkundige eenheid wat vroeg in die volgende eeu as Suid-Afrika bekend sou word, onmiskenbaar vorm aangeneem" (Grobler 2012:153). Waar boerdery vir die meerderheid Suid-Afrikaners hul vernaamste lewenswyse en inkomste aan die begin van hierdie periode was, is die land se ekonomie teen 1900 bepaal en gedryf deur die mynbou, bestaande uit aandeelhouers, banke en tienduisende loonarbeiders (Grobler 2012:153).

Die ontdekking van diamante in Griekwaland-Wes in 1867 en goud aan die Witwatersrand twee dekades later het dié streek se ekonomie drasties verander. Die instroming van immigrante het tot gevolg gehad dat plekke soos Johannesburg vinnig uitgebrei het. Die skielike toename in rykdom het gevolglik tot die algehele verbetering in infrastruktuur gelei, wat spoorweë en hawens ingesluit het (Simpson 2021:7).

Op 7 November 1877 is die Worcester-Matjiesfontein-deel van die spoorlyn as deel van die hooflyn na Kimberley deur die *Cape Government Railways* geopen. Op die rivierwal waar die spoorlyn die Touwrivier ("Touw" is die Khoi-woord vir "hek") oorgesteek het, is die stasie *Montagu Road* se naam in 1883 verander na "Touwsrivier". As gevolg van die omliggende bergpasse by Hexrivier en De Doorns, was hierdie 'n besondere besige deel van die spoorlyn en het die dorpie Touwsrivier mettertyd om die stasie ontwikkel (Schoeman 2013:20). Met die deurbreek deur die Hexrivierberge het die spoorweë vanuit die geslote kwartiere van die Wes-Kaap verseker dat die weg na die Groot-Karoo ooplê. Die pas van ontwikkeling het hierna dramaties versnel – Matjiesfontein, sowat 55 km vanaf Touwsrivier, se stasie is slegs vyf weke ná Touwsrivier, op 1 Februarie 1878, geopen (Burman 1984:57).

### 2.2.2 Die Anglo-Boereoorlog

Die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog (1899 tot 1902) het weer eens groot veranderinge en uitdagings teweeg gebring, nie net in die twee Boererepublieke nie, maar ook in die Kaapkolonie wat midde-in die oorlog gedompel is omdat dit 'n Britse kolonie was. Die spoorlyn wat deur die middel van die land vanaf Kaapstad na Pretoria gestrek het, was 'n noodsaaklike hulpmiddel in

die Britte se opmars na die noorde. Die Touwsrivier-stasie was eweneens ‘n belangrike en bedrywige skakel met die Britse troepetreine wat op ‘n gereelde basis hier aangedoen het (Schoeman 2013:20).

Hierdie oorlog het tot gevolg gehad dat die twee Boererepublieke ekonomies en sielkundig verpletter is. Naoorlogse toestande het grootliks bygedra tot die armblankevraagstuk, asook die snelle verstedeliking uit veral Afrikaner-geledere, omdat talle boere se plase deur die Engelse verwoes is en hulle gevolglik verplig was om op die myne aan die Rand te gaan werk soek. Onder hierdie verarmde en bykans hulpelose deel van die bevolking het ‘n vorm van “aggressiewe nasionalisme” onder die Afrikaner posgevat, wat gepaard gegaan het met ‘n intense strewe (deels gedryf uit vrees vir die swart meerderheid) om hul vryheid en onafhanklikheid terug te eis (Pretorius 2012:253, 254).

### 2.2.3 Uniewording 1910

Alhoewel die meeste swart Suid-Afrikaners gehoop het op ‘n Britse oorwinning oor die twee Boererepublieke ten einde politieke mag te bekom, is hul verwagtinge geïgnoreer met die amptelike totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika op 31 Mei 1910. Alhoewel die totstandkoming van die nuwe politieke bestel oor die algemeen verwelkom en ondersteun is, het dit gelei tot ontnugtering en selfs verbittering onder van die polities-bewuste swart, bruin en Indiër-mense. Hierdie teleurstelling het mettertyd gelei tot ‘n groter politieke bewustheid onder hierdie groepe in al die provinsies van die Unie (Scher 2012:259).

### 2.2.4 Die Rebellie van 1914

Net meer as ‘n dekade ná die einde van die Anglo-Boereoorlog is die Unie van Suid-Afrika weer eens in geweld en opstand gedompel toe bykans 11 000 rebelle hulle verset teen die Unie-regering se besluit om aan die kant van Groot-Brittanje teen Duitsland te veg, kort na die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog in Augustus 1914. ‘n Groot aantal van die rebelle was uit die geledere van gewone boere en bywoners van die eertydse twee Boererepublieke (Transvaal en Oranje-Vrystaat) wat teen die Botha-regering in opstand gekom het en hul weer eens tot die veteraan-Boereleiers van weleer, soos Beyers, De Wet, Kemp en Maritz gewend het (Swart 2004:1). Hierdie opstand het weer ou wonde van die Anglo-Boereoorlog oopgekrap en het tot erge spanning en tweespalt in die jong Unie gelei.

### 2.2.5 Die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918)

Die Eerste Wêreldoorlog was hoofsaaklik ‘n magstryd wat onder van die sterkste Europese moondhede uitgebreek het. In ‘n tydperk toe kolonialisme en wêreldoorheersing aan die orde van die dag was, is daar egter baie ander lande, onder meer Suid-Afrika, ook by die oorlog ingesleep.

Baie Suid-Afrikaanse troepe het eers aan die offensief deelgeneem om Suidwes-Afrika (vandag Namibië) van Duitse oorheersing te bevry, waarna hulle na die slagvelde van Europa, die Midde-Ooste en Oos-Afrika ontplooi is.

Vrywilligers vanuit die bruin gemeenskap van Suid-Afrika het met entoesiasme by die oorlogstryd aangesluit. So is die "Malay Ambulance Corps" in die Kaap deur die Moslem-gemeenskap op die been gebring. Teen September 1914 het bykans 10 000 vrywilligers al by die Kaapse Korps aangesluit. 'n Duisend manskappe van die Kaapse Korps was aan die einde van die oorlog met die "Turkish Eighth Army" in Palestina slaags (Nasson 2014:44, 46,127).

Ten tyde van die Somme-offensief het die Eerste Suid-Afrikaanse Infanterie Brigade die bevel gekry om Delville-bos ten alle koste te beset en te behou. Hierdie slag was een van die "sub-battles" in die massiewe Somme-offensief, wat veronderstel was om deur die Duitse verdediging te breek en sodoende die oorlog te wen. "The battle of Delville Wood is etched in South African history as a display of extraordinary valour in the face of unimaginable horror" (Williams 2012:1,8). Van die 121 offisiere en 3 032 Suid-Afrikaners wat Delville-bos op die aand van 14 Julie 1916 binnegeval het, het slegs 143 'n week later, op 20 Julie 1916, uitgestrompel (Schoeman 2014:71).

### 2.2.6 Die Groot Griep

Die wêreldwye "Spaanse Griep"-pandemie het tussen September en Oktober 1918 in Suid-Afrika toegeslaan. Daar word na hierdie tydperk verwys as "Swart Oktober" en dit word steeds beskou as die mees verwoestende infeksiesiekte in die land se geskiedenis. Binne 'n kwessie van ses weke het 300 000 tot 350 000 Suid-Afrikaners (of 6% van die totale bevolking) aan die virussiekte en/of deur komplikasies daarvan gesterf. Dit word gereken dat tot 60% van Suid-Afrika se destydse totale bevolking van 6.82 miljoen tydens hierdie tydperk deur die virus platgetrek is. Die uiteinde van hierdie situasie was die totale ontwrigting van bykans elke faset van die Suid-Afrikaanse ekonomie en daaglikse lewe – boerdery, besighede, industrieë, openbare vervoer, skole, media, kerkdienste, posdienste, polisiëring, hofverrigtinge, ensovoorts. In die res van die wêreld het die pandemie in drie vlae (tussen Maart 1918 en Augustus 1919) voorgekom, waartydens sowat 50 miljoen mense (sowat 3 – 4% van die wêreldbevolking) gesterf het. Om hierdie syfer in perspektief te plaas – tydens die verwoestende Eerste Wêreldoorlog het 12 tot 14 miljoen mense oor die die vyfjaar-periode gesterf (Phillips 2018:x,xiii).

In 1918 was sowat 70% van die Suid-Afrikaanse bevolking op die platteland woonagtig, en die meeste van hulle was aangewese op 'n bestaan uit landbou en veeboerdery. In die meeste gevalle was hulle dus ver verwyderd van die hoof- spoorlyne wat die land deurkruis het en wat ook verantwoordelik was vir die vinnige verspreiding van die virus. Die pandemie het gewoonlik hierdie afgeleë areas 'n week tot tien dae later as die groter sentra getref, wat in die meeste

gevalle die gevolg was van geïnfekteerde soldate of siek migrantewerkers wat vanaf die stede met treinvervoer huiswaarts gekeer het (Phillips 2018:124).

Die grieppandemie het dus vinnig met die spoorvervoer deur die land versprei. Dit is dan ook die rede waarom Koos Sas se geboortedorp, Touwsrivier, gedurende hierdie tyd swaar getref is deur die grieppandemie: van die dorp se 690 blanke inwoners het 670 siek geword, terwyl 788 van die 823 bruin mense siek was (Schoeman 2013:20).

Thomas George Rowe, 'n jong Engelsman wat gedurende die Anglo-Boereoorlog na Suid-Afrika gekom het en in later jare 'n bewaarder op Montagu was en op 'n stadium vir Koos Sas moes oppas, het twee seuns en twee dogters aan die grieppandemie verloor (Johnson 2019:53,54). Meer oor Rowe later in hierdie hoofstuk.

### 2.2.7 Die Bulhoek-slagting

Die *Israelites* was 'n godsdienstige beweging wat deur die swart Amerikaner William Crowdy in 1896 in Kansas gestig is. Volgens Crowdy was swart mense direkte afstammelinge van die "verlore stamme" van Israel. In Suid-Afrika is die evangelis Enoch Mgijima tot leier van die *Israelites* verkies, en omdat goddelike visioene skynbaar aan hom geopenbaar is, is daar mettertyd na hom verwys as "Profeet Mgijima". By Bulhoek, naby Queenstown in die Oos-Kaap, het die polisie op 24 Mei 1921 met die *Israelites* slaags geraak, omdat hulle versuim het om die meentgrond te verlaat, soos voorheen ooreengekom is (Makobe 1996:23-25). 'n Groot aantal van Profeet Mgijima se volgelinge het op dié dag gesterf, wat verdere spanning in die land veroorsaak het. Die Smuts-regering is weer eens geblameer vir die slagting waarin bykans 300 lede van die *Israelites* deur die polisie doodgeskiet is (Crafford 1944:187).

### 2.2.8 Die mynopstande aan die Rand

Kort na die einde van die Eerste Wêreldoorlog het die jong Suid-Afrikaanse staat sy mees kritieke tydperk binne gegaan. Die oorlog het tot gevolg gehad dat die land se veiligheidsdienste nog swak en verdeeld was, en die ekonomie het op vele terreine gestagneer (Brits & Spies 2022:358).

Sporadiese opstande deur mynwerkers aan die Rand is sedert 1907 deur die Botha-regering op hardhandige en gewelddadige wyse onderdruk. Op 4 Julie 1913 het onrus weer eens op die Witwatersrand gebroei. Die betogings het aanleiding gegee tot botsings tussen die polisie en betogers, wat tot grootskaalse brandstigting en plundery, asook gepaardgaande lewensverlies gelei het. In 1919 het 'n aantal opstande deur swart mynwerkers in Johannesburg, Pretoria en Bloemfontein ontstaan en in 1920 het meer as 70 000 swart mynwerkers van die Witwatersrand in opstand gekom en hoër salarisse en beter werksomstandighede geëis (Crafford 1944:90).

Kort hierna het studente van Fort Hare in die Oos-Kaap ook in opstand gekom, terwyl lede van die Native Labour Union in Port Elizabeth terselfdertyd deur hul leiers aangemoedig is om aan te dring op hoër lone. Stakende werkers wat hulle tot geweld gewend het nadat van hul leiers gearresteer is, het tot gevolg gehad dat 68 oproeriges deur die polisie doodgeskiet is. In die parlement het opposisiepartye daarop aangedring dat Smuts bedank na aanleiding van die hardhandige wyse waarop die regering teen die opstandelinge opgetree het (Crafford 1944:185,186).

In 1920 het die goudprys skerp begin daal, wat tot gevolg gehad het dat baie mynwerkers afgelê is. Die vrees dat hulle deur swart werkers vervang sou word, het verder tot gevolg gehad dat duisende wit mynwerkers in Januarie 1922 (dieselfde jaar wat Koos Sas doodgeskiet is) op groot skaal begin staak het. Giliomee beskryf die situasie as "verskillende gedagterigtings" wat onder die stakende werkers onderskei kon word, aangesien daar Engelssprekende sosialiste en kommuniste aan die een kant was wat beoog het om die kapitalistiese ekonomiese bestel omver te werp, terwyl daar aan die ander kant selfs stakers onder die Afrikaners was wat die staking (weer eens) as 'n geleentheid gesien het om die ou Boererepublieke te herstel (2012:290,291).

Die gewelddadige wit mynwerkersopstand het verreikende gevolge gehad. Die lone van halfgeskoolde wit werkers is verminder en mettertyd is hulle teen 'n versnelde pas deur goedkoper swart werkers vervang. Die gevolg hiervan was dat die getalsverhouding tussen swart en wit op die myne van agt swart mense teenoor een wit persoon in 1918-1921 tot byna tien swart mense per een wit mens in 1923-1926 verander het (Brits & Spies 2022:359,361).

Die gevolg van hierdie spanningsvolle periode van onrus was dat die Smuts-regering, ná 'n reeks onsuksesvolle onderhandelingspogings, op 10 Maart 1922 krygswet afgekondig het. Alhoewel die opstande relatief spoedig en doeltreffend deur die weermag onderdruk is, het 43 lede van die weermag, 29 polisiemanne en 81 lede van die publiek nogtans hul lewens verloor, terwyl 650 mense gewond is (Brits 1993:149,152).

In Suid-Afrika het al die genoemde gebeure sonder twyfel ook bygedra tot bepaalde sieninge en vooroordele rondom rasseverhoudinge. Ten einde die verhaal van Koos Sas ten volle te begryp, is dit van belang om die invloed op sy nalatenskap te beskou teen die agtergrond van 'n tydperk in die Suid-Afrikaanse geskiedenis wat nie net gespanne en onseker was nie, maar by tye ook gewelddadig.

In hierdie omstandighede en denkklimaat het Koos Sas begin bedrywig raak as plaaswerker wat homself ook onderskei het as skaapdief en algemene moeilikheidmaker wat graag gesag uitgedaag het.

Daar is in die studie bevind dat daar verskillende spellings van die plaas Droëdap is. Wanneer die plaasnaam in 'n aanhaling gebruik word, sal die spelling wat gebruik word, so behou word; andersins sal dit as "Droëdap" gespel word.



***Figuur 2.1:*** *Montagu circa 1901 (MMA MM/MMA 2019/011)*

## 2.3 KOOS SAS BOTS MET DIE GEREG

### 2.3.1 Skuilname van Koos Sas

Dit moet aan die begin van hierdie studie genoem word dat "Koos Sas" heel moontlik 'n skuilnaam was. In die polisie-identikit van 1917 word genoem dat daar na "ene Koos Sas" gesoek word, gevolg deur 'n lys van misdade wat gepleeg sou wees onder die naam "Jan Erasmus". Die laaste naam waarvan melding gemaak word in die polisie-identikit, is "Jacobs", en die laaste misdaad wat gelys word, is gepleeg onder die naam "Koos Olivier" (MMA SAP, Circular 7:1917). Ander name wat ook aangeteken is, is onder andere "Koos van Wijk" en "Koos van Rooyen" (Van Bart 2008:14). Tertius Archer beweer dat, volgens sy vader, Sas onder die boere in die Springbok-distrik as Koos van Wyk bekend gestaan het (Strauss 2008:5).

In die voorlopige ondersoek waartydens Sas gedurende Julie 1917 in Montagu verskyn het, is die volgende skuilname ook as dié van die beskuldigde aangeteken: Jan Gous, Jan Gouws, Frank de Vries, Koos Sass, Piet Odendaal, Koos Jacobs, asook Koos Oosthuizen. Volgens Sas se

stiefpa, Jan Erasmus van Grassy Park, Plumstead, is Sas se doopnaam Jan Gous. Erasmus noem in sy verklaring dat hy drie maal getroud was, en dat Sas die seun van sy tweede vrou by haar vorige man was. Hy noem verder dat hy met Sas se ma getroud is voordat die Anglo-Boereoorlog uitgebreek het, en dat Sas teen daardie tyd al groot was en gewerk het. Volgens Erasmus is Sas se ma gedurende die oorlog oorlede (WKAR 1/MTU 1/1/1/2, vol 12).

Op die skedel van Koos Sas is die volgende woorde in sierskrif aangebring:

*Jan Erasmus bekend*

*as*

***Koos Sas***

Ook op die skedel verskyn die volgende enkele woord, in potlood geskryf:

***KOESAS***

Volgens dominee Reginald (Reggie) Boesak, Hessekwa-hoofman, verwys die naam “KOESAS” na Sas se Khoekhoen-naam, aangesien die Khoekhoen tradisioneel nie vanne gehad het nie, slegs ‘n naam (Ds R Boesak 2021: onderhoud). Dit is egter nie seker wanneer en deur wie die naam “KOESAS” op die skedel aangebring is nie.

In die argief van die Montagu Museum is ‘n dokument, opgestel in Augustus 2004 (outeur onbekend), wat die stamboom van die Sass-familie probeer uitlê, alhoewel dit uitsluitlik fokus op die nageslag van ene Jan Sass, seun van Jacob Sass (MMA Koos Sass 2004). Vandag is die vanne Sas en Sass redelik algemeen in die Montagu-distrik, Touwsrivier en selfs so ver as Worcester en Ceres. Aangesien die Sas-stamboom nie deel uitmaak van hierdie ondersoek nie, sal daar nie verder ingegaan word op die moontlike familieverbintenisse met Koos Sas nie, in ag genome dat die naam en van van die onderwerp van hierdie studie heel moontlik Jan Erasmus en nie Koos Sas was nie.

Om egter enige verwarring uit te skakel, tensy daar na ‘n spesifieke skuilnaam verwys word, word in hierdie studie deurlopend gebruik gemaak van die naam “Koos Sas”, omdat dit die naam is wat die sterkste met die persoon ter sprake vereenselwig word.

Hierna volg ‘n amptelike rekord van Sas se misdadige bedrywe, gepleeg onder die naam “Jan Erasmus”, gevolg deur ‘n polisiebeskrywing van die misdadiger, saamgestel ná die moord op Botha in 1917.




Photo Cir.7
20.I.17.

SOUTH AFRICAN POLICE

Criminal Investigation Department.

Cape Town.

Warrant issued at Montagu on the I2th inst for the arrest of one KOOS SAS on a charge of Murder in the Montagu Dist. on the 7th inst. Sas who gave the name later as Jacobs then wore vaal corduroy trousers, vaal felt hat with red band and dark faded jacket. He is also wanted on warrant issued at Spes Bona in the Ceres District on the 30th ult., on a charge of Stock Theft under the name JAN ERASMUS ; his wife "KATRINA" stays at Boven Land Kloof on farm Slachtboom in the Ceres District, He is said to have relatives in the Laingsburg District and has donkeys there in charge of someone. The photograph below has been identified as that of the person wanted

Description:- Bastard Hottentot, height about 5'6", age 35 years, medium build but strongly built shoulders. He may be wearing any of the following stolen property, viz.- a blue suit with "De Wet Bros Stellenbosch" on tab and buttons, a grey suit, a black or very dark suit, a brown blanket with stripes at ends, thick woollen brownish mixed coloured rug with fringed ends, a thick woollen light coloured overcoat, with slit pockets, and a brown portmanteau. When last seen was wearing an almost new pair of Worcester made brown boots. The following convictions are recorded against him under the name JAN ERASMUS.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Montagu | I5.II.08. | one month H.L. | Theft |
| " | 20.II.08 | 7 days' H.L., | Prison Regulations |
| " | I.4.09 | nine months' H.L. | Stock Theft. |
| Ceres | 10.5.09 | 12 months' H.L., | Housebkg & theft 2 counts & theft 4 counts. |
| Montagu | 2.6.09 | 6 months' H.L., | 3.9.23.88. |
| " | I8.6.09 | 12 months' H.L. | Housebkg. & theft. |
| George | 2I.5.I0 | 3 months & I5 cuts | Escape. |
| Worcester | 12.8.I2 | one month H.L. | Theft. |

The last conviction was under the name KOOS/OLIVIER. He arrived in Cape Town on the I0th instant and left again by train on Thursday the I7th instant saying he was going to fetch back his wife to this District, also that he would trek back with his donkeys which are at Spes Bona. Gen.Cirs.88/5, 89/5 and 9I/II also refer.

(sgd) Geo. Easton. Divisional Inspector
C.I.D., Cape.

***Figuur 2.2:*** *Oorspronklike lasbrief vir die arrestasie van Koos Sas ná die moord op Botha in 1917 (WKAR 1/MTU 1/1/1/2, vol 12).*

In die Kaapse Argief is redelik onlangs ‘n rekord opgespoor wat moontlik die vroegste verwysing na Sas, die misdadiger, bevat. Die rekord bevat die volgende inligting:

“RECORD OF PROCEEDINGS OF CRIMINAL CASE. CRIMINAL SESSION, APRIL 1902. REX VERSUS **JAN ERASMUS**, CHARGED WITH ASSAULT WITH INTENT TO DO GRIEVIOUS BODILY HARM. POSTPONED TILL NEXT SESSION (KAB, CSC, 1/1/1/51, 15).


Hierdie argiefbewys plaas Sas (of Erasmus) op die voorgrond as ‘n twintigjarige. Dit is duidelik uit die 1917-polisie-identikit, as gekyk word na die datums en maande tussen 1908 en 1912, dat Koos Sas teen hierdie tyd al ‘n gerekende, gevestigde en bekende misdadiger in die Montagu-, Ceres- en Worcester-omgewing was. Koos Sas se misdaadrekord dien verder as onteenseglike bewys dat hy geen ontsag vir wet en orde gehad het nie, en deur sy optrede geen respek vir die regstelsel van die land getoon het nie.

Dit bly nogtans insiggewend om te let op die menslike sy van ‘n geharde misdadiger soos Koos Sas, waar in die lasbrief vir sy arrestasie (figuur 2.2) onder meer melding gemaak word van die

feit dat hy ‘n vrou (Katrina) in die Ceres-distrik gehad het, asook familie in die Laingsburg-distrik, en dat hy ‘n span donkies besit het (WKAR 1/MTU 1/1/1/2, vol 12). Veral die span donkies herinner sterk aan Michael de Jongh se uitgebreide studie oor vandag se karretjiemense van die Karoo – verstote nasate van die Khoi en San wat gereduseer is tot ‘n armsalige bestaan op die rand van die samelewing (De Jongh 2014).

Ten einde die (amptelike) polisiebeskrywing van Sas aan te vul, word hy voorts soos volg beskryf: “Koos Sas was klein van persoon met ‘n buitengewone dik nek en klein, klein voetjies, waarmee hy kon hardloop soos die wind. Skaapslag en diefstal was sy voorliefde” (MMA, Badenhorst 1975). “Verder het sy klein liggaampie baie handig te pas gekom as hy moes wegkruip” (Luttig 1950:1). Die uitstallingsetiket wat saam met die skedel van Sas vir baie jare in die Montagu Museum in ‘n glaskassie ten toon gestel is, lees dat Sas vanaf Touwsrivier-distrik na Montagu verhuis het om beter werk te kry, en dat hy, “nes die legendariese Dirk Ligter, enige perd kon flou hardloop”. Die inligting op die etiket is effens weersprekend wat betref “om beter werk te kry”, aangesien daar twee sinne verder op die etiket die volgende gedruk is: “Hy en vaste werk was aartsvyande” (MMA:MM1975/03).

### 2.3.2 Geregsdienaar – Konstabel Tonie Swanepoel



***Figuur 2.3:*** *Lede van die Montagu Polisie voor die ou landdrosgebou op die dorp in 1916. Konstabel Tonie Swanepoel staan agter, vierde van links (Internet: Allmayer 2022)*

In koerantartikels word berig dat van die ouer inwoners van Montagu "met smaak" vertel het van die ewigdurende tweestryd tussen "die baie bekende konstabel Tonie Swanepoel van Montagu en Koos Sas" (MMA, Hofmeyr, 1969). Behalwe dat Sas enige perd kon flou hardloop, sou hy ook soms die polisie vooraf in kennis stel van wat hy beplan het om volgende aan te vang. "Sas se onverskrokkenheid en astrantheid het geen perke geken nie" (MMA: MM1975/03). Die mense het verder vertel dat daar tussen Koos Sas en konstabel Tonie Swanepoel, wat hom altyd gevang het, later "'n snaakse soort vriendskap was" (De Vries 1977:26).

So het konstabel Swanepoel vir Sas en sy vrou by geleentheid opgespoor nadat 'n geweer by ene meneer Kriel van die plaas Rooikrans, in die Montagu-distrik, gesteel is en Sas hierna in die rigting van Touwsrivier gevlug het (Oosthuizen 2008:5). In sy soektog het Swanepoel vir Sas so ver as Laingsburg agtervolg (Cloete 1971:12). Ten einde laaste betrap hy die twee terwyl hulle heerlik langs die pad aan 'n skaapboud sit en smul. Beide is gearresteer, geboei en te voet na die plaas Anysberg van oom Dawid Burger geneem. Hier is Sas se vrou agtergelaat, aangesien "sy nie die pas kon volhou nie", terwyl Swanepoel en Sas hul reis na Montagu voortgesit het (MMA Badenhorst 1970).

'n Paar myl verder, op die plaas Allemorgensfontein, het meneer Bennie Burger, destyds veldkornet van die distrik, hom by Swanepoel en Sas aangesluit (Cloete 1971:12). Net voor hul vertrek sou Koos Sas volgens oorlewering die twee geregsdienaars met 'n skewe glimlag aankyk; eers vir konstabel Swanepoel vra of hy sy baadjie kan uittrek; daarna oor sy skouer loer, en aan hulle sê: "Ek is reg, julle kan maar kom" (Hofmeyr 1969:gb). Alhoewel sy hande steeds geboei was (dit word aanvaar dat die boeie eers afgehaal is sodat Sas sy baadjie kon uittrek, en dat dit daarna weer aangesit is), moes die geregsdienaars se perde uithaal om by Sas te bly toe hy begin draf (Vorster 2000:20). Toe die drie by die plaas Hoek-van-die-berg, nie té ver van Montagu af nie, aankom, was die twee perde só uitgeput dat oom Barend Geldenhuys hulle verder met sy perdekar dorp toe moes neem (Luttig 1950:1). Koos Sas is hierna verhoor en vir die diefstal van die geweer tot tronkstraf gevonnis (Cloete 1971:12).

Skaars het hy egter sy vonnis uitgedien of Sas word wéér vir die klag van skaapsteel deur konstabel Swanepoel in die Keisie, op die plaas Boontjiesfontein, aangekeer. Stukke van die gesteelde (en intussen geslagte) skaap is tydens die verhoor as bewysstukke in die hof vertoon. As deel van Sas se straf word hy gevonnis tot dwangarbeid, wat behels het dat hy saam met ander "bandiete" in die Kingnarivier instandhoudingswerk moes verrig (Vorster 2000:20). Dit is die rivier wat saam met die Keisierivier óm Montagu vloei en dan by Cogmanskloof ineenvloei om die Cogmanskloofrivier te vorm wat suid van Ashton in die Breërivier vloei.

Vir die bewaarders het Koos Sas geen gesag gehad nie, en sommer vroeg op die eerste oggend van sy straf by die Kingnarivier, het Sas stilletjies gesorg dat hy geleidelik tussen die bossies

verdwyn om afstand tussen hom en die bewaarders te kry. Toe een van die bewaarders, ene Rowe, oplaas onraad merk, was dit klaar te laat – Koos Sas het reeds bo-op ‘n randjie gestaan met sy twee hande in die lug terwyl hy luidkeels roep: “Kyk vir oulaas hoe lyk ek, ek groet jou, ha, ha, ha …” (Luttig 1950:1). “Pappie (Johnny Johnson) told us the story of Koos Sas, the renowned ‘cunning burglar’ from the area who outwitted grandpa, George Rowe and his mates, for weeks on end trying to corner the speedy Koos Sas who blended into the mountains and veld” (Johnson 2019:70).

Weer eens was dit konstabel Tonie Swanepoel wat soos ‘n bloedhond Sas se spoor tot in Ceres gevolg het. Die ontsnapte misdadiger se reputasie het hom egter begin vooruitloop, en omdat mense van die omgewing begin bewus raak het van sy doen en late, is hy kort voor lank herken en aangekeer. Ná sy inhegtenisneming het hy tot almal se verbasing belowe dat hy gereed was om ‘n nuwe blaadjie om te slaan, waarna hy die res van sy straf in die George-gevangenis uitgedien het. In die George-gevangenis was Sas deel van ‘n span wat klippe moes kap vir die bou van paaie in die bergpasse in die omgewing (Cloete 1971:12).

Sas het die Montagu-omgewing goed geken, die paaie, die klowe … al die wegkruipplekke. “Hy was nou al gehard in die lewe en vir niks sou hy meer stuit nie …” (Luttig 1950:1). Oudlanddros Adamus P Stemmet vertel dat sy familie vermoed dat een van Koos Sas se wegkruipplekke op hul plaas Simonskloof, naby die Keeromdam in die Nuy-vallei (tussen Ashton en Robertson) was. Vandaar het ‘n mens ‘n onbelemmerde uitsig op ‘n aantal distrikte wat bymekaarkom: Worcester, Ceres en De Doorns aan die linkerkant – met die Touwsrivier- en die Montagu-distrik aan die regterkant. Stemmet-hulle het as kinders in een van die mees afgeleë dele van die plaas ‘n wegkruipplek gevind wat met skaapvelle uitgevoer is. Stemmet vertel ook dat Sas aan sy vader vertel het hoe maklik dit was om die polisie se bloedhonde van sy spoor af te kry. Met groot smaak sou hy vertel hoe hy in die waterstroompies sou hou as hy agtervolg word, sodat die honde mettertyd sy reuk verloor. In die hoër areas en berge het hy lappe om sy voete gebind om te verhoed dat die honde sy reuk optel (Stemmet 2021: onderhoud). In die Koo, in die Montagu-distrik, op die plaas Protea van Neil Burger, is ook ‘n welbekende wegkruipplek wat met ou skaapvelle uitgevoer is en wat vandag steeds te sien is. Onder die mense in die area staan dit bekend as een van Koos Sas se gereelde wegkruipplekke (Bromley 2020: persoonlike mededeling). Dit blyk dus uit die ingewinde inligting dat Koos Sas oor ‘n wye netwerk skuilings beskik het wat só ingerig was dat hy gemaklik daarin kon oorleef as dit nodig was om weg te kruip, en vanwaar hy die area ongesiens en ongehinderd kon bespied vir moontlike gevaar.

## 2.4 MOORD IN DIE KLEIN-KAROO

### 2.4.1 Brakfontein of Hoek-van-die-berg

Koos Sas was al ‘n geharde misdadiger toe hy vroeg in Mei 1917 op die plaas Brakfontein (of Hoek-van-die-berg) opdaag. Die plaas is sowat 30 kilometer van Montagu af op die Oubergpas-pad, wat ‘n alternatiewe roete na Touwsrivier is. Die eienaar van die plaas, Daniel Kriel Botha (noemnaam: Boetatjie), het ‘n winkeltjie uit een gedeelte van die opstal bedryf (kyk na figuur 2.4).

Breytenbach skryf dat Sas vir werk gevra het, en dat Botha vir hom vir die dag werk gegee het om te doen. Toe Botha egter later die dag terugkeer na die plaas, was hy ontevrede met die werk wat Sas verrig het. Hy het vir Sas sy loon vir die dag betaal en hom daarna “in die pad gesteek”. Sas was blykbaar woedend omdat Botha hom gevloek en onder meer ‘n “Touwsrivier Boesman” genoem het (Breytenbach 1998:135,136).




***Figuur 2.4:*** *Die plaasopstal op die plaas Brakfontein (of Hoek-van-die-berg). Die plaaswinkel se deur is in die middel van die langwerpige gebou. ‘n Uitleg van die binneruimtes, insluitende die winkel, word in figuur 2.5 uitgewys (WKAR 1/MTU 1/1/1/2, vol 12).*

‘n Paar dae later word Boetatjie Botha se lyk op die vloer van die winkel op die plaas gevind.

Op 11 Mei 1917 is berig dat die moord op die Maandag moes plaasgevind het en dat daar tydens die nadoodse ondersoek gevind is dat Botha se kakebeen op agt plekke gebreek was (*Zuid-Westelik Nieuws*, 11/05/1917:3). Die nadoodse ondersoek op die liggaam van DK Botha is gedoen deur dr CA Wessels van Montagu en die verslag is gedateer 14 Mei 1917. Wessels noem in die verslag dat hy reken die moord het twee dae voor sy ondersoek plaasgevind, en dat die

rede vir Botha se dood skok en bloedverlies was. Onder “External Appearances” verskyn die volgende grusame besonderhede:

> “Body lying on the back on the floor of the shop. Body quite cold & rigid. Large contused swelling over front & left side of neck 1½ inches above sternum & three inches across. Incised wound along lower margin of the left horizontal portion of the lower jaw from 1½ inches to left of middle line to the angle of the jaw. The facial artery cut across. The lower jaw fractured in five places. Contusion of the scalp 1½ inches across over back of the head” (WKAR 1/MTU 1/1/1/2, vol 12).




***Figuur 2.5:*** *Kaart wat voorberei is vir die hofsaak, wat toon waar Botha se liggaam in die winkel, gemerk “SHOP” gevind is (WKAR 1/MTU 1/1/1/2, vol 12)*

In sommige kringe word na hierdie gruweldaad as “die wreedaardigste moord in die Boland se misdaadgeskiedenis” verwys, aangesien Koos Sas hierna ‘n mes geneem het en Botha heeltemal onthoof het. Daarna het hy sy “helse daad afgerond deur die oorledene se klere uit te trek en op die vlug te slaan” (Cloete 1971:12). Soos voorheen vermeld, word in die polisie-identikit wat ná die moord op Botha uitgereik is, melding gemaak van drie pakke klere wat Sas moontlik in sy besit sou hê – vermoedelik gesteel ná die moord op Botha. Met skok, afgryse en selfs ongeloof is die nuus in die distrikte en dorpe versprei: “Tussen die toonbank en die agterste muur is die verminkte lyk van Boetatjie Botha gekry” (Luttig 1950:1).

Nog ‘n weergawe wat oor die moord op Botha opgeteken is, lui: “Net daar, van agter af, word hy met ‘n swaar skaalgewig katswink geslaan. En toe keelaf gesny met ‘n knipmes …” (Steenkamp 2022:30).



***Figuur 2.6:*** *Ongeïdentifiseerde portretfoto in die argieflêer oor die moord in die Kaapse Argief, vermoedelik dié van die slagoffer, DK Botha (WKAR 1/MTU 1/1/1/2, vol 12).*

Wat duidelik uit die voorafgaande weergawes van die moord op Botha blyk, is die feit dat die aangehaalde bronne mekaar in meer as een opsig weerspreek. Al vyf die bronne waarna verwys word (WKAR, Breytenbach, Cloete, Luttig & Steenkamp) is verkry uit koerantberigte, en dit word nie genoem vanwaar die inligting verkry is nie. As voorbeeld word daar na die moordwapen verwys as ‘n hamer, ‘n stuk stomp en ‘n skaalgewig. Daarvan kan afgelei word dat die inligting soos vervat in hierdie berigte bloot bespiegelinge is, aangesien daar niemand anders tydens die moord teenwoordig was nie. Om hierdie rede is dit ook verder onverstaanbaar hoe die presiese woorde wat tussen Sas en Botha gewissel is, aangeteken kon wees, soos vermeld in die berigte, as niemand teenwoordig was om dit te hoor en oor te vertel nie.


Die verskillende weergawes van die moord op Boetatjie Botha berus, met die uitsondering van die amptelike verslag in die WKAR, op vertellings en oorvertellings wat mettertyd deur skrywers neergepen is; die weergee daarvan hier is dus die verhalende vorm van kultuurgeskiedskrywing. Sonder 'n analise van die inligting sou die studie nie wetenskaplik wees nie en daarom word die ontledende metode, soos deur Ferreira uitgewys (1988:98), direk hierna aangewend.

In afdeling 2.4.4 word meer besonderhede gegee van die gebeure tydens die dag van die voorlopige moordverhoor soos deur verskillende getuies as bewyse aangevoer is.

### 2.4.2 Dominee DS Botha van Stellenbosch

Boetatjie Botha was die jongste seun van ds Daniël Stephanus Botha van Stellenbosch, bekende geestelike leier van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK). Ds Botha is op 19 November 1885 vanuit die Teologiese Kweekskool as predikant tot die bediening toegelaat. In sy loopbaan as predikant het hy die gemeentes in Dordrecht (1894-1898), Swellendam (1898-1904) en Stellenbosch (1904-1927) bedien. Sy lewenswerk was veral gefokus op die onderwys, asook op sy rol as kerkleier. Hy word twee maal (1906 en 1915) deur die Kaapse Sinode as assessor en een maal (1919) as moderator verkies. Sendingwerk het ds Botha ook na aan die hart gelê – tydens sy dienstyd op Swellendam het hy 'n sendinggemeente op die dorp gestig, en hy was vir meer as veertig jaar lid van die Sinodale Sendingkommissie. Op die gebied van die onderwys het ds Botha tydens sy lang dienstyd op Stellenbosch as skriba en resident-kurator van die kuratorium van die Kweekskool en as lid van die universiteitsraad gedien. Hy was verder ook aktief betrokke toe vertoë in 1915-1916 tot die regering gerig is vir die stigting van 'n volwaardige universiteit op Stellenbosch. Ds Botha het 'n groot belangstelling in volk en taal gehad; hy was een van die stigterslede van die Zuid-Afrikaanse Akademie in 1909, terwyl hy ook lank lid asook ondervoorsitter van die hoofbestuur van die Zuid-Afrikaanse Taalbond was (De Kock & Krüger 1972:72). Ds DS Botha was een van die grootste kerkleiers in die land, was goed bevriend met president MT Steyn en het ook laasgenoemde se grafrede gehou (Van Bart 2008:14).

M Smuts van die NG Kerk, Helderberg-gemeente, skryf onder meer as deel van 'n huldeblyk ná die afsterwe van ds DS Botha soos volg: "By al sy skone deugde en karaktertrekke was dit seker ook een, om nooit iets nadelig te sê van sy medemens nie, tensy hy dit noodsaaklik geag het om die sonde te veroordeel. Selfs nie 'n woord van bitterheid het hy gesê teen die bruinjong, wat onder toelating van God vir hom en sy huisgesin so 'n bitter beker ingeskink het deur die moord op hul geliefde seun, Danie. Want toe hy eendag vir my omslagtig vertel het hoe Koos Sas aan sy einde gekom het, toe het hy hierdie woorde met 'n diep sug laat volg: 'Arme skepsel!' – blykbaar 'n sug van medelye met 'n onsterflike siel, wat so onvoorbereid die ewigheid moes ingaan" (*De Kerkbode* 1927:707).



Ds. D. S. Botha.†

9 NOV 1927

Gistermôre omstreeks 9-uur is ds. D. S. Botha, die gevierde predikant van Stellenbosch, in sy woning aldaar oorlede na 'n lang en smartlike lyding, wat hy met ongekende geduld en lydsaamheid verduur het. Die begrafnis sal agtermiddag om 3-uur daar plaasvind, waarvan die besonderhede in ons advertensiekolomme verskyn.

Deur die afsterwe van ds. D. S. Botha het die Ned. Ger. Kerk andermaal 'n baie gevoelige slag gely, want hy was een van die mees geëerde, gesiene en waardevolste predikante van ons kerk. Deur

[illegible] uitgeblink het. In 1885 is hy [illegible] as predikant en deur [illegible] gemeente Philadelphia beroep, waar hy enige jare met vrug en seën gearbeid het, waarna hy na Dordrecht en vervolgens na Swellendam beroep is. Op Swellendam het hy verskeie jare gestaan, en daar baie nuttige werk gedoen veral vir die opvoeding. Sy laaste beroep was na Stellenbosch, as opvolger van die waardige ds. J. H. Neethling, alwaar hy werksaam was tot aan sy einde.

Hy was 'n man wat 'n baie belangrike rol in die kerk vervul het. Byna op alle belangrike kerklike

stuurslid was. Waar sy volk gely het het hy altyd saam met sy volk gely. Hy het ook teenhede in sy lewe geken, maar een van die swaarste slae wat hom ooit getref het was die gruwelike moord wat op sy seun enige jare gelede in die distrik Montagu gepleeg is. Die slag het hom 'n geweldige knak gegee. Hy was reeds hoog bejaard en moes eintlik al geruime tyd uit die diens getree het, maar daar sy dienste so onontbeerlik was het hy daarin toegestem om aan te bly, totdat Stellenbosch 'n eerste predikant in sy plek sou hê. Daar sy siekte egter so snel toegeneem het, het hy gevra dat die kerkraad hom op 29 September sy demissie sou gee.

Vandag treur die kerk, sy gemeente, sy betrekkings en almal wat hom geken het, oor die heengaan van een van die edelste seuns van die kerk.


***Figuur 2.7:** Artikel oor die afsterwe van ds DS Botha. Regs die gedeelte wat handel oor die moord op sy seun, Daniel (Die Burger 09/11/1927)*

In die doodsberig van die NGK Moderator die dag ná sy afsterwe op 8 November 1927 word soos volg berig: "Hy het ook teenhede in sy lewe geken, maar een van die swaarste slae wat hom ooit getref het, was die gruwelike moord wat op sy seun enige jare gelede in die distrik Montagu gepleeg is. Die slag het hom 'n geweldige knak gegee" (*Die Burger* 09/11/1927:6). Alhoewel ds Botha reeds sewentig jaar oud was ten tyde van die moord op sy seun, kan uit bogemelde inligting afgelei word dat die geweldige skok van die gruwelmoord 'n enorme impak op die reeds bejaarde geestelike leier gehad het.

Daar bestaan beweringe dat Boetatjie Botha verstandelik gestrem was. Die rede(s) waarom 'n gesiene kerkleier van Stellenbosch se jongste seun 'n afgeleë plaaswinkeltjie in die dorre Klein-Karoo sou bedryf, laat baie vrae ontstaan – so ook die noemnaam in verkleiningsvorm, "Boetatjie" (Van Zyl 2016: e-poskommunikasie). Volgens die skrywer Dana Snyman het Abraham de Vries aan hom vertel dat die mense van die Klein-Karoo grootgeword het met die storie dat Boetatjie Botha "nie met onse oë na die wêreld gekyk het nie" – bedoelende dat hy verstandelik gestrem was (Snyman 2021: persoonlike mededeling).

Alhoewel die besonderhede van die gebeure wat aanleiding tot die woede en geweld op die oggend van die moord sou gee, gering is, sou dit redelik wees om die afleiding te maak dat Sas

heel moontlik onbewus van Botha se verstandelike tekortkoming was. Behalwe vir die klag van aanranding met die doel om ernstig te beseer in 1902 (onder die naam "Jan Erasmus" en op twintigjarige ouderdom) was Koos Sas nie bekend as 'n bakleier en moeilikheidmaker nie, altans nie op rekord nie. In die volgende afdeling van hierdie hoofstuk sal beskryf word hoe die boere in Namakwaland vir Sas onthou en steeds vandag oor hom praat. Uit bogenoemde beskrywings is dit duidelik dat gebeure op daardie dag slég verkeerd geloop het, en die uiteinde van die saak gevolge sou hê wat niemand op daardie tydstip ooit sou kon voorsien nie.




***Figuur 2.8:*** *Emile Badenhorst by die graf van Daniel (Boetatjie) Botha, Onder-Papegaaiberg Begraafplaas, Stellenbosch, 31 Augustus 2016 (Foto: AM Badenhorst)*

### 2.4.3 Koos Sas word as moordverdagte gearresteer

Koos Sas is kort ná die barbaarse moord op Botha as die hoofverdagte geïdentifiseer, aangesien 'n paar mense in die omgewing aan die polisie beskryf het hoe hulle hom van die toneel sien vlug het. By een van die arbeidershuisies is aan die polisie vertel dat daar 'n onbekende Boesman die vorige aand agter 'n groot bos by sy klein vuurtjie geslaap het. 'n Ou bruin vrou het weer vertel dat dit dieselfde Boesman was wat so vinnig kon hardloop – daardie dag, vóór die polisieman en 'n ander "baas" se perde uit oor die plein van Spitskop (Breytenbach 1998:136).

Weens Koos Sas se misdadige lewe, wat lang periodes in die tronk ingesluit het, moes hy maar alte goed besef het in watter moeilikheid hy ná die moord was. Hy het dus dadelik die pad Touwsrivier toe gevat, waar hy 'n treinkaartjie Kaap toe gekoop het. Op pad Kaap toe verander hy egter van plan en besluit hy om eers sy skoonvader te gaan groet en daarna na Spes Bona in die Ceres-distrik te vertrek om sy vrou te sien. Hier het sy hom glo vertel dat daar na hom gesoek word (Vorster 2000:21). Dit het begin duidelik raak dat die wêreld waar hy voorheen moeilikheid gemaak het, en nou opgemerk is, vir Sas ongemaklik begin raak het. Vervolgens besluit hy om terug in die rigting van Worcester uit te wyk, waar 'n plaaslike boer die voortvlugtige moordenaar herken aan 'n identikitfoto wat reeds in die plaaslike koerante verskyn het. Kort hierna word Koos Sas weer eens aangekeer en aan die plaaslike veldkornet oorhandig (MMA Hofmeyr 1969).

Daar word soos volg oor Sas se inhegtenisname berig: "Op j.l. Sondag vernam ons te Worcester, dat die moordenaar van Daniel Botha op die vorige dag in die Worcester afdeling gearresteer was. Vir die juistheid van die omstandighede wat gelei het tot die arrest kan ons nie instaan nie. Dit is ons vertel geworde, dat die moordenaar by 'n Hexrivier boer kom werk vra het; wat hem gegee was. Die boer het toen die polisie verwittig dat 'n kleurling, wat veel op die portret van die beschuldigde lyk, by hem werk. Die jong werd gearresteer en syn vinger afdrukke kwam overeen met wat reeds in besit van die krimineel ondersoek departement was" (*Zuid-Westelik Nieuws*, 29/06/1917:3).

Konstabel Tonie Swanepoel is inderhaas van Montagu na Worcester gestuur om die misdadiger terug te bring om verhoor te word. Só vasberade was Swanepoel hierdie keer dat Sas nie weer onder sy oë sou verdwyn nie, dat hy die ganse aand in dieselfde sel as Sas deurgebring het (Cloete 1971:12). Die argiefrekords toon dat Sas op 23 Junie 1917 gevang is en in die Robertson-gevangenis aangehou is. Name wat onder "accused" genoem word, is: Frank de Vries, Jan Erasmus en Koos Olivier (WKAR 1/MTU 1/1/1/2, vol 12).

### 2.4.4 Ondersoek en verhoor

In 1917 het die Strafproseswet bepaal dat 'n strafsaak voorafgegaan word deur 'n voorlopige verhoor. Soos in die geval van 'n strafverhoor, word getuies deur die staatsaanklaer gelei en die beskuldigde het ook die reg om aan die getuies vrae te rig. So ook kon die beskuldigde self getuig, kon hy getuies roep of 'n regsverteenwoordiger hê. Ná die voorlopige verhoor word alle verklarings en ander dokumente na die Prokureur-Generaal gestuur wat moet besluit of die saak na die Hooggeregshof in Kaapstad of na die Rondgaande Hof verwys moet word. Die Rondgaande Hof kon in enige dorp sit. In die geval van die moordverhoor van Koos Sas is die saak na die Rondgaande Hof in Worcester verwys vir uitspraak en vonnisoplegging. Soos in die geval is met die voorlopige verhoor, moet alle getuies weer verskyn, die verklarings word weer

gelees en enige bewysstukke word weer in die hof ten toon gestel (Stemmet 2023: telefoniese onderhoud).

In hierdie afdeling word van die belangrikste getuienis wat tydens die voorlopige verhoor van Sas op Montagu gelewer is, uitgewys. Dit is belangrik vir hierdie studie, aangesien een van die aangeleenthede wat herhaaldelik in latere hoofstukke opduik, die kwessie is of Sas in ‘n hof verskyn het en of hy skuldig bevind is op die aanklag van moord, of nie. Aangesien hy ontsnap het voordat hy in Worcester sou voorkom, het sommige selfs getwyfel of hy werklik die moordenaar van Botha was. Aangesien daar tydens hierdie ondersoek geen bewyse gevind kon word dat die Kaapse Argiefmateriaal (wat hoofsaaklik bestaan uit die hofsaak wat in 1917 op Montagu plaasgevind het) voorheen ondersoek en gepubliseer is nie, is dit moeilik om te bepaal wat die persepsie by die algemene publiek sou wees indien hierdie inligting vroeër wyd bekend was. As die WKAR-argiefmateriaal wel voorheen in die Montagu Museum of elders waar dit meer toeganklik was, beskikbaar was, sou dit meer geredelik versprei gewees het in die vorm van uitstallings, praatjies en beriggewings. In daardie geval sou dit waarskynlik ‘n ander invloed op Sas se nalatenskap gehad het as wat tans die geval is.

Met die voordeel van terugskouing is dit opvallend dat dit nie slegs die getuienis van ander getuies is wat op die dag van die voorverhoor swaar téén Sas getel het nie, maar veral sy eie getuienis wat dit duidelik laat blyk het dat die staat se saak baie sterk was en dié van Sas taamlik ongeloofwaardig.

Die voorlopige ondersoek na Jan Erasmus, alias Koos Sas, wat teregstaan op die moord van mnr Daniel Kriel Botha, vind voor magistraat JG van Alphen op 16 Julie 1917 in die landdroskantoor op Montagu plaas. Vir die staat verskyn 30 getuies, terwyl ‘n enkele naam verskyn wat vir die verdediging optree, naamlik dié van Jan Gouws (WKAR 1/MTU 1/1/1/2, vol 12).

Op die dag van Koos Sas se verhoor op Montagu het ‘n groot skare opgedaag om die saak by te woon. Daar word vertel dat die gedrang deur nuuskieriges by die ingang na die hof só erg was dat die hofsaal se deur uit sy kosyn geloop is (MMA Badenhorst 1975). Die moontlikheid is groot dat die beskrywing van die deur wat uit sy kosyn “geloop” is tydens Sas se hofverhoor, oordrewe is. Nogtans is dit hoe die gebeure van die dag steeds oorvertel (en oorgeskryf) word.

Tydens die verhoor moes daar ‘n uitkenningsparade gewees het, aangesien die meeste van die getuies dit gestel het dat hulle vir Sas tydens die parade uitgeken het. Die artikels wat by Sas gevind is, is ook in die hof vertoon en die meeste van die getuies het daarna verwys as deel van hul getuienis. Vervolgens verskyn ‘n lys van die vernaamste getuienis soos vervat in die rekords van die landdros van Montagu, gehuisves in die Kaapse Argiefbewaarplek (WKAR 1/MTU 1/1/1/2, vol 12):

- David Hartzenberg, ‘n plaaswerker op Hoek-van-die-berg, het getuig dat Sas op Woensdag, 2 Mei 1917, op die plaas aangekom en vir drie nagte daar oornag het. Toe hy vir Sas vra wat sy naam is, het dié geantwoord: “Koos Saas”. Volgens Hartzenberg het hy gehoor dat die eienaar van die plaas, Daniel Botha, vir Sas gevra het om lusern te sny. Volgens hom het Sas lusern gesny en moes hy die volgende oggend ploegwerk doen. Toe Hartzenberg die volgende dag vir Sas vra waarom hy nie besig was om te ploeg nie, het Sas aan hom gesê dat dit moeilik was aangesien die grond te hard was. Botha het later aan Hartzenberg genoem dat hy vir Sas ontslaan het omdat hy nie tevrede was met die wyse waarop Sas die lusern gesny het nie. Sas het aan Hartzenberg genoem dat hy nie van Botha se “attitude” gehou het nie en dat dit die tweede maal was dat hy en Botha ‘n uitval gehad het. Hy het genoem dat Botha hom by ‘n vorige geleentheid “’n skelm” genoem het.
- Katrina Hartzenberg (vrou van David) het onder meer die volgende getuig: “He [Sas] told me the baas would not say to others what he said to him (accd). David was not present. He added ‘Di baas z’n dag zal daarom kom …’”
- Veldkornet Charl Francois Hugo (en eienaar van die plaas Keurfontein) het getuig dat hy op 7 Mei 1917 vanaf Montagu by Hoek-van-die-berg gearriveer het, en dat hy beplan het om daar oor te slaap. Hy kon egter nie vir Botha in die hande kry nie, en al die deure en hortjies was dig gesluit. Die volgende dag het D Hartzenberg hom ingelig dat sy “master” vermis is, en dat Botha hom ook nie vooraf ingelig het dat hy iewers heen sou gaan nie. Hugo is die volgende dag na Hoek-van-die-berg waar hy lede van die polisie gevind het wat hom van die moord vertel het. Hy getuig onder meer dat hy die lyk van Botha in die winkel gesien het, met bloed op die gesig en ‘n snywond aan die nek. Botha se bril, wat hy altyd gedra het, het langs die liggaam op die vloer gelê. Die skaalbak was vol meel geskep. Hugo het getuig dat die hamer wat op die vloer naby die lyk was, aan hom behoort het, en dat hy dit aan Botha geleen het. Daar was bloedspatsels op die hamer en alhoewel hulle vir ‘n mes of ‘n skerp voorwerp op die toneel gesoek het, kon hulle niks vind nie. Daar was ook bloedspatsels op van die bok- en skaapvelle wat op die winkelvloer gelê het, asook op die toonbank, rakke en op van die emaljebekers op een van die winkelrakke. Volgens Hugo is Botha se gelaaide rewolwer onder sy kopkussing gevind, asook ‘n boks patrone langs die bed. Die kasregister in die winkel was leeg, maar ‘n bedrag van £28 is op die liggaam van Botha gevind. Hugo het verder getuig dat, toe hy vir Botha op 5 Mei 1917 die laaste maal lewend gesien het, laasgenoemde aan hom vertel het dat hy op 3 Mei in ‘n woordewisseling met “a boy” was, dat dit oor die sny van lusern gegaan het en dat hy die “boy” dieselfde aand vir sy werk betaal het.

- Dr Cornelius Adriaan Wessels van Montagu het getuig dat hy op 10 Mei 1917 na Hoek-van-die-berg is. Hy het die liggaam van Botha, ten volle geklee, op die vloer in die winkel aangetref. Botha se kop het in ‘n groot plas bloed gelê. Bloedspatsels was teen van die rakke naby die liggaam, asook op ‘n hamer wat naby Botha se kop op die vloer gestaan het. Wessels noem aan die hof dat dit sy opinie is dat die wonde aan Botha se kakebeen en nek met dieselfde swaar en stomp voorwerp toegedien is, en dat dit moontlik met die hamer wat in die hof tydens die verhoor as een van die bewysstukke vertoon is, gedoen is. Dr Wessels se nadoodse verslag is vroeër in hierdie hoofstuk aangehaal.
- Ds DS Botha (vader van die vermoorde) getuig dat sy seun Daniel 33 jaar en 7 maande oud was, dat hy ongetroud was en alleen gewoon het. Hy getuig dat Daniel die afgelope 3 jaar op Hoek-van-die-berg woonagtig was, en dat hy voor dit in die Transvaal gewoon het. Die laaste maal wat hy sy seun gesien het, was op ‘n Sondag in Maart 1917. Daniel het gereeld aan hom geskryf, en die laaste brief wat hy ontvang het, was op 8 Mei 1917. Die volgende dag, op 9 Mei, is hy ingelig dat sy seun vermoor is, en het hy dadelik na Montagu vertrek. Hy het die volgende dag op die plaas aangekom, waar hy die lyk van sy seun gesien het. Van die items wat ds Botha in die hof uitwys wat aan sy seun behoort het en wat by Sas gevind is, sluit die volgende in: skeermes met die voorletters DB op, bril, slaapbroek en donkergrys hemp. Van die klere is gemerk “De Wet Bros, Stellenbosch”. Volgens die dominee is dit waar sy seun van sy klere laat maak het.
- Margaretha Louise Botha (suster van die vermoorde) getuig dat sy ‘n wit sakdoek met die letters “DK Botha” herken, omdat sy dit self die vorige Desember so gemerk het. Sy herken die volgende items wat aan haar oorlede broer behoort het: kussingslope, donkergrys pak klere en wit flanelbroek. Die kledingstukke is gemerk “DK Botha” of “DKB”. Op die kraag wat vertoon word, verskyn die woorde “DK Botha 64”. Volgens die getuie is dit deur haar suster aangebring en is die nommer 64 die Botha-gesin se nommer by die droogskoonmakery op Stellenbosch. Van die ander items wat aan haar broer behoort het, is twee dasse, waarvan die een gemerk is met “De Wet Bros, Stellenbosch”; slaapbroek, skeerkwas, bril en sokkies. Van die naametikette op die klere is deur haar op die klere van haar broer aangebring.
- William Farquharson, kleremaker van De Wet Broers, Stellenbosch, getuig dat hy een van die pakke klere in die hof herken, aangesien hy dit vir DK Botha gemaak het toe laasgenoemde in Desember 1915 by sy ouers op Stellenbosch gekuier het. Farquharson getuig dat hy die spesifieke pak klere goed onthou, aangesien hy die linkerpyp van die broek “½ inch” korter as die regterpyp moes maak. Hy herken ook van die ander klere van die oorledene wat in die hof as bewysstukke vertoon is.

- Konstabel PC Jonker van die Montagu-polisie het getuig dat, toe die hof tydens die verhoor twaalfuur die middag verdaag het, hy en konstabel Beets vir Sas na die aanhoudingselle geneem het. Volgens hom het hy en Beets sag eenkant gestaan en praat, toe Sas die volgende woorde aan hulle sê: “Ik weet nie waarom hulle hulle moere afneuk met die getuige. Ik strÿ mos nie. Ik het die man doodgeslaan. Waarom kry hulle nie end nie.” Volgens Jonker het hulle nie die beskuldigde uitgelok of verder aangemoedig om iets te sê nie en het hy dit uit sy eie wil gesê. Beets het beaam wat Jonker getuig het, en bygevoeg dat hulle albei Sas se woorde in hulle sakboekies aangeteken het. Volgens ‘n berig in *Zuid-Westelik Nieuws* was Sas se reaksie nadat Jonker en Beets in die hof getuig het soos volg: “Baas, skaam jy jou nie om so te lieg nie. Ik het net gevra wanneer die saak sal klaar wees. Hulle kry getuie van alle kante en hulle kry nie end nie.” (20/07/1917:3). Ná konstabel Beets se getuienis het die staat sy saak gesluit.
- In sy getuienis gee Sas homself voor as Jan Gouws, woonagtig op Spes Bona in die Ceres-distrik. Op 28 April 1917 het hy daar ‘n skaap geslag wat aan ‘n bruin man behoort het. Op 2 Mei 1917 het hy op die plaas Hoek-van-die-berg aangekom. Hy het aan die eienaar, Botha, gevra of hy nie die lusern kan sny nie. Botha het gesê dat hy die volgende dag by Steyns of by Touwsrivier werk moet gaan soek. Die Vrydagaand het Sas by die Hartzenbergs op die plaas oorgebly. Saterdagoggend met sonsopkoms het hy die plaas verlaat en het eers vir Botha, wat in die staldeur gestaan het, gaan groet. Die Saterdagaand het hy naby Gannavlei langs die pad naby ‘n windpomp geslaap. Sondag het hy ook daar gebly, aangesien dit gereën het. Maandag het hy besluit om terug te keer Hoek-van-die-berg toe, en het op die plaas aangekom net voordat dit begin donker raak het. Die winkel asook die res van die huis was toegesluit. Sas was op soek na tabak, en het drie maal aan die kombuisdeur geklop terwyl hy “Baas Danie” geroep het. Maar hy het geen antwoord ontvang nie. Hierna het hy “David” geroep, omdat hy gedink het dat dit Hartzenberg kon wees wat in die kombuis was, aangesien daar lig onderdeur die deur geskyn het. Hy het die bo-deur oopgemaak en ‘n “Kafir” voor die stoof in die kombuis gesien staan. Sas wou omdraai en loop, maar die man het hom ingenooi. Hy het gevra waar die “baas” was en die man het gesê dat hy met sy perdekar weg is, en het gevra wat Sas gesoek het. Sas het geantwoord dat hy na twak en vuurhoutjies op soek was. Die man is toe na die winkel se kant toe en het teruggekeer met 3 stukke twak en 6 dosies vuurhoutjies. Sas het hom 6d aangebied, maar die man het gesê dat hy sy geld moes hou. Sas het weer aangedring om te betaal, waarna die man gesê het dat hy nou die “baas” was en dat hy sy geld moes hou. Sas het toe gesê dat hy by David-hulle gaan slaap, waarna die man gesê het dat hy saam met hom moes gaan. Toe Sas die man vra waarheen hy op pad was, het hy geantwoord: “Touwsrivier”. Sas het geantwoord dat hy nie kan saamgaan nie, waarna die swart man gesê het as hy nie saam met hom sou gaan

nie, “slaan ik jou naar jou moer”. Die man het toe ‘n stok geneem en vir Sas oor die kop en skouer geslaan, alhoewel hy die houe met sy arm afgeweer het. Hier praat Sas die eerste maal van ‘n tweede man, wat die eerste een se “mate” genoem word. Die “mate” het gekeer dat Sas verder geslaan word. Koos en die tweede man is hierna aangesê om ‘n vuur in die kombuis aan te steek, terwyl die eerste man Sas se drasak geneem en in die winkel in verdwyn het. Na ‘n rukkie het hy teruggekeer, met die sak “tightly jammed full with things”. Terwyl Sas koffie in die kombuis gemaak het, het die swart man weer eens in die winkel verdwyn met twee sakke. Hy het hierna teruggekeer met dié sakke ook volgestop. Sas het hierna saam met die twee mans koffie en “biscuits” geëet wat hulle in die spens gekry het. Hierna het Sas ingestem om saam met die mans te gaan. Voordat hulle vertrek het, kon Sas hoor hoe die eerste man al die deure in die huis sluit. Hy het vir Sas die bos sleutels gegee om te hou. Hulle het in die rigting van Touwsrivier gestap en het Nouga’s Poort net voor dagbreek bereik. Sas het hier opgemerk dat die mans se klere vol bloed was. Hy het nie verder uitgevra nie, want die “leader” het aan hom gesê: “the same thing will happen to you as that European.” Hulle het toe die sakke herverpak. Sas het getuig dat hy die kledingstukke wat die dag in die hof vertoon is, en deur die getuies as die oorledene s’n uitgeken is, herken as die klere wat in sy sak verpak was. Die man het ook aan Sas ‘n klein wit tabaksakkie met geld in gegee; en het nog £5 in silwer kleingeld aan Sas gegee. Hulle het langs die pad gebly die Dinsdag, die aand is hulle verder, waarna die twee mans die aand tienuur by Hoogefontein in die rigting van Hexrivier geloop het, en Sas na Touwsrivier. Van Touwsrivier is Sas per trein na sy vader Jan Erasmus in Grassy Park, Maitland. Hier het hy al die sakke met goedere in gelos. Hy het ook aan Erasmus geld gegee om te gebruik. Op Woensdagoggend, 16 Mei 1917, het Sas na Wolseley vertrek. Hy arriveer die aand in die dorp en slaap in die wagkamer op die stasie. Omtrent eenuur die oggend merk hy dat sy stewels, pyp en vuurhoutjies gesteel is en hy meld die diefstal die oggend vroeg by die stasiemeester aan. Die stasiemeester het die saak na ‘n polisieman wat naby die stasie gewoon het, verwys. Sas getuig dat hy die polisieman (ene Hanekom) vertel het dat hy op pad Ceres toe was. Die polisieman het gesê dat hy die saak sou ondersoek, en Sas het die Donderdag te voet na Ceres vertrek. Hy word hierna deur Hanekom gearresteer en aan die veldkornet oorhandig. Sas getuig dat hy ontsnap het en na Worcester gegaan het, waar hy weer gearresteer is. Sas noem later dat hy nie die twee mans in Botha se huis op Hoek-van-die-berg geken het nie, net dat hulle gesê het dat hulle van Ceres was. Sas het vermoed dat hulle diewe was, aangesien hulle “badly dressed” was, met stukkende klere aan. Sas getuig verder dat hy nie die polisie op Touwsrivier van die twee mans vertel het nie, omdat hy bang was die polisie sou hom arresteer vir skaapslag. Hy het getuig dat die bos sleutels van die deure van die huis en winkel by Hoek-van-die-berg in sy besit was “because I did not wish to

throw them away". Die kraag wat hy gedra het met DK Botha se naam op, het hy in die sak goedere gevind wat die swart man hom gegee het. Hy was jammer om die klere in die sak weg te gooi, aangesien baie daarvan nuut was. Hy het dit ook oorweeg om die klere terug te gee aan die twee swart mans as hy hulle weer sou sien; hy het ook nie verwag dat die polisie die sakke klere wat hy by sy pa se huis in Grassy Park gelos het, sou vind nie.

- Koos Sas sluit sy getuienis met die volgende woorde af: "I am not the murderer of Botha and I definitely deny the charge." Hy teken dan langs die naam "Jan Erasmus" met 'n "X". Hieruit kan dan afgelei word dat Sas verkies het om te pleit, en dat hy onskuldig gepleit het op die aanklag van moord op DK Botha.
- Die laaste inskrywing in die hofrekords lees: "Accd. has no further evidence. Accd. committed for trial to Robertson Prison on a charge of murder."

Ná die saak in Montagu word soos volg in die pers berig: "Jan Erasmus werd naar strafzitting verwezen op de beschuldiging van de moord van Daniel Kriel Botha (*Zuid-Westelik Nieuws*, 20/07/1917:3).

Terwyl 'n groot deel van die ondersoek na die nalatenskap van Koos Sas op verskillende tipes verhale en persepsies van mense berus, dit wil sê oorwegend 'n nie-tasbare nalatenskap, is dit vir die kultuurhistorikus baie belangrik om die sterk rol wat tasbare voorwerpe in die getuienisse gespeel het, uit te wys. Dit is presies wat die AB-as van die Burden-model (2002:20-23) impliseer: 'n onlosmaaklike band tussen materiële en nie-materiële kultuurprodukte. Die voorwerpe wat in die hofverslae genoem word, vanaf die moordwapen tot verskeie kledingstukke, gebruiksvoorwerpe, winkelgoed, sakboekies van die polisie en talle ander, speel 'n groot rol in die narratiewe wat kort na die gebeure ontstaan het en uiteindelik in die legendes wat mettertyd deur die jare vorm gekry het. Daaruit het persepsies voortgevloei.

Op 4 September 1917 word ene Jan Gous persoonlik deur die onderbalju van Robertson, Basil Jones, in kennis gestel dat hy op 2 Oktober 1917 op die aanklag van moord in die Worcester Rondgaande Hof moes verskyn (WKAR 1/MTU 1/1/1/2, vol 12). Ná die getuienis wat op 16 Julie 1917 tydens die verhoor op Montagu gelewer is, moes Sas maar alte goed die erns van die saak besef het. 'n Week nadat hy die kennis van Jones ontvang het, ontsnap Koos Sas egter uit die Worcester-tronk saam met nog twee aangehoudenes, Marthinus Filander en Carl Herder, tussen een- en tweeuur die oggend van Woensdag, 12 September 1917. Ná die ontsnapping word Koos Sas soos volg beskryf: "Hy is 5 voet 3 duim hoog, 40 jaar oud, licht bruin gelaat. Heeft twee littekens op neus, twee op elke knieschuif, merken van lyfstraf op z'n achterste, Ent-merk linker arm, getatoeëérde hond, half armband, bloempot en spinnekop op linker-voorarm. Boom, hart en harpoen op rechter voorarm, kleine moesjes op rug, gewicht 130 lbs; droeg bruin hoed met zwarte

band, blauw baatjie, rode onderbaatje met wit lapplek tussen schouders, peper en sout kleur broek, twee bruine lappen op beide knieën, wit hemp, donker grys overjas, veld skoene halfslyt" (*Zuid-Westelik Nieuws*, 14/09/1917:3).

Daar word verder berig dat polisiehonde die Woensdagmiddag vanaf Kaapstad gebring is om die spoor van die ontsnaptes te volg vanaf die tronk in die rigting van Brandvlei. Filander en Herder word die Donderdag by Hexrivier weer in hegtenis geneem. Wat betref waar Koos Sas hom na die ontsnapping bevind, berig die artikel soos volg: "Het wordt verondersteld dat Koos Saas zyn rug bezeerde toen hy van de buiten tronk muur afsprong en dat hy dus niet te snelle vordering kon maken. Men meent dat hy of in die richting van Goudini of Villiersdorp is gegaan. Indien laatstgenoemde is't mogelik dat hy naar McGregor, over moordkuil, kon gaan" (*Zuid-Westelik Nieuws*, 14/09/1917:3).

Maar Koos Sas was op vrye voet. Sy profielfoto word hierna steeds wyer in die koerante versprei en hy word vervolgens voëlvry verklaar (MMA Badenhorst 1975:gp).

Daar word deurgaans in hierdie studie verwys na die feit dat Koos Sas ná die moord op Botha voëlvry verklaar is. Om daardie rede is dit belangrik om die begrip "voëlvry", veral in die Suid-Afrikaanse konteks, verder te ondersoek.

Volgens dr Willem Steenkamp, praktiserende regskenner, dateer die begrip "voëlvry" uit die Middeleeue in Europa. Die begrip beteken losweg dat ‘n persoon verklaar word om soos ‘n wilde voël te wees – wat enigeen vrystaan om hom of haar te jag (en desnoods te dood). Die Engelse regsterm "caput lupinum" (maak hom die kop van ‘n wolf) kom daarop neer dat ‘n ieder en 'n elk sy hand kon lig teen so ‘n gevaarlike en voortvlugtige krimineel – sonder regsgevolge vir die dader. Alhoewel die laaste deklarasie van "outlawry" in Engeland in 1841 opgeteken is, en die wet in Australië in die 1850's steeds toegepas is, is daar geen bewyse van soortgelyke maatreëls op die wetboeke van die Unie van Suid-Afrika nie. Die Britse owerhede se beleid, veral na die tweede besetting van die Kaap, was juis om die gebruik van eie reg teen vermeende veediewe (veral Boesmans) stop te sit. "Na die Britse koloniale owerheid in 1828 aan die Kaap hulle Brits-gebaseerde strafproses- en bewys-wet geproklameer het om hierdie beginsel nog stewiger te vestig, sou so-iets soos ‘voëlvry' nog meer ongehoord gewees het" (Steenkamp 2022:38).

"Die geykte prosedure om ‘n verdagte aan te keer, was by wyse van die uitreik van ‘n lasbrief deur ‘n geregtelike beampte, wat dan deur ‘n geregsdienaar ten uitvoer gebring moes word in die nakoming van sy ampspligte. In daardie era kon so ‘n geregsdienaar wel geweld gebruik het (desnoods dodelik) as ‘n voortvlugtige persoon met ‘n lasbrief teen hom, nie ‘n wettige bevel om homself oor te gee gehoorsaam het nie en op die punt gestaan het om weer weg te kom – veral

dan in geval van ernstige misdade soos moord. Presies soos wat met Koos Sas gebeur het" (Steenkamp 2022:38).

Soos van die voorafgaande gedeelte afgelei kan word, is dit dus hoogs onwaarskynlik dat die stelling deur Badenhorst dat Sas voëlvry verklaar is, korrek is. Nogtans dra dit steeds by tot die algehele persepsie van Sas se nalatenskap, aangesien dit vandag nog so oorvertel word.

## 2.5 NAMAKWALAND

### 2.5.1 Historiese heenkome vir voortvlugtiges

> "Half of the Cape Province, I should say, is a blank in the minds of most South Africans. I am thinking of the North West Cape, of course, the last spaces to be mapped and surveyed and settled, the districts still unknown and mysterious to the traveller who keeps to the national roads. In some parts of this vast, harsh country all the year's rain may fall in one shower. I was not surprised to hear it called 'the land of begin again'" (Green 1955:203).

Die berge van die Kaapse binneland is nog altyd as toevlugsoord deur misdadige voortvlugtiges beskou. Die Noordweste, wat Namakwaland insluit, is histories veral gedurende die agtiende eeu deur die "Khoi-Khoi en die Basters" verkies om na uit te wyk in tye van nood. Moontlik het die afgesonderdheid van die gebied daartoe bygedra (Links 1989:2). Nié net "Hottentotte" nie, maar ook slawe en selfs kriminele Europeërs het geleidelik noordwaarts begin uitwyk, in die rigting van Piketberg en selfs verder, oor die Olifantsrivier. Teen 1730 het die kolonie egter ook al sodanig uitgebrei dat voortvlugtiges nie meer veilig was suid van Saldanhabaai nie. Veral ná afloop van die oorlog teen die Khoekhoen in 1739 aan die Kaap, het selfs van die Khoekhoen-soldate in diens van die VOC (Vereenigde Oost-Indische Compagnie) ook gedros en noordwaarts uitgewyk. Die situasie het tot gevolg gehad dat dit vir die VOC toenemend moeiliker geraak het om sy invloed te laat geld onder sowel "Khoisan" as koloniste, aangesien die afstand van Kaapstad dit bykans onmoontlik gemaak het om beheer oor al sy onderdane te verseker (Penn 1999:78,89,90).

'n Verdere rede vir hierdie uitwyk na die Noordweste was die toenemende rasse-diskriminasie teen die afstammelinge van slawe en die Khoekhoen aan die Kaap. Hulle keuse was eenvoudig: bly in die kolonie en aanvaar jou kwynende status, of verlaat die grense van die kolonie en handhaaf 'n mate van onafhanklikheid (Penn 1999:95). Gedurende die agtiende eeu het hierdie groepe toenemend begin saambondel in hierdie afgeleë areas. In Augustus 1795 het ene Johannes Karstens van die Roggeveld gerapporteer dat "Bastaarts Hottentotten" (waarvan die meeste hul wapens saamgeneem het) bykans daagliks gedros het om by die San aan te sluit (Penn 1999:165).

Dit was dus die heersende omstandighede, selfs ‘n eeu of wat later, dat dit feitlik nog net in hierdie noordwestelike gebied was waar die moontlikheid nog bestaan het om ‘n ongehinderde en afgesonderde bestaan te maak, alhoewel dit soms met gruweldade gepaard gegaan het.

Lawrence Green beskryf die area en sy mense soos volg:

> “I have passed out of the old, settled districts of the Cape into the hard land that was for many years the frontier of the colony. You may love it and dread it at the same time. Some of the maps have a pleasant ring about them, others are sinister. Oorlogskloof and Moordenaar’s Werf. There was a time when the owners kept their *voorlaaiers* ready to beat off Bushmen raiders. Koos Moordenaar, the farmer who lived for years beyond the law, has not yet been forgotten” (Green 1972:55).

Green skep ‘n sombere atmosfeer van ‘n harde wêreld waar gruweldade voorgekom het. Dit was ‘n soortgelyke buitedistrik van die ou Kaapprovinsie waarheen Sas ná die moord op Botha gevlug het.

In ‘n onderhoud met James Stone op Springbok vertel hy van verdere plekname in die omgewing, soos Kinderlê, waar ‘n paar trekkerfamilies se kinders deur Boesmans doodgemaak is terwyl die grootmense nagmaal bygewoon het. So ook Soebatsfontein, waar ‘n groot groep trekboere uitgemoor is, maar nie voordat hulle vir hul lewens gepleit het nie. Dan is daar ook ‘n plek met die naam Moordenaarspoort (Stone 2021: onderhoud), waarvan die informant nie die oorsprong van die naam geken het nie.

### 2.5.2 Khoekhoen-nalatenskap se spoor

Bogenoemde in ag genome, is dit duidelik dat die Khoekhoen ‘n onlosmaaklike verbintenis met Namakwaland se geskiedenis het. Dit blyk verder dat die Khoekhoen-taal ‘n invloed op die Afrikaans van hierdie gebied gehad het. Die feit dat heelwat Afrikaanse woorde en uitdrukkings, sowel as plek- en plaasname, se oorsprong in die Khoekhoen-taal is, is ‘n bewys van die invloed hiervan. Voorbeelde hiervan in hierdie streek is plekname soos Garabes (plek waar syferwater gegrawe is), Kamieskroon (kroon van die bondel berge) en Okiep (sout, brak of groot brak) (Links 1989:66,67). Die dorp Garies se naam stam weer af van die Khoekhoen-woord */Garis* – wat kweekgras beteken (Pettman 1985:11).

So is die naam Droëdap (die plaas buitekant Springbok waar Koos Sas doodgeskiet is) ‘n vervorming van die oorspronklike Khoekhoen-woord “tkourodap” – wat “droë mis” beteken (Links 1989:66,67). Die plaas is geleë in die Kamiesberge, wat ‘n gereelde wegkruipplek vir Sas was gedurende die tyd wat hy daar deurgebring het. Meer inligting hieromtrent volg later in die hoofstuk.

Die Kamiesberg, wat in lengte van ongeveer die Richtersveld in die noorde tot by Garies in die suide strek, se naam is weer ontleen aan ‘n Khoekhoen-woord wat “grasveldberg” beteken (Raper, PE, LA Moller & LT du Plessis 2014:238). Daar word ook beweer dat Kamiesberg oorspronklik “bymekaarkomplek” beteken het (Links 1989:67). Ander bronne beweer weer dat die naam Kamiesberg moontlik afgelei is van die Khoekhoen-woord */hami* - wat “bondel of versameling” beteken (Pettman 1985:12,13).

## 2.6 KOOS SAS SLAAN OP VLUG

Abraham de Vries verwoord die ontvlugting van Koos Sas in sy boek *Die Klein Karoo* soos volg: “Koos Sas is gevang, maar hy het uit die tronk ontsnap en hierna het een van die legendariese soektogte plaasgevind wat nogal dikwels in die misdaadgeskiedenis van die Klein Karoo voorkom” (De Vries 1977:26).

Die volgende wat oor die voortvlugtige Koos Sas gevind kon word, is ‘n berig wat op 10 Februarie 1922 in die *Worcester Advertiser* verskyn het: “Dit word berig uit Springbok dat Koos Saas [sic], alias Koos van Wijk, alias Koos van Rooyen, wat uit die Worcester gevangenis ontglip het in September 1918 te Nieuwoudtsville gearresteer werd en weer losgelaat werd deur die polies op borg” (Worcester Advertiser 10/02/1922(a). Dit is natuurlik moeilik om vandag die rasionele verklaring in te sien hoe ‘n voortvlugtige moordenaar gevang, en weer op borg vrygelaat word. Moontlik was die geluk aan Sas se kant en het hy geregtigheid ontwyk deur die gebruik van een van sy vele skuilname. Aansluitend hierby, berig Reuters oor dieselfde insident soos volg:

> “Koos Saas [sic], alias Koos van Wyk, alias Van Rooyen, the Hottentot, who was wanted for a murder committed in the Montagu district, and for numerous other crimes, escaped from custody from Worcester gaol in September 1917. He has ever since escaped the vigilance of the police but was traced recently to the North-Western districts through fingerprints taken at Nieuwoudtville where he was arrested and released on bail” (MMA, South African Press Agency:gp).

Soos die geval met sy Khoekhoen-voorsate, was die afgeleë noordwestelike deel van die land dus ook die toevlugsroete wat Koos Sas gekies het ná die moord op Botha: oor die Olifantsrivier, deur die droë en ongenaakbare Knersvlakte, in die rigting van die (toe nog) ongerepte en afgeleë groter Namakwaland. Die pad vanaf Montagu na Springbok is geensins ‘n maklike roete selfs vir die moderne reisiger nie, wat nog te sê vir ‘n “voëlvry-verklaarde” voortvlugtige wat ongesiens te voet die roete moes aandurf.

Die Knersvlakte, waardeur Sas moes vlug (en oorleef) om die Kamiesberge te bereik, word beskryf as: “barren, like a crust of moon dropped here along the coast, it’s Kalahari sands red,

red, like brick dust" (Jansen 1981:18). Die gebied word begrens deur die Hardeveld in die weste, Bokkeveldberge in die ooste, kliprante in die noorde en die Olifantsrivier in die suide. Dit blyk dat die naam verwys na die harde, waterlose landskap en is ‘n beskrywing van die ellende wat enige vroeëre reisiger se voorland was (Raper ea 2014: 254).

Volgens Berto Archer, sesde geslag van die Archer-familie wat op die plaas Pedroskloof in die Springbok-distrik boer, is die naam "Knersvlakte" afgelei van die geluide wat deur die osse gemaak is wanneer hulle in die verlede die swaar negosiewaens deur daardie deel van Namakwaland moes trek, en hulle op hul tande moes kners om die waens deur die sand gesleep te kry (B Archer 2021: onderhoud).

> "Over the next five years he [Koos Sas] drifted northwest out of the Little Karoo, across the Great Karoo and into Namakwaland, a meandering that covered more than a thousand kilometres of harsh, desolate semi-desert" (Nicol 2000:6).

Bogenoemde beskrywings van die ongenaakbare wêreld wat as die Knersvlakte bekend staan, is ‘n bewys van die desperate vlugtog wat Sas aangepak het. As hy gereken het dat hy veilig(er) sou wees deur so ver as moontlik van die Klein-Karoo af weg te vlug, soos baie van sy voorsate ook gedoen het (soos aan die begin van die hoofstuk asook onder 2.5 aangedui word), móés hy die Knersvlakte oorsteek. Dit sou redelik wees om te aanvaar dat hy by tye ‘n geleentheid op ‘n negosiewa kon kry. Wat egter uit die voorafgenoemde afgelei kan word, is dat Koos Sas moes besef het in watter groot moeilikheid hy was ná die moord op Boetatjie Botha – en dat, sou hy ooit aangekeer word, die waarskynlikheid baie goed was dat hy die doodstraf opgelê sou word.

In ‘n handgeskrewe manuskrip skryf die "gebore Namakwalander en versamelaar van stories", mev Du Plessis, dat Sas hom op ‘n slag in "Citrusdal se wêreld" bevind het. Sy noem ook verder dat Koos Sas daarna besluit het om in "Namakwaland se wêreld" te gaan skuil. "Hy steel, slag skape, plunder Jode-winkels na hartelus en toe op ‘n keer betrap hul hom vir ‘n klein oortreding. Hy beland in die tronk op Springbok, maar niemand sien hom vir Koos Sas aan nie. Hy gee ook ‘n vreemde naam en van op. Nadat Sas sy gevangenisstraf uitgedien het, word hy deur die polisie omgepraat om by die polisiestasie as staljong aan te bly. Die polisie het van hom gehou, want hy was pligsgetrou en baie deeglik in sy werk" (MMA Morris briefversameling: Du Plessis 1962). Behalwe vir die los werkies wat Sas in die dorp en distrik gedoen het, beweer een van die Steenkamp-pastoriekinders in later jare dat hy selfs as nutsman by die NG Kerk pastorie op Springbok gewerk het (MMA Morris briefversameling: Steenkamp & Branca 1978:135). Die *Worcester Advertiser* berig ook dat Koos Sas, nadat hy in Nieuwoudtville in die hof verskyn en daarna weer verdwyn het, "in Boesmanland rond gewerk het", en selfs later op Springbok by ‘n winkel werksaam was. Daarna, vanaf 23 Januarie 1922, het hy op die plaas Droëdap van mnr Dixon, sowat 8 myl (12,8 km) van Springbok af, werk gekry (1922a:2).

Tertius Archer, huidige eienaar van die plaas Pedroskloof in die Kamiesberge, vertel dat die boere in die Springbok-area vir Koos Sas omgegee het, aangesien hy handig en altyd behulpsaam was. So sou hy vir ‘n paar dae op ‘n boer se plaas oorbly en werk in ruil vir ietsie om te eet en te drink. Dan was hy weer vort, bo-op die Kamiesberge, en dan weer skoonveld. “Koos Sas kon nou gewees het wie en wat hy wou, maar hy moes ook maar eet en drink.” Archer vertel dat die Kamiesberge en omgewing goeie skuiling bied, aangesien daar orals fonteine met lopende water is en Sas by veewagters in die omgewing kos kon bedel. By tye was Sas vir weke lank weg – dan, uit die bloute, word hy weer nader aan die dorp gewaar. Maar die boere het nie andersins veel aandag aan hom gegee nie. “Wie sou dan ooit kon raai dat dit Koos Sas, die moordenaar, was? Koerante was hier nie, en ook nie juis draadlose nie. Buitendien: hier het hy bekend gestaan as die alte ordentlike ‘Koos van Wyk’. Ook hier op Pedroskloof, by my oorlede vader, het hy aangekom” (Strauss 2008:5).

Volgens James Stone sou dit vir Koos Sas alte maklik wees om “weg te raak” in die area rondom die Kamiesberge. Dit is ‘n groot gebied met min inwoners. Hy vergelyk die area met ‘n grappie van Jan Spies wat sou vertel dat daar baie bome in Namibië is – hulle staan net ver uitmekaar uit. So het Stone self al twee tot drie weke lank in die Kamiesberge gesoek na van sy beeste wat weggedwaal het. Volgens hom is daar genoeg water, as ‘n mens net weet waar om te kyk, asook genoeg skuilplekke, selfs grotte. Dit is (en was) nog altyd ‘n gewilde bestemming vir kriminele voortvlugtiges wat skrikbewinde in die gebied gevoer het – karakters soos Frans Waters (bekende plaaslike skaapdief) en Jan Pieriga (wat drie mense doodgeskiet het). Veral op die afgeleë plase was die inwoners weerloos en vreesbevange, en is die deure en vensters snags dig gesluit (Stone 2021: onderhoud). So vertel Berto Archer dat hulle as kinders op ‘n skuilplek op Lewerberg (‘n granietkop in die Kamiesberge waar Koos Sas later doodgeskiet is) afgekom het, snoesig uitgevoer met skaapvelle, met ‘n onbelemmerde uitsig so ver as Springbok en verder suid, in die rigting van Kamieskroon (B Archer 2021: onderhoud). Hierdie beskrywing van die skuilplek op Lewerberg toon verbasend baie ooreenkomste met dié wat vroeër in hierdie hoofstuk genoem is, naamlik dié wat in die Montagu-distrik opgemerk is en wat beweer word van Koos Sas se wegkruipplekke was; dit staan vandag steeds so bekend.

## 2.7 DIE DOOD VAN KOOS SAS

### 2.7.1 Berede polisie-inspeksies in afgeleë gebiede

Met die ontstaan van die Suid-Afrikaanse Polisiediens in 1913 was ‘n groot gedeelte van die polisiemag aangewese op perde en kamele vir vervoer. Veral laasgenoemde is gebruik in die woestyngebiede en semi-woestynareas, soos die Kalahari (Abbott & Van Zyl 2018:78). Die berugte Scotty Smith, wat by Leitlandspan in die Kalahari gewoon het, het op ‘n keer aan ‘n vriend

vertel van die waarde wat destyds geheg is aan die polisie wat inspeksies op die afgeleë plase gedoen het:

> "These official visits were greatly appreciated by the isolated farmers in those days, as the mounted constables on their rounds gathered in all the local gossip, family talk and scandals and carried these with them from farm to farm" (Metrovich 1970:171).

Ook in die Sederberge het die polisie 'n groot rol in die plaasgemeenskap gespeel. In 1910 was 'n polisieman selfs permanent op die plaas Kromriver gestasioneer, en sou sy pligte onder meer behels om elke dag van die omliggende plase te besoek. Met sy terugkeer sou hy dan 'n verslag opstel van al die probleme in die area. Daarby sou hy alle siektes aanmeld, en was hy selfs opgelei om mense met sifilis te ondersoek. Verder sou hy ook mense arresteer wat wilde boegoe sonder 'n permit in die berge geoes het (Nieuwoudt 2015:77). Joe Dauth vertel ook dat die polisie in die Williston-distrik die plase, wat in wyke ingedeel was, op hul roetinerondtes te perd besoek het (2001:103).

In Namakwaland en omliggende gebiede het die polisie sedert die vroeë twintigste eeu uitsluitlik van perde gebruik gemaak. Dit was steeds die geval in 1922 toe dit 'n algemene gesig was dat berede polisie wat op van die afgeleë plase sou opdaag, vriendelik ingenooi is vir 'n koppie koffie, en dat daarna belangrike aangeleenthede bespreek sou word. Behalwe vir hul amptelike pligte was die lede van die polisiemag verder ook die boodskappers van nuus uit die kontrei, aangesien hulle altyd op hoogte was van gebeure van die dag. Verder het hulle die boere bygestaan met advies waar en indien nodig. Hulle het selfs gehelp met die diere, aangesien hulle oor 'n uitgebreide kennis van dieresiektes beskik het. Gevolglik is al die plase in die distrikte gereeld besoek, en was die polisie meestal op hoogte van sake (Engelbrecht 1997:2).

### 2.7.2 Koos Sas word doodgeskiet

Vervolgens 'n beskrywing van die gebeure op die dag van Koos Sas se dood deur die man wat hom doodgeskiet het, konstabel Jurie Dreyer, soos vertel aan sy seun:

> ***DIE DOOD VAN KOOS SAS IN PERSPEKTIEF***
>
> *deur Jurie Dreyer jr.*
>
> *Graag wil ek die verhaal vertel van die dood van Koos Sas soos vertel deur my oorlede vader, konstabel Jurie Dreyer.*
>
> *Vergun my om 'n kort beskrywing van hom voor te behou. Hy was gebore op 14 Desember 1891 te Garies. Hy het groot geword op die plaas Bokseputs. Hy het die slag van Delvillebos oorleef en het met sy terugkeer by die Polisie aangesluit. Hy was dus 30 jaar oud met die dood van Koos Sas, die berugte rower, skaapdief en moordenaar. Hy is*

*oorlede op 29 Junie 1970 te Alheit in die distrik van Kakamas. Hy was 'n sagmoedige mens, ek het hom nooit kwaad gesien, hy was 'n legende in Namakwaland, so sorg mense dat sy nagedagtenis voortleef, hetsy kwaadwilliglik of goed bedoel.*

*Ek beskou hom as 'n baie eerbare, intelligente mens, wat oor 'n arsenaal kennis beskik het, hy was 'n mineraal-kenner en het ook geprospekteer. In Namakwaland was hy die een wie briewe moes skryf aan die parlement om boere se griewe te lug. Meneer Johny Studer, eertydse senator in die parlement het getuig dat hy my vader Engels leer lees en skryf het in slegs een week, hierna het hy aangesluit by die polisie.*

*Die storie, soos vertel deur homself:*

*Op 8 Februarie 1922 was ek gestasioneer in Springbok en was gestuur op 'n roetine perde-patrollie na die omliggende plase. Die doel van hierdie patrollies was om afgeleë plase te besoek, en klagtes aan te hoor. Tydens hierdie patrollie het ek aan gedoen by die plaas Droeëdap, die plaas van oom Willie Dixon. Ek het oom Willie gevind buite sy woning, naby 'n waenhuis, waar hy besig was om by die blaasbalk te werk.*

*Ek het begin navraag doen hoe dit gaan en of daar enige klagtes was. Dit was gebruik dat die boere ons patrollie-verslag moes teken as bewys dat ons daar was. Tydens die proses wat ek die verslag uit my uniformsak haal, het 'n foto van Koos Sas uitgeval en op die grond beland. Ek het gebuk en die foto opgetel. Oom Willie het aan my gevra of dit 'n foto van 'n nooi was. Ek het oom Willie vertel dat dit nie 'n foto van 'n nooi was nie, maar wel die foto van 'n moordenaar, Koos Sas, wie deur die polisie gesoek word vir die moord op Boetatjie Botha. Oom Willie het aan my 'n versoek gerig om die foto aan hom te gee om daarna te kyk. Ek het die foto oorhandig aan hom, hy het dadelik aan my gesê dat dié man by hom werk en in die waenhuis was. Oom Willie het aan my gesê dat die man onder die naam "Barend van Rooi" by hom in diens was.*

*Ek was ongewapen en oom Willie het voorgestel dat hy Sas laat roep en vra dat hy 'n emmer water uit die put moes skep, sodoende kon ek die geleentheid kry om hom te arresteer. Ons het baie naby die put gestaan (graag wil ek meld dat die put vandag nog bestaan en bekendstaan as "die put van Koos Sas"). Koos Sas was laat roep deur 'n medewerker. Koos het na die put aangestap gekom met twee emmers, toe hy my gewaar het hy die emmers neergegooi en weg gehardloop. Sas het oor 'n kampdraad gespring en het in die rigting van nabygeleë berge laat spaander. Ek het Koos Sas dadelik herken as die man op die foto. Ek het my polisieperd bloots bestyg en Koos agterna gesit, oom Willie het 'n geweer in my hand gedruk. Ek het gejaag na 'n nabygeleë hek, om daardeur te gaan. Die polisieperd was nie geleer om oor drade te spring nie. Die betrokke hek was ongeveer 'n halwe myl vanaf die plek waar Koos oor die draad gespring het. Toe ek by die hek deurgaan, het ek gesien Koos hardloop na die voet van die berg.*

*Ek het die perd so hard as moontlik laat hardloop om Koos in te haal voor hy te hoog in die berg in was, maar heel laas het hy die wedren gewen en moes ek noodgedwonge van my perd afklim, die dier kon nie verder in die ruwe terrein ingaan nie. Ek het die geweer van oom Willie saam met my geneem en te voet verder agter Koos Sas aan gehardloop. Dit was op die middag en baie warm, ek het gou besef dat Sas veld wen teen my. Nieteenstaande dit, het ek hom agervolg in die berge in vir ongeveer sewe myl. Op ‘n stadium het ek gesien dat Koos Sas by ‘n poel in die berg op sy maag lê en water drink. Koos Sas het in die water geurineer en aan my geskree: “Toe witman, kom drink my pis.” Op daardie stadium was ons beide al baie moeg en het begin stap. Koos het my loop en tart en gesê: “Kom vang my as jy kan.” Hy het in my rigting gespuug. Ek en Koos is verder die berge in, einde te laaste het ek gesien dat ek Koos nooit sal inhaal nie, hy het hom nooit aan my versoeke gesteur om te staan nie, en het telkens aan my geskree om hom in te hardloop en te vang.*

*Koos het teen ‘n skuins klipplaat afgesak na ‘n leegte, toe net sy bolyf sigbaar was, het ek aangelê en die sneller getrek, ek was ongeveer 300 tree van hom af, ek het gesien dat hy struikel en uit my gesigsveld verdwyn. Ek het dadelik geweet dat ek hom getref het en het weer begin hardloop, na ek by die skuins klipplaat kom, het ek gesien Koos stap verder aan. Ek het gemerk dat daar baie bloed aan sy klere was. Ek het hom gevolg, hy het ‘n sandsloot ingegaan en daar geval. Met my aankoms by hom het ek gesien dat ek hom agter sy regterblad getref het en dat die patroon voor by sy maag uitgekom het. Hy het baie bloed verloor.*

*Koos het nog gelewe en ek het hom my waterbottel aangebied, Koos het die waterbottel by my geneem en dit omgekeer en die water laat uitloop. Sas het aan my gesê dat ek die water in my gat moes steek, hy suip nie die water van ‘n witman nie. Koos wou my nie naby hom toelaat nie en het weg gekruip vanaf my as ek hom hulp wou aanbied. Hy het daar gesterf en ek is terug na die plaas om hulp te kry.*

*Die destydse distriksgeneesheer, Dr Cowan, was ontbied, hy het Koos daar kom ondersoek en dood verklaar. Dr WP Steenkamp en sy seun het ook na die toneel gekom waar foto’s van Koos Sas se liggaam geneem is. Ons het Koos se liggaam daar begrawe waar hy geval het. Die graf was ongeveer twee myl vanaf die plaasopstal, tussen die berge.*

*Graag wil ek verder vermeld dat my oorlede vader nooit te koop geloop het dat hy Koos Sas gedood het nie. Ek het die indruk gekry dat hy sleg gevoel het oor die feit dat hy ‘n lewe geneem het. Ons het hom baie versoek om ons van die gebeure te vertel, hy het telkens geweier om daaroor te praat. Die verhaal soos dit hier vasgelê is, het hy vertel aan ‘n niggie van ons, Tosca Dreyer, wie ‘n verslaggeefster was vir ‘n plaaslike koerant.*

*Ek het as elf-jarige die eerste keer die verhaal uit sy mond gehoor daardie dag, na Tosca hom gesoebat het om die verhaal te vertel. Dit was dan ook gepubliseer in die destydse Gordonia-nuus onder die opskrif "Wie het Koos Sas dood geskiet" (Moontlike publikasie het geskied in Desember 1960 of Desember 1961).*

*My oorlede vader het nooit jag gemaak op Koos Sas nie, hy het hom slegs eenmaal agtervolg, dit was die dag op Droeëdap. Koos kon bly leef het as hy homself oorgegee het aan die gereg, hy het egter verkies om te vlug. Ek hoop die ware verhaal van Droeëdap sal meer perspektief op die gebeure plaas en dat oningeligtes versigtiger sal wees met beskrywings van die gebeure waarvan hul geen kennis dra nie.*

*Hierdie storie dra ek op aan die nagedagtenis van 'n wonderlike vader, Jurgens Johannes Dreyer. Mag die ware gebeure, mense eerder inspireer om nooit misdade te pleeg nie, kom ons almal besef dat lewens kosbaar is. Dat nie een mens die reg het om 'n ander kwaadwilliglik te dood nie, dat alle dinge wat in die lewe gebeur met 'n mens, hy self verantwoordelik is vir dit wat oor jou kom. Laat ons bou aan 'n misdaadvrye Suid-Afrika, ons mekaar met respek sal behandel en nie mense kwaadwilliglik belaster nie.*

*Geteken: Jurie Dreyer, Februarie 2008* (MMA Van Bart briefversameling: Dreyer 2008)

Om Jurie Dreyer se weergawe van die gebeure (wat eers baie jare later opgeteken is) te vergelyk met 'n meer tydgenootlike beriggewing, vervolgens die artikel wat twee dae ná Sas se dood in die *Worcester Advertiser* verskyn het:

*Hoe Koos Sas doodgeskiet is*

*Koos Sas, moordenaar van die seun van ds. Botha, predikant van Stellenbosch, en Moderator van ons kerk, het uiteindelik geboet vir sy misdaad, hoewel vyf jaar daarna verlope is. Vanmôre is hy op die plaas, Droodaap, van mnr. Willie Dixon, 8 myl van Springbok af, doodgeskiet deur Jurie Dreyer, van die poliesiemag alhier. Dit blyk dat hy 'n tyd gelede op Nieuwoudtville voor die hof was onder die naam "Koos van Wyk" en onder borgtog losgelaat is en natuurlik verdwyn het daarna. Toe het hy in Boesmanland rond gewerk en uiteindelik hier op Springbok gewerk by 'n winkel, en van die 23ste Januarie af by mnr. Dixon op Droodaap.*

*Sy in-die-hande-kom was 'n blote toeval. Twee rydende poliesie kom by mnr. Dixon op die plaas waar Koos Sas aan werk was om 'n koevoet skerp te maak vir 'n boor in 'n put. Toe die poliesie mnr. Dixon vra om die "patroelje-lys" te teken, sien die oubaas daaraan geheg die portret van Koos Sas. In 'n grap vra die oubaas: "En watter modeplate dra julle poliesie dan rond?" Die poliesie lê toe uit dat dit 'n portret van die vermiste moordenaar, Koos Sas, was. Die oubaas word nuuskierig, sit sy bril op en bekyk die portret en se: "Loop kyk daardie jong by die stal". Hulle loop en staan en vergelyk die merke aan hom*

*met die beskrywing in die sinjalement en hy staan hulle so koel en antwoord dat hulle geen suspisie kon kry nie.*

*Die oubaas sê toe aan 'n ander jong: "Loop haal gou 'n emmer water om die warm-gemaakte koevoet in te steek" en hy (Sas) gryp die emmer uit die ander jong se hand en sê: "Ek sal gou loop, oubaas". En toe die poliesie weer gewaar, toe hardloop hy die berg in. Hulle agtervolg hom met hulle perde, maar kon in die klippe niks doen nie, en hy staan en kyk hulle so en sê: "Waar is nou julle bleddie perde? Sê groetnis vir my oubaas, goodbye. Julle moet aanstoot, ek gaan 'n entjie verder."*

*Die poliesie rapporteer dit en vanmôre was daar 'n stuk of 8 poliesie op sy spoor. Die plaas is omring van berge en hy wou nie die spat totaal neem nie, want hy het 'n mooi pak snyersklere en 3 snyersbroeke by die huis, en een netjiese skeeraparaat. Hy was 'n fyn Hotnot op sy lyf, en ydelheid het hom belet om te ver die spat te neem; hy wou blykbaar sy kans afkyk om sy klere te kry.*

*Vanmôre (8 Feb) terwyl die poliesie en boere op sy spoor was in 'n ruwe gebergte, sien Jurie Dreyer, 'n gebore Namakwalander, dus bekend met elke bos en klip, hom. Skree hom om te staan, maar hy hardloop en net toe hy oor 'n klip gaan, skiet Dreyer hom agter die linkerblad in en op die regterbors uit. Hy het nog ruim 30 tree berg-af vinnig gehardloop en toe doodgeval.*

*Die magistraat en dokter en ek het gaan skouing doen. Hy is tot in die fynste besonderhede geïndentifiseer. Willempie Steenkamp het die lyk gefotografeer en toe is 'n gat gemaak en in die gat is hy ook gefotografeer om aan ds. Botha te stuur. Daar was blykbaar toorn en verontwaardiging te sien selfs op die gesigte van die volk wat daarby was. Dit was 'n groot voldoening om eindelik gestraf te sien die koelbloedige moordenaar, oor 'n paar sjielings, van die seun van ons geliefde en geëerde ds. Botha. En tog het meer as een bystander die aanmerking laat val: "Dis jammer dat hy nie meer kon gely het vir sy daad en dus liewer gevang en gehang gewees het nie."*

*Mog ds. en mevr. Botha die voldoening smaak dat die verbryselaar van hulle ouerharte se bloed gestroom het op Namakwaland se berge, want so ver as wat hy gehardloop het, was dit een bloedstreep* (*Worcester Advertiser* 24/02/1922:2).

Hierdie studie het gevind dat daar verskeie weergawes bestaan oor wat dié dag met die dood van Sas op Droëdap gebeur het. Dit is van belang en word in ag geneem, omdat dit van toepassing is op die kern van die ondersoek, naamlik die invloede wat betrekking het op die nalatenskap van Koos Sas. Dit is verder belangrik om te onthou dat die onderwerp en gebeure daaromtrent wat tot hierdie studie aanleiding gegee het, meer as 'n eeu gelede afgespeel het. Gedurende hierdie tyd is heelwat besonderhede oor die dag van Koos Sas se skietdood mondelings oorgedra, wat uit die aard van die saak tot gevolg sou hê dat daar verskille in die

vertellinge voorkom. Ten einde die narratief oor Koos Sas deurentyd binne konteks te hou, word die voorafgaande twee beriggewings dus aangevul met die volgende paar uittreksels wat in die rekords opgeteken is.

## 2.8 ANDER WEERGAWES VAN SAS SE DOOD

### 2.8.1 MMG Dixon brief aan E Hofmeyr

In ‘n brief, gedateer 24 Maart 1988, gerig aan die voorsitter van die Montagu Museum, mev E Hofmeyr, skryf mev MMG Dixon dat sy by haar laaste oorlewende oom (wat toe ook al intussen oorlede is) en wat ten tyde van die skietery op die plaas was, “inligting gaan kry het”. Sy skryf dat sy nog weet waar die presiese plek is waar Sas doodgeskiet is, en dat sy bereid sou wees om enigeen te gaan wys wat belangstel. Sy noem verder dat op die plaas ‘n droë put is wat tot toe nog die naam van Koos Sas gedra het, omdat hy die put help grawe het. Sy skryf dat Koos Sas, alias Barend van Rooy, op die plaas by haar oupa, Willie Dixon, kom werk het vanaf Desember 1921. Sy beskryf Sas as ‘n flukse werksman wat altyd baie netjies op homself was. Op 6 Februarie 1922 het twee berede polisiemanne op die plaas opgedaag. Toe Willie Dixon vir Sas op die polisiefoto herken, vertel hy aan die sersant dat dit dieselfde man is wat by die blaasbalk werk. Toe die polisieman vir Koos sê: “Jy is mos Koos Sas”, antwoord hy: “Nee, my naam is Barend van Rooy.” Sas moes agterdogtig geraak het, want hy vlug nietemin hierna die berge in. Die polisie sit hom agterna, “maar die polisieperde was vet en pragtig versorg en was nie opgewasse teen die steil berge nie”. Hulle moes dus die stryd gewonne gee en eers gaan hulp soek. Dieselfde aand keer die polisie terug met versterkings en versteek hulself, asook die perde. Koos Sas het egter daarin geslaag om hulle te ontwyk en kom haal die aand sy besittings. “Hy het al op die bossies getrap sodat sy spore nie sigbaar moet wees nie.” Met ligdag het die soektog weer begin en toe Koos Sas oor ‘n plat klip hardloop, sien die polisie hom, en konstabel Dreyer roep: “Halt of ek skiet!” Dit was ‘n raakskoot en Koos val dood neer. Daarna is ‘n lykskouing gehou en hy is later begrawe op die plek waar hy geskiet is (MMA Dixon 1988).

### 2.8.2 MMG Dixon brief aan M van Bart

In 2008 skryf dieselfde mev Dixon aan Martiens van Bart dat Koos Sas (alias Barend van Rooy) in Desember 1921 by haar oupa Willie Dixon op die plaas Droëdap kom aanklop het vir werk. Koos wou skynbaar nie by die ander werknemers bly nie, en het gevolglik in die meulhuis, wat naby die woonhuis was, sy intrek geneem.

Die plaas is deur ‘n konstabel op sy gebruiklike maandelikse patrollies besoek, aangesien daar baie veediefstal in daardie tyd was. Koos is deur die polisieman herken, en hy vlug daarna die berge in. Die konstabel is terug Springbok toe om hulp te gaan kry. Die mense op die plaas het

vermoed dat Sas die aand sy besittings in die meulhuis sou kom haal, wat hy dan toe ook ongesiens deur die loop van die aand doen. Hierna vlug hy weer die berge in. Sas word die volgende dag, 6 Februarie 1922, teen die hange van Armmanshoek (‘n berg op die plaas) doodgeskiet toe hy nie wou stilstaan toe die konstabel “Halt!” roep nie. Hy is by die voet van die berg begrawe.

Mev Dixon noem weer eens van die put op die plaas wat na Koos Sas vernoem is, maar voeg hierdie slag by dat die put deur Sas en een van die “plaasseuns” gegrawe is. Die gebeure was egter baie traumaties vir die Dixon-familie, veral vir haar skoonmoeder, wat sewe maande swanger was ten tyde van die skietdood van Sas. “Aan die een kant die tragiese dood van een van die plaaswerkers, aan die anderkant die wete dat ‘n koelbloedige moordenaar en dief snags ‘n paar meter vanaf die plaashuis geslaap het” (MMA Van Bart briefversameling: Dixon 2008).

### 2.8.3 Mev Du Plessis se weergawe

Mev Du Plessis beaam dat Sas die emmer gegryp het om die water mee te gaan skep, maar dat hy, tot almal se verbasing, die volgende oomblik op die “oorkantste wal van die sloot” verskyn het en toe in die rigting van die berg begin hardloop het. Sy vertel verder: “Die polisie spring op hul pêrde en jaag hom agterna. Ongelukkig was die berg te naby en voordat hul hom inhaal, is hy die digte bosse en klippe in. Hy skree toe – ‘As jul my wil vang, moet julle gou maak, want ek wil vanaand nog ver gaan slaap!’ Die anderdag môre het die soektog vanaf die plaas Droëdap begin. Die polisie was van mening dat Koos nou glad nie meer naby Droëdap was nie. Hy het hul mos gister gesê dat hy nog ver wil gaan. Toe hulle op vertrek staan om die skelm ‘n hele end verder van die plaas af te gaan soek, was daar ‘n jong polisieman wat nie met sy makkers saamgestem het nie. Die man was Jurie Dreyer, ‘n gebore Namakwalander, bekend met die omgewing en met elke bos en klip in die berg van Droëdap waar Koos Sas hom kan skuil. Op Jurie se versoek, word hy toegelaat om die berg van hoek tot kant te fynkam. Waarom hy gewapen was met ‘n ou Lee Metford geweer en twee patrone in plaas van ‘n rewolwer, kan ek nie meer onthou nie. Nadat hy die hele dag gesoek het, kom hy die namiddag by ‘n lang ry dik bosse. Hy stap so langs die ry bosse, hoor ‘n takkie kraak. Koos Sas het hom toe lankal gewaar. Jurie gaan op sy eie spoor terug daar hy vermoed dat hy Koos Sas by die end van die bosse teë sou kom. Die sluwe booswig wat merk dat Jurie van sy beweging weet, spring vinnig om. Terwyl hy voortvlugtend was oor ‘n platklip, skree Jurie – ‘Staan! staan, of ek skiet!’, al wat staan is Koos Sas. Jurie skiet en dit was ‘n doodskiet. Die koeël het hom agter die linkerblad getref en is onder die regterbors uit” (MMA Morris briefversameling 1962).

### 2.8.4 M. Oosthuizen se weergawe

Oosthuizen skryf ook dat Dreyer vir Sas herken het, Sas vlug die berge in, maar keer dieselfde aand terug om sy besittings te kry. Dreyer keer egter vir Sas vas en beveel hom om oor te gee, waarna Sas hard uitroep: “Julle sal nog baie brood moet vreet voor julle my vang!” Sas word daarna deur Dreyer doodgeskiet (2008:6). Hierdie klaarblyklik astrante uitlatings van Sas, soos hierbo uitgewys, toon baie sterk ooreenkomste met die voorval by die Kingnarivier by Montagu (soos genoem in 2.3.2) waar Sas vir bewaarder Rowe geskreeu het: “Kyk vir oulaas hoe lyk ek, ek groet jou, ha, ha, ha … !”

### 2.8.5 Steenkamp kleinkinders se weergawe

“Although stories about this almost legendary character (Koos Sas) are many and varied, especially with regard to his death, I can provide the facts of his recapture as I was literally in on the kill” (MMA Morris brieweversameling 1978). Branca en Steenkamp (jr) (beide kleinkinders van dr WP Steenkamp) vertel verder dat Koos Sas, voordat hy op Droëdap as arbeider werk gekry het, eers vir ‘n tydperk by die pastorie as nutsman werksaam was. Op die plaas, nadat die polisiepatrollie opgedaag het, het die polisieman na die man wat die perd se leisels neem, gekyk en gevra: “Maar is jy nie Koos Sas nie?” Hierop vlug Sas die berg in, waarna hy deur ‘n polisiekordon vasgekeer en gevra word om homself oor te gee. Sas skel op die polisie, en soos hy van ‘n rots afspring, word ‘n skoot geskiet, wat bedoel was om hom in die been te wond (“so it was said”), maar hy word in die bors getref “and he expired” (MMA Morris briefversameling 1978).

### 2.8.6 L Dixon se weergawe

Volgens Louis Dixon het Koos Sas vir ‘n kort tydperk op sy oupa se plaas gewerk. Hy was gewild, aangesien hy behulpsaam en vriendelik was. Sy oupa het ook ‘n perdemeul op die plaas gehad, en op dié spesifieke dag was Sas besig om ‘n vat skoon te maak. Terwyl die meeste bronne verwys na Jurie Dreyer wat op die plaas op patrollie opgedaag het, glo Dixon weer dat dit ‘n onbekende (Engelse) polisieman was. Volgens hom was sy oupa “hoogs Engels” en kon hy beswaarlik ‘n woord Afrikaans praat of selfs verstaan. Daar is aan hom vertel dat Sas Engels kon verstaan, en hy sou dus kon verstaan wat die boer en geregsdienaar oor hom praat, en dat dit die rede is waarom hy skielik besluit het om die hasepad te kies. Die polisieman het hom agterna gesit, maar Sas was vinnig buite sig. Dit was ook al te laat die middag om die soektog voort te sit.

‘n Polisiemag van omtrent sewentien geregsdienaars het twee of drie dae later na die plaas teruggekeer. Louis Dixon vertel dat hy by sy vader gehoor het dat Jurie Dreyer ‘n “lucky shot” ingekry het toe Koos Sas geskiet is, aangesien hy vir Sas van ver gewaar het, en besluit het om ‘n kans te waag. Die Martini-Henry-geweer waarmee hy Sas geskiet het, het Dreyer dié dag

geleen by Louis Dixon se oom, Adriaan Alletus Albertus (At) Dixon, 34 jaar oud in 1922, wat op die plaas was die dag toe Sas geskiet is (Dixon 2021: telefoongesprek). Mev E Scheepers van die ouetehuis in Springbok noem ook tydens 'n onderhoud wat met haar gevoer is oor haar herinneringe aan die dag toe Sas doodgeskiet is, dat dit sewentien polisiemanne was wat na die plaas teruggekeer het om na Sas te soek (Scheepers 2021: onderhoud).

Ook Louis se vader, John Thomas, jongste van die Dixon-kinders, was die dag van Sas se dood op die plaas. Hy het later vertel dat hy nog kan onthou toe die skoot geklap het, maar hulle vader het beveel dat hulle nie saam die berg mag opgaan nie, aangesien dit "polisiebesigheid" was. Volgens Louis Dixon is dit moontlik, maar tog heel onwaarskynlik dat dieselfde persoon (Jurie Dreyer) aanvanklik op die plaas opdaag tydens die patrollie, en indien daar 'n addisionele polisiemag eers die volgende dag (of 'n paar dae later) opgedaag het, dit dan ook dieselfde polisieman (Jurie Dreyer) is wat die doodskoot afgetrek het (Dixon 2021: telefoongesprek).

### 2.8.7 T Archer se weergawe

Tertius Archer vertel ook dat daar "daai tyd" nog iets bestaan het soos 'n "gentlemen's agreement" – voordat jy 'n voortvlugtige mog skiet, moes jy eers drie keer roep: "Halt, of ek skiet, halt of ek skiet … halt of ek skiet! Volgens oorlewering het Jurie Dreyer net geskree: 'Drie maal halt of ek skiet!' En die volgende oomblik toe klap daai skoot!" (T Archer 2021: onderhoud).

Hierdie verskillende mondelinge weergawes van die gebeure op die plaas Droëdap in 1922 getuig van die onontbeerlike rol van die nie-tasbare kultuurgoedere om die beeld van 'n era of gebeurtenis in kultuurgeskiedskrywing volledig te maak. In hierdie opsig sluit dit aan by die AB-as van die Burden-model, maar omdat dit volksvertellings is en nie nagevorste materiaal uit 'n patrisiërpen nie, sluit dit ook aan by die CD-as wat onderskeid maak tussen patrisiër- en volksprodukte (Burden 2000:19-25).

## 2.9 BEWYSE WAT SAS MET DIE MOORD OP BOTHA IN 1917 VERBIND

Uit die beskikbare bronne soos hierbo uiteengesit en nieteenstaande die feit dat daar verskillende weergawes van die gebeure bestaan, kan daar met redelike sekerheid aanvaar word dat Koos Sas op veertigjarige ouderdom op Sondag, 8 Februarie 1922, op die plaas Droëdap deur konstabel Jurie Dreyer doodgeskiet is.

Volgens Van Bart was daar geen twyfel oor die voortvlugtige moordenaar se identiteit nie. Hy voer aan dat die baadjie wat Sas ten tye van sy dood aangehad het die naam van Daniel Botha, sowel as die vervaardigers, De Wet Broers, binne-in vertoon het (2008:14). Dit is egter sterk te betwyfel, aangesien hierdie klere (soos bespreek in 2.4.4) vyf jaar vantevore as bewysstukke in die hof gedien het en dus nie meer in Sas se besit kon gewees het ten tye van sy dood nie. Wat

egter wel ‘n onomstootlike bewys van sy identiteit was, was die tatoeëermerke wat volgens die *Worcester Advertiser* se berig duidelik sigbaar was: “tattoo merke staan oer een met die wat hij had” (10/02/1922). Die tatoeëermerke is heel moontlik aangebring terwyl Sas tronkstraf in ‘n groter tronk, die George-gevangenis, uitgedien het. Dit is trouens steeds die patroon dat misdadigers tydens hul tronkstraf tatoeëermerke laat aanbring. Kyk na die lys van Sas se tatoeëermerke in afdeling 2.4.4.



***Figuur 2.9:*** *Die ruïnes van die plaasopstal op Droëdap met Lewerkop, waar Koos Sas doodgeskiet is, op die agtergrond (Foto: E Badenhorst)*

## 2.10 DOMINEE DOKTER WP STEENKAMP

Daar is reeds vooraf verwys na dominee Steenkamp. Die rol wat Willem Petrus (WP) Steenkamp gespeel het in die tema waarop hierdie studie fokus en die gevolge van sy dade in hierdie verband kan nie oorbeklemtoon word nie. Deur sy betrokkenheid by die Sas-narratief is die nalatenskap van Sas as ’t ware ‘n “tweede lewe” gegun – ná sy skietdood in 1922. Om hierdie redes is dit van belang om ‘n kort agtergrond van WP Steenkamp te skets.

### 2.10.1 Steenkamp se invloed in Namakwaland

Ds WP Steenkamp is op 10 Desember 1905 as die leraar van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente in Ermelo (sy eerste gemeente) bevestig. Gedurende hierdie tyd ontvang hy demissie vir verdere studie in Europa, waar hy in teologie promoveer aan die Vrije Universiteit in Amsterdam op 29 April 1910. In die proses maak hy geskiedenis deurdat hy die eerste teologiese proefskrif in Afrikaans indien, met die titel: “Die Agnostisisme van Herbert Spencer”. Terug in Suid-Afrika ontvang hy ‘n beroep na Nieuwoudtville. Hier slaag hy daarin om die gemeente se reuseskuld “binne ‘n kort tydjie uit te wis”. In 1913 kondig hy aan dat hy die bediening wil neerlê om in Ierland medies te gaan studeer, maar die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog verhinder dat hierdie droom bewaarheid word. Gedurende die volgende paar jaar raak ds Steenkamp intens

by die politiek betrokke, en in 1916 dien hy op die eerste “Centraal Komitee” van die pasgestigte Nasionale Party van Kaapland. Kort voor dit is hy ook betrokke by die Rebellie (1914-1915) en word hy vir bykans ‘n jaar in die Johannesburgse Fort as rebel aangehou (Van der Merwe 2000:43).

Steenkamp word op die naweek van 24 tot 26 Januarie 1919 in die Springbok-gemeente bevestig. Die gebeurtenis word soos volg beskryf: “Dit was ‘n blye dag vir Namakwaland en sy mense, want hierdie kerk- en volksman trap ongelooflike spore vanweë sy kragtige persoonlikheid, welsprekendheid en talent om te organiseer” (Van der Merwe 2000:42). Met die koms van Steenkamp na Springbok was dié dorpie bekend as “die weeskind van die Noordweste”. Vir die volgende paar jaar het die nuwe leraar egter die werk gedoen wat gewoonlik deur vyf predikante behartig word – meestal op die rug van sy perd. Steenkamp het geglo “that a horse-going minister makes for a church-going congregation, he spent more time on horseback than at home” (Van Zyl 1956:764). Ná agt jaar se harde werk het hy twee kerke laat bou, sowel as die fondasies uitgelê van ‘n nuwe dorp, Kamieskroon. Alhoewel die kerkraad aanbeveel het dat die nuwe dorpie “Steenkampville” heet, het die leraar beskeie die eer van die hand gewys. Verder was hy onder meer verantwoordelik vir ‘n netwerk skole en koshuise in die area (Van Zyl 1956:764).

“Op kerklike en maatskaplike gebied verwerf dr WP Steenkamp legendariese status en word onthou as onvermoeide pleitbesorger en kampvegter vir die hele Namakwaland en Noordweste. Hy is die stukrag agter groot besproeiingsdamme by Clanwilliam en Vioolsdrift en onderneem verskeie reise na Amerika, Europa en die Midde-Ooste om met die nuwe kennis boerderytoestande in Suid-Afrika te verbeter. Hy organiseer een van die eerste groot landbouskoue in die Noordweste en tree self as beoordelaar op. Daar is dikwels na hom verwys as die ‘ongekroonde koning’, of hy is die ‘profeet’ van die Noord-weste genoem” (Van der Merwe 2000:45). Van der Merwe gee ‘n deeglike en insiggewende beskrywing van Steenkamp (sy ywer, werksvermoë en invloed in Namakwaland) in sy boek oor die NG Gemeente van Springbok.

Gedurende die 1920’s het Steenkamp met groot sukses verskeie welvarendes versoek om ruim skenkings aan die Universiteit van Stellenbosch (£21 000) sowel as die Kaapstadse Volkshospitaal (£5 000) te maak. Vandag nog bestaan daar ‘n dr WP Steenkamp-studiebeurs vir behoeftige studente wat aan die Universiteit van Stellenbosch studeer. Dr Steenkamp was getroud met Antoinetta (Van Bart spel dit “Antonetta”) Catharina Susanna Erlank van Colesberg, ‘n hoogs begaafde vrou wat haar op musiek, die literatuur en maatskaplike werk, veral onder die bruin bevolking van Namakwaland, toegespits het (Van Bart 2008:14).



***Figuur 2.10:*** *Dr WP Steenkamp voor die halfvoltooide kerkgebou op Springbok (Van der Merwe 2000:47)*

In 1924 verlaat ds Steenkamp en sy seun (ook WP Steenkamp) Namakwaland om geneeskunde aan die Universiteit van Louisville, Kentucky, in die VSA te gaan studeer. Hierna sit hulle hul studies voort aan verskeie inrigtings in Europa. In 1928 promoveer albei aan die Universiteit van Leiden – die eerste maal in die universiteit se driehonderdjarige bestaan dat 'n vader en seun tegelyk as mediese dokters promoveer. Hulle vestig hul hierna in Kaapstad waar hulle vir lank saam 'n mediese praktyk behartig onder die naam "Dr WP Steenkamp Sr en dr Willem P Steenkamp Jr" in die Liberal Life Building in Burgstraat, Kaapstad. WP Steenkamp verteenwoordig verder Calvinia in die Volksraad as senator ná die 1938 algemene verkiesing (Van der Merwe 2000:44).

### 2.10.2 Die armblankevraagstuk

Soos later in hierdie hoofstuk sal blyk, was die armblankevraagstuk (veral wat die kinders betref) 'n kwessie wat ds WP Steenkamp (asook sy gade) na aan die hart gelê het. Vervolgens dus 'n agtergrondsketს van wat dié sosiaal-politieke probleem behels het.

Die term "armblanke" het sy oorsprong in die 1870's in die Amerikaanse Suide gekry. Teen die einde van die Amerikaanse Burgeroorlog was daar 'n paar miljoen brandarm blankes in hierdie gebied, wat net so brandarm as die gewese slawe was. Mense in die heersersklas het die rede dat hierdie groep nie meer suksesvol kon boer nie, toegeskryf aan 'n gebrek aan "ambisie" (Giliomee 2004:267).

Hierdie situasie is voorafgegaan deur kommer van Europese politici, kerkleiers en imperiale amptenare wat besorg geraak het oor die toename van wit armes in Europese kolonies. Die gevolg hiervan was dat Europese eksklusiwiteit en meerderwaardigheid nóg sterker as in die verlede beklemtoon is, en pogings is aangewend om die omstandighede van wit armes op te hef. In 1893 reeds het 'n groep NGK-predikante in 'n manifes gewaarsku dat blankes met net tradisionele elementêre onderwys gedoem was om "houthakkers en waterdraers" te word, of bediendes van die voortdurende stroom Europese immigrante. Op hierdie stadium het die NG Kerk op groot skaal betrokke geraak by die teenwerking van armoede onder die Afrikaners (Giliomee 2004:268,270).

Die teenwoordigheid van armoede onder wit mense is verder gesien as 'n skande en in teenstelling met die waardestelsels van die dominante Christelike geloof. "It was also a source of discomfort and distaste to the middle classes whenever physical proximity was unavoidable and above all it was perceived as a 'weak link' which enfeebled the white population and threatened its perceived mission as a civilizing agent" (Tayler 1992:40).

"Tydens die eerste twee dekades van die twintigste eeu het die 'armblanke-probleem' egter só 'n omvang aangeneem dat dit die uitslag van nasionale verkiesings beïnvloed het" (Bottomley 2012:13). Die voorspraakmakers vir wit oorheersing het mettertyd tot die gevolgtrekking gekom dat die swart meerderheid slegs deur 'n verenigde blanke groep gedomineer kon word. "Die bestaan van 'n klas van ongeskoolde en verarmde wit mense, wie se lojaliteit altyd onseker was, het in die pad van so 'n konsolidasie gestaan … en dus het die arm wittes 'n probleem geword wat opgelos moes word" (Bottomley 2012:44).

Vroeg in die 1890's het die NG Kerk 'n ambagskool vir die kinders van armblankes in Kaapstad opgerig. Die kerk het daarna op groot skaal tot die bestryding van armoede onder die Afrikaners toegetree. In die volgende paar dekades is arbeidskolonies by Kakamas en ander landelike nedersettings gestig om opleiding aan 800 arm Afrikaner-families te verskaf. Tussen 1894 en 1922 is verskeie nywerheids- en landbouskole vir hierdie doel op die been gebring, wat tot 1 500 kinders onderrig het. Ook is 160 staatsgesubsidieerde koshuise tot stand gebring, wat tussen 1917 en 1932 meer as 7 000 behoeftige kinders van afgeleë landelike gebiede in staat gestel het om skool te gaan (Giliomee 2004:273,274).

In 1932 het die Carnegie-kommissie bevind dat tot 'n derde van wit mense in Suid-Afrika as uiters armoedig beskryf kon word – waarvan verreweg die meeste Afrikaners was. Die Afrikaner-nasionaliste het hierdie situasie as 'n saak van groot kommer bejeën, aangesien daar vas geglo is dat wit armoede sou lei tot gemengde woonbuurte, wat aanleiding sou gee tot gemengde werkplekke – en voorts, onvermydelik – gemengde huwelike, wat die einde van die Afrikaner sou beteken. Die armblankevraagstuk is dus binne daardie konteks verpolitiseer (Koorts 2022:6).

## 2.11 FOTO'S VAN DIE LYK VAN KOOS SAS

Ná Sas se skietdood op Droëdap op 8 Januarie 1922, het ds WP Steenkamp van die NG Kerk Springbok, saam met sy seun Willempie (ook WP of WP Steenkamp II genoem), die polisie en ander gemeenskapslede op die plaas opgedaag. Willempie, wat sy bokskameratjie saamgebring het, het later die gebeure van die dag soos volg beskryf: "At that time, I was the proud owner of a folding camera which served me better than some of the new-fangled ones I bought for overseas trips. I photographed the body and the policemen holding the murderer's bloody shirt, took a great many orders from all concerned in the manhunt, as well as their relatives and friends, developed the prints myself and sold them for a ticky apiece. I made a tidy profit" (MMA Morris briefversameling 1978).

Volgens Tertius Archer is Sas se liggaam Springbok toe geneem "waar geposeerde foto's van hom en Jurie Dreyer geneem is deur die plaaslike predikant, dr Willem Steenkamp en sy seun" (Strauss 2008:5). Ander onthou weer dat die polisie, vergesel van dr WP Steenkamp en sy seun Willempie, die volgende oggend op die plaas opgedaag het om die lykskouing waar te neem. "Willempie het die lyk, soos dit staande gehou is deur kleurlingkonstabel Jan Julie, gekiek. Op die kiekie van destyds was die koeëlwond op die kaal bors nog sigbaar" (MMA Morris briefversameling: Du Plessis 1962).

Oor die jong Willempie se ouderdom op die dag van Sas se dood, bestaan ook teenstrydige weergawes. In 'n brief aan Alan Morris in 1995 skryf Willem se dogter, Stella Branca: "The photographs taken by my father were taken on the spot. It was on request from the policemen that he took the photographs. He was only a boy of twelve!" (MMA Morris briefversameling: WP Steenkamp & S Branca 1978). Vermoedelik wou Branca haar vader 56 jaar ná die fotonemery van Sas se lewelose liggaam in 1922 verontskuldig deur te beweer dat hy slegs 'n seun van 12 jaar oud was. Dr Steenkamp II se seun, Willem Steenkamp III, skryf egter aan Morris in 1995 dat sy vader "17 of 18" moes gewees het in 1922, en dat hy die foto's met 'n *Box Brownie* geneem het (MMA Morris briefversameling: WP Steenkamp 1975). Dit was na alle waarskynlikheid die ware ouderdom van Willempie in 1922, in ag genome dat hy en sy vader hul mediese studies in 1928, 'n skrale ses jaar ná die afneem van Sas se lewelose liggaam, voltooi het. In die gedenkboek van die NG Kerk Springbok word ook genoem dat dr Steenkamp sy seun vergesel het toe dié in 1923 na die buiteland vertrek het om hom as medikus te bekwaam (Van der Merwe 2000:55). Dit was 'n skamele een jaar ná die dood van Sas, en Willempie kon onmoontlik op die ouderdom van 13 jaar vir verdere studies na die buiteland vertrek het. 'n Genealogiese ondersoek bewys dat Willempie op 23 Augustus 1906 gebore is en op 24 April 1983 (ouderdom 79) gesterf het. Hy moes dus 18 jaar oud gewees het op die dag wat die foto's op 8 Februarie 1922 geneem is (Internet: Kroon 2022).

Op ‘n latere stadium het ds WP Steenkamp van die foto’s as poskaarte laat druk, en die opbrengs daarvan het gegaan aan die Afrikaanse Christelike Vrouevereniging (ACVV) (Morris 1996:76). Op van die poskaarte is óf dr WP Steenkamp (wat met sy vinger na die koeëlwond op Sas se liggaam wys) óf Jurie Dreyer (met *fedora* op die kop) duidelik sigbaar. Op van die ander foto’s en poskaarte kan van die bruin konstabels wat Dreyer vergesel het, naamlik Karel Esterhuys en Jan Jurie, ook gesien word (Nicol 2000:6).

Die sogenaamde “ACVV Koos Sas-poskaarte” (soos dit in latere jare bekend sou staan) bevat die volgende inskripsie bo-aan:

***Opbrengs van verkoop hiervan is vir die A.C.V.V. in Namakwaland***

En onderaan die foto:

*Koos Sas, moordenaar van die seun van Ds. Botha van Stellenbosch in 1917. Driemaal gevang en driemaal ontsnap, eindelik op 8 Februarie 1922 in die weghardloop doodgeskiet deur poliesman Jurie Dreyer op Droodaap, nabij Springbok, Namakwaland.*




**Figuur 2.11:** *Twee verskillende sogenaamde “Koos Sas ACVV poskaarte” Links: ds WP Steenkamp wys met sy vinger na die skietwond op Sas se liggaam. Regs: Jurie Dreyer, wat vir Sas doodgeskiet het, staan regs op die foto (MMA MM/KS 1979/01 & MMA MM/KS 1979/02)*

### 2.11.1 ACVV

Stella Branca noem dat haar ouma (eggenote van dr WP Steenkamp) 'n "missionary" was en dat sy die ACVV in Namakwaland gestig het (MMA Morris briefversameling: Branca1995).

Die Afrikaanse Christelike Vrouevereniging (ACVV) is in 1904 in Kaapstad gestig, aanvanklik om onderwys en die Afrikaanse taal te bevorder (Giliomee 2012:275). Dit was verder een van die Afrikaner-welsynsorganisasies vir vroue wat hulle op die armblankes in Suid-Afrika, veral ná die Anglo-Boereoorlog, toegespits het. Die organisasie was ook een van die vernaamste nie-regeringsorganisasies, saam met die Rooi Kruis en Freemason Lodges, wat 'n groot rol gespeel het in die verligting van smart wat die Spaanse Griep in 1918 op die Suid-Afrikaanse landskap gelaat het (Phillips 2018:xxi).

Miems Rothman (die bekende Afrikaanse skrywer MER) was een van die mees formidabele leiers van die ACVV. Sy het dit ook duidelik gemaak dat die organisasie baie gefokus was op veral wit armoede, die voorkoming van rassevermenging en die onderdrukking en uitbuiting van wit vroue. Veral blanke kinders is probeer "red" deur hulle in instellings of as huishulpe by middelklas-Afrikanerfamilies te plaas. Die organisasie was verder besorg dat armblankes in gemengde woonbuurte vir die volk "verlore sou raak". In 1925 het Rothman die armblankesituasie soos volg beskryf: "Hulle het onvoldoende lone ontvang en hulle was verplig om die goedkoopste kamers of huise te huur. Hulle moes dikwels met die kleurlinge saamleef. Partykeer as bure mekaar help wanneer daar siekte is. Hulle kinders speel met mekaar in die strate" (Giliomee 2004:293).

Vivia Ferreira, dogter van die Steenkamps, beskryf in 'n artikel wat in latere jare gepubliseer is, hoe die bruin mense van Namakwaland, in die tyd toe haar vader predikant op Springbok was, armblankes van die streek onder hul dak moes neem en versorg, en hoe van hierdie kinders in bruin gesinne se huise grootgeword het. "Tragiese gevalle van ouers wat kort ná mekaar oorlede is en waar die verwaarloosde en honger kindertjies nog by die lyke was, het voorgekom. Babas is deur bruin oppassers na hul eie strooihuisies geneem en versorg en saam met hul eie kinders grootgemaak. Met hul groot liefde vir kinders, was dit juis die verarmde kinders van die droogte en die griep van die vroeë twintigerjare wat die pastoriepaar se harte aangegryp het. Dr Steenkamp, met sy grade in teologie en filosofie, het toe reeds 'n groot belangstelling in die geneeskunde gehad en met die hulp van die ou Hollandse boeke het hy talle lewens gered in die Groot Griep-epidemie. Al dokter in die streek was dr. Cowan van Okiep. Hy kon net nie al die werk behartig nie. Daarby moes hy altyd deur sy motorbestuurder bygestaan word, want hy was blind" (Ferreira 1977:3).

Ferreira se moeder het ‘n paar maande vóór haar dood in 1959 aan haar vertel dat sy soms tot vier ure op haar perd *Chrisjan* se rug gesit het om die arm mense in die “klipkoppies van Namakwaland” te besoek:

> “Baie van hierdie mense het hulp gesoek by die bruinmense, want dié het goed verdien in die kopermyne. Hulle was vriendelik en het kos gegee en onderdak (matjieshuise was die tente en woonwaens van Namakwaland destyds). Partykeer het van die ouers sommer weggedwaal, en dan het die bruinmense die kinders maar grootgemaak. Hierdie verwaarloosde kindertjies was vir ons ‘n groot hartseer. Om te dink dat hulle afhanklik was van die liefdadigheid van die bruinmense. So het ons toe te perd in die verskriklike warmte uitgery – soms honger en dors gely – en feitlik op strooptogte gegaan om die kinders op te spoor. In die waenhuis van die ou pastorie het ek ‘n soort slaapsaal ingerig. Pappie het met ‘n hareknipper die seuns se hare geskeer. Ek het die meisies se hare kort geknip en Grieta de Roubaix, wat nog saam met ons van Nieuwoudtville gekom het as huishulp, het hulle geskrop en ek het *Blue Butter* aan hul koppe gesmeer om te ontsmet. My ma het dan groepies van ses en meer na die landbouskole op Tulbagh en Wellington (Blouvlei) en die Kindersendinghuis in Kaapstad gebring” (Ferreira 1977:3).

Volgens haar het haar ouers drie-en-sestig kinders uit hierdie omstandighede gered, en na skole in die Boland gestuur “en só van hulle van Namakwaland se beste mense gemaak”. Sy vertel verder hoe “Dokter” in ‘n kapkar met twee, en soms vier perde gery het, met langs hom sy werker Dawid en agter op die kar, hul beddegoed – rooster, ketel en dies meer, ook ‘n paar bale lusern en ‘n sakkie hawer vir die trekdiere (Ferreira 1977:3).

Tertius Archer vertel dat die mense in Namakwaland indertyd gepraat het van “die kinders is van agter die skaaptroppe geloop haal” – verwysend na armblanke kinders wat na die Kaap gestuur is vir skoolopleiding. Hy noem ook dat dr Steenkamp ‘n obsessie oor die opvoedkunde gehad het (T Archer 2021: onderhoud).



***Figuur 2.12:*** *"Dr en mev WP Steenkamp en hul dogter Vivia voor hulle matjieshuis in Namakwaland. Met huisbesoek in die uitgestrekte gebied het die leraarspaar hulle eie matjieshuis saamgeneem" (Van der Merwe 2000:54)*

> "My Ma het darem self op heel besondere manier vir haar bloeiende ACVV-tak geld ingesamel. Ene Koos Sas, wat 'n winkelklerk op Montagu vermoor en uit aanhouding ontsnap het, is later op Springbok opgespoor, waar hy in 'n winkel gewerk het. In die polisie-agtervolging deur die klipkoppies is Koos Sas doodgeskiet. My broer, toe nog skoolseun en 'n ywerige fotograaf met 'n konsertina-kamera, het 'n foto geneem van die lyk wat deur twee polisiemanne aan die arms vasgehou word. My vader het dadelik munt geslaan uit die wye openbare belangstelling – die vermoorde was dan 'n predikantseun van Montagu! – en poskaartjies is laat druk met die onderskrif: 'Ter stywing van die fondse vir die ACVV, Springbok'". Só beskryf Vivia Ferreira, dogter van die Steenkamps, die omstandighede tydens die druk van die sogenaamde "Koos Sas poskaarte" (Ferreira 1977:3).

Prof JC de Villiers (beter bekend as Kay de Villiers, bekende Suid-Afrikaanse neurochirurg), het ook inligting oor die dood van Koos Sas in Namakwaland versamel. Hy het sy bronne aan Morris beskikbaar gestel, en dit maak deel uit van die Morris briefversameling wat in die Montagu Museum se argief bewaar word. Een van die briewe is 'n handgeskrewe brief waarin De Villiers se skoonmoeder, ene mev Du Plessis, in 1962 skryf dat die dag toe konstabel Jan Jullie (geskryf as "Jan Jurie" in afdeling 2.11) "met 'n breë glimlag" Sas se lewelose liggaam regop gehou het vir die foto's om geneem te word, hy min geweet het dat hy ook jare daarna "Koos se soort tol sal moet betaal". Sy skryf dat Jullie negentien jaar later, in 1941, self as moordverdagte in die Rondgaande Hof op Vanrhynsdorp verskyn het. Hy word in die brief beskryf as 'n "sinlik geklede

baster". Die regter het skynbaar sy spyt uitgespreek dat hy die getroue geregsdienaar met so 'n lang dienstydperk moes skuldig bevind aan die moord op 'n "kleurling meisie". Die regter en die lede van die jurie het die volgende dag van Jullie in sy sel gaan afskeid neem, waar hy met trane in sy oë erken het dat hy die moord gepleeg het. Sy woorde aan hulle was "op kenmerkende Namakwalandse wyse – Base ik had die vrou-mins ge-jaloers. Ik had hom toe per mas-tyke te veel geslaan, en toe ik sien wat ik gedoen het, had ik hom maar dood geslaan en in die puts gegooi" (MMA Morris briefversameling: Du Plessis 1962).

Wat Jurie Dreyer betref, skryf Du Plessis soos volg: "Nadat Koos Sas van die gras af gemaak was, het Jurie begin dopsteek en is later weens dronkenskap ontslaan". Sy skryf dan verder dat Dreyer in 1951 in Kaapstad as visserman naam gemaak het, en na Hondeklipbaai gestuur is om vis en krewe vir 'n inmaakfabriek te vang. Daar word na Dreyer in die brief as 'n "dronklap" verwys. Die skrywer loop dan vir Jurie Dreyer op 'n Vrydagmôre in Garies raak. Dreyer groet vriendelik en vertel dat hy op pad na die "Vrederegter" is om aansoek te doen om 'n klompie skape aan te hou, aangesien hy op daardie stadium lus was vir boer. Nog verder in die brief word beskryf hoe Dreyer 'n paar jaar later met 'n donkiewa in Boesmanland met sy troppie skape en vyf honde rondtrek. Daar word in die brief vertel hoe Dreyer vir elke hond van die lammers merk, en as die lammers verkoop word, word die geld afsonderlik vir elke hond in sy eie geldblikkie bewaar. As die "smouslorrie" die dag verbykom, word vir elke hond van sy eie geld lekkers gekoop:

> "As die honde aan die lekkers eet, sit Jurie by hul en dit is glo vir hom tog te vermaaklik wanneer hy toekyk hoe die honde die maal geniet. As hy met die honde speel, kan 'n mens ook hoor hoe hy met hul gesels. Soms lag hy heerlik vir die honde se kaskenades. 'n Mens kan sê Jurie is stapelgek as jy hom met die honde sien tekere gaan en hy hul vertroetel soos klein kinders. Nee, Jurie is nie gek nie, dit is maar net so-as hy is, altyd anders as 'n gewone mens en daarby altyd opgeruimd en plesierig. Langenhoven het eenkeer gesê: 'Al is 'n mens ook hoe sleg, dan is daar nog een of ander goeie eienskap in hom. So is dit ook met Jurie. By al sy swak punte is daar 'n goeie sin vir humor en altyd tevrede met sy lot" (MMA Morris briefversameling: Du Plessis 1962).

## 2.12 DIE SKEDEL VAN KOOS SAS

Vervolgens meer inligting oor die opgrawe van Sas se oorskot. Soos met die skietvoorval op 8 Februarie 1922, is daar weer eens 'n aantal weergawes (wat spekulasie insluit) wat vertel, oorvertel en opgeteken is oor wat met sy liggaam en skedel gebeur het ná sy dood.

### 2.12.1 Sas se liggaam word opgegrawe

Ds GS Möller van Bloubergstrand skryf aan prof Kay de Villiers onder andere dat hy van 'n ene Johnnie van Niekerk van die plaas Uitkyk in die omgewing van Gamoep, Springbok (wat sewentien jaar oud was toe Sas doodgeskiet is) gehoor het dat die skietdood van Koos Sas destyds groot opspraak verwek het, en dat almal uiters nuuskierig was om vir hulself te gaan kyk waar die skietery plaasgevind het. Volgens Van Niekerk is Sas se liggaam op die plek waar hy geskiet is in 'n vlak graf begrawe. Sy oorskot is egter ná slegs 'n paar maande weer opgegrawe, toe die lyk nog nie heeltemal ontbind was nie. "Dit is toe glo in 'n groot seeppot afgekook sodat net die skoon beendere oorgebly het" (MMA Morris briefversameling: Möller 1995). Mev Dixon het in latere jare vertel dat haar skoonmoeder haar nog gaan wys het waar die "gebeentes van Koos Sas naby die damwal uitgekook is" (MMA Van Bart briefversameling: Dixon 2008). In 'n gesprek op 5 Mei 2021 vertel Louis Dixon, kleinseun van William Dixon, dat die familie altyd gepraat het van "Ouma Anna se seeppot" wat gebruik is om Sas se beendere by die damwal op Droëdap in af te kook (Dixon 2021: persoonlike mededeling).

Mev Du Plessis skryf soos volg: "Steenkamp, 'n man van groot invloed in die Noordweste, versoek toe die owerheid, of hy dan nie Koos Sas se geraamte na Amerika kan neem om daarop te studeer nie. Dit word hom goedgunstig toegestaan" (MMA Morris briefversameling: Du Plessis 1962).

Terwyl Vorster reken die "lyk is later weer opgegrawe en onthoof" (2008:14), onthou Stella Branca (Willem Steenkamp II se dogter) 'n boks onder die trappe in die "old house" gedurende die 1940's, en dat daar vertel is dat dit "Koos Sas se bene" was. Alhoewel sy nooit die senuwees kon vind om binne-in die boks te kyk nie, onthou sy dit goed (Morris 1996:78). Ds Möller skryf in 1995 dat die beendere van Koos Sas destyds in 'n sak, ná die Steenkamps se terugkoms uit Amerika, in een van die stoorkamers van die kerk op Springbok geberg is. Sy vrou, destyds sewe jaar oud, het dikwels vertel hoe die kinders bang gemaak is met die spook van Koos Sas in die kerkgebou (MMA Morris briefversameling: GS Möller). Verder is dit opgeteken dat "die bene van Koos Sas in 'n netjiese verseëlde, vierkantige kiaathoutkissie" sorgvuldig in die konsistorie van die NG Kerk op Springbok gebêre is nadat die Steenkamps van hul studies terug gekeer het (MMA Morris briefversameling: Du Plessis 1962).

Met sy vertrek na Kaapstad het dr WP Steenkamp nog die skedel van Sas in sy besit gehad. Vermoedelik het hy die skedel net voor sy dood aan die Universiteit van Stellenbosch geskenk. Die Fakulteit Geneeskunde aan die universiteit is in 1956 gestig, en dit is moontlik dat Steenkamp, of sy familie, besluit het om die skedel van Koos Sas aan die Universiteit te skenk omrede hy hier teologie gestudeer het (Morris 1996:78).

### 2.12.2 Universiteit van Stellenbosch

Mev Esther Hofmeyr, eerste voorsitter van die Montagu Museum Trusteeraad toe die museum in 1975 geopen het, het in 2016 vertel dat sy as eerstejaar-onderwysstudent aan die Universiteit van Stellenbosch biologie-klasse geloop het by prof Hercules Brink. Sy onthou ‘n sekere skedel in die klas (in ‘n glaskassie), en dat die professor aan die studente vertel het dat dit die skedel van die moordenaar Koos Sas was (Hofmeyr 2016: onderhoud).

Met sy aftrede het prof Brink die skedel van Koos Sas aan die stadsraad van Montagu geskenk, waar dit in die munisipale argief (wat deel van die biblioteek was) bewaar is.

Met die opening van die Montagu Museum in 1975 is die skedel van Koos Sas aan die museum geskenk (Oosthuizen 2008:7).

## 2.13 SLOT

Die wyse waarop Sas telkens die gereg ontduik het, het baie gou aan hom legendariese kwaliteite in die oë van die algemene publiek besorg. Sodanige eienskappe omvorm dikwels die beeld van ‘n persoon van wie hy/sy werklik is of was, tot iemand wat dade gepleeg het of woorde gespreek het wat nie waar of korrek is nie. Volgens die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* is ‘n legendariese karakter iemand aan wie buitengewone eienskappe en dade toegeskryf word, of soms iemand met merkwaardige kwaliteite (WAT IX 1994:175). Legendes ontstaan gewoonlik rondom persone wat werklik geleef het, maar rondom wie voorstellings verweef word wat baie ver van die waarheid kan wees (Grobbelaar 1981:25). Dit is presies wat met Koos Sas gebeur het, soos duidelik blyk uit talle verskillende weergawes van sy oortredings, vervolgings, inhegtenisnemings, voortvlugtige togte, sy uitsprake en uiteindelik die groot aantal weergawes rondom sy dood en gebeure daarna.

# HOOFSTUK 3

# DIE SKEDEL VAN KOOS SAS – VAN UITSTALLING TOT BEGRAFNIS


## 3.1 DIE OPENING VAN DIE MONTAGU MUSEUM

Die reklamevereniging van Montagu het reeds vanaf 1962 gepoog om ‘n museum op die dorp tot stand te bring. Alhoewel hard probeer is, was die grootste uitdaging telkens om ‘n geskikte gebou te vind. Tussendeur is ‘n subkomitee aangewys om voort te gaan met die insameling van voorwerpe wat later bruikbaar sou wees om as deel van ‘n waardige museumversameling te dien. Die strewe na ‘n eie museum vir die dorp kry egter weldra momentum. In Mei 1975 word die volgende bekend gemaak ten opsigte van die strewe van die dorp vir ‘n eie museum: “As uitvloeisel van die hersonering van groepsgebiede het die ou NG Zending Kerk in Langstraat vakant geraak, en nadat die statige ou gebou reeds ‘n jaar of wat leeg gestaan het, besluit ons stadsraad op voorstel van mnr. Ewie Basson, om dit aan te koop met die kostelike doel voor oë om dit om te skep in ‘n museum” (Hofmeyr 1975:1).

Gedurende hierdie tydperk word die sendingkerkie (gebou in 1907) ook deur die Raad van Nasionale Gedenkwaardighede tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar. Die eerste voorsitter van die Montagu Museum, Esther Hofmeyr, skryf soos volg in ‘n reklameartikel om voorbrand te maak vir die opening van die Montagu Museum: “Sulke kerkgeboue soos hierdie een van ons word deesdae nie meer gebou nie. Dit leen homself pragtig tot ‘n museum-lokaal. Die oorspronklike traporrel en preekstoel met kanselteks, pryk nog in volle glorie. Só tekenend van die godsdienssin van die geslagte van ons voorouers wat die tipe meubelment wat hier vertoon word, gebruik het” (Hofmeyr 1975:2).

In die paar maande vóór die amptelike opening van die museum het die museumkomitee ywerig en entoesiasties oudhede van bykans enige aard ontvang ten einde ‘n volwaardige museumversameling op die been te bring. Verder het die komitee beplan om ook ‘n afsonderlike landbou-afdeling in die kerkie te huisves. Vir die berging en uitstalling van groter landbou-items, is beplan om afdakke aan die agterkant van die kerkie op te rig. Met groot geesdrif is daar deur die gemeenskap van Montagu gedurende hierdie tyd saamgewerk om te verseker dat die dorp se museum hiérdie keer ‘n werklikheid word. Hofmeyr vertel: “Die inwoners van die dorp is baie trots op die museum en het reeds baie waardevolle oudhede vir die museum geskenk. Verlede week het ek byvoorbeeld ‘n ou ploeg voor die museum gekry en kon tot op hierdie stadium nog

nie vasstel wie dit geskenk het nie. Dit is die gees waarin die mense van ons dorp die projek aanpak en wat die museum ‘n reuse sukses gaan maak” (*Die Oudtshoorn* en *Het Suid-Western* 1974:3).




***Figuur 3.1:*** *Die NG Sendingkerk (vandag die Montagu Museum) in Langstraat, Montagu, vroeg in die 20ste eeu (Heydenrych 2005:32)*

Die grootste gedeelte van die inhoud van die museum op daardie stadium het bestaan uit ‘n versameling antieke meubels wat op bruikleen aan die museum beskikbaar gestel is deur mnr Paul Roux, bekende oudhede-handelaar op die buurdorp, Ashton. Mnr Koos Kok van Montagu se private versameling kombuisgereedskap, ou Bybels, porseleinware en selfs ou bottels drank is ook op bruikleen aanvaar (Badenhorst 1975:gp).

Destyds het Kaapland se museums deel uitgemaak van die Departement van Natuurbewaring. Tydens die opening van die Montagu Museum op Maandag, 5 Mei 1975 (as die 34ste provinsiale museum), het die direkteur van die departement, dr Douglas Hey, beklemtoon dat die hulp van die publiek absoluut onontbeerlik is om van enige museum ‘n sukses te maak. Hy noem verder: “Eintlik is twee van die belangrikste besienswaardighede wat ons aan toeriste kan bied, ons kultuur-historiese erfenis en ons plante- en diereryk. Dit is ons dure plig om dit te bewaar vir die nageslag” (*Het Suid-Western* 07/05/1975:1).

## 3.2 KOOS SAS SE SKEDEL OP UITSTALLING

Die eerste kurator van die Montagu Museum, mev Blackie Badenhorst, kan onthou toe die dorp se eertydse stadsklerk, mnr WIB du Plessis, een oggend by die voordeur van die ou kerkie ingestap het met ‘n glaskissie in sy hande met daarbinne ‘n “kleinerige” menslike skedel. Sy presiese woorde was: “Hierso, ek het nou lank genoeg na hierdie grynslag gekyk – dis nou jóú beurt …” (Badenhorst 2016: onderhoud). In die notule van die trusteeraad van die Montagu Museum se vergadering van 22 Mei 1974 verskyn die volgende inskrywing: “Die voorsitter bedank die munisipaliteit vir die skenking van die kop van Koos Sas, asook die kinder-bentwoodstoeltjie” (MMA MM Notuleboek).



***Figuur 3.2:*** *Die skedel van Koos Sas met die geweer waarmee Jurie Dreyer hom in 1922 doodgeskiet het op uitstalling in die Montagu Museum (De Vries 1977:55)*

Die permanente uitstalling van die glaskassie met die skedel van Koos Sas daarin, ontlok weldra groot belangstelling en word gedurende die volgende paar dekades die gewildste besienswaardigheid in die museum (Badenhorst 2016: onderhoud). Dié uitstalling geniet ook gedurende hierdie tydperk wye publisiteit. Sewe maande ná die amptelike opening van die Montagu Museum, verskyn ‘n artikel oor Montagu se “eie moordenaar” in *Die Overberg* van

Desember 1975. Op die foto wat as deel van die artikel gepubliseer is, is die skedel van Sas in die glaskassie te sien, tesame met die Koos Sas ACVV-poskaart waarop die lewelose liggaam van Sas regop gehou word kort nádat hy doodgeskiet is. Op dieselfde foto in die artikel kan 'n klein portret van Jurie Dreyer ook in die vertoonkas saam met die skedel van Sas gesien word. Die kassie word staangemaak op 'n antieke bentwood-stoeltjie, met die geweer waarmee Sas doodgeskiet is wat skuins teen die stoeltjie leun. Die teks langs die foto lui soos volg: "Vra maar vir die mense van Montagu wie se kopbeen dié op meegaande foto is, en hulle sal dadelik sê: Koos Sas! Lees in die artikel hierby van hierdie berugte en geslepe moordenaar en skelm." 'n Endnota aan die einde van dieselfde artikel lees: "Kom besigtig die Montagu Museum en kom kyk na die bes-bewaarde kopbeen op die dorp!" (MMA: Badenhorst 1975:gb).

In 'n artikel wat in *Die Taalgenoot* in 1978 verskyn, word uitvoerig berig oor die inhoud van die onlangs-geopende Montagu Museum in die ou sendingkerkie. Die artikel maak melding daarvan dat die hoofkenmerke van die museum die uitbeelding van die leefwyse van die tipiese Klein-Karooboer is – deur onder meer te fokus op meubels en hulpmiddele, die ontwikkeling van die Kaapse stoel[2] vanaf die agtiende eeu, die wynbou en vrugtebedryf van die omgewing – met besondere klem op boomkwekery. Dieselfde artikel sluit weer eens 'n foto van die glaskissie met die skedel van Sas in, 'n portretfoto van konstabel Tonie Swanepoel met "Jurie Dreyer se geweer" bo-op die kissie geplaas. Die volgende byskrif verskyn daarnaas: "Die nimlike Koos Sas self – oftewel, sy skedel, en darem veilig agter glas! Die legende van die gevaarlike misdadiger Koos Sas is sinoniem met die Klein-Karoo. Die Martini-Henri is die een waarmee Koos aan sy einde gekom het, en die foto toon konstabel Tonie Swanepoel – 'n man wie se paadjie Koos talle male gekruis het" (Badenhorst 1978:16).

[2] Die artikel meld slegs "die ontwikkeling van die Kaapse stoel" wat uit 'n vakkundige oogpunt nie korrek is nie, aangesien daar 'n groot verskeidenheid Ou-Kaapse stoele bestaan.



KOOS SAS se skedel pryk vandag in die museum op Montagu. Die foto is van konst. Tonie Swanepoel, die man wat Sas gereeld moes gaan vang, en die Martini-Henri-geweer het aan konst. Jurie Dreyer behoort, die man wat Sas doodgeskiet het.

# KOOS SAS RUS OP MONTAGU

**Van Ons Korrespondent**

**MONTAGU.**

MONTAGU se museum vier vandeesweek sy eerste verjaardag, en as daar één baba was wat geloop het voordat hy gekruip het, dan is dit hierdie museum.

Die museum ontvang elke dag talle besoekers, en noudat die mooiste tyd van die jaar hier op Montagu aangebreek het, neem die stroom besoekers elke dag toe.

Tussen drie- en vierduisend mense het die afgelope jaar die museum besoek, en hulle kon reeds 'n groot verskeidenheid goed sien wat deur verskillende mense aan die museum geskenk is.

Een van die grootste skenkings wat die museum in sy eerste jaar ontvang het, was 'n yslike stuk tapisserie in petit pointe van 1,85 m by 1,3 m wat nog uitgewerk is deur mev. Hofmeyr, eggenote van Onze Jan. Die onderwerp van die tapisserie is die verwydering van Christus van die kruis, en dit pas volmaak in die ou kerkgebou waarin die museum geleë is.

Maar die meeste aandag word nog steeds getrek deur die skedel van Koos Sas. Koos was van Boesman-afkoms, en het uit die distrik Touwsrivier gekom. Volgens oorlewering kon hy, net soos Dirk Ligter, enige perd flou draf.



Koos is op 8 Januarie 1922 doodgeskiet nadat hy 'n blanke winkelier, mnr. Boetatjie Botha van die distrik, ná 'n woordewisseling vermoor het. Sas het ná sy aanhouding uit die tronk ontsnap, en vyf jaar later is hý in die omgewing van Springbok gewaar en net daar het konst. Jurie Dreyer hom doodgeskiet.

Sas se kopbeen is aan die Universiteit van Stellenbosch geskenk omdat dit so 'n tipiese Boesman-skedel was, en prof. Hercules Brink, seun van Montagu wat destyds aan die U.S. verbonde was het dit in bewaring gehou. Later is dit aan die stadsraad van Montagu geskenk, en 'n paar maande gelede het Koos se skedel toe 'n rusplek in die museum gekry.

***Figuur 3.3:*** *Artikel wat oor die uitstalling van Sas se skedel in die Montagu Museum berig (Die Burger 1976:gp)*

'n Verdere bewys om aan te toon in welke mate die uitstalling van die skedel van Koos Sas destyds met die Montagu Museum vereenselwig is, kom voor in die publikasie *Museums of the Cape, a Guide to the Provincial-aided Museums of the Cape*. In hierdie hardebandboekie, wat ten doel het om die museums te bemark, word die temas van die Kaapprovinsie se museums en versamelings beskryf. Die volgende beskrywing is die laaste gedeelte wat voorkom in die afdeling wat handel oor die Montagu Museum: "The region is well known for its wealth of wild herbs. The dried herbs, exhibited in the museum with information about their medicinal or culinary uses, elicit much interest. The skull of the murderer Koos Sas and the gun with which he was shot, show in how lively a fashion some of the fascinating incidents of the region are depicted" (Du Preez 1982:102).


Die eerste kurator van die Montagu Museum vertel dat die skedel van Koos Sas die nommer-een toeristeaantreklikheid in die ganse museum was. Sy vertel ook dat sy die kissie met die skedel van Sas in haar motor gelaai en na vele skole in die dorp en omliggende gebiede saamgeneem het om die verhaal van Koos Sas aan leerlinge te vertel (Badenhorst 2016: onderhoud).

***Figuur 3.4:*** *"Vra maar vir die mense van Montagu wie se kopbeen dié op meegaande foto's is, en hulle sal dadelik sê: Koos Sas!" (Badenhorst 1975:gp).*

## 3.3 SKETSE WORD GEMAAK VAN KOOS SAS SE SKEDEL

Die kissie met die skedel van Koos Sas in die Montagu Museum het in so 'n mate belangstelling ontlok dat die uitstalling selfs 'n kunstenaar van Mbabane, in die destydse Swaziland, in 1984 geïnspireer het om sketse daarvan te maak. In die Montagu-museumargief word korrespondensie bewaar van briewe wat destyds gewissel is tussen dr Thelma Gutsche van die Montagu Museum Trusteeraad en Christine Dixie van Eswatini, vroeër Swaziland. Gutsche skryf onder meer aan Dixie dat sy aan Esther Hofmeyr, die voorsitter van die museum se trusteeraad, geskryf het om haar in te lig oor die "studies" wat Dixie in die museum op die skedel van Sas gedoen het. Sy noem verder in dieselfde brief dat die skedel een van Hofmeyr se "dearest exhibits" is, en dat sy glo die sketse in die museum tuishoort. Gutsche skryf verder aangaande die potloodsketse: "They have of course an intrinsic interest; but when you have advanced in your artwork and become famous, the museum will benefit enormously by its possession! Mrs Hofmeyr welcomed the proposal with enthusiasm, and I am therefore writing to ask whether you would be prepared to part with these sketches either by purchase or by presentation. In either event, they should be signed and dated. No doubt you will think this a preposterous idea, but it is not so, for us who are trying to build up a comprehensive and interesting collection" (MMA Gutsche brief aan Dixie 1984).



***Figuur 3.5:*** *Een van die sketse van Sas se skedel deur die kunstenaar Christine Dixie van Mbabane, Eswatini (vroeër Swaziland) (MM/KS/1984/3)*

Dixie antwoord hierop op 'n latere stadium in 'n ongedateerde brief dat sy geëerd voel deur die aanbod en dat sy daartoe instem dat die sketse van Sas se skedel aan die Montagu Museum geskenk word. Sy noem verder in dieselfde brief dat sy die potloodsketse gemaak het van foto's wat sy in die museum geneem het, en dat haar kunsonderwyser baie beïndruk sal wees om te hoor dat van haar werk in 'n museum uitgestal word (MMA Dixie brief aan Gutsche:gd). Hofmeyr bedank vir Dixie dan per brief in Junie 1984 vir die sketse van Sas se skedel wat sy aan die museum geskenk het. Sy noem in die brief dat, sover sy weet, dit die eerste maal is dat die skedel geskets is, en ook dat die kurator, mev Badenhorst, "also an art student in her youth, was thrilled by them, and has all sorts of plans for them!" (MMA Hofmeyr brief aan Dixie 10/06/1984).

## 3.4 MENSLIKE BEENDERE IN WES-KAAPSE MUSEUMVERSAMELINGS

"It is only really since 1990 that museums in South Africa have found it inappropriate to display human remains, largely as the result of protest by indigenous people" (Legassick & Rassool 2000:1).

Dit is veral in post-1994-Suid-Afrika dat vrae gevra is oor die etiese beginsels wat verband hou met die praktyk om menslike oorskot te versamel en in museums uit te stal. Ná ‘n hewige en kontroversiële debat besluit die Suid-Afrikaanse Museum (Iziko Museum) in Kaapstad om die sogenaamde “Boesman diorama” in 2001 vir die publiek te sluit. Die besluit word gemaak op grond van die persepsie dat die diorama “symbolised the representational and genocidal violence against the indigenous people of the Cape Colony” (Schramm 2014:5). Steeds later word bygevoeg dat die uitstalling verwyder is omrede dit nou beskou word as “unethically acquired human remains”. Meer as ‘n dekade later, in Augustus 2013, besluit die Iziko Museum om die diorama permanent van uitstalling te verwyder, ná ‘n periode van bykans eenhonderd jaar. Hierdie diorama, saam met die Karoo-dinosourusse en die walvisgalery, was op ‘n stadium die gewildste aantreklikheid vir besoekers aan die museum (Schramm 2014:4).

Tydens SAMA (Suid-Afrika Museum Assosiasie) se jaarlikse Wes-Kaapse konferensie in 1999, lewer Chantelle de Kock, ‘n museumgeesteswetenskaplike van die Wes-Kaapse Museumdiens, ‘n referaat getiteld “Geraamtes in die kas: die eties, morele en wetenskaplike implikasies van skeletmateriaal in museumversamelings”. Onder andere deel De Kock met die gehoor die geval van die beendere van die 50-59-jarige “slawevrou van Vergelegen” wat tydens opgrawings by die slawelosie blootgelê is. Die ontdekking van die skelet het onder meer groot belangstelling onder die arbeiders van Vergelegen ontlok, aangesien sommige van hulle steeds ‘n historiese verbintenis met die plaas gehad het. Nadat ‘n forensiese ondersoek deur Alan Morris van die Universiteit van die Wes-Kaap gedoen is, is gesprekke met die gemeenskap gevoer en is die skelet in 1992 op die plaas herbegrawe. In haar voorlegging beklemtoon De Kock onder meer dat druk toenemend op museums uitgeoefen word om artefakte en skeletmateriaal aan die oorspronklike eienaars of inwoners van ‘n bepaalde gebied terug te gee. Sy stel dit soos volg: “Dit is ook nie meer ‘n aanvaarbare praktyk om skeletmateriaal uit te stal nie, en sommige lande se wetgewing verbied dit pertinent” (MMA De Kock 1999:1,6).

Drie jaar later, in Julie 2002, word ‘n verslag ten opsigte van menslike skeletmateriaal in geaffilieerde museumversamelings en aanbevelings vir verdere optrede deur Museumdienste aan die Minister van Kultuursake, Sport en Ontspanning, Wes-Kaap, mnr P McKenzie, gestuur. Die verslag het ten doel om ‘n opname te maak en verslag te doen oor menslike skeletmateriaal in geaffilieerde museums in die Wes-Kaap met die oog op formulering van beleid ten opsigte van die hantering van sodanige materiaal in museums. Die amptelike skrywe stel dit dat “die verhaal van Saartjie Baartman bring opnuut die kwessie van omstrede en sensitiewe museumversamelings na vore” (MMA De Kock 2002). Dit spel ook verder uit dat die “heersende gevoel” rondom die hantering, aanwins, uitstalling en repatriasie van menslike skeletmateriaal aansienlik verskil van die koloniale periode, asook die onmiddellike tydperk daarna. “In die post-

koloniale en post-apartheid klimaat is die aanvaarde norme baie ver verwyderd van die era waarin baie van hierdie materiaal versamel en uitgestal is" (MMA De Kock 2002).

Die verslag noem verder dat alle museums in kennis gestel is van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, no 25 van 1999, wat die insamel van menslike skeletmateriaal verbied. Slegs opgeleide argeoloë mag in beperkte gevalle, en met die nodige goedkeuring van die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap (SAEHA), "opgrawings doen en skeletmateriaal verwyder". Die verslag noem verder dat alle geaffilieerde museums gekontak en versoek moet word om "ten volle moontlik verslag te doen oor menslike skeletmateriaal in hul versamelings" (MMA De Kok 2002:1,2).

Dieselfde verslag lys die name van die nege geaffilieerde Wes-Kaapse museums steeds in besit van menslike oorskot onder die opskrif BEVINDINGE (Die kursiefdruk dui aan dat die teks direk uit die verslag aangehaal word. Alle spel- en taalfoute en die gebruik van die term "Khoisan" verskyn in die oorspronklike verslag):

***I. Bartolomeu Dias Museum, Mosselbaai***

*Dit moet vermeld word dat heelwat skeletmateriaal in Mosselbaai en George omgewing gevind word vanweë die argeologiese geskiedenis van die gebied.*

*Minimum getal van 3 individue is in die museum.*

*1X Kakebeen is gevind in 1983 voor die Munisipale kantoor.*

*1X skedel en ander bene is gevind op die plaas Baviaanshoek naby Gouritsrivier. Dit het oopgespoel uit 'n rivierwal. Ander skelette wat oopgespoel het is aan dr. Morris gestuur, Mediese Skool, Universiteit Kaapstad.*

*1X skedel is na naby Vleesbaai oopgespoel.*

*Die vermoede bestaan dat dit almal van Khoisan oorsprong is.*

***II. Cape Medical Museum, Kaapstad***

*Vanweë die aard van die museum is dit nie buitengewoon om menslike oorskot hierin aan te tref nie. Die museum het bottels met menslike materiaal op uitstalling wat op bruikleen is van die Mediese Skool, Kaapstad Universiteit. Die skelet wat uitgestal word is 'n plastiek kopie.*

***III. George Museum***

*Hierdie museum het 'n skedel en ongeveer 20 los bene van menslike oorsprong (nie aangewins nie en geen gegewens kon bekom word nie) sowel as die skelet van 'n Khoisan man en argeologiese materiaal (klip wat bo op skedel was, volstruiseierdop krale, erdewerk, skilpaddop stukke en visgrate) wat uit 'n graf gekry is in Sedgefield omgewing in 1975.*

***IV. Montagu Museum***

*Koos Sas en sy geskiedenis is beroemd in die Klein-Karoo. Sy skedel is in die museum uitgestal tot in 1993. Tans word dit in die museum geberg. Koos Sas is voëlvry verklaar in 1923 weens moord en in Springbok doodgeskiet. Vandaar het sy skedel beland in die Fisiologie Departement van die Universiteit van Stellenbosch, wat dit weer oorgedra het aan die Montagu Munisipaliteit. Hierna is dit in 1975 aan Montagu Museum geskenk.*

***V. Ou Hawe Museum, Hermanus***

*Die museum het een skelet van Khoisan oorsprong in hul besit.*

***VI. Simonstad Museum***

*Die museum het die skedel van 'n Khoisan kind in hul besit. Dit is uitgehaal tydens 'n argeologiese ondersoek van 'n vindplaas by Froggy Pond in 1987. Die museum beskik ook oor 'n klein versameling menslike bene wat blootgelê is tydens bouwerk aan die hof in 1978.*

***VII. Skeepswrak Museum, Bredasdorp***

*Die museum beskik oor die skedel van 'n individu, vermoedelik 'n drenkeling van die skip Arniston. Dit is aan die museum geskenk deur die voormalige eienaar van die Arniston Hotel, mnr. Ters du Toit.*

*'n Versameling bene is ook aan die museum geskenk in 1986. Dit is afkomstig uit 'n grot op die plaas Soutpansvlakte en is deur die eienaar se werkers in 'n grot gevind. Dit is deur mnr. Wilson aan die museum geskenk.*

***VIII. Wellington Museum***

*Die museum beskik oor 'n skedel, vermoedelik van Khoisan oorsprong. Dit is deel van die Horace Coaton versameling wat aan die museum geskenk is.*

***IX. Groot Brakrivier Museum***

*Die museum beskik oor die skedel van 'n Khoisan vrou van ongeveer 17 jaar oud wat tot 2 000 jaar gelede dateer. Die materiaal is bekom toe fondasies vir 'n saagmeule gegrawe is en die bene blootgelê is. Die materiaal is deur prof. Craig identifiseer.*

*Die Museumdienste-verslag beveel oplaas aan dat geaffilieerde Wes-Kaapse museums opdrag kry om alle menslike skeletmateriaal wat op uitstalling is, te verwyder, totdat nuwe museumwetgewing en regulasies goedgekeur is om hierdie aangeleenheid te "beheer" (MMA De Kock 2002:2-4).*

Tot tyd en wyl nuwe museumwetgewing in werking tree, word die volgende aksies aanbeveel:

1) *Dat museums bepaal of die menslike skeletmateriaal in hul versamelings wettig (deur argeologiese opgrawing waarvoor 'n permit uitgereik is deur SAHRA, of byvoorbeeld deur 'n reddingsaksies waar skeletmateriaal deur bouwerk blootgelê is of oopgespoel het en dit deur die polisie aan die museum oorgedra is) bekom is of nie. Indien die materiaal onwettig bekom is, dit wil sê deur grafskending, moet die material so ver moontlik nagevors word en oorweeg word vir herbegrawing.*
2) *Dat museums alle menslike skeletmateriaal so goed moontlik navors, dokumenteer en bestudeer.*
3) *Verder, as navorsing aandui dat familielede van die oorlewendes nog opspoorbaar is, moet hulle onmiddelik in kennis gestel word van die oorskot in die museum se besit en moet daar onderhandel word oor sensitiewe repatriasie van gemelde materiaal.*
4) *Dat alle oorskot wat nie van argeologiese/wetenskaplike waarde is nie weens 'n gebrek aan konteks, en nie aangewins is nie herbegrawe of gerepatrieer word na die gemeenskap wat daarmee identifiseer.*

Die verslag noem verder dat museums menslike skeletmateriaal slegs onder die volgende omstandighede in hul versamelings mag hê:

1) *Dat dit wettig bekom is, d.w.s. deur argeologiese opgrawings met die nodige permit. Slegs professionele argeoloë mag opgrawings doen en moet om 'n permit aansoek doen by SAHRA*[3]. *Om te kwalifiseer vir die permit moet daar navorsings raamwerke en doelstellings uitgestippel word. Argeologiese navorsing is wetenskaplik met die doel om*

[3] Die Afrikaanse afkorting vir die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap, naamlik SAEHA, word in die studie (soos in 3.4) gebruik. Waar die Engelse afkorting egter in 'n gedeelte voorkom wat direk aangehaal is, word dit so gebruik, nl SAHRA.

*so veel moontlik inligting te versamel oor voorhistoriese leefwyses, maar dit word met die nodige sensitiewiteit gedoen.*

2) *Dat museums onder geen omstandighede skeletmateriaal voor die voet moet aanvaar nie, maar eers die saak moet uitklaar met die hoof van die Museumdiens en dat die Nasionale Erfenis Hulpbron wet no. 25 en ook die voorgestelde Museumwet riglyne vir optrede verskaf.*

3) *Dat skeletmateriaal wat nie aangewins is nie gerepatrieer of herbegrawe moet word op die museum se onkoste.*

4) *Dat museums slegs menslike skeletmateriaal onder die volgende omstandighede mag uitstal:*

   i. *Die materiaal moet van belang vir die mensdom wees – soos mev*[4] *Ples. Die mensdom stel belang in sy oorsprong en fossiele en skeletmateriaal uit die periode is aanvaarbaar om uit te stal.*

   ii. *Foto's van skeletmateriaal vir uitstallings doeleindes is aanvaarbaar.*

5) *Verder moet daar prosedures in plek gestel word om menslike skeletmateriaal te hanteer wat nie aan die wet en regulasies voldoen nie wanneer hulle in werking tree soos repatriasie of herbegrawing.*

Museums, in samewerking met SAEHA, moet aangemoedig word om die plaaslike gemeenskap op te voed in die wet en etiek rondom grafte en menslike oorskot, en hulle in te lig dat dit nie finansiële of aardigheidswaarde het nie. Dit sal mense verhoed om argeologiese en menslike skeletmateriaal na hul plaaslike museums te bring met die hoop op geldelike vergoeding daarvoor.

Die verslag sluit soos volg af:

*Menslike skeletmateriaal op uitstalling en in museumversameling is 'n kontensieuse aangeleentheid wat duidelike en onmiddellike aandag verg. Die Museumdiens se oudit toon dat ons situasie nie so ernstig is soos in die geval van natuurhistoriese museums nie (Iziko en McGregor Museum in Kimberley het honderde skelette), aangesien ons hoofsaaklik kultuurhistoriese museums is wat kulturele materiaal uitstal en versamel. Hoe dit ook al sy, die museums het wel skeletmateriaal wat op verskeie maniere in hul besit gekom het. Die museums is bewus van die ernstige aard van hierdie situasie en is gewillig om hul*

---

[4] Alhoewel dr R Broom in 1947 die *Plesianthropus transvaalensis* fossielskedel (bekend as *mev Ples*) as vroulik geïdentifiseer het, het prof F Thackeray in 2017 bewys dat die skedel egter dié van 'n jong man was. Tans staan die skedel bekend as *mnr Ples* (internet: Subramoney 2018).

*samewerking te gee. Hierin sal hulle gelei word deur die Museumdiens en ook deur reeds bestaande en voorgestelde wetgewing (Museumwet[[5]])* (MMA De Kock 2002:6,7).

## 3.5 DIE DRUK BOU OP OM KOOS SAS SE SKEDEL TE BEGRAWE

"Dit is ongelukkig so dat allerlei goed in die verlede in museums uitgestal is en versamel is – maar die vraag bly steeds: wat om daarmee te doen?" (MMA De Kock 1999:7). Reeds twee jaar vóór De Kock hierdie vraag vra, is dit Alan Morris wat vra of Koos Sas, wat wel 'n oneervolle lewe gelei en 'n roemlose dood gesterf het, se generasie se stories, in plaas van hul dood, nie ook verdien om deur die Montagu Museum vertel te word nie (1997c:25).

Intussen bou die publieke druk op, ook op Montagu, vir die Montagu Museum om die kopbeen van Koos Sas te begrawe. Só skryf MR van Biljon as vrywilliger namens die Montagu Museum in 'n brief gerig aan ene "Vincent and Patty" onder meer die volgende: "As I said, Koos Sas' skull will be buried with due ceremony in the near future" (MMA Van Biljon 2001).

In die notule van die trusteeraadsvergadering van die Montagu Museum gehou op Dinsdag, 27 Januarie 2004, word die destydse bestuurder van die museum, M Hendricks, deur die raad versoek om uit te vind waar die kopbeen van Koos Sas begrawe moet word. Tydens dieselfde vergadering word sy verder opdrag gegee om 'n plakboek oor Sas te begin saamstel (MMA MM Notuleboek 2004).

In die daaropvolgende jaar skryf Hendricks aan dr Heinie Heydenrych (afgetrede dosent aan die Universiteit van Pretoria wat ná sy aftrede vir 'n aantal jare op Montagu gewoon het waar hy baie by die museum betrokke was) in verband met projekte wat deur die museum vir daardie jaar beplan word. Onder andere noem sy dat die museum 'n brosjure vir 'n grafsteenroete beplan, en vra daarna of die begraafplek van Sas se skedel by die brosjure ingesluit kan word. Hendricks skryf verder: "Ek het reeds met Museum Tegniese Dienste en die munisipaliteit hieroor onderhandel, maar dit het maar weer doodgeloop en ons is terug in die eerste fase. Wat dink die Montagu Begrafplaasbewaringsgroep – ek wil graag hê die museum moet ook op die brosjure wees, selfs as dit beteken ons begrawe Koos Sas hier, met die nodige toestemming natuurlik en of net 'n koperplaat met die geskiedenis oor homself" (MMA Brief Hendricks 18/01/2005).

Verdere bewyse van die dringendheid waarmee die aangeleentheid gedurende hierdie tydperk aandag geniet, kan gevind word in die volgende ongedateerde brief wat die destydse hoof van die Montagu Museum, Blackie Badenhorst, aan dr Willa Boezak rig: "Namens die Trusteeraad van die Montagu Museum wil ek graag vra dat u en prof. Jatti Bredenkamp kennis dra dat die

[5] De Kock verwys moontlik met "Museumwet" na die Museumordinansie 8 van 1975.

skedel van Koos Sas, wat al sedert 1975 in die Montagu Museum bewaar word, steeds in ons argief is. Ons wil u daarvan verwittig dat ons die oorblyfsel op 'n eerbare, korrekte wyse ter aarde gaan bring. Die raad vra u asseblief om ons in hierdie verband by te staan en raad en leiding te verskaf" (MMA Brief Badenhorst:gp).

Nie net van die beleidmakers se kant word daar gedurende hierdie tydperk druk uitgeoefen om alle menslike oorskot in museumversamelings te begrawe nie, maar ook uit die publieke sfeer gaan stemme in hierdie verband op. Al meer begin beswaarde lesers uiting gee aan hul frustrasies in hierdie verband in die briewekolomme van dagblaaie.

In die briewekolom van die *Montagu Mail* van September 2007 skryf Madeleine Roux (vrywilliger by die Montagu Museum) dat Koos, "soos hy onder ons bekend staan", sowat tien jaar nie meer op uitstalling is nie, maar in veilige bewaring gehou word in die argief van die ou sendingkerk. Sy skryf verder dat die Departement van Sport en Kultuur "'n paar jaar gelede" besluit het dat geen menslike oorblyfsels in museums uitgestal of gehou mag word nie, "selfs nie dié van moordenaars nie, dit was onwaardig". Roux vra onder meer in die artikel waar, hoe en deur wie Sas begrawe gaan word. Sy noem ook dat niemand enige verlangse familie van Sas kon opspoor nie – "dis darem lank gelede!" (2007:7).

Leon Vorster, gewese kurator van die Montagu Museum, skryf aan *Die Burger* dat hy van harte hoop dat die skedel van Koos Sas binnekort "hopenlik tydens 'n eenvoudige seremonie en nie 'n staatsbegrafnis nie" weer begrawe sal kan word. Hy vervolg: "Daardeur sal die laaste hoofstuk in hierdie verhaal afgesluit kan word en sal al die hoofkarakters wat in die verhaal opgetree het en reeds oorlede is, in vrede gelaat en onthou kan word vir dit wat hulle werklik gedoen het (of dalk nie gedoen het nie). Aan hulle almal: Wel te ruste" (Vorster 2008:15).

Roux sluit soos volg by die voorafgaande brief van Vorster aan: "Die brief van Leon Vorster oor Koos Sas verwys. Met soveel deernis het ek, tydelik werksaam in die Montagu-museum, gaan kyk na die oorskot van Koos Sas, en soveel keer het ek gedink die man se skedel moet nou geplant word in die aarde waar hy vandaan kom. Tot dit gedoen word, sal hy steeds in die Montagu-berge by ons spook. Die man was 'n moordenaar en 'n dief, maar hy dwaal in die Montagu-museum, op soek na sy rus. Kom ons help hom daarheen" (2008:15).

### 3.6 DIE PROSES BEGIN OM KOOS SAS TE RUSTE TE LÊ

In September 2015 loods die provinsiale Departement van Kultuursake en Sport, Wes-Kaap, 'n projek om alle menslike oorskot in geaffilieerde Wes-Kaapse museums te herbegrawe. Daarmee saam word 'n dokument vanaf die kantoor van die destydse hoof van die departement, B Walters, vir ondertekening aan alle bestuursrade van geaffilieerde Wes-Kaapse museums uitgestuur.

Hierdie dokument stippel onder meer die riglyne uiteen vir die herbegrafnisse van menslike beendere reeds aangeteken in Wes-Kaapse museumversamelings.

Die dokument is getiteld: "Guidelines for the management and reinterment of human remains and associated archaeological remains" en sluit onder meer die volgende agtergrond en opdragte in (p 1):

> *It is acknowledged that human remains held in museums are potentially contentious and that there are a number of parties who could claim rights over these remains, including descendant communities, cultural, and scientific communities. The needs and motivations of these communities may be conflicting, and it is, therefore, the role of the museum to act respectfully in the interest of the dignity of people past and present.*
>
> *Museums are not appropriate institutions to hold human remains whether archaeological or historical. Regardless of how these were acquired, where such exists, proactive steps must be taken to ensure the de-accessioning (where they are in collections), and reburial of human remains.*

Die doel van bogenoemde dokument is soos volg beskryf (p 1):

> *These guidelines form part of the Collections Management Policy of the Museum Service and provides the framework for the management and reburial of human remains and associated archaeological material in museums affiliated to the Western Cape Government. Affiliates are required to adhere to it.*

Onder die begrip "human remains" word verwys na die fisiese oorskot van "Homo sapiens – complete human skeletons, partial human skeletons or isolated human skeletal elements and soft tissue, grave or burial goods and casts."

Wetgewing waarvan melding gemaak word, is die volgende (p 2):

> *National Heritage Resources Act (NHRA), Act 25 of 1999, and the schedule of regulations of June 2000 (No 6820):*
>
> *All archaeological material and human remains are part of the National Estate (Section 3.2(g)(vi)(i) and 35(2))*

Wat betref die bestuur van enige menslike oorskot asook gepaardgaande argeologiese materiaal, word die volgende instruksies verskaf (p 3):

> *Human remains must always be treated with the utmost respect. All matters relating to human remains must be over-seen by appropriate staff and remains must only be handled*

*by appropriate personnel. Steps must be taken proactively to bury the remains. Human remains must be isolated, de-accessioned and stored according to best practice until reburial is possible, with no access by the public.*

Aangaande die berging van menslike oorskot, bevat die dokument die volgende riglyne (p 3):

*Human remains must be de-accessioned. Where possible, human remains and the associated archaeological artefacts should be housed separately from the general museum collection; and in a manner that shows respect for the dead, and accords with the wishes of the descendent community, where such wishes are known.*

Onder die opskrif “Display and Media” word die volgende uitgelig (p 4):

*Human remains should not be displayed or exhibited or used in public programmes, or photographed, filmed or used in any other way for commercial gain.*

In gevalle waar menslike oorskot moontlik op ‘n onetiese wyse bekom is, word die volgende instruksies gegee (p 4):

*It is acknowledged that some museums may have in their collections, human remains that were collected under unethical conditions in the past. Every effort to identify descendant communities must be made. Where direct descendant communities can be identified, such communities should be notified and allowed access to information on record.*

*In accordance with the provisions of Section 41 of the NHRA, Act 25 of 1999, in the event that a descendant community wishes to claim restitution, the museum must enter into a process of negotiation with the claimants regarding the future of the remains.*

Die dokument eindig met die volgende opdrag onder die opskrif “Reinterment” (p 4):

“Reinterment must be seen as a process rather than an event.”

*In preparation for reinterment, an audit must be conducted at each museum to establish an inventory of human remains and any associated information. Where remains have gone missing, an investigation must be conducted to clarify and recommend actions to resolve the matter. A fitting location for the reinterment must be identified in consultation with communities who have a historical relationship with the remains. The remains shall be laid to rest during an appropriate ceremony* (MMA Walters 2015).

Dit neem ‘n verdere drie jaar vir die Departement van Kultuursake en Sport in die Wes-Kaap om die projek vir die herbegrawe van enige menslike beendere in museumversamelings tot uitvoer te bring.

Op 7 Desember 2018 word ‘n versoek van die kantoor van die hoof van die departement aan die Minister van Kultuursake en Sport in die Wes-Kaap, Anroux Marais, uitgereik, met die titel:

*Request approval for the deaccessioning and reburial of human remains at affiliated museums.*

*Purpose:*

*Approval is requested for the deaccessioning and reburial of human remains from the collections of Genadendal Mission Museum, Hout Bay Museum, Montagu Museum, Old Harbour Museum, Shipwreck Museum, Simon’s Town Museum and Wellington Museum. Previously remains held at museum in the Eden District were deaccessioned and reburials have taken place.*

*Background:*

*In the past, the collection and display of human remains was deemed acceptable museological practice, informed by the racial science and ideology of that time. However, this is no longer the practice, given the human rights context in which we now endeavour to have museums serve whole communities.*

*The department Guidelines for the Management and Reinterment of Human Remains and Associated Archaeological Remains (the guidelines) were approved by the Head of the Department on 17 September 2015 (See annexure A).*

*The preamble to these guidelines states the following:*

*Museums are not appropriate institutions to hold human remains whether archaeological or historical. Regardless of how these were acquired, where such exists, proactive steps must be taken to ensure the deaccessioning (where they are in collections), and reburial of human remains.*

*In accordance with Section 20(1)b of the Museum Ordinance 8 of 1975, the Head of Department’s approval must be sought to deaccession collections or artefacts.*

*Given the sensitivity of the issue, the decision was brought to the attention of the Minister who subsequently launched a reburial programme on 25 June 2018.*

*Motivation:*

***Genadendal Mission Museum***

*There is one human skull in the collection*

*The skull was given the accession number GMM 3506*

***Hout Bay Museum***

*There is one human skeleton in the collection*

*The skeleton was not accessioned*

***Montagu Museum***

*There is one human skull in the collection*

*The skull was not accessioned*

***Old Harbour Museum***

*There are two human skeletons, one adult and one infant, in the collection*

*The skeletons were not accessioned*

***Shipwreck Museum***

*There is one human skeleton in the collection*

*The skeleton was given the accession number 86/23 a-h*

***Simon's Town Museum***

*There is one human skull, and other human bones from various individuals in the collection*

*The human remains were not accessioned*

***Wellington Museum***

*There is one human skull in the collection*

*The skull was not accessioned*

*As required by the guidelines, the human remains detailed in this submission should be deaccessioned.*

*In some cases the human remains have not been formally accessioned into museums' collections. However, in each case the human remains have been kept in the museum for a significant period of time. As such, the deaccessioning process should be followed, even though the human remains do not have accession numbers, in order to make the removal of the human remains from the museums' collections a museologically sound, transparent and ethical process.*

*The human remains will be reburied through a process facilitated by the Museum Service, as per Section 2 of the guidelines.*

*All documentation associated with the human remains and their removal and reburial will be permanently filed at each museum.*

*Other organisations consulted:*

*As per the guidelines, the process of reburial is to be consultative. When the human remains have been deaccessioned, communities who have a historical relationship to the human remains will be invited to participate in the process to rebury the remains.*

*Stakeholder consultations have commenced and are underway with affected museums, identifying communities and relevant authorities.*

Saam met sy handtekening vir goedkeuring van hierdie aansoek, verskyn die volgende kommentaar deur die direkteur van die departement, G Redman:

*Everyone has inherent dignity and the right to have their dignity respected and protected. The right to dignity is reiterated as a founding value of our democratic state in section 1 of the constitution, alongside equality and freedom - deaccessioning of human remains in collection forms part of a re-humanising process. This means therefore all these remains must be handled with great care and in a respectful, dignified way, and this approach must cover the full spectrum of processes to be followed. When appropriate and possible, the handling, storage and transportation of human remains should take into account any cultural preferences of sensitivities of communities that have cultural continuity with the remains.*

Hierdie aansoek word deur minister Marais goedgekeur en gedateer 19 Desember 2018 (MMA Smart 2018).

As verdere kommentaar tot die goedgekeurde dokument om alle menslike beendere in geaffilieerde museums in die Wes-Kaap te herbegrawe, word die volgende instruksie deur Museumdienste vroeg in 2019 uitgereik: "… the Chief Director has instructed that all remains

awaiting reburial must be appropriately and safely stored. This means they must be treated as if a corpse laying in wake: Respectfully contained in a purpose made container, in a private room where access is controlled by the Museum Manager" (Houston 2019: e-poskommunikasie).

Die opdrag aan museums van die Direktoraat Kultuursake en Sport, Wes-Kaap, om alle menslike oorskot in museumversamelings te begrawe, word kort na die uitreiking van die riglyne geïmplementeer. Reeds vroeg in November 2019 ontvang die Montagu Museum ‘n spesiale subsidie van R50 000 van die Departement van Kultuursake en Sport, Wes-Kaap, met die volgende opdrag: "For subsidising operational expenses relating to the reburial of human remains at the museum to be concluded before the end of the 2020/2021 financial year" (MMA Redman 2019).

Tydens die simboliese oorhandiging van die menslike beendere by die CP Nel Museum op Oudtshoorn in 2020 het die provinsiale Minister van Kultuursake en Sport, Anroux Marais, gesê dat haar departement vasberade is om die visie van die Wes-Kaap, naamlik die totstandkoming van ‘n sosiaal-insluitende provinsie vir almal wat daarin woon, daar te stel. Op dié dag het die minister verder verklaar: "We fully understand that the sacred burial required the performance of rituals in museums and that re-interment must be seen as a process, rather than an event" (*Cape Times* 2020:3).

Die eerste vergadering om die herbegrafnis van Koos Sas te bespreek, vind op 26 September 2018 in die argiefkamer van die Montagu Museum plaas, met die volgende persone teenwoordig:

1. Charlene Houston (Departement Kultuursake & Sport, Wes-Kaap)
2. Kumresh Chetty (Departement Kultuursake & Sport, Wes-Kaap)
3. Reginald (Reggie) Boesak (Hessekwa-stamhoof)
4. Dulcie Winegaard (Hessekwa)
5. Don Woodford (Voorsitter: Montagu Museum bestuursraad)
6. Emile Badenhorst (Bestuurder: Montagu Museum)

In die notule van hierdie vergadering is enkele punte van belang wat bespreek is, die volgende:

i. Die museumbestuurder noem dat, in teenstelling met die ander museums wat menslike beendere in hul versameling het, die geval van Koos Sas unieke status regverdig, aangesien dit die enigste is waaraan ‘n naam gekoppel kan word. Die Montagu Museumargief beskik oor heelwat foto’s en inligting oor Sas.

ii. C Houston van die Departement Kultuursake en Sport maak dit tydens die vergadering duidelik dat daar met sensitiwiteit en omsigtigheid omgegaan moet word betreffende die

herbegrafnis van die skedel van Sas, aangesien die persepsie steeds bestaan, “where he is seen as a trophy, a victory of one people over another”.

iii. Op die skedel van Koos Sas is die woord “KOESAS” iewers in die verlede met ‘n potlood aangebring. Stamhoof Boesak noem onder andere dat die Khoekhoen nie tradisionele vanne gehad het nie, en dat dit “‘n koloniale ding” is. Hy sê verder dat hy in gesprek was met ‘n navorser van die Khoi-San Raad wat bevestig het dat die Khoi- en Sanmense hul vanne van die koloniste gekry het omdat ‘n tweede naam of van nie deel van hulle tradisie was nie. Dit is selfs moontlik dat die naam “Koos Sas” deur ‘n plaaseienaar aan hom gegee is, soos dikwels in die verlede gebeur het.

iv. Boesak maak verder beswaar teen die term “reburial” wat sover in gesprekke en dokumente gebruik word, aangesien Koos Sas volgens hom nooit in die eerste instansie “begrawe” is nie, maar dat sy lewelose liggaam bloot “in ‘n gat gegooi is”.

v. Die museumbestuurder noem dat die kleinseun van konstabel Jurie Dreyer hom onlangs genader het met die versoek om die geweer waarmee Sas doodgeskiet is, terug te vra. Daar kon egter nie aan hierdie versoek voldoen word nie, aangesien die museum se beleid rondom die afstand doen van voorwerpe nie hiervoor voorsiening maak nie. Hy noem verder dat in gedagte gehou moet word dat Sas vir Botha op ‘n wreedaardige manier om die lewe gebring het, en dat die museum en departement in ag moet neem dat sommige mense dalk nie mag saamstem oor die prosedure wat gevolg word nie. Houston maak dit duidelik dat hierdie deel is van ‘n projek wat deur die departement bestuur word, “and that it’s not about saints or sinners”. Sy noem dat Koos Sas, soos enige ander mens, ‘n regmatige begrafnis verdien.

vi. Vervolgens kom die gewenste begraafplek van Sas se skedel onder bespreking. Die dorp se begraafplase word nie goed in stand gehou nie, en word op ‘n gereelde basis gevandaliseer. Die museumbestuurder is van mening dat, deur die skedel van Sas op die terrein van die Montagu Museum te begrawe, ook nie die gewenste oplossing sal wees nie, aangesien die persepsie mag ontstaan dat Sas steeds besigtig word en dus steeds op ‘n manier op uitstalling is.

vii. Volgens Boesak is die Donkerkloof-bergreservaat die mees geskikte plek om die skedel van Koos Sas te begrawe. Nie net is die bestaan van rotstekeninge in die area ‘n bewys van ‘n vroeëre Khoekhoen- teenwoordigheid nie, maar die potensiaal vir toerisme en ontwikkeling in die gebied moet ook nie uit die oog verloor word nie.

viii. Ten slotte was dit Houston wat beklemtoon het dat die Montagu Museum, met die herbegrafnis van die skedel van Koos Sas, die geleentheid het om ‘n baie belangrike rol te speel in die versoening tussen die verskillende kultuurgroepe wat in die dorp woon.

ix. Vir stamhoof Reggie Boesak is dit baie belangrik dat daar geen politieke agenda is nie.

x. Die vergadering besluit aan die einde dat dit hoogs onwaarskynlik is dat enige familie van Koos Sas opgespoor sal kan word, aangesien alle pogings tot dusver onsuksesvol was. Die beste opsie sal dus wees as die Hessekwa-Khoi die nagedagtenis van Sas verteenwoordig terwyl die Montagu Museum die katalisator sal wees vir nasiebou en versoening.

(MMA Notule Reëlingskomitee-vergadering: 2018)




***Figuur 3.6:*** *Die skedel van Koos Sas in die kiaatkissie wat spesiaal laat maak is vir die begrafnis. Die woord "KOESAS" is bo-op die skedel sigbaar (Foto: E Badenhorst)*

In November 2018 word raadslede J Kriel en M Hucklesby deur die Langeberg Munisipaliteit ingelig dat hulle deur die Uitvoerende Burgemeester, raadslid Jansen, afgevaardig is om die raad te verteenwoordig op die forum wat die herbegrafnis van Sas se skedel beplan (MMA Langeberg Munisipaliteit 2018). Jacques Kriel het vroeër jare die munisipaliteit verteenwoordig op die Montagu Museum se bestuursraad en is vertroud met die museum se operasionele programme, terwyl Michelle Hucklesby die assistent bestuurder van die parke en reservate-afdeling van die Langeberg munisipaliteit is.

Gedurende die volgende twee jaar word hierdie eerste vergadering opgevolg met 'n reeks vergaderings waarvan die meeste aanlyn plaasvind as gevolg van Covid-19- regulasies. Reëlings vir die herbegrafnis verloop ook nie altyd vlot nie – van die redes hiervoor is dat die Hessekwa sedert die eerste beplanningsvergadering in September 2018 steeds daarop aandring dat die skedel van Sas nie in 'n begraafplaas begrawe word nie, maar in Donkerkloof, 'n bergreservaat

wat deel uitmaak van die Langeberg Munisipaliteit. Dit is verder hul wens dat die skedel nie "onder die grond", soos wetgewing vereis, begrawe word nie, maar in 'n sarkofaag, dus bogronds (MMA Notule Reëlingskomiteevergadering 2018).

Munisipale wetgewing bepaal die volgende: Niemand mag 'n lyk binne die munisipale gebied elders as in 'n begraafplaas deur begrawing ter aarde bestel of laat bestel nie (MMA Provinsie Wes-Kaap: Provinsiale Koerant: 6535 24/06/2008:5).

Die aansoek om Sas se skedel in die Donkerkloof-reservaat te begrawe, word gedurende 2019 op verskeie vergaderings van die Langeberg Munisipaliteit bespreek. Aanvanklik word die aansoek op 'n vergadering van die Gemeenskapsdienste Portefeulje Komitee op 9 April afgekeur. Die aanbeveling stel voor dat die skedel van Sas in die Nuwe Ashbury begraafplaas of enige ander munisipale begraafplaas in die Langeberg-distrik begrawe word. Die rede vir die afkeuring word soos volg weergegee:

i. *"No person shall bury any body in the earth or cause such body to be so buried within the municipal area other than in a cemetery,"*
ii. *The National Health Act, 2003 (Act No. 61 of 2003), Regulations relating to the Management of Human Remains, defines "human remains" as a "dead human body", or the "remains of a dead human body whether decomposed or otherwise"*

Die aansoek word vervolgens op die agenda van vergaderings van die Gemeenskapsdienste Portefeulje Komitee op 8 Oktober 2019 en die Uitvoerende Burgemeesterskomitee op 22 Oktober 2019 ter tafel gelê, maar word nie verder bespreek nie.

Omdat die plaaslike munisipaliteit nie gou genoeg tot 'n besluit kon kom oor die mees geskikte begraafplek vir die Sas-skedel nie, beroep hoofman Boesak hom in 'n stadium tot 'n lid van die DA (Demokratiese Alliansie)-wetgewer in die Wes-Kaap, mnr Dennis Joseph. Die gevolg hiervan is dat Joseph gedurende September 2019 'n skrywe aan die Provinsiale Raad van die DA rig om in te gryp met betrekking tot die goedkeuring van Donkerkloof as gewenste begraafplek vir die skedel van Sas (Joseph 2019: e-poskommunikasie). Hierdie kwessie word selfs in 'n stadium onder die aandag van dr Ivan Meyer van die DA gebring, wat na Boesak as 'n "strategiese vennoot" verwys met die oog op die 2021 munisipale verkiesings. Meyer noem verder dat Boesak "baie stemme na die DA toe gebring het" (Meyer 2019: e-poskommunikasie). Kort hierna gee die DA-raadslid Jacques Kriel van die Langeberg Munisipaliteit in sy "persoonlike hoedanigheid" te kenne dat hy die versoek steun dat die skedel van Koos Sas in Donkerkloof begrawe word (Kriel 2019: e-poskommunikasie).

Dit kan met redelike sekerheid aanvaar word dat die uitbreek van die Covid-19- pandemie vroeg in 2020 in Suid-Afrika tot gevolg gehad het dat sekere sake onder bespreking by die Langeberg

Munisipaliteit, soos ook elders in die land, vir eers uitgestel is. Dit sou ook geld vir die aangeleentheid oor die mees geskikte plek vir die teraardebestelling van die skedel van Koos Sas.

Intussen lei die gesloer met die toestemming van die plaaslike munisipaliteit om die skedel van Sas in Donkerkloof te begrawe tot frustrasie. Die senior hoofman van die Hessekwa-stam, Reggie Boesak, skryf op 31 Januarie 2021 soos volg aan Anroux Marais, Minister van Kultuursake en Sport, Wes-Kaap (taalfoute onveranderd aangehaal):

Die skedel van genoemde Khoisan (bruinmens) is vir baie jare gehuisves en uitgestal in die Sendingkerk Museum Montagu. Die uitstalling van hierdie skedel moes waarskynlik dien as waarskuwing aan die Khoisan-volk indien hulle hulself sou skuldig maak aan diefstal of moord. Nadat hy voëlvry verklaar is, is hy koelbloedig gejag, soos ‘n wilde dier, en dood geskiet. Gevolglik is op ‘n barbaarse manier sy kop van sy liggaam afgesny. Daar was geen behoorlik hofverskyning en veroordeling nie. Hy is gejag deur die Polisie met behulp van die Boere-kommando.

Hierdie tentoonstelling in ‘n glaskas was onmenslik en onchristelik. Hierdie hardvogtige en wrede manier van straf het vir my baie jare diep getref en seergemaak. God het ons almal na Sy beeld geskape en ons is dus mense van ‘n liggaam, siel en gees. Hierdie skedel in die glaskas van Koos Sas is vir baie jare vasgebrand in my brein en gemoed. My christelike opvoeding en gewete het my nie toegelaat om berusting te vind nie. Op 2 Mei 2018 het die geleentheid aangebreek toe ons as Khoisan ons griewe en ongelukkigheid aan verteenwoordigers van al die Provinsiale regerings kon voorlê. By hierdie geleentheid kon ek die tragiese verhaal van Koos Sas openbaar maak.

Wat wou ek bereik?

1. *Dat Koos Sas ‘n behoorlike CHRISTELIKE BEGRAFNIS sal kry na amper 100 jaar.*
2. *Die herstel van hierdie volksvernedering.*
3. *Dat hy begrawe sal word in Donkerkloof, waar die twee riviere ineen vloei – nl. die Keisie en Kingna (albei Khoi-name). Donkerkloof was die oorspronklike woonplek en eiendom van die Cogmans-stam* (MMA Boesak, afskrif van skrywe aan minister A Marais 2021).

Boesak maak hom in hierdie emosionele betoog aan ‘n aantal onwaarhede skuldig. Daar is geen bewyse dat Sas se skedel uitgestal is met die uitsluitlike doel om as “afskrikmiddel” vir die Khoisan-volk te dien, soos hy dit stel, nie. Soos duidelik blyk in hoofstuk 2 van hierdie studie, is daar geen bewyse wat daarop dui dat Sas soos ‘n wilde dier “koelbloedig gejag” is deur die polisie en ‘n boerekommando nie. Boesak beweer verder dat daar “geen behoorlike hofverskyning” was nie. Hy is natuurlik ook nie (heeltemal) korrek wat betref die hofverskyning nie. Hoofstuk 2 sluit

groot gedeeltes van koerantberigte in waarin verslag gedoen is oor die voorlopige hofsaak wat in Montagu plaasgevind het, asook inligting wat in die hof as getuienis voorgehou is. Alhoewel Sas tydens hierdie saak onskuldig gepleit het, en die hof ook nie ‘n uitspraak gelewer het nie, aangesien die saak na die Rondgaande Hof in Worcester oorgeplaas is vir uitspraak en vonnisoplegging, het Sas wel in die hof op Montagu verskyn. Die moontlikheid bestaan egter dat Boesak nie van die beriggewing daaroor, asook nie van die hofsaak bewus was nie. Boesak se emosionele betoog waarin hy ‘n hele aantal onwaarhede kwytraak, herinner sterk aan wat Fick “the pluralization of life worlds”, soos aangehaal in hoofstuk 1, noem (2022:2). Kwalitatiewe navorsing het spesifiek betrekking op die studie van sosiale verhoudings, veral in die plaaslike narratief. In hierdie geval het die uitsprake van Boesak die potensiaal om hierdie verhoudings te vertroebel, maar wat die effek van sy woorde werklik op die plaaslike gemeenskap was, is nie vir hierdie studie vasgestel nie.

Ná bykans ‘n jaar se vergaderings, e-posse en telefoongesprekke, moes mev Michelle Hucklesby, assistent bestuurder van parke in die Langeberg Munisipaliteit, ten einde laaste regsadvies inwin van die munisipale regsafdeling. In reaksie op haar versoek reik advokaat JF Koekemoer ‘n verslag, getiteld “Opinion: Removal and burial of skull” uit.

Van die besonderhede vervat in die verslag sluit onder meer die volgende in:

I. *I have been requested to advise on the legal procedure to remove a skull from the Montagu Museum for interment in concrete in the ‘rock face of the Montagu Mountain Reserve in the area of Donkerkloof’.*

*II. I was provided with a copy of the applicable By-Law for Cemeteries with the question whether the skull should be regarded as ‘body’ in terms of the By-Law, which would then entail that it could only be buried in a proper cemetery.*

*III. The word ‘body’ in the By-Law is defined as ‘… any dead human body including the body of any still born child’.*

*IV. The word ‘body’ is described in the Oxford Advanced Learner’s Dictionary as ‘the whole physical structure of a human being’ in this case, then, of a dead person. In the Oxford Thesaurus Dictionary, it is explained as ‘corpse’. This means that the By-Law is not applicable to a skull, and it follows that it would not be a transgression of the By-Law to place it in the rock face as described above.*

Die verslag volstaan met die volgende inskrywing:

> “I had a look again at my advice that I gave some time back regarding the skull issue, as discussed at our recent meeting. As you can see from my advice attached, a skull is not a body and may be put in the nature reserve as envisaged. It will not be a

transgression of your by-law as it is not a body. However, it is human remains. Therefore, the Regulations Relating to the Management of Human Remains, 2013, promulgated in terms of the National Health Act, 2003, is applicable, and exemption must be applied for" (Koekemoer 2021: e-poskommunikasie).

Ten einde laaste word die aansoek om die skedel van Koos Sas in Donkerkloof- bergreservaat in 'n sarkofaag te begrawe, ter tafel gelê tydens 'n gewone vergadering van die Langeberg Munispaliteit op 30 Maart 2021. Die eenparige besluit van die vergadering word vervolgens in 'n amptelike skrywe aan stamhoof Reggie Boesak gestuur op 7 April 2021: "That Dr. [sic] Reggie Boesak's request be approved to inter the skull of Mr. Koos Sas in the Montagu Mountain Reserve" (MMA Langeberg Munisipaliteit 2021).

## 3.7 KOOS SAS WORD TERUG OORHANDIG AAN "SY MENSE"

Die oorhandigingsplegtigheid van Sas se skedel aan die gemeenskap van Montagu vind uiteindelik op Dinsdag, 9 Maart 2021, om 10:30 in die Montagu Museum plaas.

Die gebeurtenis word later beskryf as 'n "heuglike en historiese gebeurtenis" in die geskiedenis van die Khoi- en San-gemeenskap toe die skedel van die "Khoisan-afstammeling" deur die provinsiale Minister van Kultuursake en Sport, Anroux Marais, simbolies aan die Hessekwa-stamhoof ds Reggie Boesak oorhandig is – bykans 100 jaar ná Sas se dood (Evertson 2021a:9).

Behalwe die minister, was ander sprekers op die oggend se program die volgende: Michael Janse van Rensburg (Assistentdirekteur: Museumdienste, Wes-Kaap); Samuel du Plessis (Voorsitter: Montagu Museum Trusteeraad); Emile Badenhorst (Bestuurder: Montagu Museum); Ds. Reginald (Reggie) Boesak (Hessekwa- stamhoof) en Guy Redman (Senior Direkteur: Museumdienste, Wes-Kaap). Die hoofspreker vir die oggend was die eerbare Wes-Kaapse Minister van Kultuursake en Sport, mev. Anroux Marais (MMA Amptelike program 2021).

Ses-en-veertig jaar nadat WIB du Plessis by die voordeur van die ou sendingkerkie met die glaskassie in sy hande ingestap het, en meer as 'n honderd jaar sedert Koos Sas uit die Montagu-omgewing, met die klag van moord wat soos 'n swaard oor sy kop hang, in 1917 gevlug het, word sy skedel aan "sy mense" terug oorhandig – nou nie meer in die oorspronklike glaskassie nie, maar in 'n blink, nuwe kiaathoutkissie, uitgevoer met 'n donkerrooi binne-bekleedsel (sien figuur 3.6). Vir die duur van die verrigtinge is die kiaatkissie binne-in 'n eenvoudige, vollengte dennehoutlykskis, met growwe handvatsels van tou gemaak, geplaas. Die lykskis, asook die kleiner kiaatkissie, is spesiaal deur 'n skrynwerker van Montagu, Kallie Laubscher, gemaak. Die lykskis kan op die agtergrond in figuur 3.8 gesien word.




***Figuur 3.7:*** *David Kramer sing "Die ballade van Koos Sas" in die Montagu Museum tydens die oorhandigingsfunksie op 9 Maart 2021 (Foto: N Evertson)*

Een van die hoogtepunte op die oggend se program was die optrede deur die musikant David Kramer. Sy teenwoordigheid en optrede was in 'n sekere opsig histories, aangesien dit presies 40 jaar tevore was dat hy die skedel van Koos Sas die eerste maal in 1981 in die Montagu Museum gesien het. Kramer het kort hierna begin werk aan "Die ballade van Koos Sas" wat in 1983 opgeneem is. Volgens Kramer was daar deur die jare telkemale sprake dat Sas se skedel begrawe sou word, maar niks het ooit gerealiseer nie. Dit was dus vir hom 'n groot verrassing toe hy deur die bestuurder van die Montagu Museum gekontak is om te verneem of hy toestemming sou verleen dat "Die ballade van Koos Sas" tydens die oorhandigingsdiens gespeel kon word. "Toe sê ek ek sal self kom en daar sing. En ek is baie bly ek kon dit doen en deel daarvan wees. Dit was 'n goeie einde. Ek het so 'n lang pad geloop met Koos se storie dat dit al amper by my gespook het" (Hendricks 2021:10). Die invloed van Kramer op die nalatenskap van Koos Sas word in meer diepte in hoofstuk 6 behandel.




***Figuur 3.8:*** *Van links voor: hoofvrou Dulcie Winegaard, rdl Samuel du Plessis, min Anroux Marais, rdl Jacques Kriel, stamhoof Reggie Boesak, Guy Redman en David Kramer na afloop van die oorhandigingsfunksie op 9 Maart 2021. Op die agtergrond is die vollengte dennehoutkis waarbinne die skedel van Sas voor die diens geplaas is (Foto: N Evertson)*

Hoofman Boesak, wat die skedel namens die Hessekwa in ontvangs geneem het, het in sy emosiebelaaide toespraak genoem dat "hierdie oorhandiging baie pyn verlig het" en dat sy volk dankbaar daarvoor is. Hy het verder genoem dat hulle 'n gebroke volk is – "grusaam verskeur op die wreedste wyse" (Mentz 2021:7). Alhoewel Boesak na die dag van die oorhandiging as 'n "heuglike en historiese gebeurtenis in die geskiedenis van die Khoisan-gemeenskap" verwys het, het hy ook nie geskroom om hom sterk uit te spreek teenoor die verontregting van die Khoi- en Sanmense nie: "Ons Khoisan-volk is vir meer as 300 jaar plus in ons geboorteland verneder, verkul, vertrap, beledig, verkleineer, vermoor en beroof. Ons is beroof van ons kultuur, vervreem van ons taal, van ons lewenswyse en as Godgeskape wesens. Selfs ons menswees is ons ontneem" (Evertson 2021a:9). Boesak verwys verder na die ooreenkomste, aangesien nié net Sas nie, maar ook die ganse Khoisan-volk "gejag, afgemaai en onthoof is". Boesak vra verder ook in sy toespraak wat van die liggaam van sy "voorvader" geword het – of dit in die see is, of deur wilde diere en aasvoëls opgevreet is. Alhoewel Boesak later erken dat Sas "nie 'n engel was nie" – dat hy 'n dief was en 'n "sogenaamde moordenaar", vra hy steeds die vraag of dié wat hom sonder verhoor voëlvry verklaar het, en hom soos 'n wilde dier gejag het, of hulle dan engele was? Volgens Boesak is die skedel in die Montagu Museum uitgestal met een doel voor oë, en dit was om aan die wêreld te wys: "Dit is wat ons doen met Khoisans, bruinmense en coloureds wat ons wette oortree" (Evertson 2021a:9).

Weereens, soos voorheen uitgewys, maak Boesak van die geleentheid gebruik om die saak van die Khoi en San onder die aandag van die gehoor te bring. Die gevolg is dat sommige van sy

ongegronde aannames en uitsprake die volgende week in verskeie koerantartikels aangehaal word. Die geleentheid is misbruik om ‘n boodskap met ‘n sterk politieke agenda oor te dra. Daar was heelwat bitterheid in sy toon, wat sekerlik nie ‘n boodskap van versoening oorgedra het nie. Die res van die diens was wel in die gees van vergifnis en nasiebou.

Minister Anroux Marais het gesê dat die provinsie reeds sedert 2018 met verskeie gemeenskappe en belanghebbendes vergader het om die proses vir die waardige begrafnis van die menslike oorskot van Koos Sas te begin. “Museums is nie geskikte instellings om menslike oorskot te hou nie”, het Marais gesê (Hendricks 2021:10). Die voorsitter van die Montagu Museum se trusteeraad, Samuel du Plessis, het genoem dat dit baie belangrik is dat gemeenskappe lesse uit hul geskiedenis leer, dat die dag gevier moet word met die doel dat mense hul diversiteit moet vier en mekaar moet leer ken vir wie en wat hulle is (Mentz 2021:7). Michael Janse van Rensburg, adjunkdirekteur van die Departement Kultuursake en Sport, Wes-Kaap, het in sy spreekbeurt gesê dat sommige mense steeds glo dat projekte soos die herbegrafnis van alle menslike beendere in museumversamelings bloot as ‘n geleentheid gebruik word om weer “in die verlede te loop grawe”. Hy beklemtoon dan dat erfenis en museums nie soseer oor die verlede gaan nie, maar eintlik méér oor die toekoms (Evertson 2021:9).

In die gedrukte media word die dag van die oorhandiging van die skedel van Koos Sas aan die gemeenskap van Montagu aangekondig met hoofopskrifte soos “Sas se skedel terug by Khoisan” (Evertson 2021a:9) en “Koos Sas se gees kan uiteindelik rus” (Hendricks 2021:10). Die *Son* basuin op die koerant se voorblad uit: “Mense jubel oor oorskot” (Davids 2021:5).

In ‘n artikel getiteld “Mense jubel oor oorskot, San-leier se skedel ná 50 jaar aan hulle oorhandig” is dit opvallend dat daar na Sas as ‘n “San-leier” verwys word (Davids 2012:5), wat dit duidelik maak dat die verslaggewer of die koerant foutiewe aannames maak oor ‘n saak waarvan hulle nie genoeg kennis het nie.

Die *Langeberg Bulletin* berig dat Sas se “gebeendere” tydens ‘n “emosie-belaaide” geleentheid aan die Hessekwa Khoisan-stam oorhandig is. Stamhoof Boesak word weer eens aangehaal dat hy in sy toespraak sou gesê het dat die geleentheid baie pyn verlig het, en dat hy dankbaar daarvoor was. Hy het verder in sy toespraak na die gewese Suid-Afrikaanse president, mnr Nelson Mandela, verwys, wat tydens sy besoek aan Montagu in 1996 aan Boesak gesê het dat, alhoewel ons die verlede nooit moet vergeet nie, mense hulle nie net daarop moet toespits nie (Mentz 2021:7). Mentz se woordkeuse van “gebeendere” is natuurlik nie korrek nie, aangesien slegs die skedel van Sas oorhandig is.

Die stamhoof van die Hessequa-stam was vir baie jare aan die voorpunt in die stryd om Sas se oorskot met respek en waardigheid te ruste te lê. “Die manier hoe ons voorouers se beendere

steeds in museums is, wys hoe ons eerste mense vir eeue sonder menswaardigheid behandel is. Die teruggee van ons voorouers se beendere sodat dit op ‘n menswaardige manier herbegrawe kan word, sal ver gaan om aan inheemse mense te wys dat hulle gesien en erken word.” Dulcie Winegaard, hoofvrou van die Hessequa, het met die oorhandiging van Sas se skedel aan die gemeenskap haar dank oor die heuglike dag uitgespreek en gesê sy dink die genesing kan nou begin. “Ek kon die bitternis aanvoel, maar kan nou voel dat die genesing uiteindelik kan begin” (Hendricks 2021:10).

Nie al die publikasies hang egter ‘n boodskap van versoening en nasiebou aan nie. Die korrespondent van die publikasie *Inheemse Spoor* verwys in ‘n berig oor die oorhandiging van die skedel van Koos Sas onder meer na die uitstalling van Sarah Baartman in ‘n Paryse museum “sodat mense na haar kon staar”. Die artikel gaan voort: “Die geval van Koos Sas is maar een van talle gevalle van hoe ons inheemse voorvaders onderwerp was aan bespotting, vernedering en barbaarse optrede deur indringers wat hulself as meerderwaardig beskou het” (Hendricks 2021:10). Ander artikels berig weer dat Sas ‘n berugte skaapdief was wat later, “so word vertel”, die seun van ‘n predikant doodgemaak het, en alhoewel hy nooit in ‘n hof aan “enige misdryf skuldig bevind is nie, tog deur die destydse owerhede ‘voëlvry’ verklaar is”. Hy is toe soos ‘n wilde dier gejag, en sy liggaam is deur wilde diere en aasvoëls “verslind” nadat hy in 1922 naby Springbok doodgeskiet is (Evertson 2021a:9).

Verder word ná die verrigtinge in die mediaberigte onder meer na Sas verwys as “’n San-voorvader” en selfs “die San-leier Koos Sas”. Daar word genoem dat Sas vee van die boere gesteel het om aan sy eie mense te voorsien. “Dit het van hom ‘n ware chief gemaak wat nooit geskroom het om sy broeder en suster uit die nood te help nie” (Davids 2021:5).

Uit die voorafgaande gedeeltes is dit duidelik dat heelwat historiese foute gemaak is in van die toesprake wat tydens die oorhandigingsdiens gelewer is.

Die uitsprake wat spesifiek deur stamhoof Boesak van die Hessekwa gemaak is, is daarna direk aangehaal en in verskeie publikasies in die week ná die gebeure gepubliseer. Aannames soos dat Sas ‘n “Khoekhoen-leier” was, en dat daar na hom verwys moet word as ‘n “sogenaamde” moordenaar, asook dat daar nooit ‘n hofverskyning was nie (al is daar in hoofstuk 2 bewys dat hy wel in ‘n hof verskyn het) dra alles direk by tot sy nalatenskap, aangesien sodanige uitsprake die potensiaal het om die publiek se persepsie van Sas te beïnvloed.

### 3.8 KOOS SAS SE SKEDEL WORD IN DONKERKLOOF BEGRAWE

Nege-en-negentig jaar ná sy dood en een-en-veertig dae nadat Koos Sas se skedel deur die Wes-Kaapse Minister van Kultuursake en Sport aan hoofman Reggie Boesak van die Hessekwa-

stam oorhandig is, vind die begrafnis plaas op Sondag, 18 April 2021. Soos die geval ook was (met enkele uitsonderings) tydens die oorhandiging van Sas se skedel aan die gemeenskap van Montagu, is die boodskap waarop die sprekers op dié dag klem lê een van "versoening". Op die amptelike program vir die dag verskyn die tema op die eerste bladsy: "Die begrafnis van die skedel van wyle Koos Sas" met daarnaas, prominent op die volgende bladsy gedruk: "Hooftema: Vergifnis, Versoening en Vrede". Die programleier is die voorsitter van die Montagu Museum se Trusteeraad, Samuel du Plessis.

Die program vir die begrafnis van die skedel van Koos Sas het kortliks soos volg verloop:

1) Openingsgebed: Snr Hessekwa Hoofman Ockert Lewies (gebed word gelewer in Namaghowab)
2) Die Nasionale Volkslied
3) Verwelkoming: Snr Hessekwa Hoofvrou Lesley Jansen
4) Lied 1: Wat 'n vriend het ons in Jesus
   (klavier-begeleiding: Hessekwa Kaptein Willa Boezak)
5) Voordrag: Anmiray Opperman
6) Huldeblyk: Hessekwa Kaptein Willa Boezak
7) Lied 2: Great is thy faithfulness
8) Prediker: Kapelaan Hessekwa Chief Reggie Boesak
9) Lied: Amanda Lois Stone met Leliekind
10) Lied 3: Nader my God by U
11) Seënbede

(MMA Amptelike program: 2021)

By die ingang wat na die voordeur van die ou sendingkerk lei, word op die dag van die begrafnis van Koos Sas se skedel kooigoed gebrand. Klippe wat gedurende 'n vorige jaar se erfenisvieringe deur kinders van die dorp met diermotiewe versier is, is weerskante van die paadjie gepak. Die diens word verder lewendig op Facebook gebeeldsaai deur JMO Pro Streamings, 'n begrafnisdiens van Oudtshoorn, wat ook die herbegrafnisdiens van menslike beendere vanuit die CP Nel Museum behartig het.

Anders as wat die geval was met die oorhandigingsdiens, berig die *Breederivier Gazette* dat dominee Boesak se preek tydens die begrafnis van Koos Sas baie versoenend was. Boesak stel dit dat die Khoisan-volk hul hand van vriendskap en vrede uitsteek na enigeen wat voor hulle

staan. Ter afsluiting het hy die hoop uitgespreek dat die begrafnis van Koos Sas jaarliks op Nasionale Menseregtedag gevier word. Die artikel lui onder meer: “Vergifnis, versoening en vrede is soos ‘n goue draad deur sy preek verweef. Ten spyte van die onreg wat hulle aangedoen word, is die Khoisan nie geweldenaars nie” (Evertson 2021b:2). In ‘n latere onderhoud vertel Reggie Boesak, wat ook vir baie jare op die Trusteeraad van die Montagu Museum gedien het, dat, toe hy die skedel van Sas die eerste maal op uitstalling in die Montagu Museum gewaar het, dit hom herinner het aan die seer in sy eie lewe. Hy noem dit “apartheid se pyn” en vertel dan hoe hy as kind op Kakamas, waar hy gebore is, op ‘n plaas deur ‘n boer geslaan is en hoe die Boesaks later as gesin uitmekaar geskeur is toe “hulle gedwing is om uit ‘n groot huis na ‘n kamer te trek, omdat hulle bruin was”. Vir Boesak gaan die dag van die begrafnis oor méér as net Koos Sas. “Koos was ‘n moordenaar, hy was ‘n dief, dit weet ons. Maar dit is mos ‘n mens daardie. Hoekom het hulle aan hom gedoen wat hulle gedoen het?” (Snyman 2021:8). Boesak het by die oorhandiging van Sas se skedel aan die gemeenskap van Montagu verkondig dat daar na Sas as “sogenaamde moordenaar” verwys moet word, aangesien hy nooit in ‘n hof aan moord skuldig bevind is nie (3.7). Op die dag van die begrafnis van Sas se skedel sê hy egter dat Sas ‘n moordenaar was (soos die vorige aanhaling uitwys).

Boesak lê verder klem op die feit dat die Khoisan-leiers oor jare deelname van belangrike onderhandelingsforums ontneem is. Volgens hom was dit slegs te danke aan die Khoisan-gemeenskap se volharding in hul strewe na geregtigheid dat president Cyril Ramaphosa onlangs die Wet op Tradisionele en Khoisan-leierskap onderteken het. Hy het ook vir doktor Ivan Meyer van die Demokratiese Alliansie (wat teenwoordig was) bedank vir die rol wat die Wes-Kaapse regering gespeel het in die dag se gebeure, maar noem later “ons soek dit wat ons vir byna 370 jaar gelede al verloor het, naamlik volhoubare, kulturele warmte, kulturele selfstandigheid, maar bo alles, ons menswaardigheid” (Evertson 2021b:8).

Volgens die voorskrifte van die Wes-Kaapse regering vir die herbegrafnis van alle menslike beendere in geaffilieerde museums, moet alle beendere in statige, swart lykswaens na die begraafplekke vervoer word. Hoofman Boesak was egter vasberade om, vanaf die eerste beplanningsvergaderings wat gehou is, van ‘n donkiekar gebruik te maak, aangesien hy daarvan oortuig was dat ‘n moderne, blink lykswa nie die nagedagtenis van Koos Sas gestand sou doen nie. ‘n Geskikte karretjie met ‘n span donkies was egter nie beskikbaar nie. Die kiaatkissie met die skedel van Sas daarbinne is dus in Boesak se geel veteraan Morris-motor tot by die kruising van Barry- en Badstraat vervoer, vanwaar die kissie verder tot in die Donkerkloof- bergreservaat deur die mense gedra is (Snyman 2021:9).

### 3.9 PROGRAM VIR DIE PROSEDURE BY DIE GRAF VAN SAS

Die prosedure vir die optog na Donkerkloof en die program by die graf ná afloop van die diens in die kerk, het soos volg daar uitgesien (die kursiefdruk dui aan dat die teks direk uit die program aangehaal word. Alle spel- en taalfoute, asook die gebruik van die term "Khoisan" verskyn in die oorspronklike program):

*OPTOG VAN STOET NA DONKERKLOOF – ONDER TOESIG VAN – HOOFMAN PASTOOR SAMUEL DU PLESSIS*

1. Kruisdraer – Chief Jeremy van Wyk
2. Langs kruisdraer – horingdraers
3. *Chief Kapelaan Ds. Reggie Boesak*
4. *Bybeldraers – Ryan Boesak en*
5. *Dan Beuelblaser – Hf.man Ockert Lewies*
6. *Lykswaentjie – Bestuurder Hf.man Reginald Boesak*
7. *Stamhoofde van KCHDC (Khoi Kulturele Erfenis Ontwikkelingsraad)*
8. *Begeleiers van die lykswaentjie – Vroue links - mans regs - onder beheer van Chief Achmat Jacobs, Astrid Bezuidenhout, Jean Meyers, Magrietha Skebotha, David Meyers, Willem Skobotha, Moses Plaatjies, Lando Esau.*

*OPTOG NO 2 SLUIT AAN BY DIE KRUISING VAN BADSTRAAT EN BARRYSTRAAT*

1. *Onder leiding van Kruisdraer Hf.vr. Dulcie Winegaard*
2. *Die KhoisaHy sluit dan aan by al die stamhoofde 'n volk volg die kruisdraer … tot by die lapa. Dis 'n redelike ver paaitjie*
3. *Hier haal Dr. Rev. Gragg Fick die kissie uit die voertuig en oorhandig dit aan Kapelaan Boesak (Hy sluit dan aan by die ander stamhoofde)*

*1.1 BY DIE GRAF*

1. *Dankgebede … Chief Mooney in Afrikaans en Chief Meleiba in Namaghowab*
2. *Chief Maleiba lei die Khoisan met liedere in Namaghowab*
3. *Met sy leieding sprinkle ons boegoewater op die terrain gesprinkel om dit te reinig*
4. *Die volk strooi dan khoigoedkruie – renosterbossies – boegu takkies - kruisement*
5. *Die kissie word nou op 'n staander geplaas*

6. *Sy siel word gewy aan Tsui-Gowab onder gebed van Ockert Lewies*

7. *Die horingdraers hou horings oor kissie*

8. *Khoi-noi Amanda Stone sing "Oom Dawid Stuurman"*

9. *Kapelaan bestyg die berg na die graf*

10. *Oorhandig dit aan … 'n Leier*

11. *Die Beuel blaas terwyl Stamhoof Kapelaan met die kissie bergop beweeg*

12. *Die volk sing nama liedere … olv. Stamhoof Maleiba*

13. *Totdat Kapelaan wer sy plek inneem*

14. *Kapelaan spreek seënbede … AMEN*

15. *Chief Maleiba en Chief Margaret gaan voort met Begrafnis ritueel volgens ons Tradisie.*

(MMA Program Boesak 18 April 2021)




***Figuur 3.9:*** *Senior Hoofman van die Hessekwa, Reggie Boesak, verlaat die Montagu Museum met die skedel van Koos Sas na afloop van die diens op 18 April 2021 (Foto: N Evertson)*

Die oorhandiging sowel as die begrafnis van die skedel van Koos Sas het wye media-belangstelling ontlok. Die bekende skrywer en vryskutjoernalis Dana Snyman se dubbelbladartikel in die *Rapport* (Weekliks) op Sondag, 25 April 2021, het tot gevolg dat die Koos Sas-narratief wyd op 'n nasionale vlak gelees en bespreek is. Die titel van sy berig "Rus in ware vrede, oom Koos" word egter nie oral ewe gunstig ontvang nie. Dit sluit aan by mediaberigte soos voorheen genoem waar na Sas as 'n voorvader, leier en selfs Khoisan-chief verwys is.


Oudlanddros Adamus P Stemmet, wat op Montagu grootgeword het, vertel dat sy pa hom van kleintyd af van Koos Sas vertel het, en dat hulle kinders net bewondering gehad het vir Sas se vermoë om selfs die polisie se bloedhonde te ontduik. Nogtans skryf Stemmet dat hy alreeds voorheen gewaarsku het dat, alhoewel hy begrip en simpatie het "vir die soeke na 'n eie identiteit van hierdie mense, waarvan sommige nou die kunsmatige naam Khoi en Khoisan gebruik, hulle versigtig moet wees en nie bewese misdadigers in die proses verkeerdelik vereer nie. Om na 'n misdadiger soos Koos Sas as 'n San 'chief' en San 'ruler' te verwys soos elders gebeur het, is belaglik en doen die naam en nagedagtenis van Koos Sas geen goed nie" (Stemmet 2022:34, 35).

Dokter Willem Steenkamp (Dr WP Steenkamp se kleinseun) skryf dat, deur na Sas as 'n "chief" of "Oom" te verwys, word daar inderdaad helde van skurke gemaak – bloot om polities korrek te wees. Hy skryf verder: "'Oom' Koos Sas (soos wat hy nou eerbiedwaardiglik genoem word) was 35 jaar oud toe hy vir die jongman, Boetatjie Botha vermoor het. Om nou te sê dat Sas nooit in 'n hof hieraan skuldig bevind is nie, is net so goed as om te sê Lee Harvey Oswald het nié vir president JF Kennedy vermoor nie, want sien – Oswald is ook nooit in 'n hof daaraan skuldig bevind nie. Vir die eenvoudige rede dat beide Sas en Oswald dood is voor hulle verhoor kon word" (Steenkamp 2022:41).

Hoog teen 'n helling uit, tussen twee oorleunende kranse in die Donkerkloof- bewaringsgebied, het die personeel van die Montagu Museum saam met werkers van die Langeberg Munisipaliteit, eers sorgvuldig 'n paadjie oopgekap en daarna met stene 'n sarkofaag opgerig wat op die dag van die begrafnis met 'n sementmengsel verseël is.




***Figuur 3.10:*** *Die begrafnisprosessie stap deur Donkerkloof op pad na die begraafplek. Die kissie met die skedel van Koos Sas daarin is beurtelings deur leiers van die Hessekwa gedra (Foto: N Evertson)*




***Figuur 3.11:*** *Die kiaatkissie met die skedel van Sas daarin word deur Hessekwa-leiers aangegee om in die sarkofaag verseël te word (Foto: N Evertson)*

Op 10 November 2021 is die terrein waar die skedel van Koos Sas in ‘n sarkofaag geseël is deur dominee Reggie Boesak, die bestuurder van die Montagu Museum en deur die bekende beeldhouer Willie Bester besoek. Bester, wat voorheen die terrein besoek en gehelp het om die paadjie deur die bossies oop te kap voor die begrafnisdiens, het by hierdie geleentheid vir dr Michael Louw, senior lektor van die Departement Argitektuur van die Universiteit van Kaapstad, saamgebring. Gesprekke is gevoer oor maniere waarop die area verder ontwikkel kon word. Bester se idee is om uit klip ‘n standbeeld en trappe wat na ‘n verhoog voor die graf van Koos Sas lei te skep, terwyl Louw verantwoordelik sal wees vir die publieke ontwikkeling verder, wat die oprig van toilette en ontspanningsgeriewe sal insluit. ‘n Voorstel is ook gemaak om ‘n gedig wat opgedra word aan die nalatenskap van Koos Sas te laat skryf deur die bekende Khoisan-aktivisdigter, Diana Ferrus.

Dominee Boesak se langtermynvisie is om die ganse Donkerkloof-bewaringsgebied amptelik tot Khoi- en San-erfenisgebied te laat verklaar, en die area rondom die graf van Koos Sas te gebruik vir toerisme en kulturele opvoedingsprogramme (Boesak 2019: onderhoud).

### 3.10 SLOT

Die wyse waarop Sas se skedel in die museum uitgestal is (in dieselfde vertoonkas waar ‘n portret van Jurie Dreyer is, asook die geweer waarmee hy doodgeskiet is) word verder in hoofstuk 5 bespreek en binne konteks geplaas.

Wat betref die oorhandiging van die skedel van Sas aan die gemeenskap van Montagu op 9 Maart 2021 en die begrafnis kort daarna op Sondag, 18 April 2021, kan uit die toesprake en programme afgelei word dat daar ‘n aantal agendas op die tafel was.

Veral tydens die oorhandigingsplegtigheid van Sas se skedel aan die gemeenskap van Montagu in die teenwoordigheid van die Minister van Kultuursake en Sport, asook ‘n afvaardiging van senior staatsamptenare van die departement, was dit opvallend dat die nalatenskap van Koos Sas tydens hierdie gebeure ingespan is om politieke motiewe uit te voer. Bewys hiervan kom reeds vóór die oorhandigingsfunksie voor, soos deur die kommunikasie tussen Hessekwa-stamhoof Reggie Boesak en die Demokratiese Alliansie kort voor die munisipale verkiesings van 2021.

Wat betref die uitlatings wat gemaak is tydens die oorhandigingseremonie van Sas se skedel, kan dit geensins as toeval beskou word dat die *Suid-Afrikaanse Tradisionele en Khoi-San Leierskap Wet 3 van 2019* gedurende hierdie tyd bekend gestel is nie. In hierdie wet word die bestaan van die verskillende Khoisan-gemeenskappe in Suid-Afrika, as die vroegste inwoners van die land, vir die eerste maal amptelik deur die regering erken. Daarmee saam is die verkiesing

tot leierskapsposisies op nasionale en provinsiale vlak van die verskillende tradisionele Khoisan-groepe vir bespreking op die tafel geplaas. Uit die verskillende Khoi- en San-groepe in Suid-Afrika het die wedywering dus begin vir die leierskapsposisies, asook vir lede van die verskillende provinsiale huise.

Uit sommige van die uitsprake wat gelewer is tydens die oorhandiging van die skedel van Koos Sas aan die gemeenskap van Montagu kan afgelei word dat die inhoud ten doel gehad het om hierdie proses te dryf.

# HOOFSTUK 4

# KOOS SAS: 'N VERGELYKENDE STUDIE MET ANDER LEGENDARIESE KARAKTERS

## 4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk, asook in die studie as geheel, word telkemale verwys na begrippe soos "legendes", "mites" en enkele ander volksverhaaltipes. Daarom word in die volgende afdeling 'n kort verklaring van die relevante volksverhaaltipes binne die Afrikaanse konteks gegee.

Die volksverhaal het in die volksmond ontstaan en word as mites, fabels, legendes en ander verhaaltipes vir eeue lank reeds van geslag tot geslag oorvertel. Die optekeninge van die Europese volksverhale het reeds sedert die agtiende en negentiende eeu plaasgevind (internet: Steenberg 2013).

Daar bestaan verskeie soorte volksverhale, en die karakters in so 'n verhaal kan wissel van gewone mense (sterflinge) tot towerwesens en vermenslikte diere wat in enige verhouding kan optree (internet: Steenberg 2013).

'n Volksverhaal het sy ontstaan tradisioneel in die volksmond en word gewoonlik van geslag tot geslag oorvertel. Een van die hoofdoelwitte van die volksverhaal is om sin te probeer maak van die menslike gedrag en die samelewing, of om natuurverskynsels te verklaar. Omdat die meeste volksverhale mondelings oorvertel word, is dit nie altyd moontlik om vas te stel wie die skepper daarvan is nie (internet: Van Zyl 2022). Volksverhale word deur verskillende vertellers oor geslagte heen oorvertel, en daarom verander die inhoud van die verhaal dikwels in die proses van oorvertelling.

Vervolgens 'n omskrywing van enkele tipes volksvertellings wat veral op hierdie studie betrekking het:

- **Mites –** Mites is vertellings wat gekoppel word aan die amptelike geloof van 'n spesifieke kultuurgroep en wat deur die mense as waar aanvaar word. As voorbeeld kan genoem word die magdom mitologiese gode van die antieke Grieke en Romeine. Vandag word hierdie verhale grotendeels as mitiese legendes beskou, maar vir die mense van die Griekse en Romeinse tyd en in hulle spesifieke geloofsgemeenskappe is dit as absoluut waar aanvaar.

Vir die Afrikaner met sy agtergrond as Christen-gelowige het mites meestal te make met verhale uit die Bybel, met voorbeelde soos geloofsgenesing, gebedsverhoring, die duiwel, ensovoorts. Hierby kan ook gevoeg word die verhaal van die geboorte, dood en opstanding van Jesus Christus (Grobbelaar 1991:108). ‘n Mite kan ook soms ‘n “mitiese sage” genoem word (Grobbelaar 1981:25).

- **Legendes –** Legendes was aanvanklik verhale oor heiliges of martelare, maar dit is mettertyd ook toegepas op historiese persoonlikhede en/of kan selfs verder uitgebrei word om enige verhaal wat op volksoorlewering berus, in te sluit (Grobbelaar 1981:26).

  Die sogenaamde grootliegstorie of spekskietstorie val ook in hierdie kategorie. Hierdie tipe verhaal word nie as die waarheid beskou nie en is besonder volop in die meeste kulture (Grobbelaar 1991:109).

- **Sages –** Hierdie tipe vertellings, alhoewel ook te make met belewenisse, hou verband met ‘n volk se oeroue kragsgelowe, wat terugreik na ‘n tyd toe mense geglo het dat alles op aarde, dood of lewend, met ‘n lewensgees vervul was. Voorbeelde hiervan is spook- en goëlverhale, voorbodes en toordery (Grobbelaar 1991:107).

  Coetzee skryf dat karakters soos Heinrich Schörbeck van Humansdorp wel bestaan het, maar gaandeweg het die vertellings oor sy, en ander soos hy, se doen en late toegeneem in gestalte, soos sagehelde geneig is om te doen (Coetzee 1968:114).

  Waar verwys word na ‘n “historiese sage”, skuil daar gewoonlik wel waarheid in die kern van die historiese agtergrond van die verhaal, alhoewel die besonderhede drasties “omvorm [is] deur die volksverbeelding” (Grobbelaar 1981:26).

- **Belewenisvertellings –** Omdat hierdie tipe vertellings soms oor lang tydperke mondelings oorgedra word, “raak ‘n geliefde vertelling so ingeburger dat die volksmens naderhand vas glo dat dit uit sy ervaringswêreld of uit dié van een van sy volksgenote voortkom” (Grobbelaar 1981:229). In die meeste gevalle kan slegs gespekuleer word oor die oorsprong van hierdie tipe vertellings, omdat bronne meestal ontbreek (Grobbelaar 1981:232,233).

Enkele voorbeelde van die belewenisvertelling is verhale oor historiese figure soos Paul Kruger – ‘n naam wat in die volksvertelling bly voortleef. “Dit is inderdaad merkwaardig watter verskeidenheid verhale oor Paul Kruger vertel word, sommiges op ware gebeurtenisse gegrond, ander klaarblyklik verdigsels, maar waar die waarheid ophou en die volksverbeelding oorneem, is nie altyd moontlik om te bepaal nie” (Grobbelaar 1981:239). Ander voorbeelde is Adriaan van Jaarsveld, Hans de Lange en generaal De Wet. Selfs staaltjies oor Scotty Smith en Dirk Ligter val in hierdie kategorie (Grobbelaar 1981:239,241,242).

Met hierdie tipe vertelling word daar dus nooit met die absolute waarheid omgegaan nie, maar dit moet gegrond wees op iets wat werklik gebeur het om die term “belewenisvertelling” te regverdig.

## 4.2 MONTAGU MUSEUM SE MOORDENAARSKAS

“Die bekende gesegde ‘met hul waterstrome sorg Montagu se berge vir sy boere, maar met hul bosryke klowe sorg hulle vir sy moordenaars’ is al in meer as een geval bewaarheid” (*Die Landstem* 1950:1).

Ten einde tot ‘n bevredigende slotsom te kom as antwoord op een van die navorsingsvrae van hierdie studie, naamlik watter faktore ‘n invloed uitgeoefen het op die persepsies wat rondom Koos Sas gevorm is, is dit belangrik om aspekte van sy lewe en bestaanswyse met die lewens van soortgelyke legendariese figure te vergelyk.

‘n Goeie museum behoort sy uitstallings op gereelde basis te vervang, of ten minste artefakte gereeld te wissel. Die rede hiervoor is grootliks om die besoekersbelangstelling te stimuleer. Die eerste kurator van die Montagu Museum vertel dat een van die gewildste uitstallings in die museum die sogenaamde “Moordenaarskas” was. Dit was ‘n groot glas- en houtvertoonkas wat later in die middel van die sendingkerk geplaas is omdat dit geblyk het dat dit baie aandag trek en gewild was by besoekers. Behalwe vir die skedel van Koos Sas, die geweer waarmee hy doodgeskiet is en portrette van Jurie Dreyer en Tonie Swanepoel, het die kas ook uitstallings oor nog drie sogenaamde “Montagu-moordenaars” bevat: Klaas Esou, Gert April en Matthew (Sewes) Davids (Badenhorst 2016: onderhoud).

### 4.2.1 Klaas Esou

Van die “Montagu-moordenaars” wat in die kas uitgestal is, is die minste bekend oor Klaas Esou en daarom is hy ook nie by die publiek bekend nie.

Die gesegde aan die begin van hierdie hoofstuk word bevestig deur die verhaal van ene Klaas Esou, wat as “’n brutale moordenaar” beskryf word omdat hy sy vrou Spaas “se nek omgedraai het” (*Die Landstem* 1950:1), en vir lank daarna in die klowe rondom Montagu weggekruip het. Daar word berig dat Esou na baie jare se wegkruip weer op ‘n dag met ‘n tweede vrou op Montagu verskyn het: “Naby die NG Kerk het hulle twee op die hoek van die straat gesit en naderhand stry gekry. Sy het ‘n mes uitgepluk en hom doodgesteek. Met haar veroordeling tot 10 jaar tronkstraf, het sy ingewillig om te gaan wys waar Klaas in ‘n grot gebly het nadat hy ná sy moord gevlug het met ‘n perd wat hy gesteel het van wyle mnr Danie du Toit, en vanwaar hy gereeld rooftogte uitgevoer het” (*Die Landstem* 1950:1).

Daar is geen verdere inligting oor Esou bekend nie en daarom het hierdie sogenaamde "Montagu-moordenaar" se naam oor die jare so te sê verdwyn. Hy word slegs onthou omdat sy verhaal in die 1970's saam met Sas en ander in die uitstalkas in die Montagu Museum vertoon is.

#### 4.2.2 Gert April

Hoewel die skrywer Lawrence Green se werke nie as betroubare historiese bronne beskou word nie (soos aangedui in hoofstuk 1), kan sy beskrywings van landskappe en weergawes van volksverhale soms, selfs in 'n akademiese studie, met vrug gebruik word. Die volgende paragraaf deur Green word dus aangehaal omdat dit 'n raak beskrywing gee van die afgeleë plase in die Montagu-distrik en 'n goeie skets van dié landskap in die laat 1800's en vroeë 1900's bied:

> "In the wild and lonely mountains round Montagu are old, abandoned farms with their thatched roofs falling in, derelict kraals and traces of the old track once used by wagons bound for the Great Karoo. Here a fugitive might hide for weeks before the man-hunters cornered him, a fact which has been proved on more than one occasion" (Green 1957:220).

Irma Jordaan, vrywilliger van die Montagu Museum en amateurhistorikus, vertel dat die storie van Gert April die inwoners van Montagu gedurende die negentiende eeu "op hol gehad het". Volgens haar sou die verhaal van die moordenaar in die "annale van tyd" verdwyn het, was dit nie dat die ouers van die ou inwoners van Montagu dit aan hulle oorvertel het nie (internet: Jordaan 2020).

"Montagu, skilderagtige dorpie in die Boland, is nie net bekend vanweë sy natuurskoon, groen wingerde en warmbaddens nie. 'n Vreemdeling wat op die dorp aanland, gaan in een of ander stadium ook kennis maak met die legendariese Gert April en Koos Sas, twee Kleurling-misdadigers wie se onverskrokkenheid en vindingrykheid vandag nog die verbeelding aangryp" (Cloete 1971:4). Cloete berig reeds in 1971, vier jaar vóór die opening van die Montagu Museum (en voor Sas se skedel dus op uitstalling geplaas is) dat die misdade van Gert April en Koos Sas die misdade van bekende Amerikaanse "crooks" na feëverhale laat klink. Hy skryf dat hierdie twee "misdadigersvoete 'n wapad oopgetrap het in die harte van Montagu se mense. Stories oor dié twee word reeds vir dekades onthou en oorvertel, met variasies, moet 'n mens erken, maar dit bewys net dat Gert April en Koos Sas se onverskrokkenheid en uitgeslapenheid vandag nog nuuswaardig is" (1971:4). Mnr George Brink van Montagu vertel "dat dit darem snaaks is" dat twee Kleurling-misdadigers op Montagu, trouens in die hele Boland, meer bekendheid verwerf het as die bekendste wit man wat hy ken. "Mense het natuurlik oor die jare heen lang, lang sterte bygelas by April se verhaal, maar dit bly nog 'n feit dat die name van April en veral Koos Sas sal bly voortleef tot in lengte van dae" (Cloete 1971:4).

Gert April se misdadige lewe het vroeg reeds sy ontstaan gehad. In 1870 het hy op agtienjarige ouderdom in die Keisie, ‘n area in die Montagu-distrik, op die plaas van mnr Jan Verreyne opgedaag. April was op soek na werk en word deur Verreyne in diens geneem. Kort hierna breek hy en twee ander plaaswerkers by die kelder op die plaas in. Sy twee makkers is gou aangekeer, maar April het die berge in verdwyn, vanwaar hy ‘n skrikbewind gevoer het (*Die Landstem* 1950:1).

Kort na April se verdwyning het skape gereeld in die Keisie begin wegraak, maar nooit kon ‘n skaapdief aangekeer word nie. Kort hierna word die ou veewagter van mnr Paul Jordaan van die plaas Die Kruis in die Keisie laat een aand koelbloedig doodgeskiet (*Die Landstem* 1950:1). “Die enigste grief wat hy teen die skepsel gehad het was dat hy die honde wat in die donker geweldig aan die blaf gegaan het, aangehits het. Hul vertel dat April weer aan ander veewagters vertel het dat toe die honde blaf die oujong sy kop oor die kraalmuur steek, waar April in was en die honde aanhits, miskien het hy gedink dat daar ‘n roofdier in die nabyheid was, sê April ‘a nee a jy het nou al lank genoeg die oubaas se vetpot gelek’ en klop hy hom sommer weg” (MMA Van Zyl brief:gd).

Ná die moord het April doodluiters eers vir hom ‘n skaap gevang voordat hy weer in die klowe verdwyn het. Alhoewel die polisie gou op sy spoor was, kon April nie gevind word nie. Die dag ná die moord, teen middernag, maak die voortvlugtige moordenaar doodluiters sy verskyning by Montagu se hotel, in die hoofstraat. “Bang vir niks, het hy die eienaar en die paar loseerders met ‘n oorverdowende lawaai die straat laat invlug, en toe met ‘n paar bottels drank laat spat, terug na een van sy bergplekke in die berge” (*Die Landstem* 1950:1).

Op die dorp was mense bang om hul huise ná sonsondergang te verlaat. Twee nagte ná die moles by die hotel, was dit weer die winkel van mnr Freek Geyer wat moes deurloop. “Almal se gewere was nou gelaai, en April was voëlvry verklaar. Vrywilligers uit alle rasse het aangebied om die voortvlugtige te soek” (*Die Landstem* 1950:1). Van die eerste vrywilligers was ‘n groep Basoeto’s (toe bekend as Makatees). In die vorm van ‘n halfmaan het hulle die berge rondom Montagu, kloof vir kloof, deursoek, maar nêrens was April te vinde nie. Die soekgeselskap het wel in die berge op ‘n paar skuilplekke afgekom, waar ‘n verskeidenheid (vermoedelik) gesteelde items (van ‘n breinaald tot dameshoede) gevind is. Daar was wel ‘n voorval gedurende hierdie tyd waar die Makatees ‘n verdagte persoon in die berge aangekeer het, maar voordat hulle kon besluit of dit wél April was, het die persoon weer in die ruigtes verdwyn (*Die Landstem* 1950:1).

“Toe April die veld gekies het, het hy sy vrou laat staan en sy het toe die vrou geword van ‘n kleurlingman met die naam van Andries Stew, wat vir jare by my gewoon het. Die arme man met April se gewese vrou het maar gedurig in die vrese van die dood gelewe. Elke aand het hy, net soos sy vrou, en ‘n paar kleingoed op die buitehuis se solder gaan slaap en dan trek hy die leer

agter hom die solder op. Hy was dan taamlik veilig want ons het ‘n paar uitstekende waghonde gehad, wat April seker in die nag nie naby die huis sou laat kom nie” (MMA Van Zyl brief:gd).

‘n Bekende inwoner van Pietersfontein (naby die Keisie-vallei), mnr AF van Zyl, vertel dat, toe hy so vyf of sewe jaar oud was, Gert April die “skrik van die hele distrik was”. Hy onthou dat April se woning “oraloor tussen die Karookoppe van Montagu” was. Van Zyl skryf dat oud en jonk, kind of grootmens, wit of swart, gedurende daardie tyd in groot vrees geleef het. “Vir April was ek so bang as vir niks anders op aarde nie. As ek by die dam of in die peerboom, of op enige ander plek, waar ek nie moes wees nie, was, en iemand skreeu ‘daar kom April’ dan laat ek spaander huistoe” (MMA Van Zyl, handgeskrewe brief:gp). Van Zyl skryf verder dat sy pa gedurende daardie tyd nooit sy geweer saamgeneem het as hy veld toe sou gaan nie: “Hy het altyd gesê dat April êrens in die veld mag wees en skaars van skietgoed kon wees en hom dan mag doodskiet om op die manier skietgoed te kry. Dit was miskien ‘n versigtige gedagte want dis maar gevaarlik om ‘n vyand te hê wat jy nie weet waar hy is nie” (MMA Van Zyl brief:gd).

Gert April was nooit sonder sy geweer nie, en selfs die plaaslike veewagters was vir hom banger as die dood self. “As hy by hulle in die veld kom, het hy gewoonlik onder ‘n boom in die koelte gaan sit, en dan moes die veewagter die vetste slagding in die trop gaan haal en dit vir hom slag. Soms het hy die volgende dag ‘n stukkie van die gebraaide vleis vir die skaapwagter gebring sodat hy ook kon proe hoe lekker die vleis smaak” (*Die Landstem* 1950:1).

April se mees gesogte wegkruipplek was die digbegroeide Oskloof, waar hy ook aan sy einde sou kom. Op ‘n Sondagoggend het hy twee bruin mense, Piet Alexander en Freek Jordaan, raakgeloop waar die pad in Langkloof uitdraai na Driekuilshoogte. April het begin spog oor hoe ‘n goeie skut hy was. Hy word toe deur die ander twee uitgedaag om teiken te skiet. Min het hy geweet dat dié twee ook op sy spoor was. April het eerste die teiken raakgeskiet, en het windmakerig vorentoe gestap om die beeskopskedel weer op die paal te plaas. “Dit was net die kans waarvoor Piet en Freek gewag het. Toe hy wegstap, het hulle aangelê – ‘so goed dat my alles in my ou liggaam het doodstil gestaan, net my vinger op die sneller het beweeg,’ soos hulle daarna vertel het. Op ‘n afstand van tien tree het ou Piet met sy voet teen ou Freek gestamp, en twee skote het tegelyk ‘n einde gemaak aan die rusverstoorder van baie maande. Op sy rug was ‘n konsertina wat met ‘n tou om sy nek vas was. Een van die skote het die tou afgeskiet, en toe die konsertina wegrol van April, het dit oopgegaan en ‘n fyn noot was duidelik hoorbaar, ‘wat die enigste lui van sy doodsklok was’. In Oskloof het wyle Wynand du Plessis die volgende dag sy grot gevind. Hierin het hulle ongelooflik baie gesteelde goedere gevind. Onder meer was daar ‘n reusebos sleutels, geweldig baie patrone en ‘n paar gewere” (*Die Landstem* 1950:1).

George Brink vertel verder dat Gert April tot vandag toe nog in die Klein-Karoo soos Antjie Somers as afskrikmiddel aan stout kinders voorgehou word. Volgens Brink is April ná die gruwelike moord

op die ou veewagter voëlvry verklaar – “dertig pond was op sy kop, lewend of dood.” Brink vertel dat daar ‘n baster Piet Alexander ná die moord sy verskyning op Montagu gemaak het. Alexander, self ‘n dodelike skut, het April in Langkloof (vandag Keisie) raakgeloop en uitgedaag om teen hom teiken te skiet. Gert April was eerste om ‘n beeskopbeen van die paal te skiet, maar met die wegstap om die teiken weer op die paal te sit, het Alexander hom van agter doodgeskiet. “Alexander het nooit sy dertig pond ontvang nie, en as mnr Brink en ander mense op Montagu by dié deel van die verhaal kom, is dit al of hulle Alexander nou nog nie vergewe het dat hy April in die rug geskiet het nie” (Cloete 1971:12).

Breytenbach beskryf Gert April (wat ook as Gert Kaffer bekend gestaan het) as “windmakerig”. Ten spyte daarvan dat hy die polisie elke slag in kennis gestel het van die presiese plek waar hy beplan het om volgende toe te slaan, kon hulle hom nooit gevang kry nie. “Nádat hy die geweer by die jong seun gesteel het, het hy doodgemaak so ver hy gegaan het – eers skiet hy Barend Geldenhuys se karperd dood, vermoor dan ‘n ou bruin werker en sy vrou en skiet ook die boerboel van Tonie Swanepoel dood. Op die plaas Onderkruid speel April ‘n kat-en-muis-speletjie met die eienaar, Oubaas Fourie. Dit gaan vir maande so aan: sodra Fourie die huis verlaat, moet hy van akkerboom na akkerboom hardloop, terwyl die koeëls om hom klap. Dit is as gevolg van hierdie insident dat Fourie later bekendstaan as ‘Ritteltit Fourie’” (Breytenbach 1998:140,141).

“April Droster (soos hy ook bekend was) het ‘n kleurlingvrou gehad by wie hy een kind, ‘n seuntjie, gehad het, hy het later na wat ek verneem het byna net so ‘n booswig soos sy pa geword” (MMA Van Zyl, handgeskrewe brief:gd).Volgens Breytenbach vertel mense gereeld stories oor Koos Sas en Gert April: “At night, with shadows dancing on the thin walls covered by old newspapers, like ghosts leaving no marks on the pages of history, people tell stories about Koos Sas and Gert April. They are folk heroes. One could say they are resistance fighters” (1998:140).

Kenneth Knipe, stadsraadslid van Montagu in 1971, se oupa het Gert April se geweer op ‘n hofveiling vir ‘n halfkroon gekoop en aan die Montagu Museum geskenk, waar dit tot vandag (2023) deel van die versameling is en in die geweerkluis in die museum se argief bewaar word.

#### 4.2.3 Matthew (Sewes) Davids

Oudlanddros Adamus P Stemmet skryf in Maart 2021 aan *Die Burger* se brieweblad dat daar “deesdae ‘n groot soektog na Khoi-helde aan die gang is” (2021:15). Nadat hy verwys na die herbenaming van die Port Elizabeth lughawe na die Dawid Stuurman lughawe, stel hy die vraag waarom niemand deesdae meer praat oor ‘n ander Khoi-held, Sewes Davids, van Montagu nie. Stemmet verwys dan verder in dieselfde brief na Koos Sas as “‘n uitgeslape veedief en ‘n voortvlugtige moordenaar nadat hy sy werkgewer vermoor het”. Hy kritiseer vervolgens vir dr [sic] Reginald Boesak omrede laasgenoemde ras insleep deur vir Sas as ‘n held voor te stel, en noem

verder dat sy geslag grootgeword het met die verhaal van Koos Sas – uit die mond van mense van alle rasse. “Die Khoi-heldsoekers moet tog asseblief nie die geskiedenis verdraai in hul soeke na helde nie. Hulle sal wel ware helde kry en hoef hulle nie uit misdadigers te skep nie” (Stemmet 2021:15).

Die redelike afleiding om te maak is dat Stemmet ‘n sarkastiese toon aanslaan met sy stelling dat Sewes Davids ‘n Khoi-held was, aangesien hy, verwysend na Koos Sas, duidelik te kenne gee dat Sas en andere (soos ook Davids) nie helde was nie, maar wel misdadigers.

Van belang in hierdie hoofstuk is om ooreenkomste tussen Koos Sas en ander misdadigers te tref, ten einde die faktore wat Sas se nalatenskap beïnvloed het, te bepaal.

Vervolgens meer inligting oor die moord op die ou kluisenaar, Piet Muller:

Piet Muller het ongeveer 1923 van Prins Albert na Montagu verhuis, waar hy vir hom naby Patatsfontein, in die Pietersfontein-distrik, ‘n 900-morg bergplaas gekoop het, wat hy die naam Beenbreek gegee het. Op die plaas het hy vir hom ‘n kliphuis gebou en met sy trop bokke geboer. Daar is destyds beweer dat Muller ‘n boggelrug ontwikkel het met al die stap dorp toe en teen die steiltes uit na sy huis. Die ou kluisenaar het soms vertel dat hy in die somer snags sy huisie toesluit en in ‘n grot daar naby gaan slaap, aangesien hy ‘n groot vrees gehad het om in sy huis vasgekeer en vermoor te word (MMA Jordaan 2020:2).


Muller se grootste liefde in die lewe was om na sy trop “half-wilde bokke” om te sien. Soos met kinders, het hy hul almal by die naam geken. Hy het ook nooit ‘n bok geslag nie. Die bokke is slegs geslag as hulle aan natuurlike oorsake gevrek het, en dan sou Muller vir ‘n tyd van die vleis leef. Verder het hy van die heuning in die kloof aan die agterkant van sy huis geleef. Hy sou die heuning met water meng en laat gis, waarvan die uiteinde ‘n taamlike sterk brousel was. Hy was ook lief vir pruimtwak. Van groente, vrugte, tee en koffie wou hy egter niks weet nie (MMA Koerantuitknipsel-lêer MM/PM 2016/4).

Die eksentrieke kluisenaar het op ‘n keer sy kliphuisie toegesluit en vir vyf jaar met sy trop bokke verdwyn. Op ‘n dag was hy net terug en het hy vir mense vertel dat hy “by Graaff-Reinet se groot kerk in die middel van die dorp” was. Muller se bure het vertel dat hulle hom nooit op ‘n stoel sien sit het nie – hy het die eienaardige gewoonte gehad om op sy sy te lê (MMA Kriel 1989:1).



***Figuur 4.1:** "Die vermoorde kluisenaar-boer van Montagu, wyle mnr. Piet Muller, is hier in sy kenmerkende lê-houding afgeneem" (MMA Koerantknipsel-leêr: MM/PM 2016/4)*

Piet Muller is op 3 Augustus 1953 laas lewend gesien nadat hy by 'n buurman, Thys Conradie, gaan kuier het en eers laat die aand daar weg is. Tien dae later het Conradie gemerk dat Muller se bokke los rondom die huis gedwaal het, maar dat daar geen spoor van Muller was nie. Op 24 September het Conradie 'n afdelingsraadrekening by Muller gaan aflewer, maar steeds was daar geen teken van Muller nie. Teen 27 September is vermoed dat daar fout moes wees, en het soekgeselskappe in die klowe rondom die huis begin soek (MMA Kriel 1989:2). Piet Muller se swaer, mnr JS Erasmus, afgetrede treinkondukteur van Parow, en sy familie het ook na hom kom help soek. Erasmus het opgelet dat die balk bo die vuurherd in Muller se kombuis swart en stukkend verbrand was. Hy het gou besef dat die ou kluisenaar nooit sulke groot vure in sy huis sou maak nie. Erasmus het toe in die as in die vuurherd begin krap en op klein stukkies witgebrande been afgekom. Dit het later aan die lig gekom dat Muller vermoor is en sy lyk opgekap en in die vuurherd uitgebrand is (MMA Jordaan 2020:3).



***Figuur 4.2:** Mnr Thys Conradie, wyle Piet Muller se buurman wat Muller se verdwyning aangemeld het, by die vuurherd waarin Muller se liggaam uitgebrand is nadat hy vermoor is (MMA Koerantknipsel-lêer: MM/PM 2016/4)*

Intussen het mnr Kosie la Grange, wie se boormasjien op die plaas Drie-Kuil geboor het, vertel dat sy booroperateur, Matthew Davids (Sewes), toe al etlike weke vermis is. ‘n Groep boere is opgekommandeer en het op Keisiehoogte met gewere gaan stelling inneem. ‘n Groot groep van Baden se boere, die polisie en honde het die veld van onder af gefynkam, maar Sewes Davids kon nie opgespoor word nie (MMA Kriel 1989:2).

Nie lank ná die moord op Piet Muller nie, het die polisie ‘n wenk gekry dat ene “Sewes” of Matthew Davids wat op ‘n plaas in Baden gewerk het, skielik begin spog het met al sy geld. Die fokus van die ondersoek het verskuif na die berge in die Baden-omgewing, maar Davids, wat intussen voëlvry verklaar is, kon nie opgespoor word nie. Irma Jordaan skryf dat haar pa groot agting vir Sewes Davids se vader gehad het. “Die man het sy seun, wat eendag by sy huis opgedaag het, aan sy hand gevat, en saam is hulle dorp toe. Daar het hy vir Sewes aan die polisie oorhandig. Dit was 7 Oktober 1953*”* (MMA Jordaan 2020:3).



***Figuur 4.3:*** *Matthew (Sewes) Davids – wat in 1953 skuldig bevind is aan die moord op die kluisenaar, Piet Muller (MMA Koerantknipsel-lêer: MM/PM 2016/4)*

Davids het tydens die verhoor getuig dat hy die “oubaas” (Piet Muller) op 14 Augustus 1953 met die vuis doodgeslaan het om sy geld in die hande te kry. Hy het eers die bloed afgewas en daarna die “oubaas” stukkend gekap en in die vuurherd verbrand. Baie van die as en kleiner beentjies is om die huis teen die hange van die berg uitgegooi. Die dikker bene wat nie wou uitbrand nie, het hy in ‘n sak gegooi en op Keisieshoogte begrawe. Sewes Davids is op 5 Maart 1954 deur Regter Steyn skuldig bevind aan die moord op die “Kluisenaar van Beenbreek” en ter dood veroordeel (MMA Kriel 1989:3). Oudlanddros AP Stemmet skryf dat hy in 1955, “as klerk van die hof, die

kennisgewing van teregstelling op die kennisgewingbord van die landdroskantoor in Montagu moes plak" (Stemmet 2021:15).

Ooreenkomste tussen die vermoorde Daniel Botha en Piet Muller is dat beide in afgeleë gebiede in die Montagu-distrik gewoon het, en dat altwee op barbaarse wyse vermoor is. Vir die navorser (en die algemene publiek) is besonderhede oor Sewes Davids en Piet Muller vandag hoofsaaklik beperk tot 'n argieflêer in die Montagu Museum. Die verskil tussen die twee moorde is egter dat die naam "Koos Sas" vandag wyd bekend is en steeds wye dekking geniet (soos hierdie studie bevestig), terwyl die naam "Sewes Davids" grotendeels onbekend is. Die doel van die studie is juis om die redes daarvoor te probeer vasstel.

### 4.3 DIRK LIGTER

Vroeg in 2008 skryf Martiens van Bart 'n artikel oor een van die hoofattraksies op dié jaar se komende Suidoosterfees, naamlik David Kramer se *Ballade van Koos Sas*. Hy beskryf die blyspel as "die verhaal van 'n veedief en moordenaar uit die begin van die vorige eeu wat Kramer in sy musiekopvoering tot 'n vryheidsheld verhef". Van Bart wonder dan waarom "in die lig van die wese en aard van *Die Burger* se musiek-en-kultuurfees, Dirk Ligter, legendariese musikant en rympiesmaker van die Tankwa-Karoo uit dieselfde era as Sas, egter vergete gebly het. Hy was óók 'n veedief, maar het nooit mense vermoor nie" (2008:16).

Abraham de Vries lê ook klem op die vergelykings van dié twee tydgenote, en beskryf Koos Sas in sy boek *Die Klein Karoo* as "die Dirk Ligter van die Klein Karoo, wat enige perd kon flou hardloop" (1977:26). George Brink van Montagu vertel ook dat Koos Sas, "net soos die legendariese Dirk Ligter, enige perd disnis [kon] hardloop" (Cloete 1971:12). So word Sas ook in ander bronne met Ligter vergelyk: "Net soos Dirk Ligter, was hy sku vir werk en dol oor skaapvleis wat hy vir homself, meestal sonder die vergunning van die skaapboere, toegeëien het. In teenstelling met Dirk Ligter, wat slegs 'n veedief was, was Koos Sas egter ook 'n moordenaar" (Botma 1997:166). Louise Viljoen skryf in haar resensie oor George Weideman se *Draaijakkals* (verwysend na die hoofkarakter in die roman, Nicolaas Alettus Lazarus): "Die naam Nicolaas is 'n aanduiding dat hy dalk die seun kan wees van die legendariese Klaas Duimpie, 'n karakter wat loop in die spore van bekende 'skelms' uit die Suid-Afrikaanse geskiedenis en folklore soos Dirk Ligter, Koos Sas, en ander" (internet: Viljoen 1999:3).

Dirk Hanse (alias Ligter) is in ongeveer 1860 in die Tankwa-Karoo gebore (Dauth 2001:1). Hy was dus sowat twintig jaar ouer as Koos Sas, wat beteken dat dié twee as tydgenote gereken kan word. Aucamp reken dat, omdat Ligter in 1860 gebore is, die herinnering aan die slawetyd "nog sterk onder sy mense geleef het" (2005:7). Dit is moontlik dat Aucamp verwys na stories van die slawetyd wat teen die einde van die negentiende eeu steeds vertel is. Met Sas sou dit moontlik


minder van toepassing wees, aangesien hy 20 jaar jonger as Ligter was. Behalwe dat Ligter en Sas in ‘n mate as tydgenote gereken kan word en dat hulle ook dieselfde lewenswyses gevoer het, is daar etlike verdere ooreenkomste tussen hierdie twee karakters wat van belang vir hierdie studie is en wat vervolgens uitgewys sal word.

Van Bart haal die skrywer Joe Dauth aan wat na Dirk Ligter verwys as “die grootste legende wat die Tankwa-Karoo nog opgelewer het”. Volgens oorlewering was Ligter se ouers ‘n “Boesman en ‘n Masbieker” – vandaar sy uithouvermoë om voor die jagkommando’s van die skaapboere wat hy besteel het te bly, en hul perde flou te draf. Só ligvoetig was Ligter skynbaar dat hy glo per geleentheid (op uitdaging) ‘n bobbejaan van agter “ingeloop” en hom aan die stert gevang het. Ligter kon ook sy asem vir etlike minute lank ophou en het op hierdie wyse onder die wateroppervlak in die vleie van sy agtervolgers ontkom (Van Bart 1998:2).

Dirk Ligter is beskryf as ‘n sterk jong man – effens aan die skraal kant. Hy was in groot aanvraag onder die plaaslike boere, aangesien hy gemaklik die werk van twee arbeiders kon verrig. Hy was altyd haastig om klaar te kry met die dag se werk, aangesien hy altyd op vertrek gestaan het na ‘n volgende bestemming. Sy swerf- en slaggebied was hoofsaaklik geleë in die Koue-Bokkeveld, die Warm-Bokkeveld, die Katbakkies Rûens-gebied of -plato en die laerliggende Tankwa-Karoo (Dauth 2001:7,9).

Dirk Ligter se nalatenskap is grotendeels aan die vergetelheid ontruk deur die Afrikaanse skrywer Boerneef (IW van der Merwe) wat Ligter as ‘n goedaardige, hardwerkende plaaswerker, maar met ‘n rustelose temperament, uitgebeeld het. Die wye vlaktes van die Karoo-landskap en die avontuurlike lewe van ‘n ewige wandelaar was vir hom ‘n sterk roepstem. Daarmee saam was vet skaapvleis ‘n versoeking wat hy net nie kon weerstaan nie (Van Bart 2008:16).

Beide Hennie Aucamp en Etienne van Heerden skryf dat Dirk Ligter as ‘n “opstandsfiguur” beskou kon word, ‘n versetfiguur – “‘n soort Tyl Uilspieël op eie bodem” (Meintjies 1991:27). Een van die bekende liedjies wat Ligter gesing het, en wat die volgende lirieke bevat: “al slaan my ma my neer, as ek opstaan dan loop ek weer” word deur Aucamp as ‘n “opstandingsliedjie” beskryf. Hy noem verder dat, behalwe vir die verwysing na ‘n opstanding, daar ook sprake van opstand kan wees. “Elke keer word die opstand teen diegene wat die mag besit met ‘n opstandslied besweer. Wanneer Dirk die konstabel, simbool van sosiale gesagsorde, uittart, en die konstabel se perd moeg draf, hef hy juis ‘n uitlokkende liedjie aan waarin die perd verkleineer word” – verwysend na die lied *Die wit perd van Calvinie*. In die Boerneef-tekste word Ligter verder voorgestel as die uittarter van alle sosiale gesagstrukture, ‘n opstandeling wat almal ondermyn deur te lieg en te steel. “By Dirk Ligter is daar duidelike manifestasies van verset teen die feodale bestel. Hy weier byvoorbeeld om permanent by ‘n boer te werk” (Meintjies 1991:28).



***Figuur 4.4:*** *Dirk Ligter (Nieuwoudt 2015:76)*

Dirk Ligter tart die establishment bewustelik en met bravade. Meintjies beskryf dit soos volg: "'Kom, my konstawel-baas. Die son vat-vat al aan die krans. Ek wil nou end toe. Kom ons maak die laaste stukkie ou pad sommer gou-gou gedaan" – en daarna hardloop hy vooruit en wag vir die konstabel by die dorpsingang. Dirk se flambojante persoonlikheid, sy gulle vriendelikheid en sy sjarmante toegeneentheid tot die boere is alles instrumente in die hand van 'n mens wat eenvoudig sonder aarseling alles wat hy het in werking stel om die feodale ordesisteem te fnuik en om oor sy eie lot te besluit. As randfiguur gaan Dirk Ligter se 'outsiderskap' ver by die blote sosiale verset verby. Sy opstand is 'n persoonlike nee-sê vir die sosiale struktuur. Elke skaap wat hy steel, elke keer wat hy die polisie uitoorlê en veral ook elke keer wat hy hom self [sic] aan die polisie gaan oorgee, is dit eintlik 'n bevestiging van homself en 'n nee-sê vir die sisteem" (Meintjies 1991;30,31).

In haar boek oor haar familie se geskiedenis in die Cederberg, skryf Nieuwoudt die volgende oor die area rondom die familieplaas:

> "The neighbouring farms of Kromriver were sometimes targeted by a fellow named Dirk Ligter, who used to steal the occasional sheep. He could not really be called a stock thief in the true sense of the word. When he was out of prison, he worked for any farmer who required an extra helper. The problem was that when Dirk felt like

> some meat, he would slaughter a sheep and help himself to the meat he needed" (Nieuwoudt 2015:76).

Die res van die vleis sou Ligter netjies in die skaapvel toedraai en wegsteek, waarna hy 'n boodskap vir die eienaar van die skaap sou stuur om hom in te lig waar die vleis weggesteek was. Op hierdie manier is geen vleis verkwis nie. Wanneer Ligter wel deur die polisie aangekeer is, sou hy altyd aan hulle sê dat hy hulle by die polisiekantoor in Clanwilliam sou ontmoet. Hy sou dan sy ramkietjie optel en al die pad dorp toe hardloop, terwyl hy speel. Alhoewel die polisie op hul perde was, sou Ligter altyd vir hulle op die dorp wag. In die Clanwilliam-area is soms na Ligter verwys as die "Robin Hood van die Cederberge" (Nieuwoudt 2015:76,77). Joe Dauth skryf dat hy as seun Dirk Ligter altyd as Suid-Afrika se eie Robin Hood gesien het, 'n weldoener – "wat by die blankes en die basters, wat toe ook maar as bruinmense beskou is, gesteel en aan minderbevoorregte arm bruinmense gegee het … 'n ongekroonde held onder sy mense" (2001:1).

Wat betref die verwysing na Ligter as 'n sogenaamde "Robin Hood-figuur": soos die geval met Dirk Ligter, is ook Koos Sas en John Kepe (4.4) as Robin Hood-figure beskryf. Van Bitterbek word ook in 4.5 gesê dat hy soms van die gesteelde vleis in die geslagte skaap se vel aan 'n draad sou hang (waarskynlik met die doel dat ander dit sal vind om daarvan te eet). Met goeie rede vra oudlanddros Stemmet in 'n brief aan *Die Burger* in 2021: "Was hy [Koos Sas] 'n soort Robin Hood of nie?" (Stemmet 2021:15). Hennie Aucamp skryf dat die Robin Hood-storie bloot oordryf kon wees, en dat Ligter "doodgewoon plesier gehad het aan die uitoorlê-kuns" (2005:7). Daar kon egter nêrens in hierdie ondersoek bewyse gevind word dat enige van hierdie skaapdiewe en -slagters die gewoonte gehad het om hul vleis met ander te deel nie.

'n Verdere ooreenkoms tussen Koos Sas en Dirk Ligter (behalwe vir die verwysing na hulle as sogenaamde Robin Hood-figure) is hier baie opvallend. In die vorige hoofstuk is aangedui dat Sas ook vir die polisieperde sou weghardloop en dan vir die berede patrollie op die dorp by die polisiestasie sou wag. In afdeling 4.2.2 van hierdie hoofstuk word verwys na die konsertina wat Gert April om sy nek gehad het die dag toe hy doodgeskiet is. Dit is moontlik dat hy dit iewers kon gesteel het, maar die moontlikheid moet oorweeg word dat hy die musiekinstrument kon speel, wat herinner aan Ligter met sy ramkietjie.

Dauth noem dat hy in sy navorsing op heelwat soortgelyke karakters as Dirk Ligter afgekom het wat ook as skaapstelers bekend was. So was daar ene Willem du Toit, 'n "bastard coloured" wat in 1889 tot een jaar hardearbeid en "18 lashes administered by Constable Bernardus" gevonnis is vir "stock theft". So ook het Boerneef se vader, Carel van der Merwe, in 1897 vir Stoffel Swart en Hendrik van Wyk laat opsluit vir die diefstal van 'n bok. Hulle vonnis was een jaar "hardepad" en 25 houe elk met die rottang – "dit was 'n baie swaar straf" (Dauth 2001:4).

Volgens oorlewering was daar in die Hantam-Williston-area ‘n skaapslagter wat onder die bruin mense as Jan Swart of Jan Geswind bekend was. Daar was selfs mense in daardie geweste wat geglo het dat hierdie persoon en Dirk Ligter een en dieselfde persoon was, aangesien hulle in dieselfde tydperk gelewe het, ewe skoon geslag het, en albei (volgens Dauth) vleis onder die arm bruin mense uitgedeel het. Daarby kon Jan Geswind, net soos Dirk Ligter, perde flou draf. So word daar vertel dat Jan Swart (of Jan Geswind) eendag van ‘n plaas in die Williston-distrik langs die polisieman Piet Herbst se perd moes hardloop – dorp toe. Sowat ses myl (ongeveer tien kilometer) verder het Jan egter in ‘n digte laagte verdwyn tussen die bosse in en was nêrens te vinde nie. Toe Herbst ten einde laaste besluit om aan te ry dorp toe om die ontsnapping te rapporteer, vind hy egter vir Jan Swart wat op die stoep van die polisiestasie sit en wag. “Nee, Piet, man, jy en jou pêre is darem te stadig. Ek het haastig geword en het maar spore gemaak dorp toe om by die polisie te kom”, was sy woorde aan die polisieman (Dauth 2001:101,103).

So ook het oom Willem Strauss van Calvinia se pa aan hom vertel dat daar vir ‘n tyd lank ‘n skaapslagter in die Hantam tussen Williston en Calvinia gewoon het. Sy blyplek (“nes”) was in die Krieberge, en onder die boere en veewagters het hy as Jan Tomas of Jan Geswind bekend gestaan. Blykbaar kon hy enige perd flou hardloop en volgens oorlewering het hy net skaap geslag as hy honger was en het nooit iemand seergemaak nie. “Hy was uit-en-uit ‘n regte platjie wat met die boere ‘sports’ gemaak het”. Volgens oorlewering is Jan Thomas ook voëlvry verklaar, maar net vir twee maande (Dauth 2001:106,107).

Die skrywer vra dan: “Wie was dié eienaardige persoon? Was hy Jan Swart, Jan Geswind, Jan Tomas, Doekvoet of was dit die legendariese Dirk Ligter? Die kleurlinge het gesê dat dié paljasdraer, die einste persoon was. In die Boesmanland was hy Doekvoet, in Williston was hy Jan Swart, in Calvinia was hy Jan Tomas en in die Tankwa was hy Dirk Ligter” (Dauth 2001:108).

Scholtz haal die skrywer Boerneef soos volg aan: “In my kinderjare was Dirk Ligter se naam berug, ook beroemd, in ons hele distrik en in die omliggende distrikte. Die mense het my altyd bang gemaak met hom: jy moet soet wees, jy moet so maak, jy moenie so maak nie, anders sal Dirk Ligter vir jou kom steel, en dan sien jy nooit weer jou huis nie. Een ou tannie wat daar altyd groot behae in geskep het om kinders die bewerasie te laat kry, het my een aand die doodse angs op die lyf geja toe sy my sê dat Dirk my sal kom vat en braai omdat ek nie wou loop toe Pa my stuur nie” (1979:48).

Daar word ook beweer dat, met al die stories wat oor Dirk Ligter in omloop was, daar so nou en dan “’n stertjie bygelas is”. Sommige het aan die bonatuurlike gegrens, soos dat sommige van die bruin mense geglo het dat Ligter se spook sommige nagte by die klipstalle onder die Pramberg sit, waar hy aan sy ramkie sit en piek en rympies sing (Van Bart 2008:16). In hoofstuk 2 word ook genoem dat stout kinders bang gemaak is met die spook van Koos Sas, wat op pad was om hulle

te kom haal wanneer ‘n trein se fluit snags in die verte gehoor is. Wilhelm Jordaan skryf dat stories met sterte die naam is wat gegee word aan vertellings wat “soms flentertjies waarheid bevat, vervleg met baie aandik en lekker bylieg”. Hy skryf dat hierdie begrip in Engels as “tall tales” bekendstaan en dat bykans elke land sulke vertellinge het. Jordaan verduidelik die begrip dan verder: “Hier by ons is dit byvoorbeeld stories oor die nimlike Dirk Ligter, die goedaardige plaaswerker en swerwende troebadoer van die Sandveld met sy rustelose temperament en ‘n groot liefde vir gesteelde vet skaapvleis” (2022:10). Onder 4.2.2 beskryf Cloete ook hoe “lang, lang sterte” by die verhaal oor Gert April oor die jare bygelas is.

Jordaan se gebruikmaak van die Engelse begrip “tall tales” word nie in hierdie konteks korrek aangehaal nie, aangesien stories van Ligter en ander (soos Koos Sas en Gert April) nie soseer kwalifiseer as “grootliegstories” nie, maar as belewenisvertellings, soos in die inleidende gedeelte van hierdie hoofstuk uiteengesit word.

Kirby van der Merwe skryf soos volg in sy boek *Amos met die klein mondjie*: “Dirk Ligter, die befaamde en geliefde skaapsteler, kwajong en towenaar” (2000:1). So word daar selfs verder gegaan met verwysing na die bonatuurlike: “Sou hy ooit die verband tussen Dirk Ligter en die mitologiese Khoi-Khoi-volksheld, Heitsi-Eibib, besef? Dat Dirk Ligter die laaste skaduwee was wat hy gegooi het. Heitsi-Eibib wat kon verskyn en verdwyn en van gedaante verwissel. En op verskeie tye en plekke gesterf het, maar altyd weer hergebore kon word” (Van der Merwe 2000:2). Die tipe volksvertelling wat Van der Merwe aanwend (deur die vergelyking tussen Ligter en Heitsi-Eibib) leun weer sterk na die mitiese (kyk na 4.1).

> “Elke plaas, boom, erdvarkgat, klipskeurgrot en rivierloop het hy geken. Hier kon hy verdwyn asof die aarde hom ingesluk het. Geen wonder die volkies hierlangs het geglo hy dra paljas nie. Hy het oral geslag, Warm-Bokveld, Koue-Bokveld, Droë-Hoek, Cederberge, Citrusdal, Clanwilliam, Calvinia en die Boesmanland” (Dauth 2001:9).

Behalwe as bekende musikant en berugte skaapsteler (en towenaar), is daar ook ‘n ander sy van Dirk Ligter wat soms nog uitgelig word. So vertel Jacob Reitz hoe hy as kind gesien het hoe Dirk Ligter ‘n boer se gebreekte wa met ‘n volstruisvel regmaak toe daar geen ander middele of gereedskap beskikbaar was nie. Reitz onthou ook nog verskeie ander verhale oor Ligter, waarvan een die “aaklige maar aangrypende vertelling” is oor die sogenaamde Danster-moorde. Die Dansters was ‘n familie wat op die plaas van Gert van der Merwe gewoon en gewerk het. Hulle moes onder meer die klere van die Van der Merwes by die eienaar se woning gaan kry om te was. Die “ou man Danster” en van die jonger mans was daarvoor verantwoordelik om na die eienaar van die plaas se vee om te sien. So tussendeur het hulle van die vee geslag, waarna daar gereeld danspartye by die Dansters se woonplek plaasgevind het. Ligter het een aand daar

opgedaag, maar toe hy met een van die jong meisies wou dans, is hy uitgeskel as ‘n paljasdraer en toordokter. Ligter het die feestelikhede verlaat, en vir Van der Merwe gaan vertel dat die Dansters van hulle klere dra wat hulle moes was, en dat hulle verder van die eienaar se vee geslag het. Die polisie is ingelig, waarna ‘n konstabel saam met die jongste Van der Merwe, Callie, dieselfde aand na die Dansters se woonplek is. Die polisieman word daarna met ‘n voorlaaier doodgeskiet toe hy een van die strooise wou binnegaan, terwyl Callie van der Merwe deur een van die Danster-vrouens voorgekeer word voordat hy daarin kon slaag om te ontsnap. Van der Merwe se enkels is agtertoe, agter die knieë, deur ‘n stok vasgebind (*spaansbok*) en so laat lê tot die volgende oggend toe, waarna die Dansters besluit om hom “kop-af te sny”. Sy versoek word egter toegestaan om ‘n paar woorde vir sy moeder te skryf voor hy sterf. Hy word hierop ‘n stukkie papier gegee, waarop hy die volgende skryf: “Mammie, ek wou nog vlug, maar nergens heen.” Hy steek die papiertjie hierna in sy hempsak, waarna sy kop afgesny word. Die twee lyke is daarna in ‘n klipskeur afgegooi. Daarna het die Dansters nog ‘n klomp skape geslag en die karkasse ook in die skeur afgegooi om die lyke te verbloem. Daar is weke lank na die twee vermoordes gesoek, voordat Dirk Ligter die soekgeselskap na die klipskeur gelei het. Volgens Reitz het Ligter ‘n “suspisie” gehad dat die lyke in daardie skeur afgegooi is (Smuts & Alberts 1988:216,217).

Hennie Aucamp verwys na die volgende storie oor Dirk Ligter ook as “aangrypend”. Dit is die verhaal waar Ligter ‘n jong meisie se lewe gered het nadat sy deur ‘n slang gepik is. Ligter het snye oor die bytplek gemaak en *ganna-as* daarin gevryf. Daarna het hy met die kind in ‘n bokvelmeelsak op sy rug gehardloop tot op Brandvlei, waar hy en die kind beide ylend op die grond neergeval het. Nadat die dokter uit die kerk laat roep is (dit was ‘n Sondag) en die kind behandel is, het sy wonderbaarlik herstel – “al het haar een armpie altyd dunner gebly as die ander een” (Aucamp 2005:7). Hierdie verhaal kan dien as ‘n voorbeeld waar Ligter sy verbasende uithouvermoë by hierdie geleentheid ingespan het om die lewe van ‘n kind te red.

Boerneef skryf dat, vandat hy sy verstand begin kry het, daar baie skaapslagters by hulle langs was wat nege maande of langer in die tronk sit “omdat hulle maar nie die boere se vet hamels alleen wou laat nie – veediewe was in daardie dae nog baie bedrywiger as vandag. Maar hulle is almal lankal vergeet. Dirk Ligter het miskien minder geslag en gesteel as hulle, maar, al is hy dood, lewe hy vandag nog, omdat hy anders geslag en gesteel het as die ander volk. Dirk was sommer ‘n Hotnot honderd. Hy was ‘n kunstenaar” (Scholtz 1979:48,49).

Weer eens is die ooreenkomste tussen Koos Sas en van hierdie karakters opvallend. Daar kan aanvaar word dat die doel van die reeks skuilname was om die gereg te ontduik. Terselfdertyd het die stories oor hulle in die verskillende distrikte daartoe gelei dat “daar so nou en dan ‘n stertjie” bygelas is, soos Jordaan verduidelik.

Die bekende kontrei-joernalis Johan van Wyk verwys soos volg na Sas en Ligter: “Die waarheid is dat die wandade van ‘n misdadiger, soos Koos Sas, die humoristiese kirpatse van die dief en sluwe lieplapper, Dirk Ligter, oordadig geromantiseer deur Boerneef (maar darem met digterlike vryheid in ‘n literêre sin) en die verraad van daardie veel besonge ‘martelaar van Calvinia’ en vereerde liefling van die ANC, Abraham Esau, vanweë hul twyfelagtige ‘roem’ slegs enkele voorbeelde is van wat blanke baanbrekers in die voortyd deurgemaak het” (2008:55).

## 4.4 JOHN KEPE

Om Koos Sas se nalatenskap in ‘n wyer konteks te plaas, word die verhaal van ‘n bekende misdadiger van die Oos-Kaap by hierdie hoofstuk ingesluit. Alhoewel hy ver van die Klein-Karoo en ander gebiede vanwaar die misdadigers oor wie daar tot dusver geskryf is, geopereer het, is dit belangrik dat die verhaal van Kepe ingesluit word. Die ooreenkomste tussen die twee historiese karakters is opvallend en is van belang met betrekking tot die vrae wat in hierdie studie gevra word.

Ná die bekendmaking van Kepe se teregstelling, berig Fred Knoetze, eertydse redakteur van die *Somerset Budget*, soos volg: “Behind the laconic announcement in the afternoon newspapers on 25 June 1952, lies a story of crime as interesting as that of many of the well-known freebooters of former days. John Kepe had terrorised the residents of the Boschberg, Somerset East, plateau and the lower Swaershoek, one of the most famous grazing areas in the Union – where farmers are rich and sheep are fat” (1986:gp).

Waar Kepe vandaan gekom het, is nie seker nie. Volgens sy getuienis kom hy van die Oos-Kaap en is hy in 1898 gebore. Die grootste gedeelte van sy 54 jaar op aarde het hy óf in die tronk óf in een van sy wegkruipplekke in die Boschberg deurgebring (Knoetze 1986:gp).

Sersant CF Potgieter skryf in 1953 dat hy reeds in 1921, terwyl hy op Coloniesplaats in die Graaff-Reinet-distrik gestasioneer was, van die naam John Kepe kennis geneem het: “Ek het die Polisiekoerant opgetel en dit goed bestudeer. Ek het opgemerk dat daar ‘n naturel by name John Kepe in die distrik Somerset-Oos vir huisbraak en diefstal gesoek word. Sy volle beskrywing was in die koerant, sowel as ‘n volledige lys van die goedere wat hy gesteel het, o.a. ou muntstukke van President Kruger en ook goue medaljes” (1986:gp). Die beskrywing wat volg, herinner baie aan die dag in 1922 toe Jurie Dreyer vir Koos Sas op die plaas Droëdap buitekant Springbok herken het: “Daardie dae het die polisie nog met perde patrollie gedoen. Eendag vertrek ek op ‘n tweedagse patrollie in die rigting van Dwarsvlei en Bethesdaweg. Ek kom so 2 nm op die plaas Dwarsvlei; ek het afgesaal en my perd is deur ‘n naturel, wat ek nie voorheen op die plaas gesien het nie, geneem om water en voer te kry. Hy het nie vir my verdag voorgekom nie, maar nietemin het ek hom goed beskou. Onder andere het ek hom gevra wat sy naam is en waar hy vandaan

kom. Hy vertel my dat sy naam is John en dat hy van Cradock kom. Ek begin hom uitvra en sien ook dat hy ‘n merk aan sy arm het, wat aan die beskrywing in die Poliesiekoerant beantwoord [moontlik ‘n tatoeëermerk, soos Sas ook uitgeken is]. Ek was nie baie tevrede met sy verduideliking nie en sê toe ek wil sy huis gaan ondersoek. Ons twee is toe na sy huis, en toe ek begin soek kry ek ‘n hele klomp van die gesteelde goed waarvan ek die beskrywing in my sakboekie het. Toe ek hom vir ‘n verduideliking vra, erken hy sommer dadelik dat hy die persoon is na wie ek soek, dat sy naam John Kepe is en dat hy by ‘n huis ingebreek het in die distrik Somerset-Oos. Ek slaan toe dadelik die boeie aan sy arms en begelei hom na Colonieplaats” (Potgieter 1986:gp). Potgieter is toe gelas om vir Kepe self na Somerset-Oos te neem, waar ‘n voorlopige ondersoek begin is. Kepe en vyf ander verhoorafwagtendes het egter uit aanhouding ontsnap voordat die verhoor kon plaasvind. Kepe verdwyn vervolgens vir ‘n paar jaar, voordat hy weer vir diefstal gevang word en op 5 Maart 1928 in Cradock tot twee en ‘n halwe jaar tronkstraf gevonnis word. Tydens ‘n verhoor op 9 Mei 1933 word Kepe deur die magistraat tot gewoontemisdadiger verklaar. “Gedurende 1940 het die Gevangenisraad dit goed gedink om John Kepe op proef los te laat. Een van die voorwaardes was dat hy die distrik Graaff-Reinet vir ‘n tydperk van vyf jaar nie kon verlaat nie” (Potgieter 1986:gp). Kort hierna het Kepe egter weer eens spoorloos verdwyn.



***Figuur 4.5:*** *Polisie-identikit van John Kepe (Potgieter 1986:gp)*

John Kepe het, soos Koos Sas, ‘n wye gebied gehad waarin hy sy misdadige aktiwiteite uitgevoer het: tussen Graaff-Reinet, Pearston, Somerset-Oos, Kookhuis, Kommadagga en Longhope. In Graaff-Reinet het Kepe ‘n wegsteekplek vir sy gesteelde goedere teen die hange van die bekende Spandauskop, aan die buitewyke van die dorp, gehad (Potgieter 1986:gp).

Sersant Potgieter het vir John Kepe drie maal (1921, 1927 en 1933) in die Graaff-Reinet-distrik vir diefstal en huisbraak gearresteer. Tydens die 1933-arrestasie is vier skote deur die polisie afgevuur nadat Kepe dreigend met ‘n byl op hulle afgestorm het (internet: Burgess 2016).

Teen die einde van 1940 is Potgieter na Somerset-Oos verplaas, waar hy ingelig is oor ‘n reeks winkelinbrake in Kookhuis, Kommadagga en Longhope, sowel as die slag van skape op die Boschberg. Hierdie misdade het vir jare voortgegaan sonder dat iemand suksesvol aangekeer is. Teen 1950 en 1951 het die polisie bykans weekliks oproepe ontvang van die boere op Boschberg wat gerapporteer het dat hul skape gesteel word en dat by hul huise ingebreek word. Teen hierdie tyd het die misdadiger ook sover begin gaan as om uittartende notas vir die polisie te los, sonder om sy ware identiteit bekend te maak (internet: Burgess 2016). Een van die boere op die berg het later vertel dat dit hom £500 gekos het om een van die ramme te vervang wat Kepe geslag het. Menigmaal het jong boere na hul plase terug gekeer op Sondagmiddae, net om te vind dat by hul huise ingebreek is en dat kos en ander goedere gesteel is. Dan weer moes ‘n ander uitvind dat een van sy skape geslag is. Ondersoeke deur die boere en polisie was egter tevergeefs. Selfs polisiehonde is ingespan, maar sonder enige sukses (Knoetze 1986:gp).

Winkels in Somerset-Oos en die distrik het ook gereeld deurgeloop. “Die ‘modus operandi’ van die inbreker was altyd dieselfde. Hy neem byvoorbeeld ‘n sak suiker of meel of mielies, gooi dit op die grond uit, neem die sak en pak dan genoeg suiker, koffie, meel, tabak, vuurhoutjies, ens. in en kies dan die hasepad. Daar was altyd dieselfde spore – die toon langs die een groottoon het nooit gewys nie, dit het aangedui dat die toon moes af wees” (Potgieter 1986:gp).

Skape is gereeld op die Boschberg by Somerset-Oos geslag. Met een van die geslagte skape is ‘n anonieme brief gelos saam met die vel, waarin die skrywer verklaar het dat hy die skaap geslag het, asook dat dit hy was wat in die huis van mnr Jan Nel op die plaas Ongegund ingebreek het. Dit het algaande bekend geraak dat daar ‘n vreemde swart man in die voetpaadjies van die berg gewaar is, gewapen met ‘n .22-geweer (Potgieter 1986:gp).

Philip Erasmus van die plaas Charlton bo-op die Boschberg vertel in later jare dat Kepe vir baie jare nog die gereg sou kon ontduik het as hy aangehou het met die lewe wat hy gelei het, aangesien hy ‘n “potslagter” was – wat beteken het dat hy slegs geslag het om die vleis self te eet. Maar toe maak hy iemand dood (internet: Burgess 2016). Hierdie verwysing herinner baie

aan die geval van Koos Sas wat ook hoofsaaklik as ‘n skaapdief (potslagter) bekend was. Ná die moord op Daniel Botha het omstandighede egter uiteraard drasties verander.

Op 28 November 1951 het ‘n ou skaapwagter wat op die berg gewoon het, ene Dirk Goliath, die polisie laat weet dat daar by sy huis ingebreek is. Goliath het beweer dat hulle (van die plaaswerkers) die man al voorheen op die berg gewaar het, en dat hy ‘n .22-geweer by hom gehad het. Die man het voorheen aan hulle gesê: “Is dit julle wat die boere se skape so slag op die berg? Ek is deur die polisie hier gesit om die dief te vang” (Potgieter 1986:gp).

Op 14 Desember 1951 het mnr Dixie Erasmus van die plaas Charlton, bo-op die Boschberg, laat weet dat Goliath se vrou laat weet het dat haar man veld toe is, maar nooit teruggekeer het nie. Dirk Goliath se lyk is later aan die bokant van Rooikrans gevind. Hy is wreed vermoor met sy gesig wat geskend is en sy nek wat ook misvormd was (Knoetze 1986:gp). ‘n Ander bron berig dat Goliath met ‘n skerp voorwerp gesteek is, en dat sy keel afgesny is (internet: Burgess 2016).

Op 16 Desember 1951 is ‘n soekgeselskap van 70 man, bestaande uit lede van die polisie en plaaslike boere, opgekommandeer om die Boschberg te fynkam vir die moordenaar, maar sonder enige sukses. Die polisie het gereken dat dit omtrent 1 000 man sou kos om hierdie groot area deeglik te deursoek (Potgieter 1986:gp).

Intussen, soos die maande verbygegaan het, het die slag van skape en diefstal uit opstalle op die Boschberg voortgegaan.

Op 22 Februarie 1952 is die polisie weer eens ingelig dat ‘n skaap op die plaas van mnr George Botha op die berg geslag is. Op 25 Februarie word die polisie deur die distrikskommandant opdrag gegee om voort te gaan met voorlêwerk op die berg. Op dieselfde aand word Kepe vasgetrek. By hom het hy ‘n swaardstok, wat – soos later in die verhoor geblyk het – in die moord op Goliath gebruik is. Kepe wys dieselfde aand aan die polisie die grot uit waarin hy vir 12 jaar geskuil het. Onder meer word ‘n geweer met 45 patrone in die grot gevind. Toe sersant Potgieter die aand later na die buitekamer geneem word waar Kepe aangehou is, sê laasgenoemde: “Naand, baas Christian, ken jy my nog? Ek is John Kepe wat jy al tevore gevang het. Onthou jy nog die nag daar naby Pearston toe jy my amper doodgeskiet het?” Potgieter skryf soos volg in sy artikel aan die *Somerset Budget*: “Tot my grootste verbasing sien ek my ou vriend daar voor my staan *…”* (Potgieter 1986:gp).

Hierdie verwysing deur Potgieter na Kepe as “my ou vriend” herinner weer eens sterk aan die “spesiale verhouding” wat later tussen konstabel Tonie Swanepoel en Koos Sas ontstaan het, soos aangedui in hoofstuk 2.

Kepe vertel onder meer aan Potgieter dat hy, nadat hy in 1940 uit die tronk ontslaan is, reguit na die Boschberg by Somerset-Oos is. Hy sê dat hy geweet het van ‘n geskikte wegkruipplek in die berg. Tydens 1918 se groot droogte het hy op die berg met sy hond geloop. Die hond het in ‘n skeur verdwyn en het later papnat uitgekom. By nadere ondersoek blyk dit toe dat daar ‘n stroompie lopende water in die grot is. Van daar het hy snags in die dorp gaan inbreek. Potgieter is saam met die polisie na die grot, waar hulle ‘n groot hoeveelheid gesteelde items aangetref het (klere, komberse, vuurhoutjies, ens). Die grot was goed versteek en groot en gerieflik genoeg vir enigeen om in te woon. Kepe het die groep ook na ‘n ander grot, nie ver van die eerste een af nie, geneem. Ook hier was ‘n sterk stroom water wat onder die grot deurgeloop het. Binne was drade gespan om vleis aan te hang, en genoeg ruimte vir ongeveer veertig mense. Nog later neem Kepe die groep na ‘n derde grot, ongeveer honderd tree verder, waar sowat honderd skaapvelle tussen die klipskeure weggesteek was. “Toe die naturellekonstabels inkruip en die velle uithaal, sê John vir oom Koos: ‘Baas, kyk na die wol – dit was ‘n baie mooi ooi hierdie’” (Potgieter 1986:gp).



***Figuur 4.6:*** *John Kepe (geboei en sittende links onder) bo-op die Boschberg, saam met lede van die polisie en boere van die omgewing nadat hy gevang is (internet: Burgess 2016)*

Bill Brown van die plaas Glen Avon, aan die voet van die Boschberg, vertel dat die grot waarin Kepe geskuil het, lopende water gehad het, en dat dit moontlik was om snags ‘n vuur daarbinne te maak sonder dat enigeen dit sou sien.

> “Inside the cave, a torch is needed to reveal the interior in which Kepe had stored stolen goods, including cooking utensils, supplies and clothes. After his arrest, Kepe revealed two other caves he had utilised, which had remained undiscovered by anyone prior to his capture. One cave Kepe called his ‘icebox’, which was fitted with wire for hanging and curing meat, while the other was used to store more than 100 sheepskins” (internet: Burgess 2016).

Op Somerset-Oos het die nuus van die arrestasie van die moordenaar van die ou skaapwagter soos ‘n veldbrand versprei. By die magistraatskantoor het honderde mense saamgedrom om die moordenaar te sien. Die hoofstraat se verkeer het tot stilstand gekom soos die mense saamgedrom het. Toe John Kepe by die magistraatskantoor uitkom en die hordes mense sien wat gekom het om hom van nader te aanskou, het hy glo aan die menigte gesê: “Ek is Simson van die Bosberg. Toe die Fillistyne Simson gevang het, het al die ander Fillistyne uitgekom om na hom te kyk en so doen julle vandag” (Potgieter 1986:gp). Hierdie selfversekerde uitlating deur Kepe herinner sterk aan die koggelende woorde wat deur Koos Sas gebruik is ná sy ontsnapping onder bewaking by die Kingnarivier (soos beskryf in 2.3.2), asook sy verwysing na homself as “die laaste Boesman”.

John Kepe het op 22 Maart 1952 voor regter Gardiner in Cradock verskyn. Hy het skuld erken op die klag van moord op Dirk Goliath en is gevolglik deur die jurie skuldig bevind. Net voor die doodstraf oor hom uitgespreek is, het die regter aan hom gevra of hy nog enigiets het om te sê. Daar was ‘n doodse stilte in die hofsaal toe John Kepe na die lede van die jurie wys en sê*:* “As daardie mense sonder sonde is, kan hulle my maar ophang.” Kepe is ter dood veroordeel, en net voordat hy weggelei is, versoek hy om vir sersant Potgieter nog ‘n laaste maal te sien. Sy laaste woorde aan Potgieter was: “Baas, ek wil jou net groet, ek gaan nou weg” (Potgieter 1986:gp).

Die juriestelsel is vir die eerste maal in 1828 in die Kaap ingestel. Daarna is dit uitgebrei na Natal in 1845 en die Oranje-Vrystaat en Transvaal in 1854. Teen hierdie tyd is dit tydens alle siviele sake toegepas. Teen 1917 is die stelsel in so ‘n mate aangepas dat ‘n beskuldigde ‘n keuse gehad het om voor ‘n regter sonder die teenwoordigheid van ‘n jurie verhoor te word. Teen 1927 is die gebruik van die jurie-stelsel tydens siviele verhore afgeskaf. Die *General Law Amendment Act 46 of 1935* het bepaal dat die Minister van Justisie die mag gehad het om te besluit of ‘n hofsaak voor ‘n landdros en assessore in plaas van ‘n jurie verhoor sou word. Teen 1954 is ‘n saak wat voor ‘n jurie voorgekom het, as ‘n uitsondering beskou. Die *Abolition of Juries Act 34 of*

*1969* het finaal daartoe gelei dat die juriestelsel amptelik in Suid-Afrika afgeskaf is (Rood 1990:752,753).

Boyce Pike, plaaslike Xhosa-skrywer en -digter van Somerset-Oos, vertel dat daar verkeerd gerapporteer is oor Kepe se van, aangesien dit "Kebe" gespel word, en dat die meeste hom aan sy Xhosa-naam "Mpinga" geken het. Pike noem verder dat Kepe as 'n held onder die plaaslike swart mense bekend was: 'n tipe Robin Hood-karakter, aangesien hy gereeld van sy gesteelde ware, soos suiker en vleis, met die swart en bruin mense gedeel het. "'Everybody loved John Kepe', says Pike … he was a kind of political hero who molested whites and didn't harm any blacks'" (internet: Burgess 2016). Hierdie stelling deur Pike oor die nalatenskap van John Kepe herinner sterk aan die afdeling in hoofstuk 3 waarin verduidelik word in watter mate die nalatenskap van Koos Sas verpolitiseer is – van misdadiger tot dié van 'n held. Die vraag kan ook gevra word na wie Pike in hierdie konteks verwys met sy gebruik van die woord "everybody". Skynbaar ag Pike dit ook nie van belang dat Kepe verantwoordelik was (en skuldig bevind is) vir die wrede dood van 'n onskuldige, bejaarde (swart) veewagter nie. Wat betref Pike se verwysing na Kepe as 'n tipe Robin Hood-karakter: onder afdeling 4.4 van hierdie hoofstuk word verduidelik dat, nes in die geval van Dirk Ligter, Koos Sas en Bitterbek, daar ook geen bewyse gevind kon word om te bevestig dat enigeen van hierdie karakters (insluitende Kepe) hul buit met ander mense gedeel het nie.

Bill Brown vertel dat die mense van Somerset-Oos gefassineer was met die "Boschberg cave dweller" en onthou hoe hy en die Xhosa-kinders op Glen Avon mekaar bang gemaak het met Kepe, wat hulle "Dooi Donner" genoem het. "I grew up as a child knowing Kepe as Dooi Donner. We'd tease other as children and say Dooi Donner would get you" (internet: Burgess 2016).

> "Today, the Boschberg remains largely unchanged from the time it was once ruled by Kepe, and it would be fair to say that Somerset East's most infamous criminal is woven into the town's historical tapestry" (internet: Burgess 2016).

Daar is 'n hele aantal vergelykings te tref tussen Koos Sas en John Kepe, soos in die voorafgaande teks uitgewys is. Wat uitstaan is dat, behalwe dat albei bekende skaapdiewe en misdadigers in hul onderskeie kontreie was, hulle hul ook albei aan moord aandadig gemaak het. Die omstandighede van die twee afsonderlike moorde is gepleeg in afgeleë gebiede, waarna beide op die vlug geslaan het: Kepe terug na sy wegkruipplek in die Boschberg, terwyl Koos Sas die hasepad gekies het Namakwaland toe.



***Figuur 4.7:*** *Ezra Mabengeza vertolk die hoofrol in Jahmil XT Qubeka se "Sew the Winter to my Skin" (Pople 2018:10)*

Die Suid-Afrikaanse rolprentmaker Jahmil XT Qubeka se film "Sew the Winter to my Skin" is in 2018 tydens die opening van die *Cape Town International Film Market and Festival* in die media beskryf as 'n "epiese avontuurrolprent". Die film is ook vroeër dié jaar by die Toronto rolprentfees vertoon, asook op die L'Atelier-program tydens die Cannes-rolprentfees. "Dit handel oor die voortvlugtige John Kepe, 'n Robin Hood-figuur van die Karoo wat die boere in die 1950's terroriseer. Hy word gejag deur 'n klompie boere onder aanvoering van ene genl Botha – só verkry hy mitiese status onder die inheemse bevolking" (Pople 2018:10). Vroeër in hierdie afdeling word verwys na ene George Botha op wie se plaas Kepe op 22 Februarie 1952 'n skaap geslag het. Daar is geen bewyse dat hierdie Botha dieselfde persoon is na wie hierbo as "genl Botha" verwys word nie. Die afleiding kan dus gemaak word dat "genl Botha" in die film 'n fiktiewe karakter is, ook gegewe in die lig van die feit dat Botha 'n baie algemene van in Suid-Afrika is. Pople is nie korrek met haar beskrywing as sou Kepe "mitiese status" onder die inheemse bevolking gekry het nie; "legendariese status" sou meer korrek wees. Soos die geval is met Koos Sas, Dirk Ligter en ander, sal die verhale oor Kepe kwalifiseer as belewenisvertellings, soos in die inleidende gedeelte van hierdie hoofstuk verduidelik is.

Op die internet word die agtergrond van die film soos volg weergegee:

> "A riveting ride into the heart of 1950's rural South Africa where a liberal journalist grapples with the fantastical account of the capture of a black rebel hero; a threat to the colonial farming community and a champion of the disenchanted" (internet: Qubeka 2018).

Qubeka stel dit in die onderhoud wat oor die film handel dat die mens mites nodig het, aangesien dit die tydperk waarin hulle leef kenmerk (Pople 2018:10). Daar is reeds in hoofstuk 3 verwys na die invloed wat uitsprake soos hierdie deur Qubeka op die nalatenskap van 'n persoon kan hê, soos uitgewys ten opsigte van uitsprake tydens die oorhandigingseremonie van die skedel van Koos Sas aan die gemeenskap van Montagu. Breyten Breytenbach verwys ook in 4.2.2 na Koos Sas en Gert April as sogenaamde "vryheidsvegters". In hoofstuk 6 word die invloed van die uitvoerende kunste in hierdie verband verder bespreek en binne konteks geplaas. Qubeka se stelling moet in die volgende konteks verstaan word: die mensdom, oftewel elke kultuurgroep, het wel verhale nodig omdat dit deel vorm van die holistiese wêreld waarbinne elke groep homself uitleef. Dit gebeur egter onvermydelik dat werklike gebeure in die proses van verhaalvorming tot volksvertellings, hetsy belewenisvertellings, mites of legendes, verwring word. Dit is wat daarvan volksvertellings maak. Wanneer so 'n gebeure dan uit 'n historiese oogpunt ondersoek word, is dit die historikus se plig om deur diepgaande navorsing die werklike feite van die fiktiewe verhaalelemente te onderskei.

Die verwysing na die film wat oor die lewe van John Kepe gemaak is, is relevant tot hierdie studie, aangesien die regisseur Pieter Pretorius ook beplan om 'n film oor Koos Sas te maak (meer hieroor in hoofstuk 6). Daar is natuurlik baie oor Ligter asook oor Koos Sas geskryf (soos gesien sal word in hoofstuk 6). Die uitbeelding van Kepe en Sas as historiese karakters in filmweergawes word in hoofstuk 6 in verdere besonderhede bespreek.

## 4.5 SPRINGBOK

In die Springbok-area in Namakwaland was daar ook ander misdadigers oor wie vandag nog stories vertel word. James Stone vertel dat die bekendste van hulle Frans Walters en Bitterbek was. Volgens Stone sou Bitterbek nog die een aand op Taaiboschkraal slag, die volgende dag was hy weer elders in die distrik. Soms het hy van die orige vleis van die geslagte skaap in die vel aan 'n heining gelos. Om hierdie rede het van die mense soms na Bitterbek as 'n "ordentlike skelm" verwys. Walters en Bitterbek het ook baie keer die skuld gekry vir ander se misdade. Veral Walters het die gawe gehad om uit aanhouding te ontsnap. Dit was blykbaar net die polisieman, Adderjan Vissertjie, wat hom keer op keer kon aankeer, maar word hy vanaand toegesluit – is hy môre weer weg (Stone 2021: onderhoud). Konstabel Adderjan Vissertjie herinner sterk aan konstabel Tonie Swanepoel van Montagu wat ook die enigste was wat vir Koos Sas keer op keer aangekeer het, soos in hoofstuk 2 aangedui is.

Jan Pieriga was nog ‘n naam wat vrees onder die Namakwalanders ingeboesem het. Die nag van 26 September 1975 word in Namakwaland “die bang nag” genoem, nadat ene Jan Pieriga op ‘n moordtog gegaan en twee mense koelbloedig doodgeskiet het. ”Die polisie het oral padversperrings opgerig en die mense het openlik gegis of dit ‘n aanval deur opgeleide terroriste was. Een ou het glo hulle geld by die hek opgehang en geskryf: ‘Vat alles, spaar ons tog net, asseblief!’ ‘n Ander het by die hek op ‘n karton geskryf: ‘Die mense het lankal getrek – hier bly niemand nie!’” (Sarrisam 2010:166). Onder 4.2.2 is genoem hoe Gert April dieselfde tipe vrees onder die inwoners van die Montagu-distrik ingeboesem het. James Stone het ook tydens ‘n onderhoud in Springbok verwys na die moordtog waarop Pieriga gegaan het en waartydens ‘n paar mense doodgeskiet is (Stone 2021: onderhoud). Die 28-jarige Jan van Zyl (met die bynaam Pieriga) is uiteindelik op 19 Februarie 1976 in die Rondgaande Hof op Vanrhynsdorp deur regter PWE Baker die doodsvonnis opgelê (Sarrisam 2010:167). Gert Sarrisam is bekend as skrywer van populêre kontreiverhale en is dus nie ‘n historiese bron nie. Dit is egter belangrik om na hierdie bron te verwys, omdat dit uitwys hoe hierdie tipe figure wat werklik bestaan het, volksbesit geword het.

Tertius Archer vertel dat die werkers van daardie jare meestal “deelsaaiers, deelboere en bywoners” was. Gewoonlik sou hulle net vra vir ‘n trekseltjie tee of ‘n span twak. Dit is soos die werkers maar altyd vir sy ouma gevra het – dit was die betaling vir die dag se werk. “Dit het nie oor geld gegaan nie, dit was ‘n bestaansmiddel” (T Archer 2021: onderhoud). Archer onthou ook nog die stories oor Koos Sas goed, soos aan hom deur sy vader vertel. Hy vertel: “Koos Sas het meestal so buitekant die dorp rondgehang. Soms het hy los werkies kom soek op Oupa se plaas, Koringhuis, so 30km van Springbok af. Hy sou vir die dag handwerkies doen, die oumense het gepraat van ‘n ‘handrekening’. Koos sou net vir die dag werk – môre was hy weer weg. Dan was hy weer op Droëdap, of Silwerfontein, of anderkant Springbok. Hy het in ‘n halfmaan, ‘n radius van omtrent 30km, geopereer. Hy het in die veld gebly, meestal by een van die veeposte. Hy was ‘n potslagter – hy het nie ‘n klomp vee doodgemaak nie” (T Archer 2021: onderhoud).

Die doel van hierdie hoofstuk is nie om ‘n breedvoerige ondersoek na historiese skaapstelers en moordenaars te maak nie. Daar word slegs na enkeles verwys en wel in gevalle waar daar ooreenkomste met Koos Sas aanwesig is. Wat hier in ag geneem is, is óf dat die misdade in dieselfde areas afgespeel het, óf dat daar ooreenkomste is met die wyse waarop geopereer is.

Hierdie vergelykende ondersoek is gedoen om vas te stel in hoe ‘n mate die nalatenskap van hierdie karakters met dié van Sas ooreenkom. Op watter vlak word hul name vandag steeds onthou, en waarom?

# HOOFSTUK 5

# MENSLIKE BEENDERE IN MUSEUMVERSAMELINGS

In die vorige hoofstuk is vergelykings getref tussen die nalatenskappe van Koos Sas in die vorm van stories en persepsies en dié van ander misdadigers, hetsy as bekende skaapdiewe en/of moordenaars. Dit het duidelik in die hoofstuk geblyk dat geen van die ander misdadigers se name (en nalatenskap) naastenby dieselfde omvang as dié van Sas toon nie.

Een aspek wat egter nog nie ondersoek is nie, is die kwessie van menslike beendere (soos die skedel van Sas) op uitstalling in museums. Die opgrawing van menslike beendere en in sommige gevalle die inskrywing daarvan in museumversamelings en selfs die uitstal daarvan, was sedert die negentiende eeu 'n wêreldwye tendens.

Dit is nogtans belangrik om die agtergrond met betrekking tot die redes vir die opgrawing en versameling van menslike beendere, waarvan die meeste in museums opgeëindig het (hetsy in bergkamers, uitstalkaste of albei), uiteen te sit.

## 5.1 DIE OORSPRONG VAN WETENSKAPLIKE ONDERSOEKE OP DIE SAN EN KHOEKHOEN

In hoofstuk 2 is bewys gelewer dat die skedel van Koos Sas deur ds WP Steenkamp opgegrawe is en vir sy mediese studies oorsee geneem is. Daarna is die skedel aan die Montagu Museum geskenk, waar dit vir bykans twintig jaar op uitstalling was, waarna die skedel uiteindelik in April 2021 begrawe is.

Ten einde te bepaal watter faktore die nalatenskap van Sas beïnvloed het, is dit belangrik om 'n agtergrond te gee van die versameling en uitstalling van menslike beendere in museums. Aangesien die Steenkamps Sas se skedel vir mediese studies aangewend het, sluit hierdie hoofstuk ook die kwessie van beendere wat spesifiek vir daardie doel opgegrawe en aangewend is, in. De Kock skryf soos volg:

> "Die neëntiende eeu is gekenmerk deur 'n ondersoekende gees in Europese lande. Dit het aanleiding gegee tot die ontwikkeling van verskeie dissiplines soos byvoorbeeld geologie, genetika en argeologie – om maar 'n paar te noem. Die ouderdom van die aarde, die ontstaan van die mens, die oorsprong van ou

beskawings, die ontwikkeling van skrif was alles vraagstukke wat beantwoord moes word. Nog 'n probleem vir die Victoriane was die talle sogenaamde eksotiese mense wat teëgekom is oral waar verkenners nuwe gebiede betree het. Rasseklassifikasie het groot belangstelling geniet en versamelaars het met baie ywer eksotiese skeletmateriaal versamel en teruggestuur na die moederlande" (De Kock 1999:2).

In hierdie aanhaling is De Kock se gebruik van die frase "Nog 'n probleem …" misleidend, aangesien dit nie regtig 'n probleem was nie. Soos ook hieronder verduidelik word, was dit eerder 'n kwessie dat hulle geïnteresseerd was in die "eksotiese mense" met wie hulle oral in kontak gekom het, soos hulle (die Europeërs) nuwe gebiede binnegedring het.

In die Eeu van Verligting was die versamel van menslike skedels 'n alledaagse praktyk. Die sogenaamde "primitiewe eienskappe" van die skeletmateriaal is bestudeer en uitgewys as "aapagtig en primitief", om sodoende die versamelpraktyke te wettig, sowel as te regverdig. Wetenskaplikes het veral in menslike skedels belanggestel, aangesien die vorm en breingrootte vir hulle 'n bewys was dat dié met groter en ronder skedels meer intelligent moes wees as ander. Onder hierdie omstandighede is groot hoeveelhede skeletmateriaal onder meer na Londen, Parys, Berlyn en Amsterdam verskeep. Hier is die materiaal geklassifiseer, tekeninge van gemaak, in waks of glas gegiet en afgietsels van gemaak (De Kock 1999:2).

Veral Europese besoekers aan die Kaap was baie geïnteresseerd in die Khoekhoen (of "Hottentotte", soos hulle vroeër bekend gestaan het) vandat hulle die eerste maal met hierdie groepe in kontak gekom het. Die meeste van die vroegste Europese besoekers aan die Kaap se vooropgestelde persepsie was gegrond op suspisie en setlaarmites. Hulle het hulself as 'n beskaafde ras bejeën wat verhewe bo die natuur was, terwyl die inwoners van die kolonie as primitief en deel van die diereryk bestempel is. Hulle is dan ook so geklassifiseer as deel van "the weird and wonderful fauna of distant lands" (Morris 2008:221).

Een van die eerste besoekers aan die Kaap nadat die kolonie in 1803 weer onder Hollandse bewind gekom het, was dr Heinrich Lichtenstein, wat saam met die nuwe goewerneur gearriveer het. Lichtenstein was deel van 'n gilde bestaande uit professionele wetenskaplikes wat menslike skeletmateriaal vir Europese museums versamel het. Een van sy eerste versamelings was die kopbeen van 'n Khoekhoen-vrou wat hy van die res van die liggaam verwyder het tydens 'n geregtelike ondersoek wat hy in Augustus 1805 in die Karoo uitgevoer het (Morris 2008:221,222).

Vanaf die 1830's is wetenskaplikes al meer by universiteite in Europa aangestel om ras en ras-etnologie as navorsingsvakke te ontwikkel onder die nuwe vakgebied, antropologie. In 1877 het die Britse koloniale regering die "South African Philosophical Society" gestig, met die uitsluitlike doel om inheemse groepe te bestudeer voordat hulle verdwyn. Ná afloop van die Anglo-

Boereoorlog, is die “South African Association for the Advancement of Science” in 1902 gestig, wat grotendeels ten doel gehad het om “Brit en Boer” te verenig. Die stigters van hierdie liggaam het verder gehoop op die wetenskaplike vooruitgang van die kolonies. Vir hierdie doel is die Britse Assosiasie in 1905 na die gebiede wat in 1910 die Unie van Suid-Afrika sou vorm, genooi. Die meeste van die 400 afgevaardigdes wat die geleentheid bygewoon het, was van Engeland, terwyl wetenskaplikes van Kanada, Amerika, Duitsland, Oostenryk, Frankryk en Japan ook teenwoordig was. Vir Brittanje was hierdie ‘n geleentheid om aan die kolonies te wys presies hoe wetenskaplike navorsing gedoen moet word (Morris 2008:222).

Onder die sprekers was onder andere Alfred Haddon van Cambridge, een van die voorste Europese antropoloë van die tyd. Haddon het ‘n lesing gegee oor die stand van antropologie in die kolonies, waartydens hy museums onder meer skerp gekritiseer het oor hul sogenaamde onsistematiese versamelings. Hy het verder ‘n beroep op navorsers gedoen om eerste daardie aspekte te bestudeer wat die potensiaal het om verlore te gaan – spesifiek in die veld van fisiologie – en om daarmee saam te fokus op die Khoekhoen. Volgens hom was dit van die uiterste belang om soveel moontlik inligting oor die kolonies se inheemse bevolkings in te vorder, aangesien die data deur administrateurs gebruik kon word om hierdie groepe suksesvol te bestuur (Morris 2008:223).

Die volgende afdeling berus grootliks op die navorsing wat gedoen is deur proff Martin Legassick en Ciraj Rassool. Hulle was albei ten tyde van die publikasie van *Skeletons in the cupboard* in 2000 verbonde aan die Departement Geskiedenis van die Universiteit van die Wes-Kaap. Die publikasie is deur beide die Suid-Afrikaanse Museum (Iziko) in Kaapstad en die McGregor Museum in Kimberley gepubliseer en die bronne berus hoofsaaklik op inligting wat uit hierdie twee instansies, asook die Kaapse Argief, afkomstig is.

Onsekerheid onder Europese wetenskaplikes rondom die tipologie van die Khoekhoen- en San-groepe in Suid-Afrika het daartoe bygedra dat daar ‘n bykans desperate soeke na skeletmateriaal van hierdie groepe vir verdere ondersoek en analise deur Europese instansies geloods is. Aangesien die persepsie bestaan het dat “Boesmans” en “Hottentotte” lewendige voorbeelde en die laaste van bykans uitgestorwe rasse was, moes hulle so gou as moontlik bestudeer word voordat hulle finaal uitsterf. Dit was veral die Suid-Afrikaanse Museum in Kaapstad en die McGregor Museum in Kimberley (onderskeidelik in 1825 en 1907 geopen) wat hulle gedurende die vroeë twintigste eeu skuldig gemaak het aan die gewetenlose metodes wat gebruik is om Khoekhoen-skeletmateriaal te bekom. Die museums het hulle gedurende hierdie tydperk onder meer skuldig gemaak aan grafskending in die naam van wetenskap, waartydens liggame wat kort tevore begrawe is, met die toestemming van staatsowerhede weer opgegrawe is (Legassick & Rassool 2000:v).

Die direkteur van die Suid-Afrikaanse Museum in Kaapstad, Louis Péringuey, skryf op 28 September 1909 soos volg aan die magistraat op Carnarvon:

> "… the relics should be simply dug out … and if well besprinkled with paraffin in case carbolic were not handy and left to the action of the sun In the veld – of course in the box – for a few days, it would not prove offensive and could be sent by rail – contents of the package of course not divulged but termed specimen of natural history" (Legassick & Rassool 2000:5).

Vanaf 1909 het Péringuey selfs inligting oor veroordeelde moordenaars en hul slagoffers opgevolg. Hy was geensins kieskeurig oor liggame wat nog nie lank begrawe is nie. In September 1909 kry hy die volgende antwoord na 'n skrywe aan die magistraat op Carnarvon: "I shall willingly do all I can to secure you the body of the Bushman (Jan Strijp) who was killed last month in this district." 'n Maand later was die oorskot van Strijp op pad na die Suid-Afrikaanse Museum in Kaapstad (Legassick & Rassool 2000:41).

Legassick en Rassool verwys verder na 'n geval waar 'n liggaam "aangevra" word onmiddellik nadat 'n doodsvonnis voltrek is:

> "In March 1910, Péringuey was following up on another case. *The Cape Times* reported that at the Victoria West Circuit Court, Leelyk, a Bushman, was sentenced to death for having murdered a Bushman woman at Tilberry Pan, in the Kalahari (the murder had taken place around September the preceding year). He asked the Law Department for the body of the murderer, if he was executed: 'The scientific importance attaching to the anthropometrical measurements of that race is so great, that I would respectfully request – in case the sentence is not commuted – to be permitted to have the body after the extreme penalty is inflicted'" (Legassick & Rassool 2000:41).

In 'n brief aan 'n 15-jarige meisie (ene Miss C Colling) skryf Péringuey in 'n effe saaklike trant in 1910 soos volg aangaande die versameling van Khoekhoen- en San-beendere:

> "You see, what we wish to know is what kind of race were the Hottentots and the Bushmen; which part of the world did they come from, or if they were the first inhabitants of South Africa, and it is by careful measurements of the skull, and comparing these with those of other races that we may arrive at a conclusion" (Legassick & Rassool 2000:5).

Dit is moontlik dat “Miss Collins” die Suid-Afrikaanse Museum genader het vir inligting vir ‘n skooltaak (soos vandag steeds gereeld gebeur) en dat haar navraag op hierdie wyse deur Péringuey skriftelik beantwoord is.

Dr Rudolf Pöch is deur die Imperiale Akademie van Wetenskap in Wenen, Oostenryk, gestuur om die Boesmans, die sogenaamde laas-oorlewende suiwer ras in Suid-Afrika, te bestudeer. Op 17 November 1909 is ‘n sekere aantal Khoekhoen- en San-beendere aan Pöch in Kaapstad gestuur, vanwaar dit met die volgende beskikbare skip na Europa verskeep is. Die versameling beendere is met die volle samewerking van die polisie in Kuruman tydens die opgrawing van drie Boesmans wat aan koors oorlede is, gedoen. “No boiling took place, warm water being used to remove sand from the cranial bones of the skulls” (Legassick & Rassool 2000:18).

Namibië (destyds Duits-Suidwes-Afrika) is tussen 1884 en 1915 deur Duitsland gekoloniseer. Die Herero- en Nama-stamme is wreed behandel en het in 1904 in opstand gekom. Die opstand is met geweld onderdruk nadat sowat 150 setlaars vermoor is. Die berugte genl Lothar von Trotha het beveel dat die Herero’s uitgemoor word en beide stamme is in gevangenekampe aangehou. Van die gevangenes is onthoof en hul skedels is vir eksperimente na Duitsland geneem (Nienaber 2016:14). Die Duitsers het op bykans barbaarse manier te werk gegaan om die opstand te onderdruk, in die tydperk net nadat die Eerste Wêreldoorlog in 1914 uitgebreek het. Kontemporêre foto’s (waarvan heelwat as poskaarte gedruk is) is onder meer geneem van verskrikte en uitgehongerde vroue en kinders en mans wat met toue om hul nekke aan bome hang (Gall 2002:120,121). Die foto’s en poskaarte wat die Duitsers geneem en laat druk het, herinner natuurlik ook aan die soortgelyke gebeure nadat Koos Sas in 1922 doodgeskiet is.

Daar is heelwat voorvalle aangeteken wat toon op watter grusame wyse menslike beendere so laat as die vroeë twintigste eeu vir museums bekom is:

> “Also at Gamopedi Mehnarto [verteenwoordiger van Pöch] dug open a grave containing a bushman corpse with flesh still on the bones, which the natives there said … had been buried for eight months. Mehnarto reburied this corpse. On 28 Sept 1909 Mehnarto dug up the bushman corpse that he had on the last trip dug up and reburied. He cut all the bones off at the joints, he put them in a pot and boiled all the flesh off, then put all the bones together in a parcel and packed them away in a box on the wagon” (Legassick & Rassool 2000:21,22).
>
> “David Assegai, a ‘Tswana’, told the police how Mehnarto asked him to show him Bushman graves at this time and he pointed out the graves of 3 Bushmen who died about 2 months previously. Maddison relates ‘I saw Dr Pöch at Kuis on 19 August and in my presence he instructed Mr Mehnarto how he was to boil these bodies to

> preserve the flesh, etc. The next morning Mehnarto and Robertson took out the female corpse, which was also well preserved but smelt a little. Robertson lifted the corpses up while Mehnarto wound white linen round them. They then cut the knee joints of the corpses and forced them into a large barrel. I helped to put the barrel on the wagon, then Mehnarto and Robertson emptied two sacks of salt into the barrel and then closed it down" (Legassick & Rassool 2000:22,23).
>
> "'Since I heard that my relatives' body were taken and cooked I am sick from sorrow and I will not recover from the shock for a long time. I wept for days' – Old Katje, wife of a San man dug up by Mr Mehnarto, Kuie Pan – 26/1/1910" (Legassick & Rassool 2000:15).

Kort voor die opening van die Alexander McGregor Memorial Museum in Kimberley, skryf die redakteur van die *Diamond Fields Advertiser* die volgende in 'n hoofartikel:

> "Be that as it may, the Bushmen are disappearing from the face of the land that once was his, and in a few years will be as extinct as the dodo. In consequence of a fate that is inevitable, we have it on the best authority that more than one European museum would only be too glad of a 'specimen' or two. If therefore, any reader should know of a docile Bushman who has no particular use for himself, the scientific world would be truly grateful if that same Bushman could be induced to pack himself in formalin, or something of the sort, and ship himself to Europe for the purpose of ornamenting a dust-proof show case, side by side with the mummies of Egypt. And we can promise him this distinction that many an honest white man will have to be satisfied with a much less honourable use for his mortal coil" (Legassick & Rassool 2000:4).

Hierdie gevalle waar die oorskot van tereggestelde moordenaars opgegrawe en as sodanig vir "wetenskaplike navorsing" aangewend is, toon sterk ooreenkoms met die uiteinde van Koos Sas se skedel na sy dood in 1922.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die insameling van Khoisan-beendere in Suid-Afrika op 'n stadium in 'n obsessie ontaard het. Die beendere is gedurende hierdie tydperk bestempel as "the most heavily scientifically commoditised grouping in the annals of human science … It is no accident that in the 1920's when the School of African Life and Language was founded at the University of Cape Town, its first research and publications should concern not pressing social problems of the black majority, but 'salvage anthropology' on the Khoi. In so doing they were simply acting in accord with established 'scientific tradition'" (Gordon 1992:185).

Dit was veral ná 1905 dat die versameling menslike beendere in die Suid-Afrikaanse Museum vinnig uitgebrei is. In 1917 het die museum omtrent 163 Khoisan-skedels in sy versameling gehad. Teen 1922 (die jaar dat Sas se oorskot opgegrawe is) het dit tot 217 aangegroei. Die aantal Khoisan-skelette wat versamel is, het in die 1920's en 1930's 'n hoogtepunt bereik. Alan Morris stel dit ook duidelik dat die aktiewe versameling en kuratorskap van skedels in Suid-Afrika in die laat negentiende eeu begin het en dat daar teen 1910 groot versamelings in Kaapstad, Kimberley en Grahamstad se museums gehuisves was. Binne die volgende twee dekades (1910 tot 1930) het menslike beendere in die versamelings van museums in Johannesburg, Pretoria, Port Elizabeth en Bloemfontein ook aansienlik vermeerder (Legassick & Rassool 2000:2,6).

Daar word later in hierdie hoofstuk teruggekeer na ds WP Steenkamp van Springbok wat Koos Sas se skedel in 1922 laat opgrawe het vir sy mediese studies oorsee. Op hierdie stadium is dit belangrik om te let op die jaartal wat Sas se skedel opgegrawe is – in die bloeityd van die bedryf.

## 5.2 INDIVIDUE EN INSTANSIES WAT BEENDERE EN SKELETTE VERSAMEL HET

Die volgende afdeling fokus op slegs enkele van die bekendste individue en instansies wat gedurende die negentiende eeu beendere en menslike skelette versamel het.

### 5.2.1 Frederick William FitzSimons

Fitzsimons word in die *Standard Encyclopaedia of Southern Africa* soos volg beskryf: "Of great importance were his discoveries regarding the coastal Bushmen; his Boskop skull made him famous in the world of science" (Potgieter 1971:563).

In 1906 word FW FitzSimons as die direkteur van die Port Elizabeth Museum aangestel. Mike Raath, destydse direkteur van die Port Elizabeth Museum, beskryf FitzSimons soos volg: "He was an energetic, tireless man who had a great mission in life: to popularize science for the man-in-the-street. He wrote innumerable popular articles on science, gave innumerable public lectures and demonstrations, and he introduced popular evening functions at the museum – all of which brought the message of the natural sciences to a very large number of people (Raath 1990:1).

Sedert die begin van die twintigste eeu is die beduidende rol wat die Afrika-kontinent in die prehistorie van die mensdom gespeel het, allerweë verstaan en aanvaar. Die ontdekking van die Boskop-man in 1913 en die Taung-skedel (Australopithecus africanus) in 1924, asook beendere wat daarná gevind is, was daarvoor verantwoordelik dat spesifiek suidelike Afrika gedurende hierdie tydperk bygedra het om die evolusie van die mens oor miljoene jare te illustreer (Schauder 1963:52).

Die Boskop-skedel word soos volg beskryf: "Perhaps the most remarkable occurrence in our evolutionary history was the rise and fall of one of our very recent relatives. For a time, they shared the earth with us; they walked the plains of southern Africa barely 10 000 to 30 000 years ago. They had most of our traits; they looked a lot like we do; and they were about our size … but their brains were far larger than our own" (Lynch & Granger 2008:3).

Die ontdekking van die Boskop-skedel in 1913 het tot gevolg gehad dat die koms van tipologie in Suid-Afrika bespoedig is. Die versteende boonste gedeelte van die skedel is nie slegs gereken as baie oud nie, maar spesifiek die grootte daarvan het die moontlikheid ingehou dat die Boskop-skedel 'n ras kon verteenwoordig wat heeltemal verskil het van enige ander ras wat tot op daardie stadium in suidelike Afrika ontdek is. Alhoewel die Boskop-skedel in Potchefstroom ontdek is, is dit aan die Port Elizabeth Museum beskikbaar gestel. Dit het tot groot onenigheid tussen Péringuey en FitzSimons gelei. Beide museumhoofde was op daardie stadium besig om soveel as moontlik beendere van inheemse mense in hul museumversamelings te voeg. Beide het 'n kontantbedrag aangebied vir die Boskop-skedel – FitzSimons se aanbod was die hoogste, met die uiteinde dat die skedel in die versameling van die Port Elizabeth Museum opgeëindig het (Morris 2008:224).

FitzSimons het besef dat die nuut-aangewinste skedelbeen wat by die museum se versameling gevoeg is, definitiewe ooreenkomste met die menslike skedel toon – behalwe vir die feit dat dit té groot was. In die verlede is Neandertal-fossiele gevind wat effe groter breinholtes getoon het, maar hierdie een was báie groter. Die museumdirekteur het 'n reeks ondersoeke op die Boskop-skedel uitgevoer, en sy bevindinge vir publikasie aan die gesogte wetenskaptydskrif van die Britse Ryk *Nature* gestuur. Die reaksie op FitzSimons se beskrywinge en bevindinge was oorweldigend. Die meeste internasionale anatomiste en antropoloë het die grootte van die Boskop-skedel se breingrootte op 25 tot 35 persent groter as dié van moderne mense s'n gereken. Kenners was dit egter eens dat die Boskop-mense se liggaamsbou (klein en skraal) en lengte min of meer ooreengekom het met die moderne mens s'n, en dat hulle ook regop geloop het. Die enigste merkwaardige verskil was die verskil in breingrootte. Verskeie vakkundige artikels is kort hierna oor die Boskop-mense gepubliseer en daar is oor die algemeen aanvaar dat die moderne mens 'n voorsaat gehad het wat oor 'n groter brein beskik het – en wat dus na alle waarskynlikheid baie slimmer moes gewees het (Lynch & Granger 2008:5). "These discoveries caused a sensation in the early twentieth century. They were the subject of conferences, the lead stories in newspapers, and were widely discussed in the scientific community" (Lynch & Granger 2008:5).

In die laaste paar jaar wat 1925 voorafgegaan het, het daar 'n herlewing in die veld van Suid-Afrikaanse antropologie plaasgevind. Artikels wat gedurende hierdie tyd deur onder andere die bekende Robert Broom en Raymond Dart geskryf is en wat gehandel het oor die "yellow-skinned

races of South Africa" en die Boskop-skedel het tot gevolg gehad dat nuwe belangstelling in die Boesman en Strandloper gestimuleer is (Gear 1925:458).

Tot 1925 het die meeste wetenskaplikes geglo dat Asië die wieg van die mensdom was, aangesien die belangrikste antropologiese ontdekkings tot op daardie tydstip daar plaasgevind het. Tot 1924 was Suid-Afrika bykans onbekend in die veld van antropologie. Van belang vir wetenskaplikes tot op daardie stadium was die Boskop-skedel wat in 1914 ontdek is. Dié skedel is op die agtergrond geskuif met die ontdekking van die "Rhodesian Man" in 1921 by Broken Hill in die destydse Rhodesië, 'n area wat vandag deel van Zambië is (Terry 1965:13).

"The specimen is of importance because it exhibits an extinct race of apes intermediate between living anthropoids and man" (Terry 1965:10). Op 7 Febuarie 1925 het hierdie woorde, geskryf deur die 31-jarige professor Arthur Raymond Dart, professor in anatomie aan die Universiteit van die Witwatersrand, Johannesburg, in die Britse wetenskaplike joernaal Nature verskyn. Die beskrywing het verwys na die pasontdekte Taung Child – soos die skedel bekend sou staan – en wat op daardie stadium gereken is as een van die belangrikste antropologiese vondste wat ooit opgespoor is (Terry 1965:10).

Teen 1923 het FitzSimons al die rotsoorhange tussen Coldstream en Grootriver, wat as Khoekhoen-woonplekke in die area bekend was, ondersoek. Die eerste artikel waarin besonderhede oor sy uitgrawings gedurende hierdie tydperk verskyn, is in 1921 in die *Illustrated London News* gepubliseer (Schauder 1963:52,53).




***Figuur 5.1:*** *Frederick FitzSimons besig om menslike beendere in die Tsitsikamma-area op te grawe (PEMA FitzSimons foto-album)*

FitzSimons beskryf in 1923 (‘n jaar nádat die skedel van Sas opgegrawe is) hoe hy, sy seun en ‘n groep werkers die Tsitsikamma-kus sistematies vir Khoekhoen-bene verken het. Hy beskryf verder hoe een groot grot voorheen deur ‘n boer uitgegrawe is om die inhoud daarvan vir grondbemesting aan te wend, en dat heelwat beendere en klipwerktuie sodoende vir die wetenskap verlore gegaan het. Amateurskattejagters het verder bygedra tot die vernietiging van die spesifieke terrein (1923:541). ‘n Interessante ooreenkoms is dat beide ds WP Steenkamp (in 1922 om na die lyk van Sas te gaan kyk en foto’s te neem) en museumdirekteur FW FitzSimons (in 1923 met die opgrawe van Strandloper-beendere in die Tsitsikamma) hul seuns saamgeneem het om deel te wees van hul gedeelde belangstelling. Die twee seuns was ook omtrent dieselfde ouderdom: WP Steenkamp II (gebore 23 Augustus 1904, dus 18 jaar oud in 1922) en Vivian Frederick Maynard FitsZimons (gebore 7 Februarie 1901, dus 22 jaar oud in 1923). Beide seuns het ook in hul vaders se voetspore gevolg – Steenkamp wat hom saam met sy pa as mediese dokter bekwaam het (hoofstuk 2) en FitsZimons wat, soos sy vader, ook bekendheid verwerf het in die veld van herpetologie. ‘n Verdere interessantheid is dat Steenkamp se dogter se naam Vivia was (wat baie na aan die naam “Vivian” is). Vivia Ferreira (née Steenkamp) word as bron aangehaal in hoofstuk 2 (internet: Kroon 2022).

“For several years, at intervals, expeditions have been organised from the Port Elizabeth Museum to Zitzikama, for the purpose of systematically excavating the rock shelters in which a now extinct race of men made their homes. These men were primitive Bushmen, loosely termed Strandlopers, who inhabited the rock shelters and caves of the littoral, and whose diet consisted chiefly of shell fish” (FitzSimons 1926:813).

In sommige van hierdie skuilplekke is die beendere van mans, vrouens en kinders van verskillende ouderdomme gevind, waarvan sommige nog in ‘n goeie toestand was. Hoe dieper gegrawe is, hoe meer bros was die beendere. Op dieptes tussen tien en twintig voet is slegs “burial stones” gevind, aangesien die beendere na soveel jare reeds lankal gedisintegreer het (FitzSimons 1923:542).



***Figuur 5.2:*** *Frederick FitzSimons besig om menslike beendere in die Tsitsikamma-area op te grawe (PEMA FitzSimons foto-album)*

FitzSimons maak hom in die voorafgaande afdeling skuldig aan ‘n aantal mistastings wat betref die “primitive Bushmen, loosely termed Strandlopers” asook die opvatting dat die plekke waar hy die opgrawings gedoen het, voorheen bewoon is deur ‘n ras wat op daardie stadium as “extinct” beskou is. Ten eerste behoort die sogenaamde “Strandlopers” ook tot die Khoekhoen-groep, en nie tot die San (Boesman)-groep nie. Omdat hierdie groep egter hoofsaaklik van seekosse geleef het, was Van Riebeeck die eerste persoon wat na hulle as “Strandlopers” verwys het (De Jongh 2016:5). Die groepie van 50 tot 80 Strandlopers na wie Van Riebeeck verwys het, is in die omgewing van Tafelbaai aangetref. Hulle het hulself Goringhaicona of Watermanne genoem. Een van hulle was Autshumoa, beter bekend as Herrie of Harry, wat later ‘n belangrike rol as tolk en middelman tussen die Hollanders en die Khoekhoen vertolk het. Die term “Strandloper” is in Maart 1681 die laaste maal in die amptelike Hollandse rekords wat aan die Kaap aangeteken is, gebruik. Daar is toe besef dat daar geen rede was om die gebruik van die naam “Strandloper” as ‘n “catch-all”- term te gebruik nie, aangesien daar besef is dat hierdie mense lede van die Khoekhoen was wat van tyd tot tyd die kusgedeeltes op soek na seekosse besoek het (Deacon 1999:152).

Die ekspedisie na Coldstream, ‘n grot hoog in die Outenikwa-berge, het ook tekens van vroeë bewoning gevind en FitzSimons beskryf die grot soos volg:

> “A cave beautifully domed and running in to a depth of 100 feet, with an aperture 45 feet across, and about the same height. A spring of clear water bubbled from under a mass of boulders a few yards from the cave round a corner of the mountain … Day

after day, skeletons were exhumed, until the number totalled no less than fifty-one" (1926:814).

FitzSimons se werkswyse (as amateurargeoloog) wat betref die opgrawings in verskeie plekke wat voorheen deur die Khoekoen bewoon is, word vandag (soos destyds) steeds gekritiseer. In die ontwikkelingsfase van argeologie as 'n volwaardige wetenskap is daar veral in bakkranse en rotsskuilings voor die voet opgrawings gedoen, aangesien dit bekend was dat bewoningslae asook grafte dikwels daarin voorgekom het. Een van die grootste probleme met hierdie opgrawings is dat die konteks dikwels nie bewaar is nie, met die gevolg dat die materiaal dus minder inligting bevat as items wat onder die regte omstandighede ingewin is. De Kock verduidelik die belangrikheid daarvan dat skelette op 'n geordende wyse en met 'n wetenskaplike benadering deur argeoloë versamel behoort te word. Deur hierdie professionele werkswyse word spesifieke probleemgerigte navorsing uitgevoer. Baie van die materiaal wat destyds verwyder is, is vandag steeds deel van museumversamelings (De Kock 1999:3,4).

Gedurende hierdie tydperk, tydens die uitgrawingswerk in die Tsitsikamma-gebied, het FitzSimons op beendere in die dieper lae van die woonplekke afgekom wat soortgelyke eienskappe as die Boskop-skedel getoon het – met ander woorde, beendere waarvan die kopbeengedeeltes van die skedels heelwat langer asook groter as die ander skedels was wat gevind is. Van hierdie groter kopbeengedeeltes is aan Raymond Dart by die Universiteit van die Witwatersrand gestuur. Dart het ná bestudering van hierdie beendere tot die gevolgtrekking gekom dat die ooreenkomste met die Boskop-skedel 'n bewys was dat 'n "whole population of large-headed San" in prehistoriese tye moes bestaan het. Tydens die 1920's en vroeë 1930's het die Suid-Afrikaanse wetenskapsveld van fisiese antropologie reeds in drie takke verdeel – naamlik in Johannesburg, Kaapstad en Bloemfontein. Dart se entoesiasme wat betref die studie van kopbeengedeeltes het van sy kollegas en studente by die Departement van Anatomie aan die Universiteit van die Witwatersrand in so 'n mate begeester dat sekere van hulle volgelinge van sy Boskop-teorieë geword het. Die verbinding van 'n uitgestorwe ras met die huidige menslike spesie was volgens Dart voltooi toe hy ooreenkomste tussen die Boskop-mense en 'n groep San in die noorde van die Kaapprovinsie in die Kalahari Gemsbokpark (tans die Kgalagadi Nasionale Park in die Noord-Kaap) gevind het (Morris 2008:221,224,225).

Vanaf 1913 het FitzSimons sy ondersoek uitgebrei van die destydse Transkei tot by Knysna. FitsZimons, steeds onder die indruk dat hy besig was om bewyse in te samel van 'n uitgestorwe primitiewe ras, bekend as "Strandlopers", het alle menslike beendere, werktuie en ander voorwerpe wat hy in hierdie gebied in afvalhope en woonplekke kon vind, versamel. Ongeveer 1,5 km vanaf Knysna, waar uitgrawingswerk naby die spoorlyne gedoen is, het spoorwegwerkers geraamtes opgegrawe en elders herbegrawe. FitzSimons skryf: "However, four complete

skeletons in a very good state of preservation were taken out, and these are now in the possession of the Port Elizabeth Museum" (FitzSimons 1928:448,449).

In 1923 meld FitzSimons dat 'n boer van die Suurberg naby Addo in die Oos-Kaap, ene Fred Wells, op menslike beendere afgekom het terwyl hy met padwerke in die omgewing besig was. Die werk is onmiddellik gestaak en FitzSimons het die terrein besoek, waar hy die beendere van vier persone wat op hul sye gelê het, gevind het. Hy het sy waarneming soos volg beskryf: "These prehistoric men of the Zuurberg appear to me to be intermediate between the typical pygmy Bushmen and the Cliff Dwellers. All the stone implements found with them were of a similar nature to those I discovered with the bones of the Cliff Dwellers at Zitzikama" (1923:501,503).

Hy sê verder:

> "Today this wild little people, the original possessors of South African soil, no longer exist as a race. There are scattered individuals here and there only, and in another half-century, the race of pure-bred Bushmen will have passed away from the earth-plan for ever. Thus will the men of the Stone Age of South Africa vanish – the Adams and Eves of our country" (FitzSimons 1915:258).

Soos vroeër in hierdie afdeling verduidelik is met betrekking tot FitzSimons se bewering dat die Strandlopers deel van die San was en op daardie stadium reeds uitgesterf het, geld dieselfde hier met sy stelling dat die "Bushmen" (San) binnekort, op daardie stadium in 1915, 'n uitgestorwe ras sou wees. Vandag word die verre noordelike deel van Botswana, ook genoem die "middel Zambezi-kom", soos eeue gelede die geval ook was, gereken as die primêre woonplek van die sogenaamde "Central San" (De Jongh 2016:15). Daar is ook enkele ander San-groepe in Suid-Afrika woonagtig, byvoorbeeld in Platfontein en Schmidtsdrift naby Kimberley, en Askam en Rietfontein naby die Kgalagadi Nasionale Park.

### 5.2.2 Suid-Afrikaanse Museum (IZIKO) en ander instansies

Die San is oor 'n tydperk van 100 jaar in drie afsonderlike uitstallings by die Iziko Suid-Afrikaanse Museum in Kaapstad uitgebeeld. Die eerste uitstalling was toeganklik vir die publiek vanaf 1911 tot 1959, en is met die sogenaamde Boesman-diorama vervang, wat tot 2001 geduur het. Die huidige uitstalling, getiteld "/Qe – the power of rock art" is in 2003 geopen. Die uitstalling toon in watter mate sosio-ekonomiese faktore die maniere waarop die San voorgestel is, beïnvloed het, asook die wyse waarop ras in elk van die uitstallings manifesteer (Davison 2001:4).

Die eerste van die drie uitstallings het bestaan uit 'n aantal gipsmodelle, en is geskep gedurende 'n tydperk wat die beheptheid van die internasionale wetenskaplike gemeenskap se belangstelling in die oorsprong van ras asook die rassuiwerheid uitgebeeld het. In die vroeë

twintigste eeu is geglo dat die San aan die uitsterf was – van daar die noodsaaklikheid om soveel moontlik inligting omtrent hierdie “primitiewe ras” in te vorder.


> “By the early 20th century, racial stereotypes were already embedded in the popular imagination, and the classificatory schemes that underpinned the practice of ethnography in museums confirmed and legitimized theories on race and culture that … within the emerging science of anthropology, museums exhibitions were primary sites for the popularization of knowledge about other races; consequently there was a strong emphasis on those aspects of the discipline that were highly visible” (Davison 2001:4).

Die eerste uitstalling, wat in ‘n groot glaskas vertoon is, asook die latere Boesman-diorama, was van die gewildste toeriste-besienswaardighede onder plaaslike sowel as internasionale besoekers (Davison 2001:4).

Koloniste wat hulle in nuwe gebiede gevestig het, het die geesteswetenskappe dikwels anders gesien en beoordeel as in hul lande van herkoms. “Opgevoede” mense is gesien as verhewe bo die natuur, terwyl die “primitiewe” inwoners van ‘n besette gebied as lede van die diereryk bestempel is en as deel van die vreemde sowel as wonderlike fauna van veraf lande geklassifiseer is. Die versamel van menslike beendere is deur die koloniste gesien as deel van hul pligte om so volledig as moontlik rekords in te samel van die nuwe gebiede se natuurgeskiedenis. Die mees gesogte beendere (“best type specimens”) wat versamel is, was dié van individue wat in hul leeftyd bekend was as suiwer “Bushmen or Hottentots” (Morris 1996:67,68). In hoofstuk 2 onder 2.11 word verwys na ds Steenkamp en sy seun wat moontlik die foto’s wat van Sas (met tipiese Khoisan-gelaatstrekke) ná sy dood geneem is, later as deel van hul mediese studies oorsee met die skedel van Sas wou vergelyk.

Dr Louis Péringuey, aangevuur deur die internasionale belangstelling in die oorsprong van ras, het kort ná sy aanstelling by die Suid-Afrikaanse Museum ‘n projek van stapel gestuur met die doel om ‘n akkurate fisiese rekord van “pure-bred Bushmen and Hottentots” saam te stel “voordat dit te laat was”. In die hoop om die ondersteuning van die Kaapse Regering te kry in die soeke na geskikte kandidate, het hy in 1907 aan die onderkoloniale sekretaris van die Kaap vir bystand geskryf. Toestemming is aan Péringuey deur die koloniale kantoor verleen, wat verdere hulp versoek het van die Sekretaris van Naturellesake, sowel as tronkowerhede en magistrate in die noordelike distrikte van die Kaapkolonie en Bechuanaland Protektoraat. Tussen 1907 en 1924 het die museum se taksidermis James Drury “thoroughbred Bushmen and Hottentots” van Prieska, Carnarvon en ander dorpe in die Noord-Kaap en tot so ver as die Oos-Transvaal en Suidwes-Afrika ondersoek. Gevangenes in die Kaap, Kimberley, Windhoek en Gabarone is deur Drury gefotografeer, waarna mates van hulle geneem en gipsafdrukke gemaak is. In totaal is

anatomiese rekords van 68 mense (van wie 14 gevangenes was) gedurende hierdie tydperk gemaak (Davison 2001:11,12).



***Figuur 5.3:*** *Die taksidermis van die Suid-Afrikaanse Museum, James Drury, links en die direkteur van die museum, dr Louis Péringuey, in die 1920's (Davison 2001:13)*

"Within a few years, by 1926, the gallery showing the casts was promoted in a publicity handbook as 'perhaps the most celebrated section of the Museum'" (Davison 2001:16). Laasgenoemde stelling toon sterk ooreenkomste met die wyse waarop die kopbeen van Koos Sas in die Montagu Museum vertoon en in die gidsboek van museums in die Wes-Kaap beskryf word, soos aangedui in hoofstuk 3.

In 'n boek met die titel "Bushman, Whale and Dinosaur" wat in 1961 gepubliseer is, word die werksaamhede van die Suid-Afrikaanse Museum se taksidermis soos volg beskryf:

> "Drury travelled widely to secure from living subjects the moulds for his Bushmen groups and to study the habits of these primitive people. He skinned the elephants shot by Major Pretorius and the lions and hippopotami shot by the Duke of Westminster in Rhodesia, 'filleted' odoriferous whales on our coasts, excavated the cave dwellings of extinct Cape Bushmen and engaged in other multifarious activities to collect specimens for the Museum" (Schramm 2014:4).

Daar bestaan vele bewyse van die insameling van menslike beendere tydens die vroeë twintigste eeu, dieselfde tydperk as waarin ds Steenkamp Koos Sas se skedel vir mediese onderrig oorsee opgegrawe het. Enkele voorbeelde word vervolgens uitgelig.

In die Sutherland-distrik het die eienaar van die plaas Kruisrivier, mnr CG Coetzee, tussen 1925 en 1927 ses "San-geraamtes" aan die Anatomie Departement van die Universiteit van Kaapstad voorsien. Hierdie was oorskotte van mense wat vroeër op die plaas gewoon het, en wat, toe hulle nog geleef het, aan Coetzee of sy vader bekend moes gewees het. Onder die beendere was dié van 'n San-man en sy vrou wat in ongeveer 1880 oorlede is. Die vrou, Saartje, was omtrent 60 of 70 jaar oud, terwyl die man, Klaas, 30 of 40 jaar oud was toe hy oorlede is (Morris 1996:72).

Een van die laaste opgetekende gevalle waar menslike beendere op hierdie wyse bekom is, is dié van die bekende Suid-Afrikaanse paleontoloog Robert Broom wat te ongeduldig was om vir dekades te wag totdat sekere individue oor wie die inligting bekend was, opgegrawe word. Onder die vele beendere wat Broom by die McGregor Museum in Kimberley geberg het, was ook dié van 'n San wat Broom in 1921 as 'n kadawer bekom het. Die geraamte was naamlik dié van 'n 18-jarige manlike Boesman van die Langeberg. Hy en sy jonger broer was in aanhouding in die gevangenis op Douglas, waar hy aan akute tuberkulose oorlede is. Die wyse waarvan Broom gebruik gemaak het om "fresh skeletons" te bekom, word vervat in 'n brief wat hy in 1925 aan 'n kollega geskryf het: "If a prisoner dies and you want his skeleton, probably two or three regulations stand in the way, but the enthusiast does not worry about such regulations. I used to get the body sent up … then the remains would be buried in my garden, and in a few months the bones would be collected" (Morris 1996:72).

Die Iziko Museum is in 1997 deur president Nelson Mandela gekritiseer omrede sewe-en-negentig persent van die museumuitstallings, volgens hom, Suid-Afrika se koloniale verlede en apartheidsbeleid weerspieël het. Mandela het op dié dag die volgende vraag gevra: "Can we afford exhibitions in our museums depicting any of our people as lesser human beings, sometimes in natural history museums usually reserved for the depiction of animals? Can we continue to tolerate our ancestors being shown locked in time?" (Rall 2018:11).

Die sluiting van die diorama-uitstalling in 2001 is destyds gekoppel aan die behoefte om die erfenissektor in die land te transformeer. Simbolies is dit gesien as die restourasie van die menswaardigheid van die San asook die transformasie van museums oor die algemeen (Rall 2018:11).


Wat waarskynlik wel 'n ongeldige of kontroversiële uitlating van wyle president Mandela was, is die vraag "Can we continue to tolerate our ancestors being shown locked in time?" Dit is onder meer deel van die doel van museums om individue, groepe mense, situasies of gebeure uit te

beeld asof vasgevang in tyd – dit is juis deel van die navorsings- en opvoedingstaak om die verlede in die hede verstaanbaar te maak.

### 5.2.3 Scotty Smith

Die bekende George St Leger Gordon Lennox (beter bekend as Scotty Smith) het, vandat hy in 1877 in Suid-Afrika aangekom het, berugtheid verwerf as onder andere "cattle-rustler and horse-thief, highwayman and outlaw, secret service agent and patriot, IDB [Illicit Diamond Buying] trafficker and confidence trickster, soldier of fortune and half a dozen other things besides. Now he also became a supplier of human remains to museums" (Legassick & Rassool 2000:8).

Smith was veral bekend vir opgrawings wat hy vanaf die laat negentiende eeu tot in die vroeë twintigste eeu in die noorde van die Kaapprovinsie gedoen het. Vir Smith was die opgrawings van menslike beendere 'n goeie bron van inkomste in sy latere jare. Hy was selfs in besit van 'n permit wat van die magistraat in Upington verkry is, wat aan hom die reg toegeken het om Boesman-geraamtes op te grawe. Hierdie permit was geldig van 1910 tot en met Julie 1912. Daar is baie verhale oor hoe presies Lennox van hierdie bene in die hande gekry het. Daar word selfs vertel dat hy soveel Boesmans as die aantal skelette wat hy sou benodig, vooraf doodgeskiet het (Morris 1996:72).



***Figuur 5.4:*** *Scotty Smith (Metrowich 1970: fotoblad)*

Scotty Smith is in 1892 op die ouderdom van 46 getroud met Sarah van Niekerk. Dit was sy gewoonte om weke, soms maande, te verdwyn. Sy vrou het nooit geweet wanneer om hom terug te verwag nie, en hy het haar ook selde vertel waar hy hom tydens sy afwesigheid bevind het. Sy het egter altyd geweet as hy in die Kalahari was, aangesien hy dan met ‘n versameling “desert trophies” opgedaag het: “Bushmen skeletons, jackal skins, rodent skulls, spiders, scorpions and other specimens of scientific interest” (Metrowich 1970:147).

In 1910, kort nadat Scotty Smith na Upington verhuis het, het die aanvraag na skedels van “Kalahari Boesmans” drasties toegeneem. Museums en soortgelyke instansies die wêreld oor het gedurende hierdie tydperk die “wetenskaplike belangrikheid” van hierdie skedels besef. Smith was die gewenste persoon om in hierdie aanvraag te voorsien, aangesien hy op daardie stadium reeds die monopolie gehad het in hierdie vreemde en buitengewone handelspraktyk. Kort ná die Anglo-Boereoorlog het die direkteur van die Suid-Afrikaanse Museum in Kaapstad, dr Péringuey, aan verskeie mense regoor die land geskryf in die hoop om geskikte menslike geraamtes vir die museum te verkry. Hy het sodoende beendere vanaf Plettenbergbaai, Grahamstad, Carnarvon, Rietfontein en ander dele van Suid-Afrika bekom. Péringuey was ‘n geesdriftige wetenskaplike en in sy entoesiasme om soveel data as moontlik te bekom, het hy selde ‘n geleentheid misgeloop om geskikte skelette te vind om in sy navorsing aangewend te word (Metrowich 1970:192).

Op daardie stadium was dr WM Borcherds, ‘n bekende wetenskaplike en mediese praktisyn van Upington, een van die eerste mense wat bewus geraak het van die potensiaal wat die Kalahari gebied het (“a treasure house of Bushman bones”). In ‘n brief gedateer 2 Mei 1910, en gerig aan dr Péringuey, skryf dr Borcherds soos volg:

> “Yesterday Mr St Leger Geo. Lennox came back from 150 miles beyond Mier’s Country, i.e. about 350 miles from here. He was in search of diamonds but did not find Anderson’s diamonds described in his book, ‘25 Years in an Ox-Wagon’. He has brought down eight complete skeletons of bushmen … Dr Porch, a scientist from Vienna, commissioned Mr Lennox to get some more for him, giving him £7 10s each, made up as follows: £5 for a complete skeleton and £2 10s for expenses. Dr Porch got a lot of specimens from a farm Kurego in Gordonia and seven from Mr Lennox. The South African Museum can have them at the same price … Mr Lennox lived at Leitland’s Pan in this district for some thirty years among the Bushmen and knows more about them than anyone else …” (Metrowich 1970:193).

Na aanleiding van hierdie brief het Péringuey besluit om van die dienste van Scotty Smith gebruik te maak. ‘n Voorwaarde was dat Smith ‘n permit van die magistraat op Upington moes bekom wat hom magtiging sou verleen om Boesman-skelette vir die Suid-Afrikaanse Museum op te grawe. Ná die uitreiking van die permit het Smith sonder veel moeite die geraamtes van vyf

Khoma Boesmans aan Péringuey gestuur. Dit was op hierdie sending dat Smith afgekom het op die graf van die bekende hoofman Marengo, wat ‘n belangrike rol gespeel het in die stryd van die Herero’s teen die Duitsers. Afgesien van die feit dat Marengo nie van Boesman-afkoms was nie (maar ‘n opregte Herero), het Smith nogtans die historiese belangrikheid van sy beendere besef, en het hy besluit om dit by sy opbrengs te voeg. Ongelukkig vir hom het iemand hom voorgespring, want die graf van die Herero-leier was reeds geskend, en beide sy en sy vrou se skedels was reeds verwyder (Metrowich 1970:193).

Op ‘n stadium skryf Smith aan Péringuey dat hy dit moeilik vind om sy uitgawes tydens hierdie strooptogte te dek. Hy noem dat hy by tye tot twintig dae van die huis af weg is, en dat die woestynsand dit moeilik maak om van die kleiner bene te versamel. Hy beskryf onder meer die proses wat gevolg word om die bene te ontsmet – deur dit in ‘n mengsel kreolien te dompel, waarna dit in die son uitgedroog word. Smith noem verder dat 70 sjielings per skedel nie al sy onkostes dek nie, aangesien sy uitgawes ‘n wa, drie helpers en ‘n perd insluit. Ten spyte hiervan het Smith voortgegaan met die opgrawe van Boesman-skelette. Ander museums en soortgelyke instansies het spoedig te hore gekom van die beskikbaarheid van Boesman-geraamtes in die Kalahari en kort voor lank het hy skelette voorsien aan die Kimberley Museum en Albany Museum in Grahamstad, sowel as oorsese instansies soos die Berlynse Museum. Met die verhoogde aanvraag is sy vergoeding ook mettertyd aangepas (Metrowich 1970:194).

Scotty Smith was ook bekend as ‘n gids in die Kalahari-streek. Sy dienste is soms deur die Kaapse Regering bekom om as gids of transportryer op te tree. Ene kolonel Trew het ook vertel dat ‘n vriend van hom op ‘n keer vir drie maande intelligensiewerk saam met Scotty Smith in die Kalahari gedoen het. Een aand, net voordat hulle kamp sou opslaan, het Smith versoek dat hulle eers met ‘n ompad gaan voordat hulle stop, aangesien hy drie Boesmans ‘n paar jaar tevore in die area geskiet het en dat hy hulle in ‘n sandduin begrawe het. Hy wou hulle nou uitgrawe, aangesien hy in ‘n koerant gelees het dat die Grahamstad Museum £5 10s per volledige skelet betaal het. Hierna het Smith die beendere opgegrawe en in ‘n boks geplaas; met die plan om dit na Grahamstad te versend sodra hulle weer die beskawing bereik (Metrowich 1970:195).

Scotty Smith (na wie daar ook soms as ‘n *outlaw* verwys is) se handel in sogenaamde Boesman-bene het onverpoos vir amper twee jaar geduur, voordat die Kaapse Provinsiale Regering besluit het om ‘n einde aan Smith se werksaamhede te maak.

“And so in July, 1912, the Provincial Secretary got in touch with Dr Péringuey. ‘The Resident Magistrates of Upington, Griquatown and Kuruman have been advised of the withdrawal of Scottie Smith’s permit to exhume Bushman skeletons in the Kalahari…’” (Metrowich 1970:195).

### 5.2.4 WP Steenkamp

Heelwat is reeds oor WP Steenkamp, die predikant, in hoofstuk 2 geskryf. Steenkamp word ook in hierdie hoofstuk ingesluit, omdat dit belangrik is om te begryp waarom hy in 1922 die skedel van Koos Sas opgegrawe het en saamgeneem het vir sy mediese studies in die buiteland. In hierdie hoofstuk word meer inligting weergegee oor WP Steenkamp, die wetenskaplike, en – in sy eie woorde – die vrydenker.

"That first chapter of the first book of that book, the Bible, states that the world was made in six stages. Geology teaches that the Earth, as it is now, has undergone six stages(?)*: Pre-archaic; Archaeozoic; Proterozoic; Palaeozoic; Mesozoic; Cenozoic* … and the book they call the Bible says exactly the same – six days or six steps in the creative process" (Steenkamp 1947:134,135). Hierdie aanhaling is ‘n voorbeeld van Steenkamp se veranderde sienings en denkwyses.

In hoofstuk 2 is reeds genoem dat predikant/dokter WP Steenkamp destyds toestemming van die owerhede verkry het om die oorskot van Koos Sas op te grawe. Ene mev Du Plessis het in latere jare geskryf dat "die geraamte" van Sas na Amerika geneem is sodat Steenkamp daarop kon studeer (MMA Morris briefversameling: Du Plessis 1962). Dié gebeurtenis word soos volg deur Van Bart beskryf: "Steenkamp het instemming van die plaaslike landdros gekry vir die oopmaak en verwydering van die geraamte – om as voorbeeld van ‘n Boesman-skelet in Amerika aan ander medici te gaan toon" (Van Bart 2008:14).

‘n Foto wat op die internet gevind is (figuur 5.5), het die vermoede laat ontstaan dat die kleiner skedel op die vloer tussen die twee Steenkamps dalk dié van Koos Sas kon wees. ‘n Navraag in hierdie verband kon dit egter nie bevestig nie. Prof Alan Morris se reaksie op die vraag of dit moontlik is dat dit wel Sas se skedel op die vloer kan wees, was soos volg: "… it is not clear enough to determine if the skull on the floor was Koos Sas or not. Personally, I don't think so, the face doesn't feel right" (Morris e-poskommunikasie: 7 Februarie 2023).

Die wyse waarop die twee Steenkamps met die volledige menslike skelette op die foto hieronder poseer val op as ongewoon of selfs vreemd. Terwyl die seun aan die linkerkant die skelet naas hom se regterhand vashou soos ‘n mens iemand sou groet, of mee kennis maak, hou die vader regs op die foto die skelet langs hom se linkerbeen in die lug op. Later in hierdie hoofstuk verskyn nog twee foto's (figuur 5.7 en 5.8) soortgelyk aan hierdie een wat in dieselfde tydperk in Vishoek afgeneem is. In al drie hierdie foto's is dit opvallend in hoe ‘n mate nie net die Steenkamps nie, maar ook die persone op die ander twee foto's in ‘n byna informele, nonchalante wyse met die skelette omgaan.



***Figuur 5.5:*** *Ds WP Steenkamp (regs) en sy seun WP Steenkamp II tydens hul mediese studies in die buiteland (internet: Kroon 2022)*

Majoor Willem Steenkamp beweer dat dr WP Steenkamp, sy oupagrootjie (Casper) se broer, se "passie vir die akademie en wetenskap, en vir die veld van mediese navorsing in besonder, tesame met die belangstelling in die Volkekunde, verduidelik hoekom Oudok op Springbok by die magistraat toestemming gevra het vir die opgraaf en bewaar van Koos Sas se skedel, vir navorsingsdoeleindes. Hy het naamlik vir Sas gesien as 'n baie tipiese fisiese eksemplaar van die San (en daar was nog die hele frenologie[6]-dimensie ook, gegewe Sas se lang rekord van kriminaliteit) sodat hy die skedel toe met hom saamgeneem het na Louisville. Daar word ook veel gemaak, emosioneel, oor die feit dat die skedel skoon-gekook is in 'n pot – dit is egter teen wil en dank hoe dit gedoen word.  Gewis is die hele projek in daardie dae gesien as 'n progressiewe, wetenskap-gefundeerde een gemik op die verbreding van kennis – nie as die een of ander vorm van vernedering nie …" (Steenkamp 2022:46).

---

[6] **Frenologie** = *teorie dat 'n mens se geestes- of karaktereienskappe in die vorm van sy/haar skedel geopenbaar word* (HAT).

Majoor W Steenkamp wys in 2022 op die komplekse persoon wat Oudok was: "bepaald nie sommer maar net jou tipiese verkrampte plattelandse predikant van daardie era nie. Afrikaanse patriot, natuurkundige, teoloog, mediese dokter, invloedryke politikus. En bepaald nie 'n rassis nie – inteendeel, lewenslange vriend van die Boesman …" (Steenkamp 2022:42).

In 1955 verskyn 'n artikel getiteld "'n Boesman is ook 'n mens" deur dr WP Steenkamp in die tydskrif *Die Beste*. Steenkamp skryf onder meer: "Wat reg is, is reg. Die Boesman in Suid-Afrika is vir eeue deur wit en swart beskou as 'n soort ongedierte en ook so behandel. Waarom almal teen die Boesman was, is weens sy diefstal. En sy diefagtigheid het 'n sielkundige rede of agtergrond. Dit kom namelik deur sy wêreld- of lewensbeskouing. 'n Landbouer of veeboer is hy nie, was hy nie en sal hy nooit word nie, terwyl Witman en Hottentot en Naturel dit wel is." Later in dieselfde artikel verdedig Steenkamp egter die Boesmans deur te beweer dat, alhoewel hulle soos ongediertes beskou en behandel is, die feit is dat hulle geen ongediertes is nie – dít blyk uit die Boesman-tekeninge oral oor in die land. "Waarlik, die lewe, die aksie, die akkuraatheid hiervan getuig dat die Boesman 'n gebore kunstenaar is." Majoor Steenkamp noem ook dat WP Steenkamp as natuurkundige en amateurvolkekundige 'n blywende belangstelling in die Boesman en sy tradisies gehad het en dat hy ook waardering gehad het vir hul "talentvolle menswees" (Steenkamp 2022:43).

Dr WP Steenkamp word met sy afsterwe soos volg in die *SA Medical Journal* beskryf: "With the passing of dr WPS on 16 July 1956, South Africa lost one of its most colourful personalities. He was outstanding in the fields of farming, classics, theology, medicine and politics, and in the latter years of his life was keenly interested in nuclear fission and its application towards war and peace." Dr Steenkamp word verder in die artikel beskryf as 'n ewige soeker na die waarheid en feite. Ten tyde van sy aftrede het hy ywerig alles wat beskikbaar was oor kernsplitsing (*nuclear fission*) gelees. Steenkamp was gretig om soveel as moontlik te wete te kom oor die vak en het selfs op 'n stadium onder die leiding van 'n fisikus en later op sy eie studies onderneem. Steenkamp se jare lange navorsing in hierdie dissipline het aanleiding gegee tot die skryf van 'n outobiografie in 1947 waarin die resultate van sy navorsing verskyn het. Die titel is: *I conclude – Convictions and experiences of a free-thinking Doctor and hunter* (Van Zyl 1956:764).

Steenkamp skryf aan die begin van sy boek dat, wat sy kennis en intellek betref, hy sy lewe lank 'n student was. Hy gaan dan voort: "And I subscribe to what Darwin once said: 'Our ignorance is immense.' And still, I want to understand. It has been the driving force of my intellectual life. Here is the story. In my thirteenth year I became a doubter, – strangely enough (being a doctor myself) through the influence of a doctor of whom I thought highly. I began to doubt the existence of God, the truth of the Bible and the immortality of the soul. I then started thinking and investigating and am still investigating. It is for this reason that I despise the snobbery of so many scientific people" (Steenkamp 1947:10,11).

Steenkamp skryf verder dat die stryd om lewe berus op die voortbestaan van die sterkste ("survival of the fittest") deur middel van natuurlike seleksie. Maar volgens hom is daar geen ruimte vir 'n God in so 'n teorie nie. Die rede waarom hy die evolusieteorie bevraagteken, is juis omrede hy dit moeilik vind om te glo dat die skepping moontlik sou wees sonder 'n "all-wise, omnipotent creating mind". Hy kon ook nie vrede maak met die siening dat die mens afstam, in die woorde van Darwin, "from some hairy, tailed quadruped with arboreal habits – in other words, an ape" nie. "It is against all nature'" (Steenkamp WP 1947:88).

In *I conclude* is Steenkamp krities oor die bevindinge van beide Dart en Broom. Hy skryf onder meer dat Dart se Taung-kind bloot dié van 'n jong gorilla is: "…as a hunter, I must have my eyesight attended to or throw away my gun. It is a young gorilla and nothing else." Alhoewel hy baie respek vir Broom het, verskil hy van Broom wat betref die fossiele wat by die Sterkfonteingrotte gevind is. Volgens Steenkamp is al die fossiele wat gevind is ape, en niks anders nie: "If you do not believe me, please go to the museum and have a look at the different species of apes exhibited there; the dear old doctor must have given great scope to his imagination in his modelling of the lips, ears, hair, nose, etc. On his assertion that the Sterkfontein Ape-man had a greater brain capacity than other apes and is therefore a link between man and ape, I would like to remark that this is a very dangerous conclusion. Again, I draw on my knowledge as a hunter and lover of animals. There is a vast difference between the brain capacity in the skull of an older and younger animal. Could my highly respected old doctor tell me whether this ape-man was an old gentleman or a young fellow?" (Steenkamp WP 1947:110).


Steenkamp beweer verder dat hy dit sterk betwyfel dat die Neandertal-man se skedel die sogenaamde vermiste skakel kan wees, aangesien dit hom, net deur na die skedel te kyk, aan 'n paar mense herinner wat nog leef, onder andere 'n goeie vriend van hom, John Alexander Gentle ("a most intelligent and acute businessman"). Wat breinkapasiteit betref, noem Steenkamp die geval van een van sy gunstelingperde – 'n pragtige roomkleurige perd, sy gunstelingkleur vir 'n perd. Maar hoe hy ookal probeer het om die perd te leer en korrek op te lei, dit was alles tevergeefs: "He had a very narrow forehead – thus small brain capacity – and do what I liked, sometimes he wanted to kick me and then again to throw me – now he would go and then not, until in disgust I got rid of him. It is the same in any species of animals, even in birds and snakes. Even more is this the case in man. Walk into any class-room, look about you and you will see the difference, and the professor will tell you the difference in examination results" (Steenkamp WP 1947:11).

Steenkamp het vas geglo dat die ontwikkeling van sekere vorms van lewe op aarde nie deur 'n geleidelike ontwikkeling, versprei oor ontelbare generasies, geskied het nie, maar eerder deur middel van vinniger fases of "jumps", soos hy daarna verwys. Hy was oortuig daarvan dat die

ontwikkeling van die mens op hierdie wyse voortgebring is: "Man was such a jump, a distinct species, a special creation, if you like" (Steenkamp WP 1947:114).

> "Science to me is – above all else – that which is true, that which is true to facts" (Steenkamp 1947:124).

Uit bostaande gedeelte is dit duidelik dat WP Steenkamp, vandat hy sy beroep as predikant opgegee het, net soos FW FitzSimons (met verwysing na sy "skoonmaak" van menslike beendere van Strandloper-skuilings in die Tsitsikamma), 'n byna obsessiewe belangstelling in menslike vooruitgang en aanpassing ontwikkel het. Hierdie inligting oor Steenkamp word in die studie ingesluit om aan te toon dat hy Sas se skedel laat uitgrawe het, nie bloot om as trofee op sy kaggelrak te dien nie, maar om te wys dat hy reeds in 1922 'n groot en opregte belangstelling in die onderwerp gehad het.



***Figuur 5.6:*** *"Old Fish Hoek man meets young Fish Hoek girl" (Shepherd 2015:70)*



***Figuur 5.7:*** *Bertie Peers met twee Strandloper-skelette, 1920's (Shepherd 2015:71)*

## 5.3 MENSE WIE SE BEENDERE OF SKELETTE OP UITSTALLING GEPLAAS IS

Alhoewel daar baie meer sulke gevalle was, word daar in hierdie afdeling op slegs enkele persone wie se oorskot ná hul afsterwe op uitstalling geplaas is, gefokus, om as voorbeelde te dien. Die insluiting hiervan is belangrik, aangesien dit aangewend word om as vergelyking te dien met die geval van Koos Sas wie se skedel vanaf 1975 tot die vroeë 1990's op uitstalling was.

### 5.3.1 Sarah Baartman


Gedurende die koloniale tydperk aan die Kaap is daar verskeie frases en beskrywings gebruik om na inheemse groepe te verwys met die doel om hul onderdanigheid te verseker. Met betrekking tot die Khoekhoen het woorde soos "wild" en "barbaars" vanaf die sewentiende eeu spoedig tot gevolg gehad dat dié groep gesien is as 'n moontlike skakel tussen ape en die moderne mens wat betref die natuurlike rangorde van die spesies op aarde. Die groep is verder uitgebeeld as kannibale en die Khoekhoen-vroue se liggaamsdele is beskryf as soortgelyk aan

dié van ape. Die inheemse taal van die Khoekhoen met sy vreemde klanke is verder deur die Europeërs as dierlik beskou (Qureshi 2004:234).

Sara (ook genoem Saartje of Sarah) Baartman (1789 – 1816) was ‘n tragiese geval uit die koloniale tydperk in Suid-Afrika en het ‘n simbool geword van die onderdrukking wat tydens hierdie tydperk plaasgevind het. Sy is in 1789 naby die Gamtoosrivier in die Oos-Kaap gebore in die gebied waar die Nederlandse setlaars tot op daardie stadium ooswaarts uitgebrei het. Alhoewel geen dokumentasie oor haar geboorte bestaan nie, word dit aanvaar dat sy van Khoekhoen-oorsprong was. Teen ongeveer 1806 het Baartman na Kaapstad verhuis, waar sy teen 1810 (op die ouderdom van 20 of 21) as huishulp op die plaas van Peter Cezar werksaam was. As gevolg van Baartman se uitsonderlike anatomiese eienskappe, het Cezar se broer Hendrik en ‘n Engelse skeepsdokter, Alexander (of William) Dunlop, haar oorreed om saam met hulle na Engeland te reis om haar in die openbaar uit te stal (Tobias 2002:107).

> “Sara Baartman arrived on England’s shores within this traffic of animal, plants and people destined for display as objects representing colonial expansion and as a means of economic gain; she served as both an imperial success and a prized specimen of the ‘Hottentot’” (Qureshi 2004:235).

In Europa is Sarah Baartman, waar sy as die “Hottentot Venus” bekend gestaan het, tussen 1810 en 1815 by verskeie skoue en kermisse ten toon gestel. Gedurende hierdie tyd is haar liggaam deur Georges Cuvier en sy assistent Henri de Blainville by die Natuurhistoriese Museum in Parys bestudeer. Ná haar dood is ‘n vollengte afgietsel van haar liggaam, versier met verf, hare en dierevel, gemaak. Baartman se liggaam is hierna deur Cuvier gedissekteer. Haar skelet, brein en geslagsdele is saam met die afgietsel as die “Hottentot Venus” eers in die Jardin, en daarna, in 1937, in die Musée de l’Hommes aangewins en uitgestal (Rassool 2015:134). Die Suid-Afrikaanse skrywer Stephen Grey het berig dat hy Baartman se “decanted brain” saam met haar skelet selfs in die laat 1960’s nog kon besigtig (Tobias 2002:109).



***Figuur 5.8:*** *Sarah Baartman se skelet en 'n replika van haar liggaam, gemaak deur George Cuvier in 1816, in die Muséum Naional d'Histoire Naturelle (Tobias 2002:108)*

Ten tyde van Baartman se dood was Europese anatomiekundiges en antropoloë in die proses om die sogenaamde skakel tussen die mens en dier op te klaar. Cuvier was oortuig daarvan dat 'n studie op die liggaam van die "Hottentot Venus" die vraag sou opklaar: "… were the Khoisan human or subhuman?" (Tobias 2002:108). Cuvier het vir Baartman geklassifiseer as 'n "femme de race Boschimanne", dus as 'n "vroulike Boesman". Gedurende hierdie tyd is veral die San (Boesman) as die laagste vorm bestempel en is hulle gereeld met orangoetangs vergelyk (Qureshi 2004:242,243).

Sedert die totstandkoming van 'n nuwe demokratiese bestel in Suid-Afrika in 1994 het menslike oorskot in museums en op uitstallings in ander plekke bygedra tot die debatte rondom die wyse waarop Suid-Afrika se traumatiese historiese gebeurtenisse onthou moes word en hoe hierdie verlede in museums en openbare omgewings uitgebeeld moes word (Rassool 2015:133).

Gedurende 1995 is 'n veldtog van stapel gestuur om die oorskot van Sarah Baartman aan Suid-Afrika terug te besorg. Phillippe Mennecier, assistant kurator van die Musée de l'Homme, was egter gekant teen die repatriasie van Baartman se oorskot. Sy uitspraak was: "We never know what science will be able to tell us in the future. If she is buried, this chance will be lost … for us she remains a very important treasure" (Qureshi 2004:246). Baartman se beweerde waarde word dus steeds bereken asof sy 'n artefak is, hoewel nie meer toeganklik vir die openbare oog nie.

Sarah Baartman se skelet en gepreserveerde organe is uiteindelik gedurende April 2002 na Suid-Afrika gerepatrieer. Haar oorskot is in ‘n wit houtkis, bedek met ‘n tradisionele Afrika-kleed, na haar land van herkoms vervoer. Op 9 Augustus 2002, op Nasionale Vrouedag, is Sarah Baartman begrawe in Hankey in die Oos-Kaap, waar sy na bewering gebore is. Die teraardebestelling is deur duisende begrafnisgangers, van wie baie politici was, bygewoon. Voor die diens is kruie gebrand in ‘n tradisionele Khoekhoen-seremonie. Die doodskis, wat ook met aalwynkranse versier was, is in die graf neergelaat terwyl ‘n koor sag in die agtergrond gesing het (Qureshi 2004:250).

Die kurator van die Montagu Museum ten tyde van die begrafnis van Baartman, vertel dat dit ‘n groep Khoekhoen-leiers vanaf Kaapstad se wens was dat die skedel van Koos Sas op dié dag saam met die oorskot van Baartman in Hankey begrawe word. Sy was egter van mening dat Sas se skedel nie in die Oos-Kaap hoort nie, en kon gelukkig die Kaapse afvaardiging van haar siening oortuig (mev B Badenhorst 2016: onderhoud).

Die uitstal van Sarah Baartman se liggaam is ‘n bewys van die historiese obsessie by Europeërs met die Khoekhoen se voorkoms en liggaamsbou. Volgens Qureshi is die liggame van baie Khoekhoen-vroue in die negentiende eeu deur taksidermisse van hul velle gestroop en opgestop ten einde hul te bewaar as eksemplare van hul uitsonderlike anatomie. “Sir John Herschel, during his visit to the Cape in the mid-1830’s, noted that he had seen a ‘Hottentot woman’s skin stuffed … with all the extraordinary peculiarities attributed to these nymphs by travellers’” (Qureshi 2004:247). Die voorbeeld van Sarah Baartman en andere plaas die uitstal van Koos Sas se kopbeen in 1975 in konteks.

Vanaf September 1936 tot Januarie 1937 is die liggame van ‘n groep /Auni en /Khomani San van die suidelike Kalahari tydens die Empire Exhibition in Johannesburg op uitstalling vertoon; in daardie tyd was dit heeltemal aanvaarbaar. “In those days the body casts, brain casts and face masks to be made of remarkable people was common practice. The death mask of Napoleon I is in the Paris Military Museum for example, while Descartes’s skull and Buffon’s and Broca’s brains are in the Muséum National d’histoire Naturelle” (Tobias 2002:108). Die geval van die doodsmasker[7] herinner sterk aan die masker wat deur die bekende beeldhouer Anton van Wouw van die ontslape Afrikaner-leier generaal De la Rey in 1914 gemaak is. Ná Van Wouw se dood het die De la Rey-masker in die besit van professor Andries Raath van die Universiteit van die Vrystaat gekom (soos Koos Sas se skedel by die Universiteit van Stellenbosch in die hande van prof Herculus Brink beland het). Die doodsmasker van De la Rey is tydens die Klein-Karoo

[7] In die antieke wêreld is geglo dat die siel van ‘n afgestorwene behoue sou bly deur die persoon se gelaatstrekke te bewaar. Lewensgetroue maskers van veral konings, koninginne en ander belangrike persone is op hierdie wyse gemaak. Dit was veral in die 19de eeu dat die belangstelling in die veld van frenologie gelei het tot ‘n toename in die versameling van doodsmaskers (Gibson 1985:1785).


Nasionale Kunstefees in 2008 op Oudtshoorn uitgestal. Tydens die fees is ook ‘n toneelstuk oor die lewe van De la Rey op die planke gebring – geskryf en opgevoer deur Rian Malan en Ian Roberts (Internet News24 2008).

Teen die einde van die negentiende eeu is die Khoekhoen en San in Suid-Afrika aan verskeie dokumentêre en fotografiese ondersoeke onderwerp. Europese belangstelling in die etnografiese behoud van die Khoekhoen-liggaam het daartoe gelei dat daar gedurende hierdie tydperk tot 2 000 skelette in Suid-Afrikaanse museums alleen geberg word. Net soos die oorskot van Sarah Baartman, is hierdie beendere vandag getuienis van ‘n tyd toe die praktyk om menslike beendere in museums te versamel en deel van hul versamelings as blote artefakte in te skryf, ‘n wêreldwye tendens was (Qureshi 2004:247). In hoofstuk 3 is berig oor die proses wat steeds aan die gang is om van hierdie beendere wat in museumversamelings gehuisves word, te herbegrawe. Onder 5.4 van hierdie hoofstuk word die kwessie ook verder aangespreek.

“The display of [Sara] and countless others like her, has shaped our identity, and although now hidden away, it continues to do so” (Qureshi 2004:248). Dit is nie duidelik hoe Qureshi die uitstalling van Sara Baartman se liggaam en later haar beendere by die vorming van identiteit uitbring nie. Hy maak ook nie duidelik wie se identiteit sogenaamd gevorm word nie. Dit word wel hier aangehaal, omdat dit ‘n voorbeeld is van ‘n skrywer wat moontlik iets anders bedoel, maar óf deur swak formulering óf doelbewus ‘n stelling maak wat emosies moet opsweep. Moontlik bedoel hy dat hierdie soort uitbuiting van mense deur middel van uitstallings die samelewing aanvanklik eers gewoond gemaak het daaraan en gewys het waartoe die mensdom in staat is in die naam van die wetenskap. Deur die uitstallings geleidelik te verwyder, word die samelewing weer bewus gemaak van die onreg wat hierdie mense, hulle familie, nasate en kultuurgenote aangedoen is.

### 5.3.2 El Negro

In die voorafgaande onderafdelings van hierdie hoofstuk is die redes en motiewe vir die uitgrawe en versameling van menslike beendere op ‘n nasionale en internasionale skaal verskaf. As laaste voorbeeld in hierdie verband word gekyk na die tragiese geval van El Negro.




***Figuur 5.9:*** *Die poskaart van El Negro, te koop in die Darder Museum in Spanje in 1983 (internet: BBC News 2016)*

In 1983 koop Frank Westerman ‘n poskaart van ‘n “opgestopte negertjie” (El Negro) in die Darder Museum in die dorpie Banyoles in Katalonië, Spanje (Meiring 2018:13). Westerman beskryf die ervaring soos volg: “Ek het nie geweet daar bestaan sulke swart mense nie, en so klein en tinger daarby. El Negro is ‘n volwasse man, net vel oor been, wat skaars tot by jou elmboog kom. Hy staan in ‘n glaskas, in die middel van die vloer. Op sy voetstuk is ‘n plaatjie vasgeskroef: BOESMAN UIT DIE KALAHARI” (Westerman 2017:17).

Veertien jaar later, in 1997, lees Westerman ‘n artikel wat berig dat El Negro onder druk van Afrika-ambassadeurs in Spanje van die uitstalling verwyder is en in ‘n bergkamer weggebêre is, omdat die uitstalling as “immoreel en rassisties” gesien is (Westerman 2017:44). Westerman, in latere jare ‘n joernalis, besluit om ondersoek te doen na die herkoms van El Negro. Die neerslag van sy speurtog verskyn in 2004 as *El Negro en ik* in Nederlands.’n Afrikaanse vertaling deur Daniël Hugo verskyn in 2017 (Meiring 2018:13).

Westerman se speurtog het hom by Frankryk se Verreaux-broers gebring. Hul oom, Pierre Delalande, van beroep ‘n *voyageur naturaliste* (natuurwetenskaplike reisiger) was in diens van die Muséum National d’Histoire Naturelle. Sy werk was om die land se soölogiese versameling aan te vul. Sy opdrag in 1818 was om aan die Franse wetenskap ten minste ‘n renoster en ‘n seekoei te besorg. Op 8 Augustus 1818 het hy in die geselskap van sy neef, die 13-jarige Jules Verreaux, aan die Kaap die Goeie Hoop aan land gegaan. Ná ‘n reis deur die binneland keer die geselskap in 1820 via Natal terug na die Kaap en gaan aan boord vir die terugreis na Calais. Saam met hulle aan boord, in die skeepsruim, is ‘n versameling van 13 435 objekte – ‘n soölogiese buit waarvoor Delalande by hul tuiskoms in Frankryk die titel “Ridder van die Legioen van Eer” ontvang. Behalwe vir die seekoei en renoster (laasgenoemde ‘n besonderse eksemplaar met twee horings) is daar verder robbe en seevoëls van Mosselbaai, akkedisse, skoenlappers en

naaldekokers. Verder is daar onder meer 228 soogdiere, 2 205 voëls, 322 reptiele, 293 visse, 387 weekdiere en ongeveer 10 000 insekte (Westerman 2017:56).

"In sy bespreking van die aard van die skeepsvrag kom Pierre Delalande ten slotte met 'n vreemde aanvulling. Saam met sy neef het hy ook materiaal versamel ten behoewe van la collection anthropologique. Die aanwinste in hierdie kategorie bestaan uit 'skedels van Hottentotte, Namakwas en Boesmans' en 'skelette van die verskillende volke van die Kaapkolonie en Kafferland'. Getalle ontbreek. Dit staan daar sonder omhaal, met as enigste toeligting dat dié gebeentes afkomstig is van 'die slagveld by Grahamstown' en 'uit 'n ou begraafplaas by Kaapstad'" (Westerman 2017:56). Met "die slagveld by Grahamstown" verwys Westerman heel moontlik na die Battle of Grahamstown wat in 1819 plaasgevind het toe die Xhosas onder aanvoering van Nxele dié dorp met 'n mag van 10 000 krygers aangeval het. Die aanval is egter deur die Britte afgeweer. Bykans 'n duisend Xhosa-krygers is óf gewond óf het gesterf op dié dag. Die rivier wat die aanvallers moes oorsteek om die dorp te bereik is ná die slag deur die Xhosas Egazini (Plek van Bloed) genoem (Milton 1983:69-73).

Na aanleiding van Westerman se verbasing dat Jules Verreaux slegs dertien jaar oud was tydens hierdie strooptogte saam met sy oom, reageer Piotr Daszkiewicz van Frankryk se Nasionale Museum vir Natuurwetenskap dat so iets glad nie ongewoon was nie. Hy vertel verder dat hierdie vroeë insamelaars van spesies die "hoë doel van die wetenskap gedien het, en dat oral in Europa die natuurwetenskaplike museums die plek van die rariteit-kabinette begin inneem het. Die eeu van die rede het aangebreek, en in Swede, Holland, Groot-Brittanje, Duitsland en Frankryk was geleerdes in kompetisie met mekaar om sisteem en hiërargie in die plante- en diereryk te ontdek" (Westerman 2017:58).

In 1830 het Jules Verreaux en sy broer Edouard, El Negro se lyk ná sy begrafnis opgegrawe (Brits 2019:8). Dit was terwyl die broers in Kaapstad was op soek na eksotiese diere om te versamel dat hulle sy liggaam, wat slegs 1,4 meter lank was, die aand na die begrafnis opgegrawe het (Meiring 2018:13).

In sy ondersoeke het Westerman uitgevind dat die Verreaux-broers ook nie die eerste mense was wat 'n mens opgestop het nie. In 1829 reeds het 'n Duitse apteker, Ludwig Krebs, 'n Buschmannfrau opgestop. Krebs het nou met sy broer Georg (ook 'n apteker) in Berlyn saamgewerk. Een of twee maal per jaar het Ludwig aan sy broer van sy "trofeë" gestuur. Westerman het in sy navorsing op korrespondensie tussen die twee broers, gedateer 21 Junie 1830, op die volgende inskrywing afgekom: "Tussen seekoeigeraamtes, velle en eierdoppe staan daar: 1 Boesman, gepekel – homo sapiens. En die bygaande brief van Ludwig aan Georg neem die laaste twyfel weg: 'Kis nommer 9 bevat 'n volledige Boesman, ingesout in 'n vat, asook vyf flesse met slange en, in een daarvan, die tong van 'n miereter'" (Westerman 2017:203,204).

In Oktober 2010 is die oorskot van El Negro in Tsholofelo Recreational Park, noord van Gabarone, die hoofstad van Botswana, herbegrawe. Die begrafnis, met sy kis wat met die Botswana-vlag bedek is, is deur 1 000 mense bygewoon – onder wie ministers, diplomate en lede van die publiek. Tydens die begrafnisdiens het ontstelde amptenare van die Botswana-regering gesê dat El Negro soos 'n bok vertoon en opgestop is. Die gedenkplaat by die graf bevat die volgende woorde: "The body of El Negro was stolen in 1830 and returned on 4 October 2000" (Lute 2019:2). Daar bestaan vandag steeds onsekerheid oor El Negro se oorsprong. Die rede waarom hy in Botswana begrawe is en nie in Suid-Afrika nie, is omdat daar op 'n stadium na hom as El Bechuana of Motswana verwys is (Botswana het eers as Bechuanaland bekend gestaan). Tydens die begrafnisdiens het die Minister van Buitelandse Sake van Botswana, mnr Mompati Merafhe, die volgende gesê: "He was an African and we wanted him home, period" (Lute 2019:3).

Westerman beskryf sy betrokkenheid by El Negro soos volg: "So, op 'n manier het sy graf 'n oop wond gebly van 'n koloniale, Europese verlede wat ek baie ernstig opgeneem het. Sy lewe as 'n uitstalling in 'n museum, vir meer as 'n eeu, hou 'n spieël op vir ons, en ek wil nie wegkyk nie …" (soos aangehaal deur Brits 2019:8).

### 5.3.3 Koenraad Feyt

In *My Cederberg Story* skryf Olive Nieuwoudt in die voorwoord dat die boekie stories van "die ware Cederberge-area" bevat. Sy noem ook dat sy besluit het om die boekie te skryf om al die wonderlike stories wat oor geslagte heen vertel word, te bewaar.

Een van die eerste verhale in *My Cederberg Story* handel oor die "notorious cattle thief, highwayman and murderer", Coenraad Hendrik Feyt (soms gespel Koenraad Fiet). Die skrywer vertel dat die storie oor Feyt aan haar deur haar skoonvader, Wit Andries Nieuwoudt, vertel is. Sy vertel dat Feyt in 1783 in 'n konfrontasie met van sy bure betrokke was oor watergebruik tussen die twee buurplase (Nieuwoudt 2015:16-19).

Wat vreemd opval, is die laaste sin van die verhaal: "Incidentally, the alleged grave of Coenraad Feyt was found in Clanwilliam in 1970. His bones are still displayed in the biology class of the local school" (Nieuwoudt 2015:19). Wat hierdie inligting soveel meer merkwaardig maak, is die feit *dat My Cederberg Story* in 2015 gepubliseer is. Sou dit hoegenaamd moontlik wees dat 'n menslike skelet so onlangs as 2015 nog in 'n klaskamer op uitstalling kon wees?

Die inligting is opgevolg en die biologie-onderwyser, mnr Riaan Engelbrecht, het telefonies bevestig dat dit inderdaad die geval was en dat Feyt se bene steeds in die biologieklas op uitstalling is. Volgens mnr Engelbrecht was die graf van Feyt geleë op 'n stuk grond wat aan die skool geskenk is en in die proses om die grond voor te berei vir verbouing van gewasse, is die graf oopgegrawe. Die beendere is toe in die skool self opgeneem. Tydens die gesprek met

Engelbrecht het die onderwyser ook erken dat daar nie destyds 'n grafsteen op die graf was nie en dat dit dus nie bo alle twyfel bevestig kon word dat dit inderdaad die graf (en dus die beendere) van Feyt was nie. Volgens hom is dit hoe die verhaal aan hom vertel is, naamlik dat dit die bene van Coenraad Feyt is. Die boks met die menslike beendere by die skool staan vandag steeds bekend as "Feyt se bene" (Engelbrecht 2021: onderhoud).

Wat ookal die ware feite is en wie se beendere dit ookal is wat opgegrawe is en nou in 'n klaskamer by die skool geberg word, regverdig nie die feit dat die beendere steeds op uiters onwaardige manier in 'n klaskamer gehou en uitgestal word nie. Die korrekte prosedure sou sekerlik wees dat Feyt se skedel en beendere, asook die ander skedels in die skool se besit, op waardige wyse herbegrawe word.

Op Saterdag, 25 September 2021, is die Augsburg Landbougimnasium in Clanwilliam besoek. Mnr Engelbrecht vertel dat hy die bene in die klaskamer gevind het toe hy sewe jaar vantevore by die skool aangestel is. Agter in die biologie-klas, uitgestal op 'n rak in 'n ingeboude glaskas, is twee menslike skedels duidelik sigbaar vanaf die deur aan die voorkant van die klaskamer. Aan die linkerkant op die rak, reg langs die twee menslike skedels, is 'n reeks bobbejaanskedels van groot na klein gerangskik. Volgens die biologie-onderwyser is die skedel aan die linkerkant dié van Feyt, terwyl die een daarnaas in 2003 opgegrawe is tydens bouwerk aan die Superspar in Clanwilliam – dit is vermoedelik van Khoekhoen-afkoms (mnr R Engelbrecht 2021: onderhoud).



***Figuur 5.10:** Feyt se skedel en Khoekhoen-skedel bo regs op die rak in die glaskas in die biologie-klas van Augsburg Landbougimnasium in Clanwilliam (Foto: E Badenhorst, 2021)*

Vanuit die onderkant van die uitstalkas bring Engelbrecht ‘n Simba-skyfies- kartondoos te voorskyn. In die doos is ‘n versameling menslike beendere. Dit is opvallend dat die bene, net soos die skedel van Feyt in die glaskas, wit geverf is – met ‘n kalkagtige voorkoms. Op ‘n vraag hieroor antwoord Engelbrecht dat hy by van die ander onderwysers gehoor het dat mense in die verlede die beendere (skedel inkluis) by die skool kom leen het om vir Halloween-partytjies te gebruik. Dit is moontlik dat hulle dit geverf het om by die tema te pas. By nadere beskouing is dit ook duidelik dat daar ou kerswas op die skedel is, dus kan aangeneem word dat ‘n (brandende) kers op die skedel geplaas is tydens die funksie(s). ‘n Skull & bones-tekening is ook met ‘n swart koki-pen voor op die skedel van Feyt aangebring en is nog gedeeltelik waarneembaar.

Volgens Engelbrecht vind die leerders die twee menslike skedels geensins vreemd nie. Inteendeel, hy vermoed dat hulle dink die skedels is nie eg nie, maar dat dit replikas is. Engelbrecht noem egter dat hy ongemaklik voel met die skedels in die kas. Hy glo nie dit is die regte omgewing daarvoor nie – hy sal verkies dat dit aan ‘n museum geskenk of begrawe word (Engelbrecht 2021: onderhoud).



***Figuur 5.11:*** *Feyt se witgeverfde skedel met die “skull & bones” duidelik sigbaar (Foto: E Badenhorst, 2021)*

Kannemeyer skryf in sy biografie oor C Louis Leipoldt dat Clanwilliam vroeër jare ‘n plek van “verskrikking en bloed” was. “Ruwe mense het die gebied bewoon en ‘n slaaf se lewe was in hierdie tyd niks werd nie. Ou miesies Ankes het glo haar slawe in die rooiwarm bakoond verbrand” (Kannemeyer 1999:36).

Volgens Kannemeyer was Koenraad Fiet een van die eerste nedersetters van Europese herkoms wat hom vroeg in die agtiende eeu in dié streek gevestig het. Hy het ‘n aantal slawe besit wat hom gehelp het om sy plaas Roodezand met verloop van tyd op te bou. Hy het alleen gewoon, met die naaste bure tagtig kilometer ver. Fiet was ‘n wreedaard wat van tyd tot tyd “oshandelaars en slagtersknegte” wat vee in die binneland aangekoop het, verblyf aangebied het. Sy doel was om hulle later te vermoor vir die geld wat hulle in hul besit gehad het. Van die lyke is onder die vloer van sy huis begrawe. Soms het hy op geslepe wyse uitgevind watter roete hulle die volgende dag sou volg en dan het van sy werkers die handelaars voorgelê, met knopkieries doodgeslaan en hul lyke in putte afgegooi. Die assistentlanddros het ondersoek laat instel en Fiet is gevange geneem, waarna hy agter die tronk op die dorp in die openbaar tereggestel is (Kannemyer 1999:36,540).

“In sy gedig ‘Ver in die Troe-troe-vlakte’ in sy bundel *Dingaansdag* gebruik Leipoldt dié gegewe as die oskoper Piet Ryneveld by Koenraad Fiet oornag. Deur sy sukses in die kaartspel maak Ryneveld sy gasheer só woedend dat Fiet ‘n mes gryp en sy gas steek”:

*En op die mis-gesmeerde vloer het Ryneveld geland,*
*Met skaars ‘n roggel in sy keel en bloed was op my hand.*
*Sy bloed was net soos ossebloed, blou-rooi soos donderweer;*
*Rooi harte-aas wat rooi daarteen, rooi ruite-aas nog meer*
*Die stroom het oor die stoel gespat, die kaarte vuil gevlek;*
*Sy val het van die tafel af die tafelkleed getrek.*

(Kannemeyer 1999:37)

### 5.3.4 Skedeltrofeë

Alan Morris glo dat sogenaamde skedeltrofeë as historiese dokumente gesien kan word en nie soseer bloot as wetenskaplike eksemplare nie. Die skedels spreek van die ingesteldheid van die verlede; dit gee ook ‘n blik op ‘n tyd waarin onteiening en marginalisering, asook konflik, dood en selfs ontheiliging soms aan die orde van die dag was. “These museum specimens are part of the history of the colonisers as well as the colonised. Saartje, Keri Keri, Voetje, Baardman, Matroos, Arie Koos and the anonymous others, were real people, but so were the named and nameless collectors who dissected, disinterred, and dismembered their bodies” (Morris 1996:79).

Die versamel van skedels was ook gewild onder nie-wetenskaplikes wat bloot gedryf is deur die begeerte om ‘n eksotiese skedel te besit. “Soms was dit so erg dat iemand alreeds sy oog op ‘n skedel gehad het terwyl die eienaar daarvan nog geleef het!” (MMA De Kock 1999:2). Hierdie stelling deur De Kock word waarskynlik gemaak na aanleiding van Morris se opmerking dat Scotty Smith na bewering soveel Boesmans doodgeskiet het as wat hy sou benodig het (kyk by 5.2.3). ‘n Bekende voorbeeld van die versameling van sogenaamde skedeltrofeë is die geval van die Xhosa-opperhoof Sandile wat betrokke was by die grensoorloë aan die oosgrens teen Brittanje tydens die negentiende eeu. Sandile het in 1850 in opstand gekom en nadat hy verslaan is, is sy skedel as trofee deur sir Richard Carrington verwyder en laat skoonkook, waarna dit na Brittanje geneem is en op ‘n kaggelrak in sy huis in Gloucestershire uitgestal is (MMA De Kock 1999:3).

So is die skedel van die tereggestelde moordenaar van die Wesleyaanse sendeling William Threlfall, ene Naugaap, in 1830 deur ‘n Duitse versamelaar van seldsaamhede, Carl Friedrich Drége, wat saam met sy broer deur Namakwaland gereis het, aangekoop. “In an act of scientific headhunting, the skull was severed from the corpse to find its final resting place as a showpiece in a museum somewhere in Europe” (Dedering 1991:100).

> “Can we say that the skull of Koos Sas was a trophy? The charges against Sas were not bogus and he had indeed committed murder. Violent crime was then, as it is now, a common phenomenon in the communities of the poor and dispossessed. In this sense, perhaps Sas was not very far removed from his ancestors of the previous century. Koos Sas’s actions placed him in the same category as the ‘Bushman robbers’ of the 1700’s and 1800’s. For him, the Union government decreed the same fate that his ancestors had experienced in the old colony” (Morris 1997c:25).

Morris se stelling sluit aan by hoofstuk 2 waar die omstandighede van die Khoekhoen gedurende die agtiende en negentiende eeu aangespreek word. Die toestande in Suid-Afrika rondom Uniewording, asook elders ter wêreld, word in dieselfde hoofstuk behandel.

Morris sê verder dat dit belangrik is om te let op die ingesteldheid van die staat in die tyd toe Koos Sas doodgeskiet is. Volgens hom het die burokrate in Springbok geen probleem gehad om toestemming te verleen dat Sas se liggaam opgegrawe mag word nie. Die rede daarvoor is dat Sas nie as ‘n “tame Bushman” beskou is nie en dat hy ‘n bedreiging vir die veiligheid en pastorale lewenswyse van die wit boere was. As sodanig is hy as ‘n verbruikbare artikel beskou – soos enige roofdier – en die uiteinde van sy aardse bestaan was nie vir hul van belang nie. So ook het die Montagu Munisipaliteit in 1975 die skedel van Sas aan die museum geskenk om as ‘n trofee op uitstalling te plaas, as “the last remains of the famous ‘Bushman murderer’” (Morris 1996:79).

## 5.4 DIE STAND VAN MENSLIKE BEENDERE STEEDS IN SUID-AFRIKAANSE MUSEUMVERSAMELINGS

In hierdie hoofstuk is talle bewyse aangevoer dat San- en Khoekhoen-geraamtes deur wetenskaplikes en leke versamel en verkoop is en dikwels na museums in Europa gestuur is. Dr Graham Avery, argeoloog van die Suid-Afrikaanse Museum, reken dat Khoekhoen-grafte tot so laat as die 1960's nog geplunder is (Bonthuys 2001:iii,11).

Teen 2001 was daar steeds sowat 800 Khoekhoen-geraamtes in die versameling van die Suid-Afrikaanse Museum in Kaapstad, 400 in die Nasionale Museum in Bloemfontein, 370 by die Universiteit van die Witwatersrand en 150 in die versameling van die McGregor Museum in Kimberley (Bonthuys 2001:iii,11). In 2015 was daar sowat 80 kartondose met menslike beendere in die versameling van die Port Elizabeth Museum (E Badenhorst, eie ervaring as historikus in die PE Museum: 2015).




***Figuur 5.12:*** *Van die menslike skedels wat vandag steeds deel is van die Port Elizabeth Museum se versameling (Foto: E Badenhorst, 2012)*

David Kramer was op soek na inligting wat op hul herkoms of nasate kon dui, aangesien talle onbeantwoorde vrae steeds oor hul nalatenskap bestaan: "Ek [Kramer] het gevoel Sas wou hê ek moes sy storie regstel. Hy was méér as 'n skaapsteler en niksnut wat glo 'n perd kon uithardloop. Hy was ook een van die laaste ware Boesmans. 'n Ontwortelde wat 'n geweer moes steel en vir oorlewing moes veg in 'n tyd dat (wit) grondeienaars sy wêreld afgekamp en die wildsbokke uitgeskiet het" (Bonthuys 2001:iii).

Volgens mnr Cecil le Fleur, voorsitter van die nuwe nasionale Khoisan-raadplegende raad, is die herstel van die Khoisan se reg op hul voorsate se beendere 'n allernoodsaaklike stap in die "moeisame stryd tot die heropbou" van die groep. Le Fleur sê dat die debat oor beendere in museumversamelings dalk vir sommige mense mag voorkom as 'n "sinlose poging om nuwe asem in dor bene te blaas", maar dat die reg op hul voorsate vir die Khoekhoen 'n uiters emosionele onderwerp is (Bonthuys 2001:11).

"Le Fleur meen die beendere moet herbegrawe word. Dis lank genoeg vir navorsing 'misbruik'. Dit is ons kultuur om ons mense te begrawe. Die huidige situasie wys hoe ons mense geminag is deur die koloniste, wat hul grafte opgegrawe en hul bene oor die aarde verstrooi het" (Bonthuys 2001:11).

### 5.5 DIE KOOS SAS-SKEDEL IN KONTEKS

Die historici FA van Jaarsveld en A Burguiére is albei in hoofstuk 1 aangehaal waar hulle verwys na die belang van probleemgedrewenheid by navorsing. Van Jaarsveld sê dat al die faktore wat 'n saak beïnvloed het in dieper lae nagespeur moet word as 'n mens die verlede opreg en in totaliteit wil verstaan (1976:6). Deur die konteks van die wêreldtendense ten opsigte van menslike beendere in museumversamelings te verskaf, is een van die belangrike dieper lae van die Koos Sas-verhaal blootgelê. Burguiére verwys na hierdie probleemgedrewe benadering as die "grand alliance" (2009:ix).Toegepas op die ondersoek na Koos Sas, beteken dit dat hierdie benadering gelei het tot 'n analiserende ondersoek wat 'n omvattende en objektiewe studie tot gevolg het, in plaas daarvan om bloot die verhaal van Koos Sas te vertel wat net nóg 'n bevooroordeelde weergawe tot gevolg kon hê.

Hierdie hoofstuk fokus op die praktyk van die versameling van hoofsaaklik Khoekhoen- en San-beendere in die verlede en die stand van sake soos dit tans daar uitsien. Daar is heelwat ooreenkomste tussen die voorbeelde wat bespreek is en die wyse waarop daar met Sas se skedel omgegaan is nadat hy doodgeskiet is. Die sosiale, politieke en wetenskaplike omstandighede waarbinne die versameling van beendere, skedels en volledige geraamtes gedurende die laat negentiende en vroeg twintigste eeu plaasgevind het, bied die konteks waarbinne die verhaal van Koos Sas afspeel.

Westerman het in 1983 vir die eerste maal die opgestopte liggaam van El Negro in 'n museum in Spanje gesien. Ook in 1983 was Sas se skedel steeds op uitstalling in die Montagu Museum en was dit op daardie stadium heel moontlik die item wat die meeste deur besoekers aan die museum besigtig is. Dit was aanvaarde praktyk om menslike beendere op uitstalling in 'n museum te vertoon. Die beendere van Koenraad Feyt word trouens tot op hede nog steeds in 'n uitstalkas by die landbouskool op Clanwilliam bewaar.

In hoofstuk 1 is verwys na die uitspraak van Laqueur dat daar volgens die Franse Annales skool van denke ‘n bepaalde tyd (longue durée) moet verloop voordat sekere historiese gebeure met objektiwiteit en sukses bestudeer kan word (2015:5). Hierdie hoofstuk het duidelik uitgewys dat ‘n eeu moes verloop – ‘n eeu waartydens menslike oorskot van ‘n sekere deel van die samelewing oral oor die wêreld met min respek behandel is – voordat die punt bereik is waarop navorsers onbevooroordeeld, met empatie en respek op wetenskaplike wyse ‘n geval soos dié van Koos Sas kan bestudeer.

# HOOFSTUK 6

# KOOS SAS SE NALATENSKAP VEREWIG IN DIE SKEPPENDE KUNSTE

## 6.1 DAVID KRAMER SE INVLOED OP DIE NALATENSKAP VAN KOOS SAS

Wat betref die skeppende kunste, verwysend spesifiek na musiek (wat blyspele insluit), kan die invloed wat die werk van David Kramer op die nalatenskap van Koos Sas gehad het, nooit gering geskat word nie. Hierdie studie lig dit uit en plaas die belangrikheid daarvan binne konteks.

By die oorhandiging van die skedel van Koos Sas aan die gemeenskap van Montagu in die Montagu Museum op 9 Maart 2021, het die museumbestuurder aan die gehoor genoem dat, as dit nie vir David Kramer was nie, die naam "Koos Sas" heel waarskynlik (soos in die geval van baie ander karakters soos hy, uitgewys in hoofstuk 4) lankal vergete sou wees. Gewis sou sy nalatenskap nie naastenby die aandag geniet het soos wel tans die geval is nie. Daar is nie nog 'n persoon wat op sy eie die nalatenskap van Sas deur sy werke so lewendig gehou het soos Kramer nie. Om daardie rede is dit belangrik dat hierdie hoofstuk die invloed van Kramer beklemtoon. Maklik was dit nie altyd nie en die jong kunstenaar moes onder baie kritiek deurloop. Meer daaroor later in hierdie hoofstuk.

### 6.1.1 Restourasie van die Jouberthuis (Satelliet van die Montagu Museum)

"'n Landstreek is verskeur en op plekke onherstelbaar geskend. Diep letsels is in die harte van mense geslaan deur die alles meesleurende vloed wat op Sondag, 25 Januarie 1981, vanuit die Moordenaarskaroo deur die Koup en die Klein-Karoo tot aan die Suid-Kaapse kusvlaktes voor die Atlantiese Oseaan verwoesting aangerig het" (Kühne 1981:1). Só begin die bekende boekie *Vloedramp* wat later in dieselfde jaar as die vloed verskyn het. Soos in die geval met Laingsburg, is Montagu ook erg getref deur die verwoestende vloed wat groot dele van die Klein-Karoo in puin gelê het. Kühne skryf verder dat Montagu "wrede houe van die vloedwaters verduur het". Ongelooflik soos dit ook mag klink, het die waters van die Keisie, gewoonlik 'n betreklik mak rivier, die ontspanningsoord (Badskloof) weggevee asof dit nooit bestaan het nie (1981:33).

Een van die oudste huise op Montagu, die grasdakwoning van die Swart-gesin in Langstraat, is in só 'n mate deur die vloedwaters beskadig dat die munisipaliteit toestemming verleen het dat dit gesloop kon word. Die voorsitter en kurator van die Montagu Museum was groot voorstanders van die behoud van die historiese geboue op die dorp, en die museumbestuur het daarom besluit

om die huis van sloping te red deur dit aan te koop en te restoureer. Die huis sou dan dien as ‘n tweede museumgebou op die dorp. Die bestuur het kort daarna ‘n reeks fondsinsamelingsprojekte van stapel gestuur om die huis in Langstraat aan te koop asook te restoureer (Badenhorst 2016: onderhoud).

David Kramer, destyds ‘n jong, opkomende sanger, is later dieselfde jaar deur die Montagu Museum vir ‘n reeks optredes as deel van dié fondsinsamelingsprojekte genooi. Mev Badenhorst onthou dat die museum sowat R 2 000,00 wins gemaak het uit die twee Kramer-konserte.

Die restourasieprojek is met groot sukses afgehandel en op 14 Oktober 1983 is die huis as Jouberthuis (vernoem na die eerste eienaar, Pieter Gideon Joubert) amptelik deur die destydse staatspresident mnr Marais Viljoen, geopen. Viljoen is slegs die tweede staatspresident wat Montagu besoek het ná die besoek van Kruger in 1880 (Badenhorst 1983:4). Op die dag van die opening was die Kramer-egpaar ook deel van die gehoor.




***Figuur 6.1:*** *David en Renaye Kramer in die Montagu Museum in 1983*
(MM/KS/1983/2)

### 6.1.2 Die Ballade van Koos Sas

Afgesien van die optredes om fondse in te samel, was dit ook hier, in die Montagu Museum, waar Kramer vir die eerste maal van aangesig tot aangesig met die skedel van Sas sou kom. Dit was uitgestal in ‘n glaskas, met die Springbokbaadjie van Koffie Hofmeyr langsaan. Kramer beskryf

die indruk wat dit op hom gemaak het soos volg: “Dit was amper ‘n uitstalling van ‘n held teenoor ‘n boosdoener. Dit voel asof ek Koos ken en dis vir my onaanvaarbaar dat sy skedel só vertoon word” (Nieuwoudt 2001:11). Bonthuys som Kramer se gevoel soos volg op: “Langs die Springbokbaadjie van Koffie Hofmeyr, een van die groot (wit) seuns van die dorp, is die skedel uitgestal as herinnering aan Sas se skandes” (Bonthuys 2001:iii).

Tydens ‘n onderhoud met Murray la Vita in 2008 beskryf Kramer die uitstalling van die skedel van Koos Sas in die Montagu Museum in een woord: “Malheid!” (La Vita 2008:15). Kramer beskryf sy beskouing van Sas verder: “Ek identifiseer met Sas omdat hy as enkeling geweier het om hom te onderwerp aan die waardes van die bestel destyds. Hy het man-alleen in opstand gekom en gesê hy gaan hom nie onderwerp aan ‘n bestaan as plaaswerker nie. Hy wou terugkeer na die oorspronklike jagtersbestaan van die San” (Nieuwoudt 2001:9).

Badenhorst onthou dat, nadat Kramer die inligting naas die skedel van Sas gelees het, hy die aand van sy afskeidsfunksie in die museum aan haar genoem het dat dit ‘n “ongelooflike storie” is. Koos Sas word as ’t ware ‘n tweede lewe (of ‘n derde, as in ag geneem word dat hy opgegrawe is) gegun, deurdat Kramer nog dieselfde aand begin skryf aan *Die Ballade van Koos Sas* (Badenhorst 2016: onderhoud).

In 1983 word die byna nege-minute lange *Die Ballade van Koos Sas* ingesluit op Kramer se vyfde langspeelalbum *Hanepootpad* en in 1999 verskyn ‘n verwerkte (verkorte) weergawe van *Die Ballade van Koos Sas* op die CD, *Kliphard*.

Die oorspronklike 1983-lirieke van *Die Ballade van Koos Sas*

*Hulle sê hy was nie dom nie*
*Nogal slim en skelm ook*
*En as die maan in die klowe huil*
*Dis Koos Sas wat daar spook*
*In die Montagu Museum*
*In ‘n kas van hout en glas*
*Gaan kyk hoe lag die skedel*
*Van die moordenaar Koos Sas*

*Op Touwsrivier gebore*
*Hy’t op Montagu kom bly*
*So nou en dan het hy ‘n skaap gesteel*
*As hy die kansie kry*
*Konstabel Tonie Swanepoel*
*Het hom elke keer betrap*
*Hul sê hul was verbonde*
*In ‘n snaakse soort vriendskap*

*So deurmekaar met die boom se blaar*
*Hy was lief om te baklei*
*Op die plaas van baas Botha*
*Dis nou Boetatjie Botha*
*Het hulle twee gestry*
*Boeta moes gewag het*
*Want op daai dag het*
*Koos Sas sy keel afgesny*


*Toe ver en lank gehardloop*
*Maar hulle het vir hom gekry*
*Die tronk kon hom nie hou nie*
*Vyf jare was hy vry*
*Hul sê hy het nooit gelag nie*
*Hy het seker ook nooit gehuil*
*Op Droodaap naby Springbok*
*Het Koos Sas weggeskuil*

*Konstabel Jurie Dreyer*
*Het vir hom 'n 303 gekoop*
*Dit was 'n Martini Henry*
*Met 'n Lee Metford loop*
*Nou jare lank het hy gesoek*
*Van die Witteberge*
*Deur die Swart Karoo*
*Uiteindelik daar op Springbok*
*Vir Koos Sas opgespoor*

*Koos was nie bang nie*
*Vir die man wat hom sou vang nie*
*Hy kyk diep in Jurie se oë*
*Hardloop hardloop*
*Hy wou nog hardloop*
*Maar met een skoot was dit oor*
*Teen 'n perd sou hy gewen het*
*Ek weet hy sou gewen het*
*Teen 'n koeël het hy verloor*

*Wat nou Koos Sas wat nou*
*Is die perde nog so flou*
*Soos 'n bergwind kon jy nael*
*Al was jou voete rou*
*Die vryheid was jou koning*
*Maar die stryd het jy verloor*
*Nou loer jy*
*Vir die geweer hier voor jou*
*Met die wind so in jou oë*

Kramer verwerk die Koos Sas-tema later tot ‘n musiekblyspel wat in 2001 by die Klein Karoo Nasionale Kunstefees (KKNK) opgevoer word. Die blyspel is aan die einde van die fees deur die glanstydskrif *De Kat* met die Slurpie-prys bekroon (Van Bart 2008:14). In 2008 word hierdie prestasie opgevolg met ‘n aangepaste weergawe vir die Suidoosterfees, waarna *Die Ballade van Koos Sas* ook met groot sukses in Londen opgevoer word (Slabbert & De Villiers 2011:351).




***Figuur 6.2:*** *“Só word die musiekspel ‘Die Ballade van Koos Sas’ vir die Suidoosterfees geadverteer” (Van Bart 2008:14)*

Met die skryf van die musiekblyspel het Kramer op onkonvensionele wyse te werk gegaan, want hy het die lirieke met sy linkerhand geskryf: “Ek het in die kunsklasse geleer dat jou regterbrein, wat geassosieer word met kreatiwiteit, beter ontsluit word as jy jou linkerhand ook gebruik. Dit het gevoel asof ek beter in kontak was met my onderbewuste deur my linkerhand te gebruik” (Nieuwoudt 2001:9).

Die eerste weergawe van Die Ballade van Koos Sas wat in 2001 by die KKNK op Oudtshoorn opgevoer is, het uit slegs drie karakters bestaan, naamlik Koos Sas, konstabel Tonie Swanepoel en Hendrik Skilpad (op wie se suster, Lenie, Sas verlief was). Met die 2007-weergawe is meer karakters en liedere bygevoeg – soos byvoorbeeld dominee Steenkamp en die berugte grafskender, Scotty Smith (Lennox) (De Villiers 2010:59,60). Kramer gaan sover as om Sas se “dorpsnaam” gedurende die musiekblyspel te verander na “Barend van Rooi”, terwyl sy

"veldnaam" se verandering na dié van "*!Kagen gao"* Sas verbind tot die "shape-shifting trickster god of the /xam" (De Villiers 2010:63,64).



***Figuur 6.3:*** *"Loukmaan Adams as Koos Sas en Jody Abrahams as Hendrik Skilpad in 'Ballade van Koos Sas'" (Malan 2008:16)*

Volgens Willa Boezak het die /Xam God ook soms /Kággen genoem – "die Ewige Helper van die gemeenskap, die Skepper van goeie dinge, soos die eland (wat baie kos beteken het vir 'n klan)" (2016:100). Daar word ook na /Kaggen verwys as die sentrale hooffiguur in /Xam-mitologie, asook 'n vorm van 'n goddelike wese (Bank 2006:146). Die /Xam het geglo dat /Kaggen alles geskape het, dat hy 'n bedrieër-godheid is wat in verskeie /Xam-mites verskyn waar hy as óf dwaas óf wys, afstandelik óf hulpvaardig uitgebeeld word (Lewis-Williams & Dowson 1989:13). Deur na Sas as /Kággen te verwys, verhef Kramer Sas se status dus na dié van 'n goddelike wese.



***Figuur 6.4:*** *"David Kramer by die kopbeen wat sentraal op die verhoog uitgestal word in 'n kas in sy verhoogstuk, Koos Sas" (Bonthuys 2001:iii)*

Toe Kramer gevra is oor die destydse debat wat op dreef was met die opening van *Die Ballade van Koos Sas*, was sy antwoord dat, wanneer jy vir mense vra waarom die skedel op uitstalling was, dit blyk dat hulle heel gemaklik daarmee was en glad nie geskok was nie. "Maar ek kan jou sê, as jy een van die wit mense van Montagu se skedel in 'n glaskas gesit het … sou daar 'n baie ander reaksie gewees het." Kramer vra dan wat die reaksie sou wees as 'n Suid-Afrikaanse held, soos Bennie Osler, se skedel opgegrawe en uitgestal sou word – en ons sê: "Hier is 'n Suid-Afrikaanse held. Hoekom doen ons dit nie? Nee! Jy kan dit nie doen nie." Kramer se vraag is waarom dit in een geval gedoen kan word, en nie in 'n ander nie. Hy glo dit is as gevolg van 'n dubbele stel waardes: "Dit het daarmee te doen dat mense nie gesien word as gelyk soos wat die Bybel jou leer nie" (La Vita 2008:15).

Volgens Kramer het die wit gemeenskap ook gemoor en gesteel. Hy sê nie Sas was nié 'n moordenaar nie, maar wel dat hy deel was van 'n barbaarse en grusame geskiedenis. "Ek dink Koos Sas gaan oor moraliteit. En ons moet onsself afvra hoekom vind ons dit aanvaarbaar … as jy vandag na museums gaan en vra wat van jul versamelings bene en menslike vel … hoekom raak julle nie daarvan ontslae nie? Nee! Nee! Ons kan nie! Dis 'n baie waardevolle versameling! O? Het ons enige versameling Europese vel en bene? Nee, nee. Dis hoe dit is …" (La Vita 2008:15).

Koos Sas lê vir Kramer, wat op hierdie stadium vir dekades reeds die verhale van die stemloses en hul onvertelde verhale in sy werk beklemtoon het, spesifiek na aan die hart. Kramer reken dat slegs die helfte van Sas se verhaal vertel is: "Sas se geskiedenis is met die lem van 'n wit perspektief op die verlede uitgekerf" (Bonthuys 2001: iii). Deur die skryf van *Die Ballade van Koos Sas* het Kramer gevoel asof hy daarin geslaag het om 'n verstoteling se menswaardigheid aan hom terug te gee (Nieuwoudt 2001:9).

Volgens Kramer simboliseer die bokskamera wat gebruik is om die lewelose liggaam van Sas af te neem 'n geweer: "Hierdie is die storie van 'n skedel … en as dit nie duidelik is nie … dit begin met 'n skedel in 'n kas [die bokskamera] en dit eindig met 'n skedel in 'n kas [op uitstalling in die Montagu Museum]" (La Vita 2008:15). Vir Kramer gaan dit nie oor een man wat 'n ander man se keel afgesny het nie, aangesien dit nie is waaroor die Sas-storie gaan nie; dít is nie vir Kramer "'n interessante storie" nie: "Ek [Kramer] stel belang in stories; hoe ons hulle vertel; hoe ons hulle beskou; waarna ons kyk en wat sekere beelde beteken" (La Vita 2008:15).

Kramer wys verder daarop dat die werk wat hy onder meer saam met Taliep Petersen en ander Afrikaanse kunstenaars gedoen het, nie wit of "coloured" was nie. Hy glo daarom dat hy daarin geslaag het om 'n gehoor te ontwikkel wat nie so sensitief is oor die kleur van die vel nie – dít is vir hom belangrik (La Vita 2008:15). Hy verduidelik dit verder soos volg: "En om te skep deur te leen; deur terug te gaan in kultuurgeskiedenis; om 'n musiek te ontwikkel wat herkenbaar Suid-Afrikaans is en ook herkenbaar as David Kramer" (La Vita 2008:15).

Toe Kramer die eerste maal die ACVV-foto van die lewelose liggaam van Sas sien, opgehou aan die arms deur twee polisielede, het dit hom herinner aan 'n foto van 'n trofeejagter met sy prooi (Bonthuys 2001:iii).

In 2001 was Kramer vas oortuig dat Sas "hom nie gaan los totdat hy 'n laaste rusplek buite die vier mure van 'n museum gevind het nie". Hy glo ook dat daar 'n "geheime bruin geskiedenis" is wat nie in geskiedenisbronne erken of aangeteken is nie (Bonthuys 2001:iii).

De Villiers beskryf *Die Ballade van Koos Sas* as 'n belangrike werk in die oeuvre van die Suid-Afrikaanse sanger en liedjieskrywer, David Kramer: "The song entailed Kramer's first foray into the creative treatment of historical material, and for that reason alone marks a key moment in his career" (De Villiers 2010:59).

Dit is duidelik dat nie slegs die tema nie, maar ook die persona van Koos Sas oor die jare vir Kramer na aan die hart lê. Toe hy in 2001 by die KKNK vertel word dat die skedel van Sas uit die museum gehaal gaan word om uiteindelik begrawe te word, het die nuus hom diep geraak, in so 'n mate dat hy vir 'n oomblik moes wegdraai om sy emosies in bedwang te kry, met trane in sy oë. Hierna antwoord hy: "Dit is die beste nuus wat ek gehoor het. Met *Die Ballade van Koos Sas*

wou ons juis die kollig plaas op die onaanvaarbaarheid daarvan dat mense se oorskot in glaskaste in museums gehou word" (Nieuwoudt 2001:9). Kramer moes egter 'n verdere twintig jaar vir hierdie geleentheid wag.

Toe Kramer vroeg in 2021 deur die Montagu Museum se bestuurder (die skrywer) gekontak is om te verneem of *Die Ballade van Koos Sas* tydens die oorhandiging van Sas se skedel aan die gemeenskap van Montagu gespeel mag word, was sy antwoord dat hy dit self by die diens sal kom sing. "En ek is baie bly ek kon dit doen en was deel daarvan. Ek is ook bly dat ek kon kontak maak met mense uit die gemeenskap. Dit was 'n goeie einde. Ek het so 'n lang pad geloop met Koos se storie dat dit al amper by my gespook het" (Le Roux 2021:2).

By die oorhandiging van Sas se skedel aan die gemeenskap van Montagu vertel Kramer dat, selfs nadat hy die liedjie *Die Ballade van Koos Sas* geskryf het, Koos bly spook het by hom, in so 'n mate dat hy besef het dat Koos "nog nie met hom klaar was nie". Twintig jaar gelede het Kramer al gepraat van "Koos Sas se spook" wat gebly kou het aan hom. Hy besluit toe om die storie verder te vertel. Hy was nie heeltemal tevrede met hoe hy die storie geskryf het nie, en beskryf dit as dat hy "effens krapperig" gevoel het oor die manier waarop hy dit destyds geskryf het (Bonthuys 2001:iii).

"Al lyk dit of die verlede afgehandel is, duur dit spookagtig voort – veel langer as die stoflike bewyse daarvan. Die museum stal 'n skedel uit, maar die legende hou Koos Sas lewend as 'n spook wat steeds die hede teister. Dit gaan nie spesifiek hier om spookstories nie, maar eerder om die feit dat Sas lewend gehou word ómdat mense die verhaal bly vertel, des te meer omdat die legende heenwys na die onvolledigheid van die weergawe in die museum. Die saak is as't ware nog nie afgehandel nie" (Slabbert & De Villiers 2011:169). Kramer verwys hier na die feit dat die skedel van Sas in die Montagu Museum uitgestal is met slegs die feite wat die verhaal (legende) weergee. Volgens hom is daar véél meer wat vertel behoort te word.

Aan die begin van sy loopbaan is Kramer gevra of hy dink dat kultuur 'n katalisator vir politieke verandering kan wees. Sy antwoord was dat hy glo die kunste die potensiaal het om lewens te verander en dat sy werk nog altyd vir hom 'n manier was om kwessies aan te spreek wat hom gepla het: "My work is essentially a process for myself. My songs are the answers to my questions" (Willemse 1988:32).

### 6.1.3 Kritiek op Kramer se 'Koos Sas' ontlok debat

Kritiek was daar wel op Kramer se verwerking van die Sas-narratief.

"Om alle twyfel uit die weg te ruim – Kramer laat nie toe dat feite in die pad van 'n goeie storie staan nie" (Malan 2008:16).

So noem Malan in haar resensie van *Die Ballade van Koos Sas*, wat by die Suidoosterfees opgevoer is, dat die vergelyking van Sas met Jesus wat van die kruis gehaal word onvanpas is, aangesien "hier tog nie sprake van enige verlosser is nie" (Malan 2008:16). Van Bart sê deur Sas te vergelyk met Christus wat aan die kruis vir die sondes van die mensdom gesterf het, wil Kramer klaarblyklik impliseer dat Sas gekruisig is vir die sondes van die blanke beskawing – "en hul sonde was dat hulle Sas gekeer het om te leef soos hy wou, sonder inagneming van die regte (en lewe) van ander" (Van Bart 2008:15).

Die kleinseun van ds WP Steenkamp, Willem III, skryf in 'n brief aan *Die Burger* in 2008 dat hy na *Die Ballade van Koos Sas* in die Baxter gaan kyk het, en dat hy "dik ontsteld" was oor wat hy gesien het. Steenkamp skryf verder: "Koos Sas was nie enigsins 'n held nie, maar 'n leegloper en geharde misdadiger wat sy lang misdaadloopbaan bekroon het met die moord op 'n jongman wat hom met kos wou gehelp het. Hy was ook nie 'n vryheidsvegter of 'n ikoon van die goeie ou dae nie" (Steenkamp 2008:2).

Steenkamp gaan verder en sê wat hom die meeste ontstel het, is die neerhalende wyse waarop na sy oupa, dr WP Steenkamp, in Kramer se opvoering verwys is. Hy skryf dat sy oupa 'n groot deel van sy lewe aan die opheffing van Namakwaland gewy het; en dat hy in sy middeljare die bediening laat staan het om hom as geneeskundige te bekwaam, omdat hy geglo het dat goeie gesondheid die fondament van arm mense se opheffing is. Hy daag selfs vir Kramer uit om die mense in die Bo-Kaap te gaan vra oor "ou dokter", wat nie 'n "afgesloofde" ekstra spreekkamer vir sy gekleurde pasiënte gehad het nie, en net 'n halfkroon per huisbesoek gevra het. Verder in die brief twyfel Steenkamp of die druk van die foto as ACVV-poskaart met sy oupa se wete gedoen is, aangesien hy 'n "etiese man" was. Vir Steenkamp is die ontstellendste van die saak dat 'n uitvaagsel in 'n held omskep word en 'n held in 'n uitvaagsel (2008:2).

Sekerlik was een van die vurigste kritici téén Kramer se blyspel dié van Martiens van Bart, ervare geskiedkundige en redakteur van die *Erfenis*-bylaag van *Die Burger* vir etlike jare. Sommer met die intrapslag meld Van Bart in die inleiding van sy artikel "Mens vs Ikoon" dat die artikel nie net die geskiedkundige agtergrond waarteen die stuk hom afspeel aanspreek nie, maar ook die "gepastheid" van Kramer se vertolking daarvan. Van Bart stel dit dat Kramer vir Sas, "'n dief, inbreker, rower en moordenaar", reeds met sy eerste weergawe van *Die Ballade van Koos Sas*, "aan die vergetelheid ontruk en tot vryheidsheld verhef het" (2008:14).

Volgens Van Bart is daar geen deernis te bespeur vir die vermoorde Botha of sy naasbestaandes nie, en ignoreer Kramer die moord op die jong Daniel Botha, en verduidelik Kramer, volgens hom, nie hoe die afsny van Botha se keel "inpas by Sas se vryheidstryd nie" (2008:15). Volgens hom gee Kramer voor dat hy met historiese feite besig was, en dat Sas "maar net soos 'n vry Boesman wou leef, en om te oorleef, hy gedwing is om misdaad te pleeg". Van Bart daag dan vir Kramer

uit dat, indien hy enige bewyse het dat dit inderdaad die geval met Koos Sas was, Kramer kultuurhistorici ‘n guns moet bewys deur sy bronne te deel, “want tot dusver kon niemand enige aanduiding van Sas se sosiaal-sielkundige menings en maatskappykritiek opspoor nie” en dat Sas se dade, deur Kramer se vertolking daarvan, ‘n ondubbelsinnige verhaal vertel. Sou Kramer nie hiertoe in staat wees nie, “word die indruk dus gelaat dat Sas as mens uit eie reg ontken word en bloot ‘n figurant is waarop Kramer sý menings projekteer. Met ander woorde: Sas se geskiedenis word met die lem van Kramer se perspektief op die verlede uitgekerf” (2008:15).

Van Bart wys uit dat in sekere kringe ‘n byna “desperate poging bestaan om enige bevraagtekening van die motiewe van ‘n kunstenaar in die kiem te smoor deur te wil bepaal dat ‘n kunswerk slegs as kunswerk beoordeel moet word: die vryheid van uitdrukking word hierdeur absoluut, dus onthef van die perke van redelikheid, wat die kunstenaar vryspreek van enige verantwoordelikheid ten opsigte van wanvoorstellings van, byvoorbeeld, die waardestelsel van ‘n bepaalde bevolkingsgroep. Diegene wat beswaar maak, word as agterlik afgemaak. Dat sodanige ‘digterlike vryheid’ rasseverhoudinge, byvoorbeeld, nadelig kan beïnvloed, word bloot geïgnoreer. Trouens, die indruk word gelaat dat die doelbewuste manipulasie van feite kreatief-treffend is, solank die teiken die polities korrekte een is” (Van Bart 2008:15).

Stan Kennedy verskil egter van Van Bart en skryf dat ‘n lyk magteloos is om te verhoed wat ná sy dood gaan gebeur: “Hy het geen beheer oor hoe historici en kunstenaars sy lewe, sy dade en dood vertolk nie.” Hy doen daarna ‘n striemende aanval op Van Bart, en vra waarom dit nodig was vir Sas om by veranderde omstandighede aan te pas. Waarom moes hy? Dis immers sy land, hy is hier gebore en getoë, en waarom kon die setlaars nie leer om by hul nuwe omstandighede aan te pas nie?” Kennedy sluit af deur te erken dat dit nie reg was dat Sas ‘n lewe geneem het nie (en dat moord nooit goedgepraat kan word nie), “maar as ons enige stuk, al is dit poësie of prosa, as kuns beskou, moet ons dit as kuns beoordeel. Al stem ons nie met die inhoud saam nie” (2008:3). Alhoewel Kennedy korrek is met sy opmerking dat ‘n mens na die dood nie beheer het oor hoe andere sy lewe en dood vertolk nie, is sy verdere opmerkings dat dit immers Koos Sas se land is en dat setlaars ook kon leer om by hulle “nuwe omstandighede” aan te pas, hoegenaamd nie deurdag nie, en tipies ook ‘n poging om polities korrek te praat. Aan die begin van die twintigste eeu was die gemeenskap van Montagu ook lankal reeds in hierdie streek “gebore en getoë” en was dit net soveel hulle land as Sas s’n. Daar was geen rede dat hulle as setlaars beskou moes word en moes “aanpas” nie.

Die rubriekskrywer Johan van Wyk sluit by die debat aan deur dit te stel dat Kramer vir Sas as ‘n “edele barbaar” en “vryheidsvegter” uitbeeld wat hom noodgedwonge tot geweld moes wend nadat boere hom van sy jagvelde ontneem het. Van Wyk skram nie weg van ‘n geniepsige asook persoonlike aanval op Kramer nie: “Vir boere wat onder plaasmoorde en misdaad ly, sal die Engelse Joodjie van Seepunt [Kramer], wat lekker geld maak uit die taal, kultuur en geskiedenis

van naïewe, goedgelowige, swak ingeligte Afrikaners belaai met valse skuldgevoelens oor hul apartheidsverlede, se heldeverering van ‘n wrede moordenaar ‘n bitter pil wees” (2008:55).

Nogtans is daar skrywers soos Pieter Pretorius wat Kramer loof vir die werk wat hy met Sas as tema gedoen het: “Die feit dat David Kramer die lied geskryf het nadat hy Koos Sas se skedel in die museum gesien het en dat hierdie liedjie my geïnspireer het om ‘n draaiboek vir ‘n film hieroor te skryf gaan gepaardgaande [sic] met die ongelooflike sorg wat julle [Montagu Museum] in die museum vir Koos Sas versorg en bewaar het. Hiervoor ‘n groot bravo vir die goeie kurators wat nog oral in ons land sulke ongelooflike werk doen” (Pretorius 2021: e-poskommunikasie).

Uit die bostaande inligting is dit duidelik dat die wyse waarop David Kramer met die historiese karakter Koos Sas omgegaan het, ‘n debat ontlont het – ‘n debat wat nodig was in die tyd waarin dit gewoed het. Terselfdertyd het dit bygedra tot die publiek se persepsie van die nalatenskap van Koos Sas.

Anders as die ander karakters waarna in die vorige hoofstuk verwys is, het die blootstelling wat Kramer se werk aan Sas gebied het tot gevolg gehad dat selfs méér druk daarop geplaas is om menslike beendere van uitstallings te verwyder. Kramer glo dat die kollig wat die kunste op die verhaal van Koos Sas laat val het, daartoe bygedra het dat sy oorskot uit die museum verwyder en aan die gemeenskap waaruit hy kom, oorhandig is. “Dit wys ná dekades, die invloed van die kunste. Ná 2001, toe niks gebeur het nie, het ek regtig gedink niks gaan ooit gebeur nie” (Le Roux 2021:3).

Die projek wat die Wes-Kaapse Museumdienste van stapel gestuur het om alle menslike beendere in hul museums se versamelings te begrawe (hoofstuk 3), was grootliks daarvoor verantwoordelik dat die skedel van Sas in 2021 begrawe is. Nogtans kan dit nie ontken word dat die werk van David Kramer ‘n invloed gehad het op die nalatenskap van Koos Sas nie, soos in hierdie afdeling uitgewys is.

## 6.2 SKRYWERS WAT NA KOOS SAS VERWYS

Alhoewel daar hoofsaaklik in hoofstuk 2 reeds na skrywers soos Abraham de Vries, George Weideman, Kirby van der Merwe en Lawrence Green, wat in ‘n mindere mate die naam “Koos Sas” in van hul publikasies gebruik het, verwys is, is dit nodig om hier ander skrywers wat meer spesifiek en meer breedvoerig van die naam “Koos Sas” gebruik gemaak het, te noem. Dit is belangrik omdat die gebruik van Sas se naam noodwendig ‘n invloed op sy nalatenskap het.


### 6.2.1 Breyten Breytenbach – *Dog Heart*

Daar is ook reeds verwys na Breytenbach se semi-outobiografiese werk, getiteld *Dog Heart* wat meestal handel oor sy jeugjare in die Boland. Die skrywer begin die hoofstuk, Koos Sas, met die volgende sin: "Koos Sas lies close to the surface for the Montagu population." Hy skryf dat die ouer mense "stukkies" van die stories oor Sas nog goed onthou - soos vertel deur die voorouers, of gehoor in die skadu van die "talk tree" (1998:133).

Breytenbach, wie se ouma die legendariese vroedvrou Rachel Susanna Keet van Montagu was (hy dra ook die boek aan haar op), skryf daar is aan hom vertel, toe hy nog 'n kind was, dat hy in die berge gevind is. Hy verduidelik dan hoe dit werk – dat jou ouers iemand sou stuur om jou te gaan haal: "… somebody like Koos Sas, who runs fast and invisible like the wind, and who is an inheritor of the old knowledge". 'n Klein bobbejaantjie word dan in die berg gevang en al skreeuende huis toe gebring, waar die vroedvrou dan sy hare in kokende water afkrap en sy stert afkap: "…and there you are, wrapped in a towel and ready to be presented to your mother!" (1998:133).

> "Some people say he [Koos Sas] moves through the veld with the baboons, he speaks their tongue fluently, but because he has stolen so many of their kind, they don't warn him about his persecutors" (Breytenbach 1998:137).

Daniel Botha (Boetatjie) word deur Breytenbach in sy boek beskryf as 'n drie-en-dertigjarige oujongkêrel wat korterig van postuur is, tot so 'n mate dat net die boonste deel van sy bolyf oor die toonbank sigbaar was (Breytenbach 1998:135). Die moord op Botha word in groteske besonderhede deur Breytenbach weergegee. Volgens sy weergawe word Botha se kop onder andere deur Sas met laasgenoemde se "sheep-skinning Joseph Rodgers" afgesny en dan op die toonbank geplaas, sodat verbygangers mag dink dat die eienaar slegs besig is om te "daydream". Breytenbach skryf dat ene Boy Hugo later die aand dronk by die plaaswinkeltjie opgedaag het, en toe strompelend met die buitetrap op is om in die solder sy roes te gaan afslaap. Die volgende oggend het Hugo agtergekom dat iets verkeerd is: "Only the next morning does he notice something amiss, there are too many flies in Boetatjie's mouth, he gallops off to go call the police" (1998:136).




***Figuur 6.5:*** *Die voorblad van Breytenbach se boek, Dog Heart (Faber & Faber 1998)*

Breytenbach onthou voorts dat hy iewers 'n foto van Sas in 'n koerant gesien het waar hy op sy knieë staan, vasgehou aan beide arms deur swaargewapende jagters, wat die beeld oproep van 'n aasvoël waarvan die vlerke gemeet word. Hierdie beeld vergelyk Breytenbach voorts met 'n Viet Cong-soldaat: "… smoked out of a tunnel in the earth, or simply the cold Che Guevara presented by peasant conscripts to the camera for debunking and disenchantment" (1998:134). Hierdie beskrywing van Breytenbach verwys natuurlik na die sogenaamde ACVV-poskaart van Koos Sas, waar sy lewelose liggaam deur lede van die polisie (onder andere Jurie Dreyer) regop gehou is vir die neem van die foto deur ds Steenkamp se seun Willempie.

Van die ander beweringe wat in Breytenbach se boek voorkom, is dat Sas se vrou swanger was toe sy en Sas gevang is – en dat dít die rede was waarom sy nie kon byhou toe hulle dorp toe geneem is nie (soos beskryf in hoofstuk 2). Breytenbach skryf ook dat Sas tydens die verhoor (voordat hy na die George-gevangenis gestuur is) as 'n gewoontemisdadiger verklaar is ("Koos Sas is given the jacket") en om daardie rede tot harde-arbeid gevonnis is (soos beskryf in hoofstuk 2). Sas word soos volg beskryf ná sy ontslag uit die George-gevangenis: "By now he is a toughened man, still with the same ravenous lust for meat, but as well with no trace of mercy for his own kind" (Breytenbach 1998:134,135).

Die bedoeling van die voorafgaande sin kan moontlik daarop dui dat die periode wat Sas in die George-gevangenis deurgebring het (‘n groter tronk, tussen meer geharde misdadigers) veroorsaak het dat hy sodoende verhard het – van bloot ‘n skaapdief tot ‘n moordenaar. Breytenbach kan met die frase “no mercy for his own kind” bedoel dat Sas daarna geen (of minder) gevoel meer vir sy medemens getoon het nie, en dus in staat was om moord te pleeg. ‘n Verdere afleiding wat gemaak kan word, is dat Breytenbach Sas probeer verontskuldig deur te beweer dat dit om hierdie rede die geregsowerhede se skuld was dat Sas verhard het, en dit moontlik die rede was waarom hy kort daarna ‘n moord gepleeg het.

Breytenbach sluit die hoofstuk oor Koos Sas af deur te skryf dat Sas se skedel weer eindig op Montagu: “Nobody wants it. Reverend Boesak’s daughter comes to the museum to ask for the relic. It belongs to her people, she says; it deserves proper burial. The curator’s blue eyes are very big behind her glasses. The skull? Oh, that one! Now where could it have gone?” (1998:139).

In die studie kon geen bewyse gevind word vir enige van die beweringe wat deur Breytenbach gemaak word nie, byvoorbeeld dat Sas Boetatjie se kop op die winkeltoonbank geplaas het; dat Sas tot ‘n gewoontemisdadiger verklaar is of dat “Reverend Boesak” se dogter op ‘n stadium in die Montagu Museum na die skedel kom soek het en dat daar aan haar gesê is (deur die blouoogkurator) dat sy nie op daardie stadium met sekerheid kon sê waar die skedel was nie.

Dit is baie duidelik uit bogenoemde dat Breyten Breytenbach die verhale oor Koos Sas wat in die Montagu-distrik in omloop is op ‘n kreatiewe manier ingespan het. Dit wil verder voorkom asof die gedeelte in *Dog Heart* wat oor Koos Sas handel, ‘n sameflansing van feite en fiksie is wat Breytenbach bloot gebruik het om op ‘n kunssinnige en kreatiewe wyse uiting te gee aan die stories wat oor Koos Sas in omloop was.

### 6.2.2 Colin Johnson – *Two Tangled Trees*

Die afgetrede akademikus prof Colin Johnson, wat tans (2023) in die tolhuis in Cogmanskloof woon, het ‘n boek oor sy voorsate geskryf. Daarin beweer hy dat, ná die moord op Boetatjie Botha, ‘n storie die rondte gedoen dat Koos Sas besig was om dassies met sy pyl en boog te skiet op die dag van die moord, en dat die bloed van die dassies op sy klere daartoe gelei het dat hy verbind is met die slag van skape in die distrik en dus ook met die moord op Botha. Oor Sas se dood in 1922 skryf Johnson soos volg: “Rumours have it that five years later Constable Jurie Dreyer confronted Sas on the farm Droodaap near Springbok. Eventually on 8 February 1922 he managed to shoot him” (2019:70). Johnson beweer dus dat dit nie as feite gestaaf kan word dat Dreyer vir Sas doodgeskiet het nie, maar dat dit slegs aan gerugte toegeskryf kan word. Johnson se volgende sin lui: “Gossip that made the rounds said that it was not Constable Dreyer that shot Koos Sas but a San shepherd” (2019:70). Weer eens word die werklike feite as skinderpraatjies

afgemaak. Die “San-skaapwagter” het skynbaar gemaak of hy nie weet wie Sas is toe dié by hom spog oor hoe ‘n goeie skut hy was met die geweer wat hy by hom gehad het nie. Toe Sas hierna vir die skaapwagter wys hoe die geweer werk en dié hom vra of hy ‘n skoot kan skiet, het hy vir Sas doodgeskiet. Johnson skryf dat, nadat hy dié storie by “Pappie" gehoor het, hulle twee die museum op Montagu besoek en Sas se skedel daar op uitstalling gesien het. By die skedel was die foto van konstabel Swanepoel en twee “Hottentots”, Darius en Witbooij [die twee spoorsnyers wat die voortvlugtige Sas opgespoor het] wat die dooie Sas se hande ophou “as if crucified” (2019:70). Op die vraag waar hy aan sy inligting oor Sas kom, was Johnson se antwoord: “Van die mense op die straat” (Johnson 2019: onderhoud).

Dit kan aanvaar word dat die weergawe wat aan Johnson vertel is met betrekking tot die doodskiet van Koos Sas deur die “San-skaapwagter” verwys na die doodskiet van Gert April. Die beskrywing toon ooreenkomste met die wyse waarop April van agter (op lafhartige wyse volgens sommige) doodgeskiet is (soos beskryf in hoofstuk 4).

### 6.2.3 Francois Botma – Ceres van Gister en Eergister

Alhoewel nie ‘n fiktiewe roman of ‘n publikasie wat gegrond is op familienavorsing nie, bevat Botma se boek, wat fokus op kontreiverhale van die Ceres-omgewing, heelwat materiaal wat na Koos Sas verwys. Daar word onder meer na Sas as “dié legendariese figuur” verwys en die boek bevat ook interessante inligting in verband met die tyd wat Sas in daardie omgewing deurgebring het (1997:165).

Volgens Botma was Sas op soek na werk in die Montagu-omgewing waar “hy tussen 1917 en 1922 die meeste van sy manewales aangevang het” (Botma 1997:166). Hierdie gedeelte is natuurlik nie korrek nie, aangesien Sas reeds in 1917, ná die moord op Botha, die Montagu-distrik verlaat het. Wat betref die moord op Botha, skryf Botma dat Botha vir Sas “teësinnig” in diens geneem het, maar hom dieselfde dag weer “in die pad gesteek het”, omdat Sas sy werk nie behoorlik gedoen het nie. Sas is “brom-brom” daar weg en het eers ‘n rukkie “agter ‘n bos gaan lê” totdat die winkel gesluit het, met Botha wat steeds binne doenig was. Hy is toe terug na die winkel om “bietjie meel by Boetatjie te bedel”. Toe Botha buk om die meel uit te skep, het “Koos hom met ‘n stuk hout ‘n geweldige hou oor die kop geslaan en daarna sy keel afgesny” (Botma 1997:167,168). In hoofstuk 2 word oor die moordsaak op Montagu berig. Alhoewel van die getuienis getoon het dat Botha wel besig was om meel te skep (aangesien daar meel op die skaal was toe sy lyk gevind is) is dit ook deur ‘n paar getuies bevestig dat daar ‘n bebloede hamer langs die lyk op die vloer gevind is. Botha is dus met ‘n hamer doodgeslaan, en nie ‘n stuk hout, soos Botma beweer nie. Botma skryf dan dat Koos Sas (ná die moord op Botha) na Namakwaland gevlug het, waar hy vir vyf jaar “spoorloos” verdwyn het. Hy word gedurende hierdie tyd voëlvry verklaar (Botma 1997:168). Soos ook in hoofstuk 2 aangedui, was daar niemand anders

teenwoordig op die tydstip dat die moord plaasgevind het, of kort voor dit nie. Dit is dus nie moontlik dat enigiemand kon geweet het dat Sas "brom-brom" daar weg is en eers agter 'n bos gaan lê het nie. Dit is duidelik dat daar reeds baie kort na die moord op die werklike feite geborduur is en dat daardie stories versprei het en oorgedra is.

Die skrywer beweer verder dat daar vele weergawes "van Koos Sas se bedrywighede bestaan – soos dit nou maar met oorgelewerde geskiedenis gaan" (Botma 1997:165). Hy haal dan vir "Ant Naomi van der Merwe" aan wat "vroeër op die plaas Langrivier in die Ceres-distrik woonagtig was" en wat nie altyd saamstem met die weergawes van Sas se doen en late, soos in die "koerantknipsels" van Montagu Museum weergegee word nie. Volgens "Ant Naomi van der Merwe" het Sas na Lewies (Louis) Hanekom se plaas Kunje in die Koue Bokkeveld gevlug ná die moord op Botha. Sy vertel dat sy om en by tien jaar oud was, en skoolgegaan het by Bo-Bokfontein se plaasskool, toe die kinders eendag met pouse vir Koos Sas verby die skool sien stap het. Volgens haar het hy 'n swart baadjie en 'n ligte broek aangehad met 'n goue horlosie aan sy arm. Die kinders het hom met 'n "Môre, Outa" gegroet. Hy het terug gegroet en met hulle gesels. Van der Merwe vertel dat een van haar vriendinne, Lena van der Merwe, se oupa ook op dié dag daar verby gekom het en aan Sas gesê het: "Mag, maar jy het mos 'n lekker horlosie aan die arm!" Omdat die koerante volgens Botma destyds eers 'n maand ná publikasie daardie geweste bereik het, het niemand op daardie dag al geweet dat die polisie op soek was na Sas nie, alhoewel hulle al sy naam gehoor het (Botma 1997:169). Dit is hoogs onwaarskynlik dat koerante 'n maand na publikasie eers in Ceres sou verskyn – dit kon hoogstens 'n paar dae geneem het om dit van Kaapstad na Ceres te vervoer.

Van der Merwe vertel verder soos volg: "Toe die Hanekoms van Kunje uiteindelik die koerant met die kiekie van Koos Sas daarop in die hande kry, het hulle vir die eerste keer van die moord te hore gekom. Daar het ook in die koerant gestaan dat Koos Sas 'n merk op sy voorarm gehad het. Kyk, 'n moord was mos in daardie dae 'n vreeslike ding en, soos die nuus versprei het, het die mense al banger geword vir die moordenaar in die omloop. Dit was daardie einste dag toe Koos Sas by ou Oom Lewies aangekom het en hom gevra het of hy maar daar by die kleurlinge op die plaas mag slaap. Toe die oom inwillig, sê Koos Sas dat hy dan so honger is en of die oubaas dan nie tog vir hom 'n stukkie brood het nie. Hulle gee toe vir hom 'n stuk brood en met dié dat hy sy hand uitsteek om dit te vat, eien hulle hom as Koos Sas, die moordenaar, aan die merk op sy arm. Maar hulle het maar vir eers niks gesê nie, en Koos het by een van die kleurlinge in dié se stroois gaan slaap. Theunis, Oom Lewies se seun van so agtien-neëntien jaar oud, was 'n sterk man, en sy een suster, Hessie, moes jy ook nie met die kaal hande aanpak nie. Dié twee besluit toe om Koos Sas die nag te gaan vastrek, maar toe hulle die stroois se deur oopmaak, staan Koos klaar op sy voete. Hulle sê toe vir hom dat hulle hom kom vang en probeer toe om hom te pak, maar Koos was so sterk soos 'n os en het vreeslik terugbaklei. Theunis was egter te sterk

vir hom, want sien, in daardie dae het die boere nog self gewerk en was sterk mense, en buitendien het die voorjong op die plaas ook nog vir Theunis geleer om hand te speel. Hulle het Koos uiteindelik oorrompel en vasgebind. Koos Sas weet toe vir Hessie te vertel dat daar waar hulle twee weer mekaar ontmoet, die gras nooit weer sal groei nie, en dat sy maar moet weet dat hy weer sal loskom. Die volgende oggend loop die storie toe op die plaasskool dat Theunis en Hessie Koos Sas gevang het, en sowaar, met 'play time' kom die perdekar, met Koos agterop vasgemaak, daar verbygery. Hy is na die veldkornet, wat op Onder-Bokfontein gewoon het, en ook die naam Sarel du Toit gedra het, geneem (die veldkornet was 'n neef van Sarel Breekbeen en die pa van Piet Pikkadellie). Net die gedagte dat ons nog die vorige dag met Koos Sas gestaan en gesels het, het ons die horries gegee" (Botes 1997:170).

Dr Andrew Kok verwys na inligting wat hy vanuit sy notas oor sy oupagrootjie, veldkornet CPJ du Toit van die Koue Bokkeveld, gevind het wat aansluit by die gedeelte hierbo. Hy skryf ook dat Sas deur Lewies Hanekom en sy seun Theunis in 1917 herken is vanaf 'n foto wat in die koerant verskyn het. Sas is gevang en in die sorg van veldkornet Du Toit gelaat om hom Ceres toe te neem. Kok beskryf die gebeure wat daarna plaasgevind het soos volg: "Die volgende dag het Oupa vir Koos Sas op die kapkar gelaai en vertrek. Op Elandsfontein het hulle by Piet Hugo aangery om die perde te rus. Piet vra toe vir Oupa of hy nie bang is dat Koos hom sou oorweldig nie, waarop Oupa sy pistool aan Piet wys en sê dat hy jammer sou wees. Hulle hervat toe die reis maar by die bruggie in Gydopas vra Koos vir Oupa om stil te hou sodat hy net sy bene kan rek. Min het Oupa geweet dat Koos intussen daarin geslaag het om sy hande los te kry. (Hy het glo besondere klein handjies gehad). Die volgende oomblik kies Koos die hasepad en verdwyn tussen die bosse" (Kok 2021: e-poskommunikasie).

In hoofstuk 2 word ook na 'n voorval verwys waartydens Koos Sas op soortgelyke wyse (soos beskryf in die vorige paragraaf) uit die hande van die gereg ontsnap het. Dit is moontlik dat hierdie nog 'n voorbeeld is waar gebeure wat in die verlede afgespeel het, in hierdie geval langer as 'n eeu gelede, deur mondelinge oorvertellings met mekaar verwar word. In hierdie geval kon dit ook moontlik deel van Sas se *modus operandi* gewees het – om sy hande uit die boeie te wikkel en dan te versoek dat daar stilgehou moes word sodat hy sy litte 'n bietjie kan rek, waarna hy hom dan uit die voete maak.


Nadat die mense gehoor het dat Koos Sas weer eens uit aanhouding ontsnap het en op vrye voet was, het 'n vrees die gemeenskap beetgepak. Theuns se susters het "vir hom gemaak by hulle in die kamer slaap, want nou moes hulle bymekaar bly". Maar Koos Sas het nooit weer teruggekeer na die plaas nie. Die mense het gehoor dat hy blykbaar daar weg is Clanwilliam toe en daarvandaan verder Vanrhynsdorp toe (Botes 1997:170).

Volgens Van der Merwe het Koos Sas onder ander omstandighede aan sy einde gekom: “So kort by ‘n koppie daar naby Vanrhynsdorp was daar ‘n dam waar Koos Sas eendag kom water haal het. Ek weet nie watter soort werk hy gedoen het nie, maar toe hy by die dam kom, gewaar hy perderuiters daar naby. Toe hy sien dat dit polisiemanne was, het hy dadelik gevlug. Maar die polisie het hom gesien en op hom begin skiet, want hy was mos voëlvry verklaar. Elke keer as hulle hom raakgeskiet het, het hy so ‘n sprong van klip tot klip gegee, so het iemand vertel. Maar die polisie het hom al op sy bloedspoor langs gevolg totdat hulle hom daar doodgeskiet het. Toe hulle sy lyk daar optel, het hy nog Botha se baadjie aangehad, want dié se naam het nog duidelik agter in die nek van die baadjie gestaan” (1997:170,171).

Botes skryf dat “Ant Naomi” se weergawe van die storie van Koos Sas ook deur ander bejaardes in die kontrei beaam word: “maar elkeen het sy eie draaitjies en tierlantyntjies wat bygelas word” (1997:171).

### 6.2.4 Piet van Rooyen – *Gif*

Die akademikus en romanskrywer Piet van Rooyen se boek *Gif* is die enigste voorbeeld van ‘n boek of storie waar Koos Sas as ‘n fiktiewe karakter aangewend word. Die storie is ‘n donker verhaal wat afspeel in die dorre woestynlandskap van Namibië en toon verskeie ooreenkomste met die werklike Koos Sas en sy dade.




***Figuur 6.6:*** *Voorblad van die boek Gif, deur Piet van Rooyen (Protea Boekhuis 2001)*

In die verhaal word ‘n groepie reisigers deur ‘n bende Boesmans agtervolg. Die leier van die Boesmans word soos volg beskryf: “Die Boesmans het tog ons spore gekry. Skielik is hulle daar; twee mans en drie vroue, elk op ‘n donkie […] Die lang Boesman, die donker een, die een met die wrede gesig moet Afrikaans verstaan … die een met die wrede gesig … [hy] het die voorkoms en houding van ‘n kryger. Daar is iets dierlik, iets wreed omtrent sy gespierde lyf en sy strak gelaatstrekke…[hy] is nie mooi nie. Hy het ‘n diep frons bokant die wenkbroue en groot, kaal lappe tussen sy korrelhare met ‘n haarlyn wat te laag oor die voorkop strek. Sy nougetrekte oë is geel en die are is sigbaar. Hy het klein, skerp oortjies, ‘n breë, plat neus en dik lippe wat boontoe trek met twee eelte aan sy mondhoeke. ‘n Misplaaste plooi keep oor die middel van elke wang. Op sy bors, reg bokant die hart, is daar ‘n eienaardige sirkel opgehewe littekens. Ek het eenkeer ‘n ou foto gesien van ‘n berugte veedief en moordenaar, Koos Sas, dink ek meteens. Dis mos die einste Koos Sas hierdie!” Later op dieselfde bladsy haal die Sas-karakter ‘n ou patroondop uit sy sak om as pyp te dien: “Dis ‘n baie ou patroon, ‘n voudop-martini-henry wat in ‘n vorige eeu in hierdie wêreld afgeskiet moet gewees het” (Van Rooyen 2001:60,61). Die verwysings na die Martini-Henry sowel as “in ‘n vorige eeu” stem ooreen met die geweer wat Jurie Dreyer gebruik het om Sas in 1922 mee dood te skiet.

So is daar nog verskeie ooreenkomste in die verhaal wat aan die historiese karakter Koos Sas herinner. Op ‘n stadium word die leier van die Boesmans deur die groep gegryp en onderstebo aan ‘n tak met rieme vasgemaak om met die “dryfsweep uitgelooi” te word. Die beskrywing nét nadat hy gegryp word, lui: “Dit verbaas my dat hy hom glad nie verset of probeer losruk nie. Hy hang net slap tussen hulle arms en kyk met sy dooie oë, net soos ek hom van die foto’s af onthou” *(*2001:65). Ná die afranseling, kom die Boesman weer stadig op sy voete, en begin afgemete ‘n paar sinne aframmel: “My gif sal julle nooit los nie. Dit loop met julle saam. Nou het julle die pad vir julself laat doodloop!” (Van Rooyen 2001:65,66). Verder in die verhaal sê een van die karakters ook, verwysend na die “Sas-Boesman”: “Ek ken sy soort. Hy is ook aan die vlug, ‘n mens kon dit in sy oë sien … hy het net soveel rede soos ons om vir die dieners bang te wees” (Van Rooyen 2001:69).

Die hoofkarakter in die verhaal vertel later aan die res van die groep waarom hy die lang Boesman “Koos Sas” noem (hiérdie Boesman, die lang een, word dan ook verder in die verhaal só genoem). Toe die hoofkarakter gevra word wat dan nou so wonderlik omtrent Sas was, antwoord hy: “Hy kon enige perd weghardloop, ‘n perd kon hom nie vang nie” (Van Rooyen 2001:78)*.* Vervolgens word Sas deur die verteller beskryf: “Sas … Hy was ‘n ou skelm van die vroeë tyd, ‘n veedief en ‘n rower daar in Suid-Afrika se Boesmanland toe daar nog Boesmans in Suid-Afrika was voor die Boere hulle uitgeskiet het.” Koos Sas word voorts beskryf as ‘n groot jagter wat baie skape gesteel het. Daar word vertel hoe hy ‘n dominee se seun vermoor het, en doodgeskiet is in die klipkoppe by Droëdap, waarna sy liggaam uitgestal is vir almal om te sien. Foto’s is van hom

geneem en vir liefdadigheid verkoop – waarvan die opkoms daarvan vir die ACVV, Namakwaland, gegaan het. Hy vertel dat hy self die foto gesien het van Sas wat tussen die “poliesmanne” hang met die gat in sy bors en sy hemp vol bloed. Hy sluit dan af, verwysend na die Boesman in die woestyn wat hy glo ‘n vloek op hulle uitgespreek het (Van Rooyen 2001:77,78).

“Dat Sas so oorlams kon wees! Hy het die saal en toom so te sê onder my kop kom uitsteel. Dalk moet ek dankbaar wees hy het nie ons kele kom afsny nie. Dit kon hy maklik gedoen het” (Van Rooyen 2001:168). Dit gebeur dan ook later in die verhaal, as die Sas-karakter en sy meeloper Dahm een van die groep keelaf sny. Die lyk word op die roete gelaat: “’n doodsteken vir ons om te kry, om ons die skrik op die lyf te ja … hulle doen dit juis so kordaat om ons te koggel. ‘Die bliksems. Die bliksem,’ bly Frans onderlangs mompel, ‘Die bliksemse Sas’” (Van Rooyen 2001:173).

Aan die einde van die verhaal, terwyl die verteller op ‘n stadium op Sas se spoor is, sien hy in sy gedagtes hoe Sas met die koeëlwond in sy sy aan die dieners se arms hang: “… sy oë groot oop en vol vrede, alle skuld uitgewis, alle vergelding afgedaan, die bloed lank reeds van sy hande afgewas” (Van Rooyen 2001:199). Ná dae se agtervolging is die verteller egter na aan die einde van sy kragte, oorweldig deur honger en dors: “Ek kan skaars tussen lig en donker onderskei; in elk geval niks meer as dit nie – geen lewe, geen beweging, geen kleur nie” (Van Rooyen 2001:199).


Van Rooyen se boek *Gif* word beskryf as veel meer as ‘n avontuurverhaal; dit behandel ook die mens se soektog na betekenis en innerlike genesing. "Die gif waarna die titel verwys, is ’n ambivalente simbool: dit hou lewensgevaar in, maar dis ook ’n gawe, dit bied die moontlikheid tot redding; lewe en sterwe is trouens nou met mekaar verbonde” (Internet: Terblanche 2021). Die skrywer het met verwysing na die titel van hierdie boek die volgende gesê: "Gif bring dood én lewe. Gif is ook teengif, soos die mooie, oftewel kuns, ’n teengif teen die dood is" (Internet: Terblanche 2021).

Bogenoemde is van belang as in ag geneem word dat die verteller van die verhaal aan die einde deur Koos Sas met ‘n pyl doodgeskiet word: Sas verskyn die volgende oomblik op die merrie se rug: “… so hoog dat ek teen die son in na hom toe moet opkyk, na die perdemens met die pyl en boog in die hande”. Wanneer die verteller dan dink dat Sas gekom het om hom genadig te wees, hom te kom red van “hierdie onontkombare dors”, prewel hy: ‘Dankie, Sas. Jy het gekom. Jy het my nie laat staan nie. Jy het gekom om met my af te reken, om met my klaar te maak’. Daar is ‘n sagte swiepgeluid, ‘n pyl wat vlieg, ‘n skerp pyn in my maag, bo die dors uit” (Van Rooyen 2001:200)

Die uiteinde van *Gif* is dat Koos Sas wraak neem op die groep mense wat hy al verder die woestyn indryf. Die verwysings na die historiese Koos Sas kan ook geensins toevallig wees nie. Die skrywer is duidelik vertroud met die verhaal van Koos Sas, en hy wend van die (werklike) feite direk in sy roman aan. Lesers wat nie vertroud is met die verhaal van Koos Sas nie, mag geprikkel word met die beskrywings en verwysings na hom in die verhaal, en mag dus poog om meer uit te vind oor die volle, werklike verhaal van Koos Sas – sodoende word die nalatenskap van Sas deurentyd beïnvloed.

### 6.2.5 Pieter Pretorius – *Die Ballade van Koos Sas*

Meer onlangs, in 2020, het die filmmaker, Pieter Pretorius se roman *Die Ballade van Koos Sas* verskyn. Voorin die boek staan die volgende onder "Vrywaring" geskryf: *Die storie is geïnspireer deur ware insidente. Name en plekke is verander om mense te beskerm.*




***Figuur 6.7:*** *Voorblad van die boek Die Ballade van Koos Sas, deur Pieter Pretorius (Self publikasie 2020)*

Op die agterblad staan gedruk: Koos Sas, Khoi plaaswerker op Touwsrivier, smag na die Vryheid wat sy voorouers gehad het. Terwyl hy dros van sy werk op die plaas, kom hy tot die besef dat Suidelike Afrika nou opgedeel is in plase, wat aan individuele eienaars behoort.

Britse imperialisme en die mag van die gereg bring hom in botsing met die samelewing. Kort voor lank word hy berug in die kolonie. Sy situasie word oornag gekompliseer met die ontmoeting van ‘n Khoi meisie wat self op soek is na vryheid. Die soeke na vryheid word vererger deur Koos se kortstondige miskenning van die mitologie van die Khoi, wat hom op ‘n dwaalspoor plaas.

Volgens die skrywer het sy inspirasie om die verhaal van Koos Sas en die Khoi-San te vertel, gekom ná ‘n besoek aan die Montagu Museum in 2018 (Pretorius 2021: e-poskommunikasie).

Alhoewel die verhaal van Koos Sas as tema vir die roman gebruik word, word die feite in so ‘n mate skeefgetrek dat dit bykans onmoontlik is om die ware gebeure te herken. Die doel van dié studie is nie om ‘n ontleding van Die Ballade van Koos Sas te maak nie, maar dit is nodig om kortliks Pretorius se weergawe binne konteks te plaas.

Aan die begin van *Die Ballade van Koos Sas* word beskryf hoe Koos Sas tydens ‘n jag op die spoor van ‘n springbok is. Hy word beskryf as ‘n ses-en-twintigjarige jongman wat “al die nuanses en gewoontes van die Boesman” vanaf ‘n jong ouderdom onder sy pa se leiding aangeleer het. Sas skiet die bok met ‘n pyl uit sy boog; die ou ram spring egter op en begin hardloop: “Die gif in die pyl begin deur sy bloed versprei en na ‘n halwe kilometer slaan die ram neer in die veld.” As Sas die dooie bok in ‘n droë rivierloop vind, hurk hy by die dier en vryf sy hande oor hom, “… en voer ‘n tradisionele dans uit om die bok om respek te toon vir Kaggen – die groot heerser wat alle diere gemaak het” (Pretorius 2020:2).

Terwyl Sas langs die Touwsrivier gereed maak om die bok af te slag, word hy verras deur die eienaar van die plaas, Jan Geldenhuys, wat van sy swart hings spring en vir Koos klap dat hy op die grond val: “Jou bliksem, steel my wild en los die skape in die veld!” snou hy Sas toe. Sas se ma Nonna probeer tussenbeide tree, maar Geldenhuys haal ‘n droë stuk pap uit sy saalsak en gooi dit vir haar met die woorde: “Hier is julle kos, Boesman.” Koos probeer sy ma help, maar word deur die boer met die dwarshand oor die bors geslaan dat hy weer eens op die grond beland. Jan Geldenhuys neem dan sy jagmes en sny Koos se lendekleed af en gooi dit in die vuur, met die woorde: “Afrika behoort nie meer aan die Boesman nie, pikanini, julle tyd is verby” (Pretorius 2020:3,4).

Ene Cornelius Esterhuizen is die eienaar van ‘n “padstal” wat hy opgerig het op die plaas Wit Pan. Hy word beskryf as klein van gestalte, wat dit moeilik vind om die meelsakke rond te dra met sy kort arms. Dit herinner sterk aan die beskrywing van Boetatjie Botha. Esterhuizen bied vir Sas werk aan by die padstal. Op ‘n Sondagoggend word Sas opdrag gegee om te sorg dat die varke,

wat naby die padstal wei, nie in die winkel kom en die meel opvreet nie. Die volgende oggend vind die padstaleienaar egter dat die varke die sakke meel in die winkel oopgeskeur en als opgevreet het, met mis en meel wat oor die vloer gesaai lê. Alhoewel Koos Sas om verskoning vra, word hy eers geklap en daarna by die deur "onder sy sterre" deur Esterhuizen geskop. Sas neem dan 'n stomp wat by die voordeur lê en gaan terug by die winkel in en slaan vir Esterhuizen van agter oor die kop. Die toneel wat volg, word soos volg beskryf: "Koos, skielik blind van woede, gryp 'n mes van die tafel af. Hy buk oor die bewustelose Cornelius, gryp hom agter aan sy hare en ruk sy kop op. 'Kom ons kyk wie is nou die vuilgoed.' Hy vat die mes en sny Cornelius se nek oop van oor tot oor. Die bloed begin 'n straal uit sy slagaar spuit en Koos staan op, bebloed, en steek die mes in sy sak. 'Niks meer te sê nie, wit slang?' Hy buk weer oor Cornelius, trek sy onderbaadjie uit en trek dit vir homself aan. Skuins op die raam van die venster van die padstal sit daar ongesiens 'n hottentotsgot, besig om die moord dop te hou. Koos draai om en loop uit die vertrek uit" (Pretorius 2020:89,90,92,99-101).

Koos Sas word uiteindelik deur ene konstabel Danie Olwagen op die plaas Blinkklip naby Kamieskroon, doodgeskiet. Die gebeure word soos volg beskryf: "Danie het die val van die patroon korrek geskat teen die hoogte waar sy teiken hom bevind. Die patroon penetreer Koos op die agterblad wat veroorsaak dat die projektiel die liggaam tref, stadig draai en onherstelbare skade aan die organe en are veroorsaak. Die gevolg is dat Koos vorentoe geslinger word deur die slag en neerslaan op 'n rotsplaat – morsdood" (Pretorius 2020:141,149,150).

Pretorius vervolg dan: "Die Khoi praat oor millenniums van die twee hongers in hulle lewe. Die eerste een is die soeke na kos om hom aan die gang te hou. Die kleiner honger in sy lewe is die soeke na die rede waarom hy lewe. Wanneer die soeke nie bevredig word nie, maak dit die persoon baie bitter. Hy kan nie sy doel in die lewe behaal as hy nie weet wat dit is nie. Koos se siel was nooit bevredig nie en hy was altyd opsoek na sy lewensdoel. Uiteindelik was hy maar net 'n pion van die nuwe heersers van sy wêreld" (Pretorius 2020:150).

As ene dominee Pieterse en sy seun Willem by die toneel opdaag en die konstabel hom vra wat hy in daardie geweste maak, antwoord die dominee: "Besig met my stokperdjie, jy weet mos – soek na bene" (Pretorius 2020:151). Die dominee komplimenteer dan die konstabel op die "netjiese skoot". Willem neem dan foto's van die dooie Sas, wat in 'n sittende posisie getrek word – waarna die lyk "sonder enige emosie in die graf gewerp en toegegooi word" (Pretorius 2020:152).

Die telegrafis by die poskantoor op Springbok, ene Jan van Staden, daag dan op 'n latere stadium by konstabel Olwagen se kantoor op met 'n "dokument" wat vanaf Montagu gestuur is – dit lees soos volg:

*Van: Montagu Munisipaliteit*

*Ds. Hattingh*

*Aan: Polisiekantoor – Springbok*

*Konstabel Danie Schoeman* [Olwagen]

*Hiermee wil ons u net gelukwens met u onbaatsugtige daad vir die kolonie deur die voortvlugtige moordenaar Koos Sas se lewe uiteindelik tot 'n einde te bring.*

*Vir die Munisipaliteit was die lewende fossiel 'n doring in die vlees en die moord van Cornelius Esterhuizen onaanvaarbaar. Ons blanke bevolking moet beskerm word teen die barbare wat so teisterend deur ons land beweeg. Vir die waardevolle diens wat u gelewer het om die satanskind tot niet te maak, wil ons in die gemeenskap u graag vereer vir die daad.*

*Ons nooi u dus uit na 'n dag van feesviering op die dorp om u naam te vereer in die museum. Die gemeenskap wil u graag 'n ereburger van die dorp maak en dit sal baie waardeer word as u dit sal aanvaar.*

*Om die feesviering af te rond, sal ons van die Montagu museum dit baie waardeer as u die kopbeen van Koos Sas aan die museum kan skenk as navorsingsinstrument om die lewende fossiele in ons midde te kan bestudeer. Ons moet nie vergeet dat die Boesman die vermiste skakel is tussen vandag se mens en die aap kan wees nie* [sic].

*Die uwe*

*Mevrou Lindie van Rensburg*

*(Voorsitter van die Montagu museum)*

(Pretorius 2020:158,159).

Volgens *Die Ballade van Koos Sas* word die oorskot van Sas na slegs 'n week ondergronds opgegrawe. As die eienaar van die plaas waar Sas se liggaam begrawe lê, ingelig word dat die dominee toestemming verkry het om die liggaam op te grawe, reageer hy soos volg: "'Wie is ek om met julle te stry […] grou die bliksem op, ek soek hom nie op my plaas nie'. Die vier mans begin lag en stap die huis in, almal baie gelukkig" (Pretorius 2020:162).

Die afkook in die seeppot van Sas se liggaam nadat dit opgegrawe is, word soos volg in die boek beskryf: "Met die son wat sak steek Danie die vuur aan onder die pot en André trek versigtig seile onder die half verrotte liggaam van Koos. Stadig word die liggaam gelig en in die warm pot gegooi […] Na twee uur is die pot aan die kook met Koos Sas wat stadig besig is om te ontbeen. In die maanskyn borrel die pot met die ontbinde vleis en klere […] Die manne stook gedurig die vuur met groot stompe en moet water aanry om te verhoed dat die pot droogkook […] Die volgende oggend, soos die son sy kop oor die klipvlakte uitsteek, staan die manne nader en bekyk die pot wat nog sterk kook. Bo-op die water dryf die wit ontbeende vleis en die wit bene van die skelet

wieg elke nou en dan op soos wat die warm borrels dit opstoot. Dominee Pieterse kyk na die manne. 'Die bene lyk reg manne, ek dink al die vleis is van die bene af.' Die manne beaam wat dominee gesê het en skop die pot om. Warm water spoel oor die klipgrond en los klere vermeng met wit bene en wit vleis spoel uit oor die grond. Koos se kopbeen rol tot teen Danie [konstabel Olwagen] se voet en hy tel dit op. 'Die mense van Montagu sal baie tevrede wees hiermee.' André [die eienaar van die plaas] stap nader en bekyk die kopbeen, 'So uiteindelik het die bliksem sy gat gesien, nooit gedink hy sal so lyk nie.' Dominee en die seun is onmidellik [sic] op die grond, met hande en voete kruip hulle tussen die modder, bene en vleis rond om al die bene bymekaar te maak. Dominee se aandag word getrek na die bladbeen wat onder 'n stuk vet en witvleis lê en hy gryp na dit. Die ronde koeëlgat kan duidelik aan die bokant van die blad gesien word. Dominee staan op en bekyk dit met verwondering. 'Danie, ek moet jou weer gelukwens met jou skietkuns'" (Pretorius 2020:162 -164).

Vervolgens vertel die dominee aan die groep dat die koeëlgat in die bladbeen die waarde van die skelet verhoog. Hy sê dan dat baie "Hoi poloi" in Engeland wat sal gee om so 'n skelet in hul versamelings te hê. Die dominee bedank die konstabel dan weer dat hy die "ondier" doodgeskiet het. Voordat hulle die bene en pot op die wa laai, vertel dominee Pieterse dat bene soos Sas s'n in Engeland deur maatskappye gekoop word wat die geraamtes "opmaak en dit aan ryk families verkoop". As hy gevra word of hy die bene gaan verkoop, antwoord die dominee dat hy dit in Kaapstad gaan verkoop, om te help betaal vir sy en sy seun se studies in Amerika (Pretorius 2020:164,165).

Dominee Pieterse en sy seun Willem verkoop dan die beendere van Sas in die Kaapse hawe aan 'n agent vir "Henry and Son Company". Die dominee word agt-honderd pond betaal vir die beendere: "Gretig vat dominee Pieterse die geld en sit dit in sy baadjiesak […] Dominee Pieterse en sy seun groet die agent en stap by die pakkamer uit. By die hawe ingang stop dominee Pieterse en kyk glimlaggend na sy seun. 'My seun, nou kan ons die geld gebruik om ons doktorsgrade in Amerika te gaan voltooi – die Boesman het sy kant gebring'" (Pretorius 2020:168,169).


Pretorius se *Die Ballade van Koos Sas* eindig met die skedel van Sas wat aan die Montagu Museum besorg word. Volgens die verhaal was Montagu se hoofstraat vol mense op 'n Saterdagmiddag toe burgemeester Hatting en konstabel Danie Otto in 'n spider deur die "feestelike atmosfeer" ry. Op die burgemeester se skoot is 'n rooi kussing met Koos Sas se skedel daarop. Die twee het hul hande vol om mense van die spider weg te hou, aangesien almal aan die skedel wil vat. Die spider stop dan voor die museum, waar die burgemeester die skedel plegtig in die sorg van die museum oorhandig. Die toneel eindig waar Klara, Koos Sas se meisie wat saam met hom in 'n grot gewoon het voordat hy Noord-Kaap toe gevlug het, en wat later deur 'n boer verkrag word, van aangesig tot aangesig kom met die skedel van Sas: "Die wêreld gaan

staan stil en dit is asof die kopbeen vir haar vra wat sy hier soek. Dit is nie haar mense nie, sy moet weg. Die situasie is vir haar oorweldigend en sy draai om en vlug uit die die [sic] saal uit" (Pretorius 2020:171-173).

Klara keer dan later die aand terug deur by een van die museum se vensters in te klim. Sy begin dan 'n "waansinnige ritmiese dans" om die skedel, in die middel van die vloer, uit te voer: "Pyn en verlange verorber haar. Stadig begin sy die vuil klere van haar af skeur asof sy boete doen voor die skedel en plaas dit rondom die skedel as offerhande. Later, in slegs 'n lendekleed, word die gedans 'n crescendo boetedoening en uiteindelik slaan Klara in 'n trans neer. In die maanlig op die vensterrak hou 'n hottentotsgot vir Klara dop by die skedel van Koos Sas" (Pretorius 2020:176,177).

Vir die bemarking van die boek het Pretorius op 30 Augustus 2019 'n kortfilm vrygestel op *YouTube*, getiteld: *Die Ballade van Koos Sas*. Die film begin met die wit ingangsmure van die (werklike) plaas waar Botha vermoor is, met die naam van die plaas duidelik sigbaar: Hoek-van-die-berg. In die volgende toneel word 'n jong bruin man deur 'n fris wit man (duidelik 'n boer) rondgepluk en uitgeskel, waarna die jongman van agter af die wit man met 'n klip oor die kop slaan, en daarna keelaf sny. In sy vlugtog kom "Sas" op 'n plakkaat af, vasgespyker teen 'n boom, met 'n skets van sy gesig, en die woorde: *WANTED … Dead or Alive.* Verskeie tonele wys die klowe en berge rondom Montagu. Die voortvlugtige word dan deur die skrywer self, uitgerus as 'n geregsdienaar, agtervolg en in 'n waterstroom van agter doodgeskiet. Die film eindig met 'n bruin (Khoi) meisie wat haar Westerse rok van haar lyf skeur en in sirkels om 'n skedel dans wat op die vloer in die middel van 'n verhoog geplaas is, terwyl dramatiese musiek op die agtergrond speel (internet: Pretorius 2019).

Die titel van die boek is ontleen aan die lied *Die Ballade van Koos Sas* wat deur David Kramer geskryf is. Die skrywer noem ook dat hierdie lied hom geïnspireer het om 'n draaiboek vir 'n film oor Sas te skryf, en dat hy besig is met 'n dokumentêr oor Sas: "Die dokumentêr, veral moet getrou die lewe van Koos Sas weergee. Dit is 'n nuwe era vir museums en hulle kurators, skrywers en filmmakers" (Pretorius e-poskommunikasie: 2021).



***Figuur 6.8:*** *Pieter Pretorius oorhandig sy boek, Die Ballade van Koos Sas, aan koning Khoisan SA (Delport 2021:3)*

Die boek *Die Ballade van Koos Sas* het groot mediabelangstelling ontlok met dié dat die eerste kopie van die boek by die Uniegebou in Pretoria aan koning Khoisan SA oorhandig is. Tydens die oorhandiging op 30 April 2021 het die koning gesê dat die boek "nuwe hoop bring vir 'n struikelende Khoi-San-gemeenskap". Die koning het verder genoem dat dit hoog tyd is dat die "ware storie" van die Khoi-San-gemeenskap vertel word: "Dit raak seer wanneer die ware storie vertel word, maar dit is wanneer ons genees. Ek hoop dat diegene wat die boek lees hulself in die Khoi-San se geskiedenis kan plaas en ons pad sal gaan stap soos wat Pieter gedoen het." Koning Khoisan SA en van sy volgelinge kampeer al sedert Desember 2018 voor die Uniegebou om die regering sover te kry om te erken dat die "Boesmans, Khoi-San, Khoi-Khoi, San, Griekwas en Namas" die eerste mense in Suid-Afrika was. In die boek word onder meer vertel dat Sas soos 'n "wilde dier gejag is" voordat hy in 1922 naby Springbok doodgeskiet is, waarna sy lyk "deur wilde diere en aasvoëls verslind" is. Hierna is hy onthoof en later is sy skedel in 'n glaskas in die Montagu Museum uitgestal (Delport 2021:3).

Alhoewel die roman *Die Ballade van Koos Sas* as fiksie voorgehou word, lok dit tog debat uit. Oudlanddros AP Stemmet skryf dat hy beide die Klein-Karoo en Namakwaland-gebiede goed ken; in Namakwaland is Sas "toevallig" op 'n plaas wat aan familie van hom behoort het, doodgeskiet.

Stemmet se reaksie op *Die Ballade van Koos Sas* lui onder meer soos volg: "Na my gesprekke met Pieter Pretorius en ons gemeenskaplike belangstelling in die Bruinmense (wat hy Khoi en Boesmans noem) het ek werklik uitgesien na iets meer gesaghebbends oor hulle geskiedenis. Die boek is egter so vol foute en onwaarskynlikhede dat dit selfs die fiksieverhaal bietjie

lagwekkend sou maak as dit nie oor so ‘n tragiese deel van ons dorp en omgewing se geskiedenis gaan nie …. Dat Pretorius se boek nie as navorsingstuk bedoel is nie, aanvaar ek. Die gedagte aan ‘n rolprent laat my sidder want dit sal die vals beeld van rasseverhoudings destyds wat tans weer wêreldwyd skeef oorgedra word, net vergroot. Ek wil glo dat die boek nie vir daardie doel geskryf is nie. Swak kennis van geografie, ens, geen navorsing en hier praat ek veral van die tydperk waarin gebeure afspeel, ens, sink die boek. Wat my die hele tyd gepla het, is die vals beeld wat van die mense, hul kerk en instellings geskep word. As skrywer kon Mnr Pretorius die geleentheid gebruik het om versoening tussen rasse te bevorder. Hy doen die teendeel. Hy sou dit maklik kon regkry as hy by die feite gehou het. Dit is terloops al wat ‘n mens wou sien: Feite” (Stemmet 2021: e-poskommunikasie).

In die volgende afdeling lys Stemmet ‘n hele aantal feitefoute wat in *Die Ballade van Koos Sas* voorkom. Die “padstal” waarna die skrywer verwys, is natuurlik ook foutief. “Plaaswinkel” sou meer geloofwaardig gewees het, aangesien die insident in 1917 plaasgevind het. Die brief van die Montagu Munisipaliteit aan die voorsitter van die Montagu Museum is ‘n skreiende anachronisme, aangesien die museum bykans sestig jaar later, in 1975, eers geopen is.

### 6.2.6 Nongqai

Die *NONGQAI* is die nuusbrief van *South African Mirror*, ‘n aanlyn webwerf wat soos volg op die webtuiste beskryf word:

*Hierdie webwerf hanteer verskillende onderwerpe soos in die verskillende webblaaie volledig omskryf word. Dit wissel van die handhawing van reg en geregtigheid, die fisiese en morele welsyn van oudlede van die Suid-Afrikaanse Polisiemag, die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Polisiemag en die Suid-Afrikaanse geskiedenis wat ook eietydse geskiedenis insluit. In die geval van die Suid-Afrikaanse Polisiemag strek die geskiedenis net tot en met die datum waarop die polisiemag met die totstandkoming van die nuwe bedeling as sodanig opgehou het om te bestaan. Daar word in alle gevalle alles moontlik gedoen om die waarheid te bewaar.*

*Ons wil graag deur hierdie webtuiste die geskiedenis bewaar en dit wat vir ons mooi en kosbaar was in die verlede met al ons ou kollegas deel. Ons strewe te alle tye na die waarheid en in ‘n wêreld waar propaganda en persepsies die toneel oorheers is dit soms ‘n moeilike stryd. Die wel en wee van ons ou kollegas bly vir ons van groot belang.*

Die *Nongqai* is verder ‘n e-tydskrif wat maandeliks verskyn en wat gratis beskikbaar is. Die tydskrif kan ook as PDF-dokument afgelaai word. Die eerste uitgawe van die tydskrif (No 1 Vol 1) het reeds in 1907 in Natal verskyn.

Die subtitel van die *Nongqai* op die voorblad van die tydskrif lees soos volg:

*YOUR SECURITY HISTORY MAGAZINE WITHOUT MALICE*


*U VEILIGHEIDSGESKIEDENIS TYDSKRIF SONDER KWAADWILLIGHEID*

By geleentheid verskyn ‘n spesiale uitgawe van die tydskrif, en in Mei 2022 verskyn so ‘n uitgawe van die tydskrif met die polisie-identikit van Koos Sas op die voorblad, met die volgende beskrywing daaronder:

*KOOS SAS - The facts about his criminal career, warrant for murder, and death as a fugitive from justice*

Die totale uitgawe word aan die sage van Koos Sas gewy, en in die inhoudsopgawe word onder meer die volgende onderafdelings gelys:

- Koos Sas binnekort ‘n fliek (gaan dit harmonie bevorder?)
- Notas oor die Ballade van Koos Sas deur Pieter Pretorius deur AP Stemmet (Wat is die feite?; Geografie; Howe en hofprosedure)
- Verdere kommentaar deur dr WP Steenkamp (Arres-lasbrief op aanklag van moord; “Voëlvry-verklaar”; Pas Koos Sas en oudok Steenkamp in die stereotipe rolle van Robin Hood en die sheriff?; Wie was Koos Sas?)




***Figuur 6.9:*** *Voorblad van die spesiale uitgawe van Nongqai (Vol 13 No 5E Mei 2022)*

Feitefoute in die roman *Die Ballade van Koos Sas* soos deur oudlanddros AP Stemmet uitgewys, sluit onder meer die volgende in (nie die volledige lys nie):

- Hardekoolhout in die Boland?
- Konstabel, wapenhandelaar en sommer ook in bevel van die tronk?
- Dominee gee opdrag: "Skiet die satan, ons tronk is vol?" Sonder lasbrief? Hy het dus mag oor lewe en dood?
- Konstabel doen verslag aan burgemeester en is blykbaar in diens van die stadsraad, wat hom uiteindelik sommer ontslaan ook!!!
- Predikant woon dans by in kerksaal, waar drank volop was en vloek soos 'n matroos?
- Geweersmid op Springbok? Wat 'n magasyn van 'n Lee Metford oorplaas op 'n Lee Enfield? (onmoontlik)
- Met 'n griffel skryf? Met ink? [In die 1900's]
- Boesmans in die 1900's in die Boland wat nog met pyl en boog skiet?
- Slawe in die negentien-honderds?
- Departement Antropologie in Montagu-museum?

(Stemmet 2022:36,37)

Soos hierbo duidelik uitgewys word, is Stemmet krities oor die historiese asook geografiese detail, soos dit aangewend is deur Pretorius in *Die Ballade van Koos Sas.* Uit die aangehaalde gedeeltes soos onder 6.2.5 uitgewys is, voel Stemmet dat sekere beskrywings in die roman daarvoor verantwoordelik is, of kan wees, dat rasseverhoudings onnodiglik onder druk geplaas word. Martiens van Bart beskuldig David Kramer van dieselfde oortreding (soos onder 6.1.3 bespreek).

As afgetrede landdros, wat uit die aard van sy professionele loopbaan bedag is op die noukeurige uiteensetting (en ontleding) van (en tussen) feite en fiksie, voel Stemmet dat die publikasie van *Die Ballade van Koos Sas* 'n verspeelde kans was; dit is om hierdie rede dat hy sy teleurstelling so duidelik uitspreek.

Die feit dat die hele spesiale uitgawe van die *Nongqai* aan kwessies wat op Koos Sas betrekking het, gewy word, bewys dat die gesprekke rondom die narratief van Koos Sas nog steeds relevant is. Alhoewel geen statistieke gevind kon word nie, is dit 'n redelike aanname om te maak dat die *Nongqai* duisende maandelikse lesers het, as in ag geneem word hoe lank die tydskrif reeds bestaan en ook hoeveel polisie- en weermagslede oor hierdie tydperk in diens geneem is, asook afgetree het.

## 6.3 DIE SKEPPENDE KUNSTE SE INVLOED OP SAS SE NALATENSKAP

Yin is van mening dat die gevallestudie-navorsingsmetode, in teenstelling met ander navorsingsmetodes, oorweeg moet word indien die behoefte bestaan om ‘n komplekse sosiale fenomeen te verklaar (2018:5). Hierdie hoofstuk het uitgewys dat die verskillende benaderings en inhoude van die verskillende skrywers die kompleksiteit van hierdie sosiale fenomeen (naamlik ‘n moord met ongewone nagevolge vir die moordenaar en die ontwikkeling van verskillende persepsies as gevolg daarvan) beklemtoon, en dat dit daarom belangrik is dat Sas as ‘n enkel geval in diepte ondersoek word.

Ongeag of die historiese feite oor Sas korrek of foutiewelik weergegee is in verskillende media, soos in hierdie hoofstuk uitgewys is, het die hoofstuk in geheel getoon dat die wyse waarop daar met Sas se identiteit omgegaan is, ‘n invloed op sy nalatenskap gehad het. Om hierdie rede is die naam “Koos Sas” vandag steeds bekend, anders as wat die geval is met van die ander soortgelyke karakters, soos in hoofstuk 4 uitgewys is. Die bekendste onder hulle is sekerlik Dirk Ligter, oor wie vandag ook steeds verhale vertel word, ook danksy die letterkunde, meesal in die vorm van verwysings na hom in die werke van onder andere Boerneef.

Uit hierdie hoofstuk het dit duidelik geblyk dat die skeppende kunste ‘n groot rol gespeel het in die feit dat die naam van Sas vandag nog onthou word, al is dit in die vorm van ‘n debat oor die korrekte historiese feite al dan nie, soos in die briewekolomme van dagblaaie en die publikasie *Nongqai* uitgewys is.

# HOOFSTUK 7

# EVALUERING

## 7.1 PROBLEEMSTELLING

Hoewel die oplossing van die probleem wat by die aanvang van ‘n studie geïdentifiseer word dikwels gedeeltelik oorvleuel met die spesifieke doelwitte, is dit tog belangrik dat die probleemstelling tydens die evalueringsproses bespreek word. Die probleem wat hierdie studie gestimuleer het, was die waarneming dat ‘n bepaalde historiese figuur, Koos Sas, se nalatenskap in die vorm van oorleweringe en vertellings verskeie en soms teenstrydige vorme aanneem. Die studie is dus gerig deur ‘n analise van mites en persepsies oor Koos Sas wat deur die loop van ‘n eeu in die samelewing ontwikkel het, en deur dit te toets aan die feitelike geskiedenis sover as wat dit vasgestel kon word.

Die studie het bevind dat daar genoegsame betroubare bronne bestaan wat kon uitwys dat baie van die mites en legendes wat rondom Sas geweef is, nie feitelik korrek is nie, maar dat dit nogtans die persepsies wat geleidelik oor Sas gevorm is, noemenswaardig beïnvloed het. Bewyse van eersgenoemde is hoofsaaklik geleë in die dokumentasie oor die hofsaak na die moord (WKAR), sowel as verskeie koerantberigte, terwyl bewyse van die persepsies gevind word in verhale wat vandag nog oor hom vertel word (bevestig deur verskeie mondelinge bronne) en in die werke van skrywers en ander kunstenaars, soos uitgewys in hoofstuk 6.

## 7.2 DOEL VAN DIE STUDIE

### 7.2.1 Oorkoepelende doel

Die oorkoepelende doel van hierdie studie was om vas te stel watter invloede verantwoordelik was vir hoe die samelewing die omstrede figuur van Koos Sas onthou. Hoofstukke 2, 3 en 6 het uitgewys dat die gebeure rondom Sas se dood en die talle vertellings wat rondom dit ontstaan het, die uitstalling van die skedel en die bydraes van die skrywers en kunstenaars die belangrikste faktore was wat sy nalatenskap beïnvloed het.

### 7.2.2 Sas se skedel op uitstalling in die Montagu Museum

‘n Belangrike deel van die ondersoek is afgestaan aan die ontstaan van die Montagu Museum en die uitstalling van die skedel van Sas in dié museum vanaf die ontstaan van die museum in 1975

tot 1992; dus ‘n tydperk van 17 jaar. As agtergrond het die studie die aanvanklike beplanning, tema en opening van die museum ingesluit om die ontvangs van Sas se skedel binne konteks te plaas.

Ten eerste is die wyse waarop daar na die skenking van Sas se skedel aan die museum in die notules van die museum se bestuursraad in dieselfde sin as ‘n kinder-bentwoodstoeltjie verwys word (MMA MM Notuleboek 1975) ‘n bewys daarvan dat ‘n Khoekhoen-skedel in 1975 met weinig respek deur die museum hanteer is. As verder in aanmerking geneem word dat Sas se liggaam in 1922 ook sonder enige teken van respek opgegrawe en afgekook is, dan bewys dit dat daar in die loop van vyftig jaar min verander het met betrekking tot die hantering van Khoekhoen-oorskot.

Protes deur inheemse groepe wêreldwyd het tot gevolg gehad dat die onvanpastheid van menslike beendere op uitstalling in museums sedert 1990 na vore gebring is (Legassick & Rassol 2000:1). Openbare druk het verder tot gevolg gehad dat riglyne wat die proses vir die verwydering van menslike oorskot in die Wes-Kaapse museums voorskryf, in 2015 deur die Departement Kultuursake en Sport uitgereik is. Koos Sas se skedel is as deel van hierdie amptelike opdrag in 1992 van uitstalling verwyder.

Volgens Koorts is hierdie tipe waardeverskuiwing normaal. As voorbeeld verwys sy na die praktyk van slawerny wat vir 400 jaar as ‘n aanvaarbare praktyk beskou is: “Hoe het ons 400 jaar later die punt bereik waar die wydverspreide koop en verkoop van ‘n medemens onaanvaarbaar en mensehandel ‘n misdaad is?” (*Die Burger* 2022:10). Die opmerking van Dana Snyman na afloop van die begrafnis van Sas se kopbeen in 2021 bevestig hierdie verskynsel: “Jare gelede sou ek nie gedink het dit is ‘n skande en ‘n onreg om iemand se skedel in ‘n museum ten toon te stel nie” (2021:9).

Deur op die uitstalling (en daarna die verwydering) van Sas se skedel in die Montagu Museum te fokus, het die ondersoek getoon dat, alhoewel dit in 1975 as ‘n heel aanvaarbare praktyk gesien is, die uitstalling van menslike beendere in 1992 wel as onmenswaardig beskou is. Die proses van waardeverskuiwing is duidelik in die ondersoek uitgelig en die wyse waarop dit ‘n invloed op die nalatenskap van Koos Sas gehad het, is aangetoon.

Die ondersoek het getoon dat, indien Sas se skedel nié in die Montagu Museum op uitstalling geplaas is nie, die nalatenskap van Sas na alle waarskynlikheid vandag anders daar sou uitsien. Dit sou immers nie onredelik wees om te beweer dat die naam “Koos Sas” waarskynlik in so ‘n geval vandag nie veel bekender as die ander sogenaamde “Montagu-moordenaars” (Esou, April en Davids) sou wees nie en daar dus min sprake van enige nalatenskap (en rede vir hierdie studie) sou wees. Die uitstal van Sas se skedel het tot gevolg gehad dat sy nalatenskap in die openbare domein geplaas is, waar mense se persepsie oor die uitstalling van menslike beendere

mettertyd beïnvloed is. Uitstallings is nie slegs een van die kernfunksies van ‘n museum nie; dit is ook ‘n kragtige en unieke wyse van kommunikasie met die besoekers aan die museum (Lord & Lord 2001:15). Die Montagu Museum is op die voorgrond geplaas, net soos gebeur het met die Iziko Museum en die ander museums in die Wes-Kaap wat alle menslike beendere in hul versamelings moes herbegrawe, soos in hoofstuk 3 uitgewys is.

Die doel van ‘n museumuitstalling is om sekere aspekte van die besoeker se belangstelling, denkwyse of waardes effektief te transformeer. Dit vind plaas wanneer die item op uitstalling se outentisiteit die besoeker se belangstelling sodanig stimuleer dat dit daartoe bydra dat die besoeker met selfvertroue standpunt kan inneem (Lord & Lord 2001:18). As voorbeeld van voorafgaande denkwyse het die studie getoon dat dit in die Montagu Museum was waar David Kramer die eerste maal die skedel van Sas op uitstalling gesien het. Dit het die jong musikant in so ‘n mate ontstel (asook geïnspireer) dat hy ‘n groot deel van sy professionele loopbaan as musikant en regisseur aan Sas as tema gewy het. Die werk van Kramer het ‘n groot invloed op die nalatenskap van Sas gehad, soos verder onder 7.2.3 bespreek word.

### 7.2.3 Die invloed van die skeppende kunste

Die studie het getoon dat die skeppende kunste ‘n groot invloed op die nalatenskap van Koos Sas gehad het.

Soos in die voorafgaande afdeling genoem, het David Kramer in 1981 vir die eerste maal die skedel van Sas in die Montagu Museum gesien. Wat Kramer ontstel het, was nie net dat ‘n menslike skedel op uitstalling geplaas is nie, maar ook die wyse waarop die uitstalling gekonstrueer is: die skedel van Sas, van Khoekhoen-afkoms, met daarnaas, in dieselfde kas, die rugby-springbokbaadjie van een van die plaaslike wit sportmanne van die dorp. Die aanskouing van die skedel het tot gevolg dat Kramer in ‘n onderhoud in 2008 dié spesifieke uitstalling in een woord opgesom het: “Malheid!” (La Vita 2008:15).

In hoofstuk 6 is getoon in hoe ‘n mate Kramer Sas se verhaal nie slegs onder die aandag van ‘n Suid-Afrikaanse gehoor gebring het nie, maar selfs ‘n bewustheid van die tema op ‘n internasionale vlak geskep het. Die wyse waarop Kramer te werk gegaan het met die nalatenskap van die historiese Koos Sas het verder tot gevolg gehad dat dit ‘n openbare debat in van die vernaamste dagblaaie in die land tot gevolg gehad het. Dit het die geleentheid nie net aan joernaliste en historici gebied om aan die gesprek deel te neem nie, maar lede van die publiek het ook geesdriftig hul opinies in die briewekolomme gedeel. In die ondersoek is getoon in hoe ‘n mate Kramer vir Sas as ‘n martelaar en slagoffer van die Khoekhoen se onderdukking in Suid-Afrika uitgebeeld het, terwyl die kleinseun van ds WP Steenkamp in ‘n brief aan *Die Burger* skryf

dat hy dit ontstellend vind dat Kramer 'n uitvaagsel in 'n held omskep het (Sas) en 'n held in 'n uitvaagsel (sy oupa) (Steenkamp 2008:2).

Alhoewel dit duidelik in die studie uitgewys is dat Kramer se verhoogstuk *Die Ballade van Koos Sas* 'n kreatiewe vermenging van fiksie en nie-fiksie was, en met verloop van tyd aangepas is om 'n verskeidenheid karakters en liedere uit Kramer se musiek-oeuvre in te sluit (De Villiers 2010:59,60), is daar steeds by tye persoonlike aanvalle op hom geloods (Van Wyk 2008:55). Nietemin was hierdie debat nodig omdat dit plaasgevind het in die tyd dat die wyer samelewing die uitstalling van menslike beendere in Suid-Afrikaanse museums begin bevraagteken het. Die publiek se siening van Sas is daardeur beïnvloed, soos die ondersoek bewys het.

Die ondersoek het getoon dat die naam "Koos Sas" vandag steeds gereeld in mondelinge vertellings voorkom (C Johnson, F Botma). Piet van Rooyen, bekende akademikus en romanskrywer, se gebruik van die naam Koos Sas in sy boek *Gif* was belangrik in die ondersoek. Alhoewel die verhaal as suiwer fiksie voorgehou word, is die verwysings na die fiktiewe karakter Koos Sas (wat as 'n Boesman in die verhaal beskryf word, met dierlike gelaatstrekke en wrede gesig) duidelik op die historiese Sas gebaseer. Van Rooyen, 'n gewilde Afrikaanse skrywer en M-Net-boekepryswenner, se boeke word wyd gelees. Soos die geval met Breytenbach se *Dog Heart*, bestaan die moontlikheid dus dat die Sas-karakter in *Gif* deur die leserspubliek verbind kan word met die ware Koos Sas. Uit die aard van die saak sou dit 'n leser in so 'n geval toerus met vooropgestelde wanopvatinge en idees oor die lewe en nalatenskap van die ware Sas.

Geen ander publikasie het egter 'n groter impak op die publiek se persepsie van Koos Sas gehad as *Die Ballade van Koos Sas* deur Pieter Pretorius nie. Eweneens het geen ander publikasie 'n groter invloed op die nalatenskap van Koos Sas gehad nie. Alhoewel die aantal feitefoute wat in die boek voorkom in die bronnestudie in hoofstuk 1 uitgewys is, het dit nogtans 'n openbare gesprek tot gevolg gehad wat die naam "Koos Sas" weer eens prominent op die voorgrond geplaas het. Die skrywer het die boek bemark deur die eerste kopie op 30 April 2021 aan "koning Khoisan SA" voor die Uniegebou in Pretoria te oorhandig. 'n Foto van die oorhandiging het 'n paar dae later in *Die Burger* verskyn (Delport 2021:3). Pretorius maak dus van die geleentheid gebruik om die nalatenskap van Koos Sas deel te maak van die huidige stryd van die Khoi en San se strewe om bestaansreg in Suid-Afrika. Sas, wat in die boek as 'n slagoffer en martelaar (soos ook deur Kramer) uitgebeeld word, se identiteit as KhoeKhoen word dus in die proses verpolitiseer. Die studie het in hoofstuk 3 uitgewys dat dieselfde gebeur het tydens die beplanningsfase van die oorhandiging van Sas se skedel aan die gemeenskap van Montagu.

In 'n artikel wat op 3 Mei 2021 in *Die Burger* verskyn, sê "koning Khoisan SA" met die oorhandiging van die boek dat dit tyd is dat die "ware storie" van Sas vertel word, en dat die boek nuwe hoop bring vir 'n "struikelende Khoi-San-gemeenskap". Pretorius noem onder meer tydens die

oorhandiging dat Sas se lyk "deur wilde diere en aasvoëls verslind is. Hy is onthoof en later is sy skedel in 'n glaskas in die Montagu-museum uitgestal" (Delport 2021:3). Dit kan as geen toevalligheid beskou word dat dieselfde woorde ("… deur wilde diere en aasvoëls verslind. Hy is onthoof en later is sy skedel in 'n glaskas in die Montagu-museum uitgestal") wat reeds op 18 Maart 2021 deur 'n joernalis van Montagu na afloop van die oorhandiging van die skedel in sy artikel gebruik is, presies net so in *Die Burger* van 3 Mei 2021 herhaal is nie. *Die Burger* is een van die grootste Afrikaanse koerante in Suid-Afrika en dit kan aanvaar word dat hierdie histories-foutiewe beriggewing oor wat met die liggaam van Sas ná sy dood in 1922 gebeur het, die potensiaal het om as die waarheid oorvertel en as sodanig versprei te word.

Die ondersoek sluit hierdie ooreenkomste in beriggewing in om te bewys hoe die afwykings van die ware feite tot gevolg kan hê dat onwaarhede deur oningeligte lesers as die waarheid aanvaar en versprei kan word. Die verwysing na Koos Sas as 'n sogenaamde "Khoi-chief" en selfs "oom" ná sy begrafnis het byvoorbeeld nie slegs bygedra tot wanopvattinge oor Sas en sy lewe nie, maar het ook tot gevolg gehad dat lede van die publiek aanstoot geneem het oor hierdie tipe beriggewing.

Bogenoemde is 'n voorbeeld van die wyse waarop nie net mondelinge oorvertellinge nie, maar ook berigte in die gedrukte media die potensiaal het om 'n invloed op die nalatenskap van Koos Sas te hê.

### 7.2.4 Sas in vergelyking met soortgelyke misdadigers

'n Belangrike doelstelling van hierdie ondersoek was om die leefwyse van Koos Sas met soortgelyke misdadigers te vergelyk ten einde te bepaal in hoe 'n mate dit 'n invloed op sy nalatenskap kon hê.

In hoofstuk 4 is verwys na die sogenaamde moordenaarskas waarin Sas se skedel uitgestal is, saam met inligting oor ander bekende moordenaars van die Montagu-distrik, by name Klaas Esou, Gert April en Matthew (Sewes) Davids. Opvallend genoeg is dat al hierdie moordenaars van Khoekhoen-oorsprong is. Alhoewel die ander hul ook skuldig gemaak het aan die aanklag van moord, is daar net enkele verwysings na hulle in die argief van die Montagu Museum. Oor die moord op die kluisenaar Piet Muller is destyds die meeste berig. 'n Moontlike rede hiervoor is dat albei slagoffers (Muller en Daniel Botha, die slagoffer van Sas) wit was.

Die vraag wat die ondersoek moes beantwoord, was waarom die naam van Koos Sas vandag steeds meer bekend is as die ander wat in die moordenaarskas uitgestal is. Stemmet vra tereg waarom Sas soveel jare later steeds onthou word, maar nie die "Khoi-held" Davids nie. Die ondersoek het getoon dat Stemmet (alhoewel waarskynlik sarkasties bedoel) in sy skrywe aan *Die Burger* 'n vergelyking getref het tussen Davids en Sas, na wie op daardie stadium, tydens die

oorhandiging van sy skedel aan die gemeenskap van Montagu, as ‘n held verwys is (soos uitgewys in 7.1.2). Stemmet loods in dieselfde brief ‘n aanval op ds Reggie Boesak, aangesien Boesak, volgens hom, die geskiedenis verdraai ten einde Khoi-helde te skep wat, volgens Stemmet, nie bestaan nie (Stemmet 2021:15).

Die verhaal van John Kepe is in die ondersoek ingesluit omdat daar heelwat ooreenkomste tussen sy en Sas se misdade (wat meestal huisinbrake en skaapslagtery was) bestaan het. Beide Kepe en Sas het slegs een moord gepleeg, sover bewys kon word. ‘n Verdere vergelyking wat die ondersoek blootgelê het, was dat daar reeds ‘n film oor die lewe van Kepe verskyn het, soos in hoofstuk 4 uitgewys is (People 2018: 10). In hoofstuk 6 is verwys na ‘n kortfilm wat deur die skrywer van *Die Ballade van Koos Sas*, Pieter Pretorius, reeds in 2019 op *YouTube* vrygestel is. Pretorius het verder bevestig dat hy beplan om ‘n dokumentêre film oor die lewe van Koos Sas vry te stel (2021: e-poskommunikasie).

Tot op datum is daar egter nog nooit in nasionale dagblaaie oor die moordenaar John Kepe berig nie, maar slegs in die *Somerset Budget*, ‘n plaaslike koerantjie van Somerset-Oos wat ook die omliggende dorpe bedien het. In teenstelling hiermee het die misdade van Sas in opvolgartikels in dagblaaie soos die *Worcester Advertiser* en *Die Landstem* verskyn. Beide hierdie publikasies is destyds wyd versprei en gelees, aangesien die beriggewing daarin ook nasionale nuus ingesluit het. Soos met die geval van die moord op Piet Muller kan die gevolgtrekking gemaak word dat die enigste rede waarom die moord op Daniel Botha meer nuuswaardig was, was omdat hy ‘n wit man was, in teenstelling met die vermoorde Goliath, wat ‘n bruin skaapwagter was. Hierdie gevolgtrekking sluit aan by die verhale van die ander misdadigers wat in die sogenaamde moordenaarskas in die Montagu Museum saam met Sas se skedel op uitstalling geplaas is. Die name van Esou, April en Davids is egter vandag bykans vergete en die inligting oor hulle in die argief van die Montagu Museum gering.

### 7.2.5 Khoekhoen-identiteit

Nog ‘n belangrike oogmerk was om te bepaal in hoe ‘n mate Koos Sas se Khoekhoen-identiteit sy nalatenskap beïnvloed het. Dit is ‘n vraagstuk wat nie geïgnoreer kon word nie, aangesien dit deurlopend deur die ondersoek na vore tree. Daar is reeds vroeër in hierdie hoofstuk verwys na die manier waarop daar oor Sas berig is ná sy dood (7.1.3) en die uitstalling van sy skedel (7.1.1). Om hierdie rede is die geskiedenis van die Khoekhoen in Suid-Afrika in hoofstuk 2 ondersoek. Onder meer is benadruk hoe hierdie groep met verloop van tyd onderdruk is, en hoe hulle mettertyd na meer afgeleë gebiede soos die Noord-Kaap en Namakwaland uitgewyk het. Daar is ook verwys na die feit dat nie net gemarginaliseerde groepe nie, maar ook ‘n groot aantal kriminele hierdie gebied as ‘n ontsnappingsroete of wegkruipplek gebruik het. In hoofstuk 2 is bewys dat Koos Sas ná die moord op Botha in 1917 in dieselfde rigting uitgewyk het. Teen die

draai van die twintigste eeu, toe daar geen onafhanklike Khoekhoen-groepe oor was wat nog vrylik kon rondbeweeg nie, was daar steeds individue wat hulself in dieselfde posisie as die sogenaamde "bushmen robbers" van die vorige eeu gesien het. Vir hulle was die wetgewing wat hul lewenswyse ingeperk het vergelykbaar met dieselfde lot waaraan hul voorsate in die ou kolonie oorgelaat is: "The last of these was Koos Sas" (Morris MMA KS 2010/4).

As deel van die studie is die historiese figuur Koos Sas teen die agtergrond van sy Khoekhoen-identiteit bestudeer om sodoende sommige van die gebeure op sy lewenspad tot met die begrafnis van sy skedel binne konteks te plaas. Fisiese antropologie ondersoek die struktuur en evolusie van die menslike liggaam en is in die verlede gebruik om slawerny te regverdig, kriminele volgens hul voorkoms te veroordeel, asook om deur middel van ras en oorsprong beperkinge op immigrasie te plaas. In Nazi-Duitsland is fisiese antropologie voorgehou as een van die vernaamste redes vir die pleeg van volksmoord. Alan Morris beweer dat fisiese antropoloë in Suid-Afrika deur die jare heelwat oor die mense van die land geskryf het. Hy is egter van mening dat dit die taak van die historikus is om te bepaal in hoe 'n mate hierdie publikasies bygedra het tot die sosiale dwaalleer in die land (Morris 2022:1). Hierdie ondersoek na die nalatenskap van Koos Sas sluit goed hierby aan, aangesien daar deurgaans in die studie bewys is, al is dit slegs in 'n geringe mate, hoe daar in die verlede teen die Khoekhoen gediskrimineer is.

Die studie het genoegsame bewys gelewer van die manier waarop daar met Sas se liggaam ná sy dood omgegaan is. Steenkamp het geen teenkanting ondervind toe hy in Springbok aansoek gedoen het vir die opgrawe van Sas se liggaam nie. Die rede hiervoor was dat Sas nie gesien is as 'n "mak Boesman" nie, maar eerder as 'n gevaar vir die veiligheid en pastorale leefwyse van die wit boere in die area. Hy is dus soos enige roofdier as ontbeerlik beskou en die verlies van sy oorskot was nie vir die wetgewers van belang nie. So ook is die uitstalling van Sas se skedel by die Montagu Museum geregverdig omdat hy nie binne die aanvaarde norm van die samelewing opgetree het nie. Nie net het Steenkamp Sas se skedel vir mediese studies aangewend nie, maar dit is boonop op uitstalling geplaas as 'n trofee – die laaste oorblyfsels van die bekende "Boesman-moordenaar" (Morris 1996:79).

Die wyse waarop met Sas se liggaam omgegaan is, was nie slegs daaraan te wyte dat hy 'n moordenaar was nie, maar ook aan die feit dat hy van Khoekhoen-oorsprong was, soos hy op die lasbrief vir sy arrestasie ná die moord op Botha beskryf word (figuur 2.2). Die uitstalling van die liggame van Sarah Baartman en El Negro, sowel as die skaal waarop en die onmenslikheid waarmee Khoekhoen-beendere versamel is, is 'n verdere bewys van die minderwaardige status wat hulle in die samelewing gehad het.

Die optrede van ds WP Steenkamp is in hoofstuk 2 en 5 behandel. 'n Belangrike komponent van die studie was om die motivering vir sy optrede te probeer vasstel. Eers is Sas se liggaam deur

sy seun gefotografeer en is poskaarte daarvan verkoop. Daarna is Sas se beendere skoongekook en sy skedel oorsee geneem vir die Steenkamps se mediese studies. Die studie het getoon dat WP Steenkamp indirek daarvoor verantwoordelik was dat die skedel van Sas in die Montagu Museum beland het. As Steenkamp nie die skedel aan die Stellenbosch Universiteit geskenk het nie, sou dit nooit (via prof Brink) by die Montagu Museum opgeëindig het en dus ook nooit op uitstalling geplaas gewees het nie. Dit sou 'n logiese gevolgtrekking wees dat as dit nie vir WP Steenkamp was nie, die naam "Koos Sas" vandag bykans vergete sou wees. Al wat waarskynlik van Sas behoue sou gebly het, sou 'n paar koerantknipsels (selfs sonder die ACVV-poskaarte) in die Montagu Museum se argief wees, soortgelyk aan die ander "Montagu-moordenaars", Esou, April en Davids.

Die studie het die redes verskaf waarom Sas se liggaam afgeneem, opgegrawe, afgekook en vir mediese navorsing aangewend is. Die optrede van Steenkamp is in die ondersoek binne konteks geplaas met wat in die vroeë twintigste eeu onder die dekmantel van die wetenskap as aanvaarbaar beskou is.

## 7.3 ALGEMENE GEVOLGTREKKINGS

William Faulkner het die volgende gesê met betrekking tot die uitwerking van die verlede op die hede en die toekoms: "The past is never dead. It's not even past" (Van Niekerk 2022:10). Hierdie stelling is 'n samevatting van die Koos Sas-verhaal. Selfs meer as 'n eeu ná sy dood, is Koos Sas steeds relevant. Lacqueur beweer trouens dat die mens die vermoë het om selfs ná sy afsterwe 'n invloed op die mensdom se geheue uit te oefen, hetsy individueel of kollektief: "The dead remain active agents in cultural history even if we are convinced they are nothing and nowhere. Living bodies do not have the same powers as dead ones. 'The most dangerous person at the funeral', as the historian Richard Cobb once observed, 'is the body in the coffin'" (Lacqueur 2015:17,18). Cobb se verwysing na "coffin" herinner sterk aan die uitsprake wat tydens die oorhandiging van Sas se skedel aan die Hessekwa op Montagu gemaak is (hoofstuk 3). Die studie het verder getoon dat Koos Sas, selfs 'n eeu ná sy dood, geensins as "nothing and nowhere" bestempel kan word nie, omdat sy nalatenskap steeds sterk teenwoordig is.

## 7.4 OORKOEPELENDE PERSPEKTIEF

Hierdie ondersoek het bewys dat 'n historiese karakter soos Koos Sas oor 'n tydperk van 'n eeu 'n simbool kon raak vir die onderdrukking, onreg en lyding van die historiese Khoekhoen. Gedurende hierdie tydperk het die fokus verskuif van die blote verhaal van Koos Sas (daar is 'n aantal manuskripte met die titel "Die verhaal van Koos Sas" in die Montagu Museum se argief – sien bronnelys) na Sas die martelaar – wat die mantel dra as verteenwoordiger van die Khoekhoen-gemeenskap, soos tydens die diens van die oorhandiging van sy skedel deur

sommige verkondig en in die media daarna berig is.'n Bepaalde tydsverloop is nodig voordat die nalatenskap van die afgestorwenes in enige kultuur 'n invloed kan uitoefen op die sosiale orde waarvan hul eens deel was (Lacqueur 2015:10), soos die geval van Sas bewys het.

In die verduideliking en verstaan van die geskiedenis is dit altyd wenslik dat enige onderwerp op 'n afstand en met genoegsame verloop van tyd ondersoek word. Met die voordeel van terugskouing het dit in die geval van die verhaal van Koos Sas 'n eeu geneem om dit binne konteks te plaas.

Volgens Morris het afgestorwenes inderdaad verhale om te vertel – van ons geskiedenis, ons demografie, ons welstand, asook ons evolusie. Nogtans moet hierdie verhale benader word met die wete dat die afgestorwenes meer waarde het vir die lewendiges as bloot bronne van inligting. "We, as scientists and historians, must recognise that a balance must be struck between the search for knowledge and need for moral sensitivity" (1996:79). Op hierdie punt sluit Lacqueur soos volg by Morris aan: "Perhaps especially, in progressive scientific circles, the dead are not quite dead and remain among the living. In fact, the dead hunt the living even when it is quite clear that they do not and cannot exist. The dead are those whose bodies are treated as dead – buried, burned, tossed into the sea, left for birds to eat – but who remain powerful in the imagination of the living under very different assumptions about what or where they really are, whether they are anything, or whether they have efficacy in the world of the living. The corpse, and whatever the dead are or are not – play an important role in the affairs of this world. The work of the dead – dead bodies – is possible only because they remain so deeply and complexly present and because they share with its other avatars: ghosts, memory, history" (Lacqueur 2015:79).

## 7.5 BYDRAE TOT VAKGEBIEDE

Herman Gilliomee glo dat geskiedenis nie 'n sameflansing van waarhede is wat geformuleer en daarna gememoriseer behoort te word nie; dit is eerder 'n ontdekkingstog waartydens mense mekaar moet probeer verstaan. Niemand het die reg om te besluit wat geskiedenis is en wat nie, aangesien dit 'n eindelose debat behoort te wees wat heeltyd gestimuleer moet word, en dit kan slegs plaasvind as gemeenskappe mekaar se geskiedenis verstaan (La Vita 2022:11).

Koorts beweer dat dit belangrik is om sowel die hede as die verlede te respekteer. Dit is nie nodig om enigeen van die twee dimensies uit te sonder en goed te praat nie, aangesien elkeen sy eie problematiek het (Koorts 2022:10). So is dit ook die geval met die studie oor die nalatenskap van Koos Sas, waar die ondersoek die redes vir die opgrawing van sy beendere en die uitstalling van sy skedel in die Montagu Museum binne konteks geplaas het.

Die bydrae wat die studie tot die vakgebied kultuurgeskiedenis maak, is om te toon in hoe 'n mate Sas se nalatenskap nie slegs die vermoë het om openbare debat te stimuleer nie, maar ook, belangriker nog, nasiebou en versoening in die samelewing te bevorder. Waar daar eers 'n mate van opruiende en ongegronde uitsprake tydens die oorhandiging van Sas se skedel op 9 Maart 2021 gemaak is, was die tema van die program op die dag van die begrafnis van Sas se skedel (slegs 5 weke later) dié van versoening. Snyman skryf dat dit gevoel het asof die swaarmoedigheid ná die begrafnis die oggend "skiet gegee" het: "Iemand bring vir ds. Reggie 'n botteltjie water. Iewers lag iemand. Ander begin sing. Breyten was reg toe hy iewers geskryf het: 'Soos ons kom en ons gaan: Ons béne sal die vryheid kén'" (Snyman 2021:9).

Die hele tema van nalatenskap wat deur middel van persepsies, verhale en ander oorleweringe tot stand gebring is, is inherent deel van die vakdissipline kultuurgeskiedenis. Die Koos Sas-verhaal beeld dit op besondere wyse uit, omdat sy nalatenskap bestaan uit belewenisvertellings, legendes en selfs mites wat in die loop van 'n eeu geskep, oorgedra, uitgebrei en betwis is. Dit verteenwoordig die nie-tasbare deel van kultuurerfenis, maar word ook aangevul deur die tasbare elemente van onder meer 'n skedel, 'n geweer, poskaarte en uiteindelik 'n kissie waarin die skedel te ruste gelê is. Maar ook die EF-as van die Burden-model speel 'n uiters belangrike rol in die studie: die voortdurende spel tussen die hede en verlede, dit wil sê die vertellings en persepsies van die hede teenoor die werklike gebeure en feite van die verlede wat dui op die onlosmaakbare band tussen gebeurtenisse in 'n vervloë tydperk en wat vandag met daardie kennis of inligting gemaak word.

## 7.6 SLOT

Alhoewel die Montagu Museum vir altyd in 'n mate met die nalatenskap van Koos Sas geassosieer sal word (en andersom), is daar vandag geen teken van enige aard van Sas in die museum te sien nie. Daar was 'n stadium dat die bestuur dit oorweeg het om die verhaal van Koos Sas uit te stal, maar die vraag het opgekom: plaas ons nie vir Sas op hierdie wyse maar net weer op uitstalling nie? Die sogenaamde "Jurie Dreyer-geweer" word, soos enige ander vuurwapen, vandag in die museum se versameling in 'n geweerkluis in die argief bewaar. 'n Navorser sal 'n houer met die naam "Koos Sas" op die etiket naas dié van Klaas Esou, Gert April en Matthew (Sewes) Davids op een van die rakke in die argief van die Montagu Museum vind.

Alan Morris het reeds in 1997 voorgestel dat die Montagu Museum, in plaas daarvan om op die oneervolle lewe en roemlose dood van Sas te fokus, meer aandag daaraan moet skenk om 'n vorm van menswaardigheid aan Sas se generasie terug te gee deur eerder stories oor hul lewens as hul dood te vertel (Morris 1997c:25).

Wat betref die geskiedenis van die Khoekhoen in die Montagu-distrik, is ‘n nuwe permanente uitstalling met die fokus op die “transformasie van die Montagu Museum” en gefinansier deur die Departement van Kultuursake en Sport, op Sondag, 16 Junie 2019, geopen. Die geskiedenis van die destydse lidmate van die voormalige sendingkerk, nasate van die historiese Khoekhoen (van wie Sas een was), is ingeweef op die panele wat aan die mure van die kerkie aangebring is. In die museumwinkel word grotendeels kruieteemengsels en produkte verkoop, met teen die muur die rol wat die Khoekhoen gespeel het in die gebruik en bewaring van kruie in die streek.




***Figuur 7.1:*** *Uitnodiging na die opening van die nuwe permanente uitstalling by die Montagu Museum op Sondag, 16 Junie 2019 (MMA Uitstallings)*

Vir die afgelope paar jaar word die *Montagu Museum Kruiefees* elke September deur die Vriende van die Montagu Museum as deel van die museum se erfenisprogram aangebied. Tydens die 2022-fees is die plaaslike Hessekwa-groep genooi om aan ‘n informele gesprek getiteld *Indigenous Khoisan Herb Knowledge* deel te neem. Tydens die praatjie is Khoekhoen-kennis oor medisinale kruie, wat deur geslagte heen mondelings oorgedra is, met lede van die gehoor gedeel.




***Figuur 7.2:*** *Amptelike program van die 2022 Montagu Museum Kruiefees (MMA Kruiefeesversameling)*

Intussen beplan 'n gemeenskapsforum op Barrydale, genaamd "Net vir Pret", om Koos Sas op 'n simboliese wyse deel van hul jaarlikse "Reconciliation Giant Puppet Parade Performance" wat op 17 Desember 2023 sal plaasvind, te maak. Volgens mnr Nataniël Pokwas fokus hierdie groep op opheffingswerk onder die jeug van die dorp en distrik, en word hierdie spesifieke dag gevier met reusesierwaens (wat 'n verskeidenheid diere uitbeeld) wat deur die dorp beweeg. Verhale wat deur die Hessekwa oor geslagte oorgedra is, vorm 'n belangrike deel van die program. Die reëlingskomitee het onlangs besluit om 'n reusekraai wat vir Koos Sas sal uitbeeld te ontwerp en te bou. Die kraai is glo gekies omdat dit 'n slim voël is, en as 'n mens wil verseker dat hy nie wegvlieg nie, moet sy vlerke geknip word. Volgens hom is dit ook wat Sas simboliseer – hy was slim, en om te verseker dat sy vryheid hom ontneem word, is sy vlerke ook geknip (Pokwas 2023: persoonlike mededeling).

Op hierdie wyse verseker die Hessekwa-gemeenskap van Montagu se buurdorp dat Koos Sas se nalatenskap deur middel van die toneelkuns steeds bly voortleef.

# BRONNELYS

***LITERATUUR***


Aucamp, H. 2005. ‘Robin Hood’ en ramkieslaner (*Die Burger*, 14 November)

Abbott, H & D van Zyl. 2018. *Camels to cruisers, 100 years of police adventure in the Kalahari,* Just Done Productions, Durban

Aczel, P. 2016. Case Study Method, in S Henderson (red): *International Journal of Sales, Retailing & Marketing*, 4 (9)

Ambrose, T & C Paine. 2012. *Museum basics* (derde uitgawe), Routledge: Londen

Badenhorst, B. 1975. Montagu se ‘eie’ moordenaar: geslepe kalant dié Koos Sas! (*Die Overberg,* 19 Desember)

Badenhorst, B. 1978. Die Montagu-Museum (*Die Taalgenoot*, Julie)

Badenhorst, B. 1983. Staatspresident open Joubert-huis amptelik (*Worcester Standard*, 14 Oktober)

Bank, A. 2006. *Bushmen in a Victorian world, the remarkable story of the Bleek-Lloyd Collection of Bushman folklore,* Double Storey Books: Kaapstad

Bless, C & CH Smith. 2005. *Fundamentals of social research methods, an African perspective,* Juta Education (Pty) Ltd: Kaapstad

Bloch, M. 1963. *The historian’s craft,* Manchester University Press: Manchester

Bocock, R. 1992. The cultural formations of modern society (in S Hall & B Gieben (red): Formations of modernity, Polity Press: Cambridge)

Boezak, W. 2016. *So Glo Ons, die Khoi-San van Suid-Afrika*, Bidvest Data: Kaapstad

Bonthuys, J. 2001. Koos Sas spook by Kramer (*Die Burger,* Feesuitgawe,14 April)

Bonthuys, J. 2001. Blaas asem in Khoisan-bene (*Die Burger,* 24 April)

Botma, F. 1997. *Ceres van Gister & Eergister,* Unisa Uitgewers: Pretoria

Bottomley, EJ. 2012. *Arm-blankes*, Tafelberg Uitgewers: Kaapstad

Breytenbach, B. 1998. *Dog Heart – A memoir,* Faber & Faber: Verenigde Koninkryk

Brits, E. 2019. Nuwe wending in verhaal van ‘El Negro’ (*Die Burger*, 2 Maart)

Brits, JP. 1993. The last years of South African Party rule, in F Pretorius & SB Spies (red): *South Africa in the 20$^{th}$ century*, JL van Schaik Uitgewers: Pretoria

Brits, JP & SB Spies. 2022. ‘n Onstuimige dekade, in H Giliomee, B Mbenga & B Nasson (red): *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika*, Tafelberg Uitgewers: Kaapstad

Burden, M. 2000. Die metodologie van kultuurgeskiedenis (*Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 14 (2), November)

Burguière, A. 2009. *The Annales School, an intellectual history,* Cornell University Press: New York

Burke, P (red). 1991. *New perspectives on historical writings*, Polity Press: Verenigde Koninkryk.

Burman, J. 1981. *The Little Karoo,* Human & Rousseau: Kaapstad

Cloete, S. 1971. Montagu se bes bewaarde kopbeen (*Die Burger*, 1 Mei)

Coetzee, A. 1968. Die Afrikaner se volkskunde, in P de V Pienaar (red): *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner,* Nasionale Boekhandel Beperk: Kaapstad

Coetzee, S. 2022. ‘Op reis met ‘n storiesmous’ (*Die Burger*, 31 Januarie)

Crafford FS. 1944. *Jan Smuts, a biography*, Doubleday, Doran & Co Inc: New York

Cresswell, J. 2013. *Qualitative inquiry & research design* (3rd ed), Sage Publication: Los Angeles

Dauth, J. 2001. *Dirk Ligter,* Tankwa Uitgewers: Durbanville

Davids, B. 2021. Mense jubel oor oorskot (*Son* (Kaap), 15 Maart)

Davison, P. 2001. Typecast, Representations of the Bushmen at the South African Museum (*Public Archeology*, 1)

Deacon, HJ & J Deacon. 1999. *Human Beginnings in South Africa, Uncovering the secrets of the Stone Age,* David Philip Publishers: Kaapstad

Deal, J. 2007. *Timeless Karoo,* Struik Publishers: Kaapstad

Dedering, T. 1991. The murder of William Threlfall: The missionaries in Southern Namibia and the Cape Government in the 1820’s (*South African Historical Journal,* 24 (1), January)

De Jongh, M. 2014. *Karretjiemense van die Groot Karoo,* Unisa Press: Pretoria

De Jongh, M. 2016. *A Forgotten First People, the Southern Cape Hessequa,* The Watermark Press: Durban

De Kock, WJ & DW Krüger (reds). 1972. *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* (Deel II), Tafelberg Uitgewers Bpk: Kaapstad

Delport, D. 2021. Khoi-San se storie, ‘Skaapdief’ dien skrywer as inspirasie (*Die Burger*, 3 Mei)

Denzil, NK & YS Lincoln (red). 2008. *The landscape of qualitative research*, Sage Publications: Londen

De Villiers, DW. 2010. Van daai plek: David Kramer, Die ballade van Koos Sas, and the ground of being (*Journal of Literary Studies,* 26 (2), May)

De Villiers, J. 2012. Die Nederlandse era aan die Kaap, 1652-1806, in F Pretorius (red): *Geskiedenis van Suid-Afrika, van voortye tot vandag*, Tafelberg: Kaapstad

De Vries, H. 1977. *Die Klein Karoo, 'n legkaart,* Tafelberg Uitgewers: Kaapstad

Dreyer, PS. 1974. *Inleiding tot die filosofie van die geskiedenis*, Haum: Kaapstad

Du Preez, HMJ. 1982. *Museums of the Cape, a guide to the province-aided museums of the Cape,* Department of Nature and Environmental Conservation of the Provincial Administration of the Cape of Good Hope: Kaapstad

Elphick, R. 1985. *Khoikhoi and the founding of White South Africa*, Raven Press: Johannesburg

Elphick, R. 2007. Die Khoi-Khoi-herders, in H Giliomee & B Mbenga (red): *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika*, Tafelberg Uitgewers: Kaapstad

Evertson, N. 2021a. Sas se skedel terug by Khoisan (*Worcester Standard*, 18 Maart)

Evertson, N. 2021b. Die skedel van Koos Sas begrawe (*Breederivier Gazette*, 4 Mei, 2021)

Ferreira, OJO. 1984. Verbeelding in kultuurgeskiedskrywing (*Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis,* 1 (2), Julie)

Ferreira, OJO. 1988. Taak van die kultuurhistorikus (*Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis,* 2 (2), November)

Ferreira, OJO. 1997. Kultuurgeskiedenis by 'n kruispad (*Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 11 (2), November)

Ferreira, V. 1977. Wit 'plakkers' is so gered (*Die Burger*, 12 Maart)

FitzSimons, FW. 1915. The original inhabitants of South Africa. The kopje and cave dwellers (*South African Railway Magazine,* September)

FitzSimons, FW. 1923a. The cliff dwellers of Zitzikama (*South African Journal of Science,* Vol. XX, July)

FitzSimons, FW. 1923b. The Bushmen of the Zuurberg (*South African Journal of Science,* Vol. XX, July)

FitzSimons, FW. 1926. Cliff dwellers of Zitzikama: Results of recent excavations (*South African Journal of Science,* Vol. XXIII, July)

FitzSimons, FW. 1928. Results of recent Strandlooper excavations at Knysna (*South African Journal of Science,* Vol. XXV, June)

Flick, U. 2009. *An introduction to qualitative research*, Sage Publications Ltd: Londen

Floud, R. 1973. *An introduction to quantative methods for historians*, Princeton University Press: Londen

Gall, S. 2002. *The Bushmen of Southern Africa, slaughter of the innocent,* Pimlico, Random House: Londen

Gear, HS. 1925. The skeletal features of the Boskop race (*The South African Journal of Science*, Vol 22 (11), November)

Gibson, IJM. 1985. Death masks unlimited (*British Medical Journal*, Vol 291, Desember)

Giliomee, H. 1975. *Die Kaap tydens die Eerste Britse Bewind (1795-1803),* Hollandsch Afrikaansche Uitgevers Maatschappij: Kaapstad

Giliomee, H. 2004. *Die Afrikaners*, Tafelberg Uitgewers Beperk: Kaapstad

Giliomee, H & B Mbenga. 2007. *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika,* Tafelberg: Kaapstad

Giliomee, H. 2012. Afrikanernasionalisme, 1902-1924, in F Pretorius (red): *Geskiedenis van Suid-Afrika, van voortye tot vandag*, Tafelberg Uitgewers: Kaapstad

Gombrich, CH & P Burke. 1973. Ernst Gombrich discusses the concept of cultural history with Peter Burke, *The Listener*, 90, December

Gordon, RJ. 1992. The venal Hottentot Venus and the great chain of being (*African Studies*, 51 (2), Januarie)

Graue, C. 2016. Qualitative Data Analysis, in S Henderson (red): *International Journal of Sales, Retailing & Marketing*, 4 (9)

Green, A. 2008. *Cultural history*, Palgrave Macmillan: Basingstoke

Green, LG. 1955. *Karoo,* Howard Timmins: Kaapstad

Green, LG. 1957. *Beyond the city lights,* Howard Timmins: Kaapstad

Green, LG. 1972. *When the journey's over*, Howard Timmins: Kaapstad

Groat, LN & D Wang. 2013. *Architectural Research Methods*, John Wiley & Sons: New Jersey

Grobbelaar, PW. 1974. Die Afrikaner en sy kultuur, Tafelberg Uitgewers: Kaapstad

Grobbelaar, PW. 1981. Die volksvertelling as kultuuruiting met besondere verwysing na Afrikaans (Ongepubliseerde DPhil-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch)

Grobbelaar, PW. 1990. Dit is Kultuurgeskiedenis (*Die Kultuurhistorikus*, 5 (1), Junie)

Grobbelaar, PW. 1991. Noordwes-Kaapse volksvertelkuns (*SA Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis,* 5 (3), November)

Grobbelaar, PW. 1992. Duitse spore in die Afrikaanse sage (*SA Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis,* 6 (4), November)

Grobbelaar, PW. 1996. Engelse invloed op die Afrikaanse volksrym/volkslied en volksvertelling (*SA Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis,* 10 (1), Mei)

Grobler, J. 2012. Staatsvorming en stryd, 1850 – 1900, in F. Pretorius (red): *Geskiedenis van Suid-Afrika, van voortye tot vandag*, Tafelberg Uitgewers: Kaapstad

Henderson, S. 2016. Research methodology (*International Journal of Sales, Retailing & Marketing*, 4 (9))

Hendricks, D. 2021a. Kramer verewig Sas se storie in liedjie, musiekblyspel (*Inheemse Spoor, Celebrating San & Khoi Indigenous Knowledge*, Uitgawe 4) Maart

Hendricks, D. 2021b. Koos Sas se gees kan uiteindelik rus (*Inheemse Spoor, Celebrating San & Khoi Indigenous Knowledge*, Uitgawe 4) Maart

Heydenrych, DH. 2005. *30 Stories oor Montagu en sy mense (ter viering van Montagu Museum se 30-jarige bestaan),* Montagu Museum: Montagu

Hofmeyr, E. 1969. So het die lang arm Koos oplaas ingehaal (*Die Burger*, 13 Maart)

Hofmeyr, E. 1975. Montagu Museum, Amptelike Opening deur Dr. Douglas Hey, Direkteur van Natuurbewaring (Bylaag tot *Overberg*) 2 Mei

Hooper-Greenhill, E. 2008. *Museums and the interpretation of visual culture*, Routledge: Oxon

Houghton, DH. 1971. *The Oxford history of South Africa, South Africa 1870-1966*, Wilson, M & L. Thompson (reds). Oxford University Press: Londen

Iggers, GG. 2014. Two constrasting French approaches to historiography (*History and Theory*, 53 (1), Februarie)

Jansen, C. 1981. *Namaqualand, Thirstland in bloom,* Don Nelson: Kaapstad

Johnson, C. 2019. *The Two Tangled Trees,* TJ van S Publisher: Self-Publish SA

Jordaan, W. 2022. Ons kan tog nie van feite alleen leef nie (*Die Burger*, Kommentaar, 22 Junie)

Kannemeyer, JC. 1999. *Leipoldt, 'n Lewensverhaal*, Tafelberg-Uitgewers Beperk: Kaapstad

Kennedy, S. 2008. As dit kuns is, moet dit as kuns beoordeel word (*Die Burger* Bylae) 2 Februarie

Knoetze, F. 1986. John Kepe – Murderer, salt let him to the gallows (*Somerset Budget*, 13 November)

Koorts, L. 2022. Leer ons niks uit die verlede nie? (*Die Burger*, 4 Maart)

Kühne, WO, 1981. *Vloedramp*, Tafelberg-Uitgewers Beperk: Kaapstad

Lang, J. 2018. Review essays, new histories of emotion (*History and Theory*, 57 (1), Maart)

La Vita, M. 2021. 'Nood lei tot kreatiwiteit' (*Die Burger*, 19 Februarie)

La Vita, M. 2022. 'Ons almal se voorouers' (*Die Burger*, Forum, 18 Februarie)

Laqueur, TW. 2015. *The work of the dead, a cultural history of mortal remains*, Princeton University Press: New Jersey

Legasscik, M & C Rassool. 2000. *Skeletons in the cupboard, South African museums and the trade in human remains 1907-1917,* Suid-Afrikaanse Museum: Kaapstad & McGregor Museum: Kimberley

Le Roux, L. 2021. 'Toe sê ek ek sal self kom en daar sing' – oorskot van Koos Sas na bykans 100 jaar oorhandig aan Khiosan-gemeenskap (*Die Hoorn*, 19 Maart)

Lewis-Williams, D & T Dowson. 1989. *Images of power, understanding San Rock Art,* Southern Book Publishers (Pty) Ltd: Midrand: Johannesburg

Lewis, RH. 1976. *Manual for museums*, National Park Service, US Department of the Interior: Washington

Links, T. 1989. *So praat ons Namakwalanders*, Tafelberg-Uitgewers Beperk: Kaapstad

Luther, J, F Pheiffer & RH Gouws. 2015. HAT (*Handwoordeboek van die Afrikaanse taal*), Pearson Holdings (Edms) Bpk: Kaapstad

Luttig, J. 1950. "Kyk vir oulaas na my, ek groet jou, ha-ha-ha" (*Die Landstem* Naweek, 23 September)

Lynch, G & R Granger. 2008. *Big Brain, the origins and future of human intelligence,* Palgrave Macmillan: New York

Makobe, DH. 1996. Confrontation with the police: the Israelites of Enoch Mgijima and the Bulhoek massacre of 24 May 1921 (*Scientia Militaria, South African Journal of Millitary Studies*, 26 (1)

Malan, M. 2008. Puik 'Koos Sas' hartroerend (*Die Burger*, 30 Januarie)

Markov, K, K Ivanova, I Mitov & V Markova 2008. Culture aspects of inforaction (*International Journal "Information Technologies and Knowledge",* vol 2)

Marwick, A. 1970. *The nature of history*, The Macmillan Press Limited: Londen

Meintjies, G. 1991. Dirk Ligter as versetfiguur (*Literator*, 12 (1), April)

Meiring, J. 2018. Die klein kryger se indringende vrae (*Die Burger*, 29 Januarie)

Mentz, M. 2021. Khoisan harte glimlag nou dat Koos Sas sag kan rus (*Langeberg Bulletin*, 11 Maart)

Metrowich, FC. 1970. *Scotty Smith,* Books of Africa (Pty) Ltd: Kaapstad

Milton, J. 1983. *The Edges of War*, Juta & Co, Ltd: Kaapstad

Morris, AG. 1996. Trophy skulls, museums and the San, in P Skotnes (red): *Miscast, negotiating the presence of the Bushmen,* University of Cape Town Press: Kaapstad

Morris, AG. 1997a. Whatever happened to Koos Sas? (*Montagu Mail,* 29 Augustus)

Morris, AG. 1997b. Sas becomes a trophy (*Montagu Mail,* 31 Oktober)

Morris, AG. 1997c. Koos Sas comes to rest (*Montagu Mail,* 28 November)

Morris, AG. 2008. Searching for 'real' Hottentots: the Khoekhoe in the history of South African physical anthropology (*Southern African Humanities*, 20, December)

Morris, AG. 2022*. Bones and Bodies: How South African Scientists Studied Race*, Wits University Press: Johannesburg

Mouton, J & HC Marais. 1990. *Basiese begrippe: metodologie van die geesteswetenskappe*, RGN-Uitgewers: Pretoria

Münch, R & NJ Smelser. 1992. *Theory of culture*, University of California Press: Los Angeles

Nasson, B. 2014. *WWI and the people of South Africa*, Tafelberg Uitgewers: Kaapstad

Nel, PG. 1987. Kultuurgeskiedenis as wetenskap (*SA Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis,* 1 (1), Januarie)

Nicol, M. 2000. Postcards from the edge (*Sunday Times Lifestyle,* 30 July)

Nienaber, M. 2016. Vollksmoord in Namibië, Duitse verskoning 'lei nie tot regstappe' (*Die Burger*, 22 Julie)

Nieuwoudt, O. 2015. *My Cederberg story,* Susan de la Bat: Durbanville

Nieuwoudt, S. 2001. Kramer wou 'ander storie' van Koos Sas aan die wêreld vertel (*Volksblad,* 24 April)

Oosthuizen, M. 2008. *'n Bespreking van die verskillende perspektiewe van Koos Sas* (MPhil-mini-tesis, Universiteit Stellenbosch)

Penn, N. 1999. *Rogues, Rebels and Runaways, eighteenth century Cape characters,* David Philip Publishers: Kaapstad

Pettman, C (Rev). 1985. *South African place names, past and present*, Lowry Uitgewers: Johannesburg

Phillips, H. 2018. *In a time of plague, memories of the 'Spanish' Flu Epidemic of 1918 in South Africa:* Van Riebeeck Society for the publication of Southern Africa Historical Documents, Second Series, No. 50: Kaapstad

Pople, L. 2018. Rolprentfees in Kaapstad bied meer as ooit tevore (*Die Burger*, 20 September)

Potgieter, DJ (red). 1971. *Standard Encyclopaedia of Southern Africa*, Vol. 4, Nasou Beperk: Kaapstad

Potgieter, CF. 1986. "Ek is Simson van die Bosberg", Moordenaar teister hele distrik en tart polisie (*Somerset Budget*, 13 November)

Pretorius, F. 2012. Almal se oorlog: die Anglo-Boereoorlog (1899-1902), in F Pretorius (red): *Geskiedenis van Suid-Afrika, van voortye tot vandag*, Tafelberg Uitgewers: Kaapstad

Pretorius, P. 2020. *Die Ballade van Koos Sas*, P Pretorius: Roodepoort

Qureshi, S. 2004. Displaying Sara Baartman, the 'Hottentot Venus' (*Science History Publications*, 42, June)

Raath, MA. 1990. Inaugural FW Fitzsimons memorial lecture (*Otolith*, Nuusbrief van die Port Elizabeth Museum Kompleks, Julie)

Rall, M. 2018. Representing the San over time: Iziko South African Museum - 1911 to the present (*Samantics*, Special Edition, SAMA Conference, October)

Raper, PE, LA Moller & LT du Plessis. 2014. *Dictionary of Southern African placenames*, Jonathan Ball Uitgewers: Johannesburg

Rassool, C. 2015. Human remains, the disciplines of the dead and the South African memorial complex, in DR Peterson, K, Gavua, C Rassool (red): *The Politics of Heritage in Africa,* Cambridge University Press: Cambridge

Rood, LG. 1990. A return to the jury system? (*De Rebus*, Die Vereniging van Prokureursordes, Oktober)

Roux, M. 2007. Koos Sas moet gaan (*Montagu Mail,* 28 September)

Roux, M. 2008. Begrawe Koos Sas nou (*Die Burger* Brieweblad, 01 Februarie)

Sarrisam, G. 2010. *As murasies kon praat. Ware verhale uit Namakwaland*, Mills Litho: Kaapstad

Schauder, DE. 1963. The anthropological work of FW FitzSimons in the Eastern Cape, (*South African Archaeological Bulletin* 18 (70) July)

Scher, DM. 2012. Naoorlogse rasseverhoudings, 1902-1948, in F Pretorius (red): *Geskiedenis van Suid-Afrika, van voortye tot vandag*, Tafelberg Uitgewers: Kaapstad

Schoeman, C. 2013. *The historical Karoo*, Zebra Press, Kaapstad

Schoeman, C. 2014. *The Somme chronicles, South Africans on the Western Front*, Zebra Press: Kaapstad

Schoeman, K. 1998. *Verliesfontein*, Human & Rousseau (Edms) Bpk, Kaapstad

Scholtz, M. 1979. Boerneef: *Versamelde prosa*, Tafelberg Uitgewers Beperk: Kaapstad

Scholtz, L. 2021. Mees barbaarse oorlog 80 jaar gelede (*Die Burger,* 24 Junie)

Schramm, K. 2014. Claims of descent, race and science in contemporary South Africa, (Faculty of Social Sciences, University of Vienna, VWPE No. 3)

Shepherd, N. 2015. *The mirror in the ground, archaeology, photography and the making of a disciplinary archive*, Jonathan Ball Uitgewers: Kaapstad

Simpson, T. 2021. *History of South Africa: From 1902 to the Present*, Penguin Books: Kaapstad

Slabbert, M & D de Villiers. 2011. *David Kramer, 'n biografie,* NB-Uitgewers: Kaapstad

Smuts, M. 1927. Ds DS Botha, 'n Waardering (*De Kerkbode*, No. 22, 30 November)

Smuts, D & P Alberts. 1988. *Die vergete grootpad, deur Ceres en die Bokkeveld,* The Gallery Press (Edms) Bpk: Bramley-Noord

Snyman, D. 2021. Rus in ware vrede, oom Koos (*Rapport*, Weekliks) 25 April

Steenkamp, W. 2008. Kramer maak held van uitvaagsel en omskep weldoener nou in skurk (*Die Burger* Briewe) 2 Februarie

Steenkamp, ACS. 1930. *Kykies in ons volkslewe*, HAUM v/h J Dusseau & Co: Kaapstad

Steenkamp, WP. 1947. *I conclude, convictions and experiences of a free-thinking doctor and hunter,* Juta: Kaapstad

Steenkamp, WP. 1955. 'n Boesman is ook 'n mens" (*Die Beste*, Junie)

Steenkamp, W (dr). 2022. Koos Sas binnekort 'n fliek (sal dit versoening bevorder?) (*Nongqai*, Vol 13 No 5E) Mei

Steenkamp,W (maj). 2022. Wie was Ds WP Steenkamp (Oudok)? (*Nongqai*, Vol 13 No 5E) Mei

Stemmet, AP. 2021. Heldsoekers moenie geskiedenis verdraai (*Die Burger*, Praat Saam, 19 Maart)

Stemmet, AP, 2021. Nog soveel tergende raaisels oor Koos Sas (*Die Burger*, 9 April)

Stemmet, AP. 2022. Notas oor die boek "Die Ballade van Koos Sas" deur Pieter Pretorius (*Nongqai*, Vol 13 No 5E) Mei

Strauss, P. 2008. Moordenaar Koos Sas 'was g'n skaapdief' (*Die Burger*, 5 Februarie)

Swart, S, 2004. "Men of Influence" – The ontology of leadership in die 1914 Boer rebellion (*Journal of Historical Sociology*, 15 (1), Maart)

Tayler, J. 1992. 'Our poor': the politicisation of the Poor White problem, 1932-1942 (*Kleio, XXIV*)

Terry, RM. 1965. Dedication and achievement (*South African Panorama*, April)

Tosh, J. 2006. *The pursuit of history,* Pearson Education Limited: Groot Brittanje

Tobias, PV. 2002. Saartje Baartman: her life, her remains, and the negotiations for their repatriation from France to South Africa (*South African Journal of Science*, 98, Maart/April)

Uys, I. 1983. *Delville Wood*, Uys Publishers: Johannesburg

Van Bart, M. 1998. Legendariese Dirk Ligter te boek gestel (*Die Burger*, *WoonBurger*, 14 Februarie)

Van Bart, M. 2008. Dirk Ligter, vergete digter van die Tankwa-Karoo (*Die Burger*, Erfenis, 19 Januarie)

Van Bart, M. 2008. Mens vs Ikoon (*Die Burger*, *Erfenis*, 26 Januarie)

Van der Merwe, GA. 2000. *Kroonjuweel van Namakwaland, Ned Geref Gemeente Namakwaland in Springbok*, NG Kerk Gemeente, Springbok

Van der Westhuysen, HM. 1968. Kultuurbewuswording van die Afrikaner, in P de V Pienaar (red): *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner*, Nasionale Boekhandel Bpk: Kaapstad

Van Eeden, ES. 2016. Thoughts about the historiography of veracity of "truthfulness" in understanding and teaching History in South Africa, *Yesterday & Today, 15*, July

Van Jaarsveld, FA. 1969. *Van Van Riebeeck tot Vorster 1652-1974*, Perskor-uitgewery: Johannesburg

Van Jaarsveld, FA. 1976. *Probleme by die onderrig van Geskiedenis*, Van Schaik Bpk: Pretoria

Van Jaarsveld, FA. 1991. 'n Terugkeer na die verhalende geskiedskrywing (*Historia,* 36 (1), Julie)

Van Rooyen, P. 2001. *Gif,* Protea Boekhuis: Pretoria

Van Wyk, J. 2008. Die ballade van Jan Sas (*Landbouweekblad,* 7 Maart)

Van Zyl, JJ (dr) 1956. In Memoriam, Willem Petrus Steenkamp (*S.A. Medical Journal,* 11 Augustus)

Vorster, L. 2000. Die verhaal van Koos Sas, vanuit 'n kultuurhistoriese oogpunt (*Die Kultuurhistorikus*, 15 (1), November)

Vorster, L. 2008. Wel te ruste, Koos Sas (*Die Burger* Brieweblad*,* 29 Januarie)

Wannenburgh, A. 1980. *Forgotten Frontiersmen,* Howard Timmins: Verenigde Koninkryk

Watson, S (red). 2007. *Museums and their communities,* Routledge: Oxon

Westerman. F. 2017. *El negro en ek*, Protea Boekhuis: Pretoria

Wiid, JA. 1945. Die geskiedenis van die Afrikaner, *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner*, Van den Heever, CM & P de V Pienaar (red), Nasionale Pers Beperk, Kaapstad

Willemse, H. 1988. Interview with David Kramer, 'Finding a people's culture in my own terms' (*Die Suid-Afrikaan* Nommer 16) Augustus/September

Williams, D. 2012. *Springboks, Troepies and Cadres, Stories of the South African Army 1912-2012*, Tafelberg Uitgewers: Kaapstad

Yin, R. 2011. *Qualitative research from start to finish*, *Case study research*, The Guilford Press: New York

Yin, R. 2018. *Case study research and applications, design and methods* (6de uitgawe), Sage: Los Angeles

***PERIODIEKE PUBLIKASIES***

*African Studies,* 1992, 51 (2)

*British Medical Journal,* 1985 (vol 291)

*Cape Times*, 24.03.2020

*De Kerkbode*, 1927, 30 November (22)

*De Rebus,* 1990, Oktober

*Die Beste*, 1955, Junie

*Die Burger*, 10/10/1953; 13/03/1969; 07/07/1969; 01/05/1971; 05/05/1975; 31/09/1976; 12/03/1977, 14/02/1998; 14/04/2001 (Feesuitgawe); 24/04/2001; 14/11/2005; 19/01/2008; 26/01/2008; 29/01/2008; 30/01/2008; 01/02/2008; 02/02/2008; 05/05/2008; 22/06/2016; 29/01/2018; 20/09/2018; 02/03/2019; 19/02/2021; 19/03/2021; 19/04/2021; 03/05/2021; 24/06/2021; 31/01/2022; 18/02/2022; 22/06/2022; 19/08/2022

*Die Hoorn,* 19/03/2021

*Die Kultuurhistorikus*, 2000, 5 (1)

*Die Landstem* se bylaag (*Die Naweek*) 23/09/1950; 11/11/1950

*Die Oudtshoorn* en *Het Suid-Western,* 1974

*Die Overberg,* 02/05/1975; 19/12/1975

*Die Suid-Afrikaan*, 1988, Augustus/September (16)

*Die Taalgenoot*, 07/1978

*Het Suid-Western,* 1975 VIII

*Historia,* 1991, 36 (1)

*History and Theory*, 2014, 53 (1); 2018, 57 (1)

*Inheemse Spoor, Celebrating San & Khoi Indigenous Knowledge*, 2021a Uitgawe 4; 2021b Uitgawe 4

*International Journal "Information Technologies and Knowledge",* 2008 (2)

*International Journal of Sales, Retailing & Marketing*, 2016a 4 (9); 2016b 4 (9); 2016c 4 (9)

*Journal of Historical Sociology,* 2004, 15 (1)

*Journal of Literary Studies,* 2010, 26 (2)

*Kleio,* 1992, (XXIV)

*Landbouweekblad,* 07/03/2008

*Langeberg Bulletin*, 11/03/2021

*Literator*, 1991, 12 (1)

*Montagu Mail,* 29/08/1997; 31/10/1997; 28/11/1997; 28/09/2007

*Nongqai*, 2020, 11 (12A), 2022, 13 (5E)

*Otolith,* 1990 (Julie)

*Rapport*, 25/05/2021

*Samantics,* 2018, Oktober (Spesiale uitgawe)

*SA Medical Journal*, 1956, 11 Augustus

*Science History Publications*, 2004, Junie (42)

*Scientia Militaria, South African Journal of Millitary Studies*, 1996, 26 (1)

*Somerset Budget*, 13/11/1986

*Son*, 15/03/2021

*South African Archaeological Bulletin*, 1963, 18 (70)

*South African Historical Journal,* 1991, 24 (1)

*South African Journal of Science,* 1923a (vol XX); 1923b, (vol XX); 1925 (vol XXII), 1926 (vol XXIII), 1928 (vol XXV); 2002 (vol 98)

*South African Panorama,* 1965 10 (4)

*South African Railway Magazine,* 1915

*Southern African Humanities*, 20/12/2008

*Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 1984, 1 (2); 1997, 1 (1); 1988, 2 (2); 1991 5 (3), 1992 6 (4), 1996 10 (1), 1997, 11 (2); 2000, 14 (2)

*Sunday Times Lifestyle,* 30/07/2000

*The Oxford history of South Africa, South Africa 1870-1966*, 1971

*The Listener,* 27/12/1973 (90)

*Volksblad*, 24/04/2001

*Worcester Advertiser*, 10/02/1922a; 24/02/1922b

*Worcester Standard*, 14/10/1983; 18/03/2021a; 18/03/2021b

*Yesterday & Today,* 15/07/2016

*Zuid-Westelik Nieuws*, 18/05/1917; 29/06/1917; 20/07/1917; 14/09/1917

***ARGIVALE BRONNE***

**Wes-Kaapse Argief- en Rekorddienste (WKAR)**

*Cape Supreme Court (CSC)*

Lêer 1/1/1/51, Verwysing 15, Deel 1, 1902

*Landdroskantoor Montagu (1/MTU)*

1/1/1/2 Vol 12

**Port Elizabeth Museum Argief (PEMA)**

FWF Versameling (Excavating the Zitsikama caves) foto-album, PEM 2172- 2189

**Montagu Museum Argief (MMA)**

*Briewe, manuskripte en programme*

Amptelike program: *Oorhandiging van Koos Sas se skedel aan die gemeenskap van Montagu*: 9 Maart 2021

Amptelike program: *Die begrafnis van die skedel van wyle Koos Sas:* 18 April 2021

Badenhorst, B. 1975. Die verhaal van Koos Sas (manuskrip)

Badenhorst, B. Brief aan dr W Boezak (ongedateerd)

Boesak, R. Brief aan minister A Marais: Begrafnis van die skedel van wyle Koos Sas (31 Januarie 2021)

Boesak, R. Optog van stoet na Donkerkloof – onder toesig van Hoofman Pastoor Samuel du Plessis (18 April 2021)

Cilliers, A. Die verhaal van Koos Sas (manuskrip ongedateerd)

De Kock, C. 1999. Geraamtes in die kas, die eties, morele en wetenskaplike implikasies van skeletmateriaal in museumversamelings (SAMA Wes-Kaap Konferensie, Hermanus, 08-10 November)

De Kock, C. 2002. Verslag tov menslike skeletmateriaal in geaffilieerde museums en aanbevelings vir verdere stappe (11 Julie 2002)

Deacon, J (Dr). 2017. Report on a visit to a rock art site along Lover's Walk, near Joubert Park, Montagu, Western Cape, for eCRAG (Eastern Cederberg Rock Art Group) 24 September

Dixon, MMG. 1988. Briefwisseling met mev E Hofmeyr, Voorsitter Montagu Museum (24 Maart)

Dixie, C. Briefwisseling met dr T Gutsche (ongedateerd)

Gutsche, T. Briefwisseling met C Dixie (2 Mei 1984)

Hendricks, M. Briefwisseling met H Heydenrych (18 Januarie 2005)

Hofmeyr, E. Briefwisseling met C Dixie (10 Junie 1984)

Heydenrych, H. Die verhaal van Koos Sas (manuskrip ongedateerd)

Hollmann, JC (Dr). 2009. Report on the Keisie Rivier rock art sites (Natal Museum, Department of Human Sciences) December

Jordaan, I. Piet Muller (1888-1953), getikte manuskrip (12 Oktober 2020)

Koos Sas: museumuitstallingsetiket: MM/KS1975/03

Koos Sass [sic], 2004. Familiestamboom van Jan Sass, 20 Augustus

Kriel, JFD. Piet Muller – Kluisenaar van Waboomsberg, getikte manuskrip (12 September 1989)

Van Biljon, MR. 2001. Brief op Montagu Museum briefhoof, aan 'Vincent en Patty' 18 Desember

Van Zyl. Ongedateerd. Handgeskrewe brief (Die Redakteur, *Die Huisgenoot*)

*Amptelike dokumente*

Langeberg Munisipaliteit A3892. Resubmission: Permission requested to bury the skull of Mr Koos Sas in Donkerkloof, Montagu Mountain Reserve: Acting Manager: Parks & Amenities (29 Oktober 2019)

Langeberg Munisipaliteit. Response to your request to bury the remains of Mr Koos Sas in the Montagu Mountain Reserve (7 April 2021)

*Provinsiale Koerant* 6535, Breërivier/Wynland Munisipaliteit, Verordening insake die beheer oor begraafplase

Redman, GT. 2019. For additional subsidy paid in the 2019/2020 financial year (8 November 2019)

Smart, RJ. 2018. Request approval for the deaccessioning and reburial of human remains at affiliated museums (7 Desember 2018)

Walters, B. 2015. Guidelines for the management and reinterment of human remains and associated archaeological remains (17 September 2015)

*Koerantuitknipsels*

Koerantuitknipsel, Ds DS Botha 9 November 1927 (MM/KS 1979/06)

Koerantuitknipsel-lêer, (Murder of old Piet Muller of Beenbreek) August 1953 MM/PM 2016/4

Reuters South African Press Agency, (Shot in attempt to escape, murderer who escaped from goal in 1918) undated

*Notules*

Montagu Museum Trusteeraad Notuleboeke

Notules: *Reëlingskomitee-vergadering vir die herbegrafnis van die skedel van Koos Sas* (26 September 2018)

*Poskaarte, foto's & sketse*

Koos Sas ACVV poskaarte (MM/KS 1979/01 & MM/KS 1979/02)

Montagu circa 1901 (MM 2019/011)

Dixie, reeks potloodsketse (MM/KS/1984/1-5)

Kramer egpaar, Montagu Museum (MM/KS/1983/2)

*Versamelings*

MMA Morris Briefversameling:

Korrespondensie deur Morris aan die Montagu Museum geskenk – word as versameling bewaar

Morris, AG. 2009. The Skull of Koos Sas in Historical Context (ongepubliseerde manuskrip geskryf vir D Kramer, ter voorbereiding van die toneelstuk: Koos Sas: The Last Bushman of Montagu, Tricycle Theatre, London – 14 July tot 1 Augustus 2009

Morris, AG. Persoonlike korrespondensie, verkry van prof Kay de Villiers, (4 Mei 1995), GS Möller (27 April 1995), Willem Steenkamp III (1995), Stella Branca (9 November 1995) en mev du Plessis, Namakwaland, handgeskrewe manuskrip (5 Oktober 1962)

Steenkamp, WP & S Branca 1978. The half century (unpublished manuscript, property of Stella Branca of Mowbray, Cape Town), S Branca (letter - The facts: Dr WP Steenkamp and Koos Sas) 1995

*Van Bart Briefversameling:*

Korrespondensie deur Van Bart aan die Montagu Museum geskenk – word as versameling bewaar

Dixon, MMG, 2008. Die Redakteur van Erfenis, *Die Burger*, Kaapstad

Dreyer, J (jnr). 2008. Die dood van Koos Sas in perspektief (manuskrip), Februarie

***ELEKTRONIESE BRONNE***

***Internet***

Allmayer, R. 2022. The police – A pivotal part of Montagu's community, Montagu, https://montagumuseum.co.za/montagu-stories/the-police-a-pivotal-part-of-montagus-community/ (geraadpleeg 5 Januarie 2022)

BBC News, 2016. The man stuffed and displayed like a wild animal, bbc.com/news/magazine-37344210 (geraadpleeg 23 Junie 2021)

Burgess, M. 2016. John Kepe: Boschberg infamous stock thief, https://www.farmersweekly.co.za/rural-insight/john-kepe-boschbergs-infamous-stock-thief (geraadpleeg 17 Desember 2017)

Engelbrecht, S. 1997. The mounted police of South Africa, *SERVAMUS*, Vol 90 (1) Januarie, https://www.samirror.com/mounted-police-sout-africa.html (geraadpleeg 26 Augustus 2021)

Imhotep, M. 2020. Sarah Baartman, https://www.facebook.com/Mr.Imhotepoff/photos/a.1738117499572186/3767135870003662/3 (geraadpleeg 28 Februarie 2023)

Jordaan, I. 2020. Gert April, Montagu and district deal with a reign of terror, Montagu Stories, https://montagumuseum.co.za/montagu-stories/reign-of-terror/ (geraadpleeg 27 November 2022)

Lute, A. 2019. 'El Negro's humiliating and haunting return to Africa', https://www.weekendpost.co.bw/18585/weekendlife/ae˜el-negroaes-humiliating-and-haunting-return-to-africaae/ (geraadpleeg 23 Junie 2021)

News24, 2008. De La Rey's death mask found, https://www.news24.com/news24/de-la-reys-death-mask-found-20080313 (geraadpleeg 28 Desember 2022)

Pretorius, P. 2019. Ballade van Koos Sas, https://www. youtube.com/watch?v=Qh5-AFBhAKyA, (geraadpleeg 13 Januarie 2020)

Qubeka, J. 2018. Sew the winter to my skin (film), https://yts.mx/movies/sew-the-winter-to-my-skin-2018 (geraadpleeg 18 Desember 2022)

Steenberg, E. 2013. Volksverhaal, https://literaryterminology.com/index.php/v/269-volksverhaal (geraadpleeg 19 April 2023)

Terblanche, E. 2021. ATKV/LitNet-Skrywersalbum, https://www.litnet.co.za/piet-van-rooyen-1953 (geraadpleeg 7 Maart 2023)

Van der Merwe, K. 2000. Skrywersberaad-argief, Amos met die klein mondjie (*LitNet* – SeminaarKamer) geraadpleeg 26 Mei 2015

Van Zyl, S. 2022. Volksverhaal, https://weet.co.za/afrikaans/volksverhaal (geraadpleeg 19 April 2023)

Viljoen, L. 1999. George Weideman – Draaijakkals, (*Litnet* – SeminaarKamer) geraadpleeg 26 Mei 2015

Vivian Frederick Maynard FitsZimons. 2021. https://www.wikitree.com/wiki/Fitzsimons-335 (geraadpleeg 25 April 2023)

Willem Petrus Steenkamp. 2022. https://www.geni.com › people › Willem-Steenkamp (geraadpleeg 7 Januarie 2022, 25 April 2023)

***E-posse***

Dixon, L: E-pos van Latham Dixon, Bloemfontein, aan E Badenhorst: 10 Februarie 2022

Houston, C: E-pos van ontvang van Charlene Houston, Wes-Kaapse Museumdienste, Kaapstad, aan E Badenhorst: 15 Januarie 2019

Joseph, D: E-pos van Dennis Joseph, Kaapstad, aan Kobus Marais: 2 September 2019

Koekemoer, J: E-pos van Jan Koekemoer, Kaapstad, aan A Everson en M Mgajo: 24 Februarie 2021

Kok, A (dr): E-pos van dr Andrew Kok, Stellenbosch, aan E Badenhorst: 6 Maart 2023

Kriel, J: E-pos van Jacques Kriel, Montagu, aan Kobus Marais: 2 September 2019

Meyer, I: E-pos van Ivan Meyer, Kaapstad, aan Kobus Marais: 2 September 2019

Morris, A (prof): E-pos ontvang van prof Alan Morris, Kaapstad, aan E Badenhorst: 7 Februarie 2023

Pretorius, P: E-pos ontvang van P Pretorius, Pretoria, aan E Badenhorst: 26 April 2021

Stemmet, AP: E-pos ontvang van Adamus P Stemmet, Durbanville, aan E Badenhorst: 17 Augustus 2021

Van Zyl, W: E-pos ontvang van prof Wium van Zyl, Universiteit van Wes-Kaapland, Kaapstad, aan E Badenhorst: 24 Junie 2016

***ONDERHOUDE***

Archer, B: Pedroskloof, Springbok. Onderhoud 25/03/2021

Archer, T: Taaiboskraal, Springbok. Onderhoud 25/03/2021

Badenhorst, B: Strand. Onderhoud 01/01/2016

Boesak, R: Montagu. Onderhoud 09/03/2021

Engelbrecht, R: Augsburg Landbougimnasium, Clanwilliam. Onderhoud 25/09/2021

Hofmeyr, E: Strand. Onderhoud 01/01/2016

Scheepers, E: Huis Namakwaland, Springbok. Onderhoud deur haar seun, T Scheepers. Klankopname verskaf 24/03/2021

Stemmet, AP: Montagu. Onderhoud 01/09/2021

Stone, J: Springbok Lodge, Springbok. Onderhoud 24/03/2021

***PERSOONLIKE MEDEDELINGS***

Badenhorst, E: Eie ervaring as historikus in die PE Museum: 2015

Boesak, R: Deurlopende gesprekke gedurende beplanningsfases van oorhandiging sowel as begrafnis van Sas se skedel (sowel as daarna) 2019-2021

Bromley, P: Persoonlike mededeling 20/02/2020

Dixon, L: Telefoongesprek 05/05/2021

Dreyer, T: Telefoongesprek 25/06/2018

Johnson, C: Persoonlike mededeling 06/09/2019

Pokwas, N: Telefoongesprek 07/08/2023

Snyman, D: Persoonlike mededeling, Montagu Museum, tydens oorhandigings-funksie van Sas se skedel aan die gemeenskap van Montagu 17/04/2021

***TER PLAATSE BESOEKE***

Plaas Hoek-van-die-berg, Montagu distrik, verskeie besoeke gedurende 2016 en 2017

Begraafplaas Onder-Papegaaiberg, Stellenbosch, besoek 31 Augustus 2016

Plaas Droëdap en Kamiesberge gebied, Springbok, besoek van 22/03/2021 tot 25/03/2021

Augsburg Landbougimnasium, Clanwilliam, Saterdag, 25 September 2021

Reservaat Donkerkloof, Montagu, verskeie besoeke saam met R Boesak gedurende 2021, om die mees geskikte begraafplek vir die skedel van Sas te identifiseer, die dag van begrafnis asook daarna om die toekoms van die terrein te bespreek